

1998 026 641 01



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

UOVS - SASOL-BIBLIOTEK



19980266710122000019

**KANONISERINGSPROSESSE IN DIE AFRIKAANSE  
LITERATUURSISTEEM: DIE ROL VAN N.P. VAN WYK LOUW**

**RIANA BARNARD**

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad  
Philosophiae Doctor in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die  
Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

**Mei 1998**

**Promotor: Prof. dr. H.P. van Coller**

Universiteit van die  
Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN  
**21 JAN 1999**

UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 839.362437 BAR

## BEDANKINGS

My opregte dank aan die volgende persone en instansies waarsonder hierdie studie nie moontlik sou wees nie:

- ❖ my mentor, prof. dr. H.P. van Coller, wat met deernis en dissipline die pad na akademiese volwassenheid aangedui het;
- ❖ prof. dr. Marcel Janssens en die Katholieke Universiteit Leuven wat 'n navorsingsverblyf in België bemiddel het;
- ❖ Stichting Neerlandia vir finansiële steun;
- ❖ Joost van Hooreweder, departementsbibliotekaris literatuurwetenskap aan die Katholieke Universiteit Leuven wat op 'n onbaatsugtige wyse bystand verleen het;
- ❖ Mev. Hanna Botha van die Dokumentesentrum, J.S. Gericke-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch vir voortreflike diens;
- ❖ Dr. Angelique van Niekerk, Sanette Smit, Ida Meiring en Marinda Cilliers wie se hulp onontbeerlik was.



Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die outeur, en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapsontwikkeling toegeskryf word nie.

vir my ouers  
wat grensloos in my geglo het

*"No science is ever finished. Science accomplishes its task not in setting up truths, but in conquering errors." (Eikenbaum in Striedter, 1989:15)*

*"Canons make us **want** to struggle, and they give us the common questions and interests we need to ennoble that project." (Altieri, 1983:48)*

*"Die hele proses is vol onsekerheid en dikwels onsmaaklik. Mense wat nie kan of wil anders dink oor die geaksepteerde literêre toestande nie, sien daarin net bakleiery en geharwar van ontevrede skrywers. Dit is eintlik 'n geboorteproses, en geboortes is gewoonlik onsmaaklik, maar daarom nie minder nodig nie." (Louw, 1986a:149)*

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN KONTEKSTUALISERING

	INHOUD	BLADSY
1.1	Inleiding	1
1.2	Begripsomskrywing	1
1.3	Probleemstelling	2
1.4	Probleemontleding	4
1.4.1	Inleiding	4
1.4.2	Onduidelike kanongrense	4
1.4.3	Die problematiek van die proses van meting	5
1.4.3.1	Afwesigheid van 'n universele meetstok	5
1.4.3.2	Die subjektiwiteit van meting	6
1.4.4	Die meerduidigheid van die kanon	7
1.5	Die doel van die studie	7
1.6	Navorsingsprocède	7
1.7	Navorsingsverloop	8

## HOOFSTUK 2: DIE PROSESSE VAN KANONISERING – 'N TEORETIESE PERSPEKTIEF

	INHOUD	BLADSY
2.1	Inleiding	10
2.2	Onduidelike kanongrense	11
2.2.1	Definiëring van die begrippe kanon en kanonisering	11
2.2.2	Meer spesifiek: die literêre kanon	13
2.2.3	Voorkoms en funksie van die literêre kanon	14
2.3	Die problematiek van meting	16
2.4	Meerduidigheid van die kanon	17
2.4.1	Inleiding	18
2.4.2	Historiese kontoere van die kanon	19
2.4.3	Die trefwydte van tegnologiese vooruitgang	21

2.4.4	Die kanon in sosiaal-maatskaplike verband	22
2.4.5	Die kanon as kultuurdebat	25
2.4.6	Die kanon as ideologiese indikator	27
2.4.7	Intellektuele institusies en die kanon	28
2.4.8	Die kanon en die kurrikulum	30
2.5	Slotopmerking	31

### **HOOFSTUK 3: DIE SPELREËLS VAN DIE SISTEEMTEORIE – 'N METODOLOGIESE BASIS VIR KANONISERINGSPROBLEMATIEK**

	<b>INHOUD</b>	<b>BLADSY</b>
3.1	Hoekom sisteemteorie? Oriënterende opmerkings	32
3.1.1	Die kragtige invloed van die kanon	32
3.1.2	Hedendaagse eise van die literatuurwetenskap	33
3.2	Wat is sisteemteorie?	35
3.2.1	Definiëring van 'n voorlopige vertrekpunt	35
3.2.2	Inbedding binne 'n breër ondersoeksveld: algemene sisteemteorie	37
3.2.2.1	Oorsigtelike opmerkings oor die ontstaansgeskiedenis	37
3.2.2.2	Definiëring	40
3.2.2.3	Metodologie	40
3.2.2.4	Doelwitte	42
3.2.2.5	Samevattend	43
3.2.3	Omskrywing van enkele sisteemteoretiese begrippe	43
3.2.3.1	Oop en geslote sisteme	43
3.2.3.2	Totale en relevante omgewing	44
3.2.3.3	Sisteemgrense	45
3.2.3.4	Entiteit	45
3.2.3.5	Relasies	45
3.2.3.6	Struktuur	46

3.2.3.7	Samevattend	46
3.3	Kritiese kantaantekeninge	46
3.4	Winste van die sisteemteorie	51
3.5	Die literêre sisteem	53
3.5.1	Definiëring van die literêre sisteem	53
3.5.2	Die begrensing van die literêre sisteem: vasstelling van konvensies	54
3.5.2.1	Die estetiese konvensie	55
3.5.2.2	Die polivalente konvensie	55
3.5.3	Die ordening van die literêre sisteem: vasstelling van sy struktuur	57
3.5.3.1	Entiteit of agent?	57
3.5.3.2	Interne differensiasie in subsysteme	57
3.5.3.3	Onderskeidende eienskappe van die literêre sisteem	59
3.5.3.4	"Elites"	61
3.6	Slotsom	61

#### **HOOFSTUK 4: 'N BESKRYWING VAN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM**

	<b>INHOUD</b>	<b>BLADSY</b>
4.1	Inleidend	64
4.2	Nasionalisme as spilpunt binne die Afrikaanse literatuursisteem van die twintigste eeu	64
4.3	Metodologiese oriëntasie	66
4.4	Historiese kontoere wat rondom die begrip "nasionalisme" geëts kan word	69
4.4.1	Die twintigste eeu: 'n diachroniese verloop van kultuur-historiese gebeure	69
4.5	'n Beskrywing van die Afrikaanse literêre sisteem gedurende die twintigste eeu	80
4.5.1	Inleidend	80

4.5.2	'n Tydsnit: eerste dekades na die eeuwending	82
4.5.2.1	Die taalstryd as organiserende krag binne die literatuursisteem	82
4.5.2.2	Die manifestasie van die taalstryd op verskillende sisteemvlakke	83
4.5.2.3	E.C. Pienaar as verteenwoordigende kritikus en bloemleser van die Tweede Taalbeweging	86
4.5.3	'n Tydsnit rondom dertig en daarna	89
4.5.3.1	Verdeeldheid as strukturende krag binne sisteemverband	89
4.5.3.2	Die manifestasie van verdeelheid op verskillende sisteemvlakke	90
4.5.3.3	Die norme en kriteria van hierdie tydperk gemeet aan Opperman en Dekker as verteenwoordigers	93
4.5.4	'n Tydsnit sedert sestig	94
4.5.4.1	Protes as ordeningsprinsipe binne sisteemverband	94
4.5.4.2	Die manifestasie van protes op verskillende sisteemvlakke	94
4.5.4.3	<u>Poësie in SA/Poetry in SA</u> as alternatiewe bloemlesing met unieke kriteria eie aan sy tydsgewrig	98
4.6	Slotopmerking	100



**HOOFSTUK 5: DIE NEERSLAG VAN N.P. VAN WYK LOUW AS  
SPILAGENT BINNE DIE AFRIKAANSE LITERATUURSISTEEM**

	<b>INHOUD</b>	<b>BLADSY</b>
5.1	Inleidend	106
5.2	'n Kritiese blik op die "spilfiguur"	108
5.3	Wie of wat kwalifiseer as spilagent en waarom?	112
5.3.1	Inleidend	112
5.3.2	Kriteria vir die kwalifisering as spilagent	113
5.3.2.1	Die manifestasie van hoë aktiwiteit binne die literatuursisteem as onderskeidende kenmerk van die spilagent	114
5.3.2.2	Kanoniserende reaksies op die spilagent as aanduiding van hoë erkenning binne sisteemverband	115
5.3.2.3	Die konsentrasie van aktiwiteite en gebeure rondom die spilagent as bevestigende handeling	118
5.3.3	Samevattend	126
5.4	Kanoniseerder en gekanoniseerde: 'n voorlopige beskrywing van Louw se handelingsrolle binne die literatuursisteem	126

**HOOFSTUK 6: DIE KANONISERINGSHANDELINGE VAN N.P. VAN  
WYK LOUW BINNE DIE AFRIKAANSE LITERATUURSISTEEM**

	<b>INHOUD</b>	<b>BLADSY</b>
6.1	Inleidend	131
6.2	Teoretiese standplaas: Louw se handelingsrol(le) binne 'n sisteemteoretiese perspektief	131
6.3	Dualisme as deurlopende motief	145
6.4	'n Beskrywing van N.P. Van Wyk Louw se handelingsrolle	146

6.4.1	Ter inleiding	146
6.4.2	Kanoniseringstrategieë n.a.v. kriteria waaraan die spilagent gekenmerk kan word	147
6.4.2.1	Louw as daadmens: 'n Kruger wat die pad oopbreek	148
6.4.2.2	Louw as vernuwer: 'n Dias wat op die voorpunt staan	149
6.4.2.3	Louw as intellektueel: 'n Koki met "sy vrees om die kosbare dinge"	152
6.5	N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder in die Afrikaanse literatuursisteem	155
6.5.1	Implisiete kanoniseringshandelinge	155
6.5.1.1	Inleidend	155
6.5.1.2	Implisiete kanoniseringshandelinge op die terrein van die politiek	156
6.5.1.3	Implisiete kanoniseringshandelinge wat op sosiale vlak beïnvloed	165
6.5.1.4	Implisiete kanoniseringshandelinge op 'n institusionele vlak	180
6.5.1.5	Samevattend	188
6.5.2	Eksplisiete kanoniseringshandelinge	188
6.5.2.1	Inleidend	188
6.5.2.2	Op 'n primêre vlak: N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder in sy kreatiewe en kritiese werk, m.a.w. as produsent	189
6.5.2.3	Op 'n primêre vlak: artistieke reaksies op die werk van N.P. van Wyk Louw as resepsieprosedure	209
6.5.2.4	Op 'n sekondêre handelingsvlak: distribusie en verwerking	216
6.6	Slotopmerking	233

## HOOFSTUK 7: 'N SLOTPERSPEKTIEF

	INHOUD	BLADSY
	Slotperspektief	239

## OPSOMMING / ABSTRACT

	INHOUD	BLADSY
	Opsomming	243
	Abstract	246

## LYS VAN GERAADPLEEGDE LITERATUUR

	INHOUD	BLADSY
	Lys van geraadpleegde literatuur	249

# HOOFSTUK EEN

## PROBLEEMSTELLING EN KONTEKSTUALISERING

### 1.1 INLEIDING

Een van die mees aktuele kwessies tans in die V.S.A. is die debat rondom kurrikulering, wat dikwels neerkom op 'n eis vir die uitbreiding van die didaktiese kanon. Schlesinger is van mening, in die Julie-uitgawe (1991) van Time International, dat hierdie toedrag - "[...] the attack on the 'Eurocentric' curriculum and the rise of the notion that history and literature should be taught not as disciplines but as therapies whose function is to raise minority self-esteem" – positief geïnterpreteer behoort te word.

Dit is inderdaad so dat die gesprek oor kanoniserings nog lank nie afgesluit is nie (Gorak, 1991:4). Sonder vrees vir teenspraak kan beweer word dat die prosesse van kanoniserings (en standaardisering) ook in Suid-Afrika sentraal staan in diskussies rondom onder andere literatuuronderrig, literêre pryse, literatuurgeskiedskrywing en binne die uitgewersbedryf. Die dinamiese kragte wat tans op 'n veelheid terreine in Suid-Afrika werksaam is, vra onweerlegbaar om 'n kritiese evaluering van die prosesse van kanoniserings in die Afrikaanse letterkunde. Neubauer (1985:42) formuleer hierdie moontlikheid binne 'n breër konteks: "Alleen al het feit dat we op dit moment over canons diskussieren demonstreert dat de traditionele principes van selektie twijfelachtig en niet langer universeel bindend zijn".

Vanweë die trefwydte van kanoniserings, is dit raadsaam om 'n begripsomskrywing van die term as vertrekpunt te neem.

### 1.2 BEGRIPSOMSKRYWING

Om die veelduidigheid van betekenis van die begrip kanoniserings tot 'n enkele definisie te beperk, sou 'n haas onmoontlike taak wees. 'n Veelheid faktore moet verreken word: politieke, demografiese, sosiale, historiese,

tegnologiese en kulturele gesteldhede blyk relevant te wees. Die interaksie tussen genoemde faktore vorm as't ware die konteks waarbinne die kanon sin en betekenis kry.

As vertrekpunt volstaan hierdie studie voorlopig met Mooij (1987:121) se samevatting: "[...] een canon is een verzameling van literaire werken die in een samenleving als waardevol erkend worden; zij dienen bovendien als oriëntatiepunten in de literaire kritiek en in het onderwijs; derhalve worden zij ook op school (althans sommige scholen) onderwezen".

Bogenoemde beskrywing dien bloot as referensie vir die kontekstualisering van die navorsing. Die aard en omvang van die prosesse van kanoniserings word meer indringend in die tweede hoofstuk bespreek.

### 1.3 PROBLEEMSTELLING

Die heersende polemieke rondom kanoniserings is geen geheim nie. Die debat is vir 'n geruime tyd nie meer beperk bloot tot literêre kringe nie; vanuit elke vakgebied verhef akademië hulle stemme ten gunste of ten koste van die kanon. Ook die publiek neem deel aan 'n gesprek waarin daar besin word oor die toekoms van veral die didaktiese kanon. Die reaksies van onder andere Hambidge, Esterhuysen en Olivier (onderskeidelik in *BEELD*, 9/12/97; *DIE BURGERS*, 4/3/1998; 6/5/1998) op Poskaarte, die postmodern ingestemde bloemlesing van Ronel Foster en Louise Viljoen, bevestig dat konsensus skaars wenslik of moontlik is. Oor een feit is daar egter ooreenstemming: die bestaan van die kanon kan nie ontken word nie. Wellek (1982:21) bevestig reeds in die vroeë tagtigerjare "[...] that the canon of literature is far more firmly established, at least for the more remote past, than many sceptics allow. Attempts to depreciate Shakespeare, even when coming from such a classic in his own right as Tolstoy, cannot succeed". Ook Bennett (in Neubauer, 1985:41) gaan hiermee akkoord: "I have long suspected that there is more consensus on what the important books are than many people have been willing to admit ... Many people do believe that some books are more

important than others, and there is broader agreement on what those books are than many have supposed."

Sonder om enige waarde-oordeel te vel, kan Gorak (1991:5) se aanname aanvaar word dat die kanon (ongeach sy positiewe of negatiewe implikasies) konkreet figureer: "Attacked on one side as a privileged receptacle of traditional readings, praised as the preserver of cultural value, the entity commonly called 'the canon' appears, one way or the other, to be a permanent part of our intellectual landscape". Ook Neubauer (1985:42) kan hom dit nie voorstel dat die kanon heeltemal sal verdwyn nie.

Dit wil dus voorkom asof die punt van dispuut nie meer die bestaan van die kanon(s) is nie, maar wel die aard van die voorkoms, funksie en funksionering daarvan. Cohen (1989:xviii) kom tot die slotsom dat "its presence must presumably meet certain anthropological needs". Hiermee word gesuggereer dat die proses van kanonisering primêr vanuit 'n inherente behoefte ontstaan. 'n Eksakte formulering van dié behoefte is onmoontlik; tog sal heelwat kritici instem dat die konstruksie van die kanon 'n menslike, estetiese behoefte reflekteer (Gorak, 1991:254). Met ander woorde: evaluering kan beskou word as 'n intuïtiewe handeling van die individu. Barbara Herrnstein Smith (1984:19) sê: "[...] for a responsive creature, to exist is to evaluate". Alhoewel die rangordening van tekste vanuit 'n natuurlike behoefte geskied, dra die gevarieerdheid van lesers wat deelneem aan die proses noodwendig by tot die kompleksiteit van die kwessie. Die wye spektrum van skrywers, kritici, uitgewers, akademië, bloemlesers, leeskringe en bloot geïnteresseerde lesers sal in die geheel daarvan verreken moet word. Ohlhoff (1993:2-3) beklemtoon ook die rol van "vertalers, literatuurhistorici en die samestellers van bloemlesings" wat "die teks in een of ander vorm weergee". Hulle oefen bepaalde keuses uit of "plaas tekste binne 'n spesifieke raamwerk" om ook 'n "dominante rol te speel in die kanonisering en niekanonisering van literêre tekste". Dié "herskrywers skep bepaalde beelde van 'n skrywer, werk, tydperk, genre en selfs 'n hele literatuur."

Hierdie stellings wys heen na die essensie van die vraagstuk: "Het probleem is dat wij wel graag over een canon zouden beschikken, maar niet weten hoe wij hem moeten inrichten, of als wij het zelf wel weten, hoe wij onze collega's van de juistheid van de door ons opgestelde canon kunnen overtuigen." (Fokkema & Ibsch, 1992:51).

Die behoefte aan die kanon word dus universeel erken. Tog heers daar verwarring ten opsigte van die geldigheid van riglyne ten opsigte van seleksiemetodes en -voorkeure. "A canon permits certain things and prohibits others, but it says nothing with respect to *how* to construct." (Merrell, 1985:101). Waarskynlik weerklink Neubauer (1985:42) se noodkreet ook hier te lande: "De werkelijke vraag, ik herhaal het, is niet of er een canon zou bestaan, maar op basis van welke principes deze canon moet worden gevormd, hoe streng wij hem zouden moeten handhaven, en welke functies wij eraan zouden kunnen toeschrijven, afgezien van de introductie tot de literatuur."

## **1.4 PROBLEEMONTLEDING**

### **1.4.1 Inleiding**

Teen dié agtergrond beskou, sou die vraagstuk rondom kanonisering herlei kon word na drie aspekte: onduidelike kanongrense, die problematiek van die proses van meting en die meerduidigheid van die kanon. Alhoewel elke aspek op sigself bydra tot onduidelikheid en onakkuraatheid, is dit veral in kombinasie dat die drie verantwoordelik is vir die verwickeldheid van die vraagstuk.

### **1.4.2 Onduidelike kanongrense**

In 'n beeldryke betoog verklaar Guillory dat die kanon geen konkrete konfigurasie is nie: "[It] does not accrete over time like a pyramid built by invisible hands, nor does it act directly and irresistably upon social relations, like a chemical agent [...]" (1987:494-495). Die ontkenning van die fisiese



voorkoms van 'n kanon is legio: "no homogenizing entity called 'the Canon' ever existed" (Gorak, 1991:ix); "[...] we should be clear that there is no list of *the Great Books*, because there cannot be." (Royal, 1991:71). Ook Vervliet (1992:365) sê dat "[...] de canon helemal geen homogene, onveranderlijke strikt afgebakende entiteit is, zoals vaak werd voorgesteld". Die verwyt is dat daar daagliks oor die kanon uitsprake gemaak word "met een vanzelfsprekendheid alsof iedereen hetzelfde lijstje met canonwerken in zijn hoofd heeft" (Moerbeek, 1992:335). Fokkema maak die interessante opmerking dat slegs die **diskussie** rondom die kanon sigbaar is; van die kanon self is daar geen teken nie "tenzij in negatiewe zin, namelijk als een veronderstelde verzameling werken die niet deugt" (in Segers, 1991:256). Hierdie uitsprake rig 'n direkte appèl op die wenslikheid van die kanon as terrein van wetenskaplike ondersoek. In hierdie verband opper Altieri sy beswaar dat die kanon 'n té ruim begrip geword het (in Moerbeek, 1992:341). In meer poëtiese terme verklaar Royal dat "the landmarks of human history, intelligence and creativity cannot be defined once and for all" (1991:71).

#### 1.4.3 Die problematiek van die proses van meting

##### 1.4.3.1 Afwesigheid van 'n universele meetstok

Van Gorp (1986:61) gebruik die woorde **norm**, **wet** en **maatstaf** om die "onsterfelijken van een nationale literatuur" as kanon te beskryf. Die oorspronklike betekenis van die term (Grieks: kanón; Latyn: canon) was aanvanklik **reël**, **rigsnoer** of **meetstok**. Mettertyd is hierdie betekenis egter verruim tot **gesaghebbend**, **normatiewe** en **korrek** (Van Coller, 1992:1). Hierop is egter geldige kritiek te lewer. Fokkema (1985:13) beweer dat geen enkele teks aanspraak kan maak op "onvoorwaardelike autoriteit" nie. Van Coller (1992:1) plooi die problematiek só: "Onderliggend aan die voorafgaande aannames is dat daar êrens 'n setel van outoriteit bestaan wat 'n stel **vaste maatstawe** hanteer om materiële objekte (boeke) met 'n **inherente waarde** aan die lopende band te selekteer". Ook Van Rees (1983:412) is van mening dat die normatiewe aard van kritiese standpunte in 'n groot mate vaag bly. Altieri vra tereg: "But how do we decide that the

selection is a good one, that any given canon should have authority?" (1983:37). Sy verweer is juis dat die normatiewe aard van die kanon enige persoon verhoed om objektiewe oordele te vel wat buite 'n bepaalde waardesisteem figureer.

#### 1.4.3.2 Die subjektwiteit van meting

Hiermee verskuif die fokus na die proses van meting. Omdat die leser in die eerste plek betrokke is by die rekonstruksie van 'n artefak tot teks - deur betekenisgëwing -, is daar nie sprake van onbevange onsydigheid nie. Geen leser benader 'n boek vanuit 'n (letterkundige) lugleegte nie. Onwillekeurig speel sy beskouings en behoeftes 'n rol in die evaluering - al gee hy net gehoor aan sogenaamde literêre maatstawwe. "Canons are based on both descriptive and normative claims; we cannot escape the problem of judging others' value statements by our own values." (Altieri, 1983:40).

Die spreekwoord "Soveel hoofde, soveel sinne" geld waarskynlik ook binne wetenskaplike verband. Gorak (1991:4) verwoord dit sô ten opsigte van die kanon: "At a very early stage in its history, the range of meanings ascribed to a canon widens and becomes highly controversial. Indeed, as soon as it reaches beyond measurement, canon becomes embroiled in controversy." Die kontroversie wat die kanon omsluit, is dus grotendeels gesetel in die normatiewe element wat dikwels deurslaggewend is in die seleksie van 'n versameling tekste. Die aanname sou dus gemaak kon word dat die stryd om die kanon direk verband hou met die individu en sy spesifieke maatstawwe binne 'n literatuurbeskouing. Van Rees (1983:406) beaam dit "[...] that the epistemological foundations of all forms of literary studies are in the same way and to the same extent problematic, since all forms are inevitably based on a conception of literature, a body of normative statements about the alleged nature of a literary text." Dit is juis dié wette wat nie altyd helder omlin of wetenskaplik gefundeer kan word nie. Lefevere (1977:11-12) is van mening dat elke wetenskaplike dissipline reeds sy eie metafisiese vooroordele en elemente inhou. Die feit dat norme (wat nie onberispelik objektief is nie) deel

van die gesprek vorm, skep 'n problematiek waarmee die literatuurwetenskap sal moet rekening hou.

#### **1.4.4 Die meerduidigheid van die kanon**

In die inleidende paragraaf van die hoofstuk is daar reeds verwys na die wyse waarop die kanon verweef is met 'n verskeidenheid faktore. Barbara Herrnstein Smith (1989:285) konstateer: "[...] of course the canon is not itself the issue: it is, rather one node in a network of issues and conflicts - intellectual, institutional, social, and political - though operating at the moment [...] as the most vivid allegory and abbreviation of all the others". Hierdie aspek hang ten nouste saam met die argument rondom begrensing en definiëring wat te berde gebring is.

#### **1.5 DIE DOEL VAN DIE STUDIE**

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die dilemma van kanonisering verreikende gevolge het vir die letterkunde in sy totaliteit: literêre kritiek, prystoekennings, literatuurgeskiedskrywing en literatuuronderrig is in die spervuur, met onmiddellike implikasies ook vir die Afrikaanse literatuur. Die komplekse samestelling van die problematiek rondom kanonisering sal nie binne 'n enkele studiestuk tot eenvoudige oplossings gereduseer kan word nie. Dít het die navorsing ook nie ten doel nie. 'n Kritiese ondersoek word in die vooruitsig gestel wat die begrip en prosesse van kanonisering in die Suid-Afrikaanse konteks as tema neem. Die kanoniseringspraktyk van N.P. van Wyk Louw word op 'n eksemplariese wyse benut. Sy kanoniseringshandelinge word belig om die breër werking van die proses van kanonisering beter te probeer begryp. Indien alle faktore verreken word, behoort die studie mee te werk tot 'n gevarieerde en soepele beskouing van die begrip kanonisering.

Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n wetenskaplike prosedure gekies binne 'n verskeidenheid moontlike werkswyses. So 'n prosedure poog om te teoretiseer oor die kragte van kanonisering, met spesiale verwysing na die Afrikaanse letterkunde. 'n Wetenskaplike beskrywing van die begrip kanonisering en 'n toetsing aan die praktyk waag hom nie aan subjektiewe stellings nie, maar bied slegs verklarings binne diachroniese verband aan vir die kanoniseringsprosesse van sekere tydsnitte binne die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis.

Met ander woorde: hier is geen sprake van die formulering van onfeilbare kriteria t.o.v. kanonisering op Suid-Afrikaanse bodem nie. Die kanoniseringspraktyk van N.P. van Wyk Louw word wel indringend ondersoek om spesifieke werkswyses te kontekstualiseer en daarmee nuwe horisonne binne die kader van kanonisering bloot te lê. Maar dit geskied vanuit 'n analiserende en beskrywende optiek.

Indien 'n billike kanoniseringspraktyk in die vooruitsig gestel word, is die enigste werkwyse 'n voortdurende kritiese kyk na handeling wat op elke terrein geskied; beslis nie net binne die literatuursisteem nie. Dit is die wyse waarop die kanon hanteer behoort te word: daar moet tred gehou word met eietydse kragte wat meespeel om 'n gesaghebbende versameling tekste daar te stel. In die woorde van Peter Hyland (1986:6): "And the most important thing; the grounds for judgement must be kept constantly under scrutiny."

In die eerste hoofstuk is die navorsingsprobleem uiteengesit; die konteks van die studie is geskets, waarna die doel en program van ondersoek uitgestip is.

Hoofstuk twee wil 'n teoretiese raamwerk bied waarbinne die problematiek van kanonisering in al sy fasette geartikuleer kan word; histories, tegnologies,

sosiaal, kultureel, ideologies, institusioneel sowel as binne didaktiese verband.

In hoofstuk drie behoort die spelreëls van die sisteemteorie geformuleer te word om 'n metodologiese basis vir die kanoniseringsproblematiek te konstrueer.

Hoofstuk vier sal poog om 'n (voorlopige) beskrywing van die twintigste-eeuse Afrikaanse literatuursisteem te bied aan die hand van sisteemteoretiese vertrekpunte wat in die vorige hoofstuk aangestip is.

Hoofstuk vyf stel 'n kritiese blik op De Wet (1994) se term *spilfiguur* in die vooruitsig waarna N.P. van Wyk Louw as spilagent in die Afrikaanse literatuursisteem benoem en beskryf sal word.

Hoofstuk ses sal dié voorlopige vooronderstellings tot uitgangspunt neem om Louw se kanoniseringshandeling volledig binne 'n breë sisteemteoretiese raamwerk te beskryf.

Die slotperspektief (in hoofstuk sewe) het ten doel om die bevindings en gevolgtrekkings van dié ondersoek te oorskou.

## HOOFSTUK TWEE

### DIE PROSESSE VAN KANONISERING: 'N TEORETIESE PERSEPEKTIEF

#### 2.1 INLEIDING

Die reikwydte van die kanon kan nie genoegsaam beklemtoon word nie. Van Rees (1983:402) gee inhoud aan hierdie stelling wanneer hy onderstreep hoe essensieel die rangordening van tekste binne die literatuurwetenskap is: "In the literary field the question of whether or not a published text is 'literary' is hardly ever the issue between or within particular institutions, not even within criticism whose interest in a text actually implies its literary status. What is at stake is the rank to which a literary text is entitled in the hierarchy of literary texts." Die vraag is dus nie meer of 'n teks wel oor literêre meriete beskik nie, maar of dit opgeneem is in 'n kanon en watter status die werk in hierdie verband verwerf het.

In die eerste hoofstuk is die problematiek rondom die begrensing van die kanon bespreek. 'n Wye verskeidenheid menings wat ten opsigte van die konsep 'kanon' gehandhaaf word, is 'n spieëlbeeld van die verwikkeldheid van die vraagstuk. Vervolgens word 'n seleksie aangebied van enkele literatuurwetenskaplikes se definisies van die begrippe kanon/kanonisering. Daar word nie aanspraak gemaak op volledigheid nie; die Afrikaanse letterkunde (met spesifieke verwysing na die kanoniseringsrol van N.P. van Wyk Louw) is immers die terrein van ondersoek. Dié kort oorsig is 'n voorlopige vertrekpunt wat wil rigting gee aan die diskoers.

## 2.2 ONDUIDELIKE KANONGRENSE

### 2.2.1 Definiëring van die begrippe kanon/kanonisering

Kanonisering is 'n term wat deur 'n verskeidenheid vakgebiede ingespan kan word. Joseph Kerman (1983:107) vertolk dit as "to mean (roughly) an enduring exemplary collection of books, buildings, and paintings authorized in some way for contemplation, admiration, interpretation, and the determination of value".

Daar is reeds melding gemaak van negatiewe interpretasies waarin die kanon veroordeel word as 'n ideologiese vaandel vir institusionele wanpraktyke. Peter Hyland (1986:1) vervolg in dié trant: "This choice body of 'great works' forms the backbone (and frequently the entirety) of virtually every college and university literature syllabus in most of the one-time British colonies in Asia, Africa, North America and Australasia. [...] Indeed, they are now frequently referred to as 'the canon', a term which makes their value seem unquestionable [...]". Fowler lê 'n aanklag voor die deur van elitistiese literatuurwetenskaplikes wanneer hy hulle verwyd dat daar slegs oor "a limited field" gekritiseer en geteoretiseer word (in Von Hallberg, 1984:1). Von Hallberg (1984:1) self sê: "A canon is commonly seen as what other people, once powerful, have made and what should now be opened up, demystified, or eliminated altogether."

Dan is daar diegene wat kanonisering eenduidig peil aan die hand van 'n enkele aspek, byvoorbeeld vanuit 'n didaktiese of kulturele invalshoek. Barbara Herrnstein Smith (1983:2) benadruk 'n kulturele oorwig wat soms by literatuurdosente aangetref word. Hulle bly onwillekeurig getrou aan die didaktiese eis waarby kultuuroordrag inbegrepe is: "to honor and preserve the culture's traditionally esteemed objects - in this case, its canonized texts - and to illuminate and transmit the traditional cultural values presumably embodied in them". In hulle definisie verreken Fokkema & Ibsch (1992:52)



veral die didaktiese faktor, maar verwys ook na die rol van die kanon binne literatuurwetenskaplike verband: "Onder een canon op het gebied van de letterkunde verstaan wij een selectie van bekende en waardevol geachte teksten, die in het onderwijs worden gebruikt en die als referentiekader dienen voor de literaire kritiek". Interessant is 'n definisie van Pierre Walker (1991:182) waarin ook hy die didaktiese komponent byhaal (moontlik omdat 'n leeslys dikwels sigbare bestendinging aan die term verleen): "The word is *borrowed* by scholars and students of literature and refers to those texts that are valued more than others".

Van Rees (1983:411) verkies 'n eenvoudige omskrywing en volstaan met "the corpus of literary works ranking among the most renowned of the literary hierarchy". Ook Richard Ohmann sistap die problematiek met sy samevatting: "[...] a shared understanding of what literature is worth preserving" (in Von Hallberg, 1984:1). Clausen (1991:199) verwys in sy definisie na die vroeëre religieuse gebruik van die term, maar beskou dit binne kontemporêre konteks as "the body of literary works that are commonly taught and written about". Moerbeek (1992:333) vertel selfs skalks van 'n kollega wat die mening toegedaan is dat die kanonbegrip verwoord word deur "auteurs naar wie straten vernoemd zijn".

Hugh Kenner beklemtoon die veelsydigheid van die kanon. Hy waarsku teen 'n eng beskouing en verwoord sy ruim visie: "For a canon is not a list, but a narrative of some intricacy, depending on places and times and opportunities." (in Von Hallberg, 1984:373). Hierby hoort Gorak (1991:259-260) se beskouing waarin hy aan die kanon die status van 'n meesternarratief toewys, "a body of texts larger than the sum of its members, a grand cultural narrative [...] an imaginative narrative which tells the whole story about the origins, transmission, history and interrelationships of traditionally valued and customarily neglected works of literary or visual art".

Gesien dié uiteenlopendheid van menings is dit duidelik waarom Altieri beweer dat kanonisering 'n té ruim begrip geword het wat nie bruikbaar is vir

die wetenskap nie. Voordat daar nie konsensus verkry word oor die aard, omvang en funksie van kanoniserings nie, sou navorsing in hierdie verband nie sinvol wees nie.

### **2.2.2 Meer spesifiek: die literêre kanon**

Wanneer 'n teoretiese verheldering van die konsep kanon aan bod kom, is die veelvuldige klassifiserings opvallend. Omdat die studie binne die dissipline van die letterkunde val, is die eerste belangrike begreping dié van die literêre kanon.

Die begrip kanon verwys in literêre terme na die "versameling meesterwerke van die Westerse literatuur, die beste werke, daardie tekste wat vir ons 'die literatuur' uitmaak" (Viljoen in Cloete, 1992:196). Daarmee word 'n aktiwiteit van seleksie in die vooruitsig gestel. Die vraag ontstaan: Hoe word die onderskeid tussen 'gewone' tekste en 'literêre' tekste getref? Wanneer weet die leser of 'n teks tot die kanon behoort, of sy literêre status hom daartoe toegang gee of nie? Mukarovsky (1970:1) is van mening dat enige objek of aktiwiteit 'n estetiese funksie kan vervul. Schram (1992:251) voeg hierdie funksie toe aan die leser: "Betekenis en waarde komen tot stand mede dank zij het constructieve aandeel van de lezer, een tekst is niet literair maar wordt literair gelezen ...". Die literêre kanon bestaan dus nie uit 'n versameling self-aangemelde tekste nie. Oënskyklik is daar nie 'n stel inherente eienskappe wat vir enige teks toegang verleen tot 'n verhewe versameling met literêre gehalte nie. Dit gaan in wese om 'n leeswyse wat uiteindelik die poorte van die literêre kanon open: "The literary way of reading also selects a particular kind of information from the text. In interpreting a text readers use their previous knowledge of other texts and of the world" (Fokkema, 1993:26). Alhoewel enige objek (of teks dan) literêr gelees kan word, is alle tekste nie in dieselfde mate hiervoor geskik nie. So beklee 'n koerantberig dikwels 'n informatiewe funksie bó die estetiese - in welke geval dit nie 'n kans sou hê om as kanoniseringswaardige werk staanplek te kry nie. In hierdie verband is

Altieri (1983:51) se opmerking "functions establish criteria" veelseggend. Die kanon is 'n seleksie van tekste (uit 'n omvattende versameling) waarin die estetiese funksie oorheers en dáárom literêre status verwerf. Hieroor sê Mukarovsky (1970:86): "Extra-aesthetic values in art are thus not only properties of the work itself but also of the perceiver." Van Coller beaam dat gekanoniseerdheid nie wentel om teksinherente eienskappe nie, maar te make het met die verhouding van die teks tot "ander werke en die hele netwerk van funksies en waarde" (1992:8).

### 2.2.3 Voorkoms en funksies van die literêre kanon

Die literêre kanon neem 'n verskeidenheid gedaantes aan. Tog is daar 'n verband tussen die voorkoms van die kanon en die spesifieke funksie wat dit binne die breër literêre sisteem vervul. Hierdie gegewe word bevestig deur die wyses waarop die literêre kanon geïdentifiseer word:

Willemse (1997:2) praat van 'n "bruikbare wegspringplek" wanneer hy Fowler se klassifikasie uiteensit wat neerkom op "three main kinds of literary canon: the potential, accessible, and selective canons" (Golding, 1984:279). Grondliggend is die **potensiële kanon** waarin die "totale geskrewe en mondelinge rekord" vervat is, maar in sy geheel nie ondersoekbaar is nie – onder meer weens die nie-beskikbaarheid van tekste (Willemse, 1997:2). Die **toeganklike kanon** sluit boeke uit wat weens sensuur nie beskikbaar is nie, terwyl die **selektiewe kanon** bepaal word deur boeke wat op seleksie berus (bloemlesings, silabusse, ensovoorts) (Van Coller, 1992:7).

Mooi herlei dié saak na 'n ander vlak. Hy tref 'n onderskeid tussen 'n **historiese** en **aktuele kanon**: eersgenoemde word verteenwoordig deur die stabiele en onveranderlike klassieke tekste, terwyl laasgenoemde 'n meer dinamiese en veranderlike karakter vertoon - die moderne kanon.

In dieselfde denkkrigting verwoord Harris sy beskouing van die verskil tussen die **diakroniese kanon** ('n konstante lys van klassieke werke) en die **geleentheidskanon** "wat neerkom op die vinnig veranderende periferie waarvan net enkele werke later wel die diakroniese kanon sal binnedring" (in Van Coller, 1992:7).

'n Insigryke inset word deur Nemoianu gelewer waarin hy die verskil tussen die kanon en kurrikulum beklemtoon. Die onderskeid het meriete vanweë die verskil in funksie wat die twee entiteite beklee. Die **kanon** "incorporate values, questionings, intentionality, plots and constants of human nature", terwyl die **kurrikulum** bestaan uit tekste "that are chosen to be taught in class, to be included in anthologies, those that are read by and fed to large number of individuals in a linguistic and social community at any given time" (1991:210-220). In sy redenasie beklemtoon hy die feit dat titels en tekste van outeurs dikwels by die kurrikulum ingesluit word weens hulle bruikbaarheid – met ander woorde, om in 'n spesifieke behoefte te voorsien. Die seleksie van kanonieke tekste geskied egter volgens 'n natuurlike proses "that remains ultimately unpredictable" (1991:222).

Ook Vervliet verkies verskillende benamings. Hy beskryf die **literêre kanon** as resultaat van 'n organiese groeiproses deur die eeue heen, "een pluriform, pluralisties en demokraties samengestelde instrument", maar beskou die **leeslys** as 'n "restrictiewe lys" van streng geselekteerde werke wat 'n outoritêre, normatiewe funksie verrig (1992:367).

Om op te som: 'n verskeidenheid groeperings is moontlik binne die kader van die literêre kanon. "There are personal canons and official canons, canons for what one needs to know. And each of these has several subdivisions. There are probably even canons for bedroom reading" (Altieri, 1983:59). Ten spyte van bogenoemde verskil in benaming, blyk 'n opvallende ooreenkoms. Die proses van klassifikasie geskied telkens aan die hand van die funksie wat die bepaalde kombinasie geselekteerde tekste binne die literêre sisteem

verrig. Dié kernbeginsel word verwoord deur Moerbeek (1992:344): "Rechtvaardiging maar ook verguizing en afwijzing van een canon hangt ontegenzeggelijk samen met de functie die men aan canons toekent".

### 2.3 DIE PROBLEMATIEK VAN METING

Die begrensing van die begrip "literêre kanon" geskied teen die agtergrond van die funksie wat die seleksie van tekste verrig. So verskil die didaktiese kanon van die kontemporêre omdat elkeen 'n ander oogmerk het. Tog beklee elk 'n eiesoortige posisie binne 'n breë literêre sisteem en word hul simbiotiese wisselwerking as't ware die dinamiese krag in die proses van kanonisering. Volgens Mukarovsky (1970:45) "[...] the coexistence of several different canons in the same collective is not without tension. Each of them strives for sole validity, and attempts to supplant the others".

Uit die aard van die saak suggereer dit die voorkoms van 'n verskeidenheid seleksiedrumpels. Hiermee word die aanwesigheid van 'n inherente "literêre" maatstaf in die teks opnuut ontken. Elke versameling tekste fungeer volgens 'n eie stel voorwaardes. Die term kanon kan dus nie langer in sy oorspronklike betekenis van reël, rigsgnoer of meetstok gebruik word nie. Die waarde van 'n werk word gekonstrueer binne 'n teks-leser-verhouding waarin daar geen konkrete, meetbare kriterium is nie. Herrnstein Smith (1983:10) beklemtoon juis die diversiteit en aanpasbaarheid van literêre waarde; sy noem dit selfs fundamentele karaktereienskappe eie aan die saak. Die beoordelingsvoorwaardes is met ander woorde gegrond op die funksie wat die kanon verrig of moet verrig. In wese word die oeroue vraag na literêre waarde, evaluering en interpretasie maar weer herformuleer as uitvloeisel van die kanoniseringsproblematiek.

Die bepaling van navorsingsvoorwaardes ten opsigte van hierdie vraagstuk is noodsaaklik. Alhoewel die hermeneutiek dikwels veroordeel word vanweë sy onvermoë tot intersubjektiviteit kan 'n hermeneutiese werkswyse nie volkome

afgekeur word nie. Van Coller (1992:3) merk tereg op: "Interpretasie is 'n voorwaarde van kanonvorming want wat in feite tot die kanon behoort is nie tekste nie, maar die realisasies ("readings") daarvan". Dié pogings tot vertolking en singewing leen hulle wel tot wetenskaplike ondersoek mits die navorser bewus is "van die feit dat 'n ander spelterrein betree word met ander spelreëls" (Van Coller, 1992:3). Miskien is dit een van die funksies van die kanon: om 'n gemeenskaplike basis te bied (oor alle grense heen) waarbinne die debat rondom teksinterpretasies geïnisieer kan word. Want die insluiting van nuwe tekste tot die kanon vereis soms "new ways of reading" (Golding, 1984:302). Altieri (1983:48) roep elkeen op om deel te hê aan hierdie uitdaging: "Canons make us *want* to struggle, and they give us the common questions and interests we need to ennoble that project".

## 2.4 MEERDUIDIGHEID VAN DIE KANON

Alhoewel Barbara Herrnstein Smith (1983:6) in haar definisie klem lê op die rol van die kanon as bewaker van kulturele waardes, verwoord sy 'n breë visie in haar uitspraak oor die beoordeling van literatuur (wat in wese uiteindelik kanoniserings impliseer): "[...] literary evaluation is not merely an aspect of formal academic criticism but a complex set of social and cultural activities central to the very nature of literature". Dieselfde denkrigting word bevestig in 'n artikel van Peter Hyland (1986:5). Hy lys verskeie faktore wat die proses van kanoniserings beïnvloed: "Literary excellence may be one element in our judgement, but works may have other sorts of value as well: historical, sociological, moral, psychological, therapeutic, values of commitment, honesty, and above all, of relevance". Hierdie aanname vestig weer die aandag op die feit dat 'n teks eers lewend word wanneer dit deur 'n leser geassimileer word. Die leser mag dus nie buite rekening gelaat word nie; selfs nie wanneer wetenskaplike prosesse deel van die gesprek is nie. Die behoeftes en begeertes, lewensbeskoulike agtergrond en voor- en afkeure van die leser is onlosmaaklik deel van die kanoniseringsproses. Neubauer (1985:51) stel dié beginsel onomwonde: "Canons worden door een

netwerk van komplementaire perspektieven gevormd [...] Omdat onze perceptie van omgewing en geskiedenis voortdurend verskuif, reviseren we ook onophoudelik onse canons." Juis as gevolg van hierdie versameling veranderlikes bly die kwessie van kanoniserig voortdurend 'n brandpunt. Wat enersyds problematies lyk te wees, verskaf andersyds 'n uitdaging aan leser en kritikus, aan dosent sowel as skeppende kunstenaar. Gorak (1991:4) plaas hierdie veronderstelling binne 'n historiese konteks wanneer hy beweef dat die verweefdheid van genoemde faktore reeds uit die antieke tydperk stam: "The association between canons, pedagogy, artistic creation and cultural valuation dates back to the ancient world, the complex balance and interplay of interests around a canonical work present a problem almost from the start of the history of the idea."

#### **2.4.1 Inleiding**

Daar is byna geen wetenskapsgebied wat nie geraak word wanneer die rangordening van tekste ter sprake kom nie. Ter wille van die struktuur van die studie word enkele kategorieë uitgesonder. 'n Magdom ander moontlike werksywes sou ook gevolg kon word. Ten einde 'n volledige beeld van die kanoniseringsproses te vorm, word die volgende terreine verken: die historiese, sosiale, kulturele, ideologiese, intellektuele, tegnologiese en didaktiese.

#### **2.4.2 Historiese kontoere van die kanon**

Die term "kanon" het sy ontstaan reeds in die antieke tydperk gehad. Die problematiek wat die kontemporêre kanon omgeef, kan verhelder word deur 'n ondersoek na veronderstellings wat in die verlede aan die kanon gekoppel is. Gorak (1991:8) beweef dat dié historiese aspek dikwels afgeskeep word: "[...] the long and complex history of canon follows a far more tentative, even confused, line of development than most contemporary commentators have taken into account". Vir die doeleindes van hierdie studie word daar volstaan



met 'n kort oorsig wat in hoofsaak geskoei is op die insigte van Fokkema & Ibsch (1992:52-60) in hul publikasie Literatuurwetenskap en Cultuuroverdracht:

Die term "kanon" is oorspronklik afkomstig van die Grieke wat die betekeniswaarde **reël, rigsgnoer** of **meetstok** daaraan toegedig het. Harrell (1970:49) sê: "The philosophical assumption behind the canon was that there was one single proportion which was the most perfect of all". Bykans alle kunstenaars het vir drie eeue hierdie riglyn gevolg en daar was 'n nou verband tussen "canonical formulae and artistic creation" (Gorak, 1991:11).

In die Middeleeue handhaaf die letterkundige kanon 'n bykans heilige posisie in die onderwys. Insiggewend is die erkenning en gesag wat sosiale sisteme soos die staat en kerk (in harmonie met die skool) geniet. Fokkema & Ibsch (1992:53) merk in hierdie verband op: "Het hedendaagse literatuurbegrip is slechts een smalle afsplitsing van de verzameling letterkundige, geschiedkundige, opvoedkundige, religieuze en wetenschappelijke teksten die in de Middeleeuwen tot de schoolcanon behoren, een afsplitsing die zich overigens in etappes heeft voltrokken."

Die Renaissance lei tot 'n nuwe letterkundige kanon wat 'n verskeidenheid volkstale insluit. Ten spyte van hierdie uitbreiding word die begrip letterkunde ingeperk deur die vestiging van teologie, regte en medisyne as outonome tradisies binne die wetenskap. Tog bly die betekenis steeds ruimer as die eietydse, estetiese opvatting (Fokkema & Ibsch, 1992:55).

In die agtiende eeu word nuwe begrippe gevestig wat lei tot die uitbreiding en ontwikkeling van letterkundige kanons. Daar word aanvaar dat elke tydvak sy eie voorwaardes en moontlikhede openbaar wat bepaal word deur 'n sosiale en historiese konteks. Geen absolute geldige voorskrifte word meer afgedwing nie. Ook die ontdekking van literatuur buite Europa (bv. Oosterse

tradisies) lei tot die stelselmatige wysiging van die kanon (Fokkema & Ibsch, 1992:55).

Differensiasie word deur die Romantiek geprofeteer; dit word weerspieël in "de gedachte dat ik-hier-en-nu een unieke plaats in de geschiedenis inneemt" (Fokkema & Ibsch, 1992:56). Filosofe (soos Kant) maak kuns vry van gerespekteerde voorskrifte en morele norme. Die individu en sy uniekheid word verreken en estetiese erkenning word 'n aparte kategorie, wat lei tot 'n versmalling van die begrip letterkunde. Ook die ekonomie speel 'n vername rol in die oorgang van die Klassieke tydperk na die Romantiek: daar is 'n groot toename in boekproduksie en gevolglik is meer boeke (teen 'n goedkoper tarief) beskikbaar. "Together, the public library and the book club made contemporary literature both practical and respectable ..." sê Gorak (1991:70). Die kanon word as politieke instrument aangewend in diens van nasionale doelwitte.

Die negentiende eeu word ingelei deur (aanvanklik) skugtere pogings tot 'n demokratiese verantwoording van die kanon. In die nuutgevonde demokratiese samelewing het die kerk en staat minder gesag meer oor die kanon en word dit spieëlbeeld van 'n gemeenskap se oortuigings. Gorak (1991:55) beskryf dié veranderde visie: "Instead of functioning as a set of inherited rhetorical or poetic practices it becomes a model for the whole imaginative life, an inspired pattern for future production across the borders of period or personal belief." As bevestiging van hierdie aanname kan genoem word dat 'n wye verskeidenheid vertalings, bloemlesings en literatuurgeskiedenis van oor die hele wêreld as natuurlik en noodsaaklik aanvaar word. Die gevarieerdheid van die wêreldbevolking word in die literêre kanon weerspieël; die eng beskouing van die begrip literatuur het nie in hierdie opsig gelei tot 'n beperkte visie nie (Fokkema & Ibsch, 1992:59-60).

Die twintigste eeu bring opnuut 'n verskuiwing van grense om 'n nuwe funksie te vestig: "In its extended sense, canon no longer functions in a rational framework deployed by men and women whose purposes have been clearly

and narrowly defined. Instead it becomes the vehicle of posterity or of some unspecified idea. That idea is enlarged, modified, adds magical and institutional elements, and is challenged by its inheritors. To canonize is somehow to expand the dimensions of the given, to invest it with charismatic properties bestowed from a different region of experience. Those properties become manifest and codified, and soon find themselves under fire. The cycle begins anew." (Gorak, 1991:43). Met ander woorde: die kanon is nie 'n blote speelbal in die hand van literêre manipuleerders nie. Binne die sisteem van kanoniserings word 'n eie dinamiek geskep deur die werking van historiese kragte wat saam betekenis gee aan die heersende bestel.

Alhoewel die hedendaagse persepsie van die kanon ingrypend verander het, kan die verlede nie buite rekening gelaat word nie. Die tradisies van die geskiedenis het vandag steeds 'n unieke appèl op die literatuur van ons tyd: "Those canons [of the past] have supplied inspiration to artists and basic rules to students. They have provided a retrospective pattern that becomes a 'useable past' and a simultaneous order binding together literature present and past." (Gorak, 1991:87).

### **2.4.3 Die trefwydte van tegnologiese vooruitgang**

Die ontwikkeling van die tegnologie kan ook in historiese terme gemeet word. 'n Verband wat nie misken mag word nie, is dié tussen die "materiële effect van de verkrijgbaarheid" van tekste en "de continuïteit of zelfs verstarring van de canon" (Fokkema & Ibsch, 1992:51). Golding (1984:284) verwys na praktiese oorwegings wat in die negentiende eeu 'n rol speel, byvoorbeeld verspreiding wat vergemaklik word deur verbeterde paaie en posroetes. Dit lei tot die twintigste-eeuse gerief waarmee tekste beskikbaar geword het. Fokkema & Ibsch som op: "De wijze waarop deze kennis wordt verspreid - via goedkope drukprocédés, kabel of satelliet - heeft een totaal nieuwe houding ten opzichte van informatieoverdracht geïntroduceerd. [...] Nu het informatica-tijdperk is ingegaan, zijn alle teksten onmiddellijk opvraagbaar."

(1992:61). Op sy beurt speel die kritikus ook 'n rol in die verkrygbaarheid van tekste "via e.g. the bookselling trade and public libraries" (Van Rees, 1983:398). Die feit dat alle tekste op aanvraag beskikbaar is (met 'n verskeidenheid kommentare), veroorsaak dat die leserspubliek meer bewus is van onlangse publikasies. Wat tot gevolg het dat tekste makliker deur die samelewing opgeneem kan word. Om sodoende te verseker dat die kanon - as 'n versameling tekste en herlesings - elke dimensie van die literêre werklikheid helder en akkuraat kan weerspieël.

#### **2.4.4 Die kanon in sosiale verband**

In die diskoers rondom kanonisering is daar reeds etlike kere verwys na die verhouding tussen teks en leser. Daar is aanvaar dat die twee komponente nie sonder meer geskei kan word nie; die een impliseer as't ware die ander. Die sosiale gesteldheid van die leser behoort ook onder die soeklig te kom indien 'n volledige beeld van die proses van kanonisering in die vooruitsig gestel word.

Herrnstein Smith deel 'n interessante perspektief wanneer sy nie net beweer dat evaluasie spontaan en onwillekeurig bedryf word nie, maar ook binne 'n spesifieke sosiale konteks geskied. Sy sê: "Evaluations are among the most fundamental forms of social communication and probably among the most primitive benefits of social interaction." (1984:20).

Neubauer (1985:44) bevestig hierdie verband. Hy impliseer dat die literatuur nie as 'n outonome krag bestudeer word nie, maar as uitdrukking van 'n maatskaplike mentaliteit.

Alhoewel dit mag lyk na 'n ongerymdheid - lees is tog 'n handeling wat meestal in afsondering geskied - vermeld Ohmann (1983:200-201) navorsingsbevindinge wat illustreer dat kommunikasie tussen leesgierige persone wel 'n invloed het op hulle voorkeure. Ter staving verwys hy na 'n

studie van Beserman met onder andere die volgende statistiese gegewens: 58% van die lesers wat hul verlustig het in 'n topverkoper, is aangemoedig om die boek onder oë te neem deur 'n vriend of familielid.

'n Voorlopige (en veilige) vertrekpunt is die bewering dat 'n omvangryke verskeidenheid lesers hulle in enige samelewing bevind. Ongelukkig is dit so dat die breë massa nie noodwendig aktief betrokke is by die letterkunde nie. Gevolglik ontstaan die hipotese dat slegs 'n klein persentasie van die samelewing verdienstelike werke met literêre meriete onder oë kry. Ohmann ontleed die situasie: "Intuitively, one can see that literary agents, editors, publicity people, reviewers, buyers of hardbound novels, taste-making intellectuals, critics, professors, most of the students who took literary courses, and, in fact, the writers of the novels themselves, all had social affinities. They went to the same colleges, married one another, lived in the same neighborhoods, talked about the same movies, had to work for their livings (but worked with their minds more than with their hands), and earned pretty good incomes. I hold that they belonged to a common class, one that itself emerged and grew up only with monopoly capitalism." (1983:209).

Dit wil dus lyk asof tekste nie noodwendig aan 'n samelewing in al sy skakerings blootgestel word nie, maar dat manipulasie en stabilisasie van menings subtiel binne sosiale groeperinge plaasvind.

Hierdie problematiek word dikwels in sekondêre literatuur oor kanoniserings vermeld. Guillory (1987:484) waarsku teen diskriminasie waar 'n kanon mondstuk word van buite-literêre waardes. In welke geval tekste en outeurs spesifieke sosiale groeperinge verteenwoordig - wat gemerk word deur ras, geslag en status - in die kanoniseringsdiskoers.

Altieri (1983:39) borduur voort op hierdie negatiewe beeld. Hy blameer sosiale kringe wat die kanon misbruik as ideologiese vaandel "[to] propose them as forms of self-definition, and they engage other proponents to test

limitations while exposing the contradictions and incapacities of competing groups".

Só word die kanon speelbeeld van morele waardes en standaarde. Neubauer (1985:44) waarsku teen 'n ingesteldheid waar artistieke verdienste ondergeskik gestel word aan morele en religieuse idees. Herrnstein Smith (1984:4) verwyf die sogenaamde subjektiewe aard van die literatuurwetenskap vir dergelike misbruike: "[...] that while science was value-neutral - or; as he [Winters] put it, 'amoral' - literary studies had moral responsibilities".

Die ander kant van die munt is egter nog nie bespreek nie. Daar moet rekening gehou word met die dinamiese kragte eie aan 'n maatskappy. Hierdie kragte is deurentyd werksaam binne enige gemeenskap en vind konkrete bevestiging ook in die kanon. Fokkema (1985:11) beweer dat 'n verandering in die maatskaplike bewussyn beslis aanleiding gee tot die wysiging of uitbreiding van die kanon. Hierdie perspektief vind tans neerslag in die samelewing met sy oorhelling na multi-rassisme en feminisme. Ohmann (1983:204) dui op 'n dieper verband tussen die struktuur van die samelewing en sy waardesistiem: "Excellence is a constantly changing socially chosen value". Inderdaad behoort die meting van waarde te wissel namate die sosiale groeperinge binne die maatskappy verander. Dieselfde beginsels en bepalinge ten opsigte van literêre meriete geld nie noodwendig binne alle sosiale groeperings nie. Dit impliseer uiteindelik die voorkoms van 'n soepel, veranderlike kanon wat gevoelig is vir elke verskuiwing van visie binne samelewingsverband. Hiermee word Altieri se ideaal na die voorgrond gebring: "I want to argue that the past that canons preserve is best understood as a permanent theatre helping us shape and judge personal and social values, that our self-interest in the present consists primarily in establishing ways of employing that theatre to gain distance from our ideological commitments, and that the most plausible hope for the influence of literary study in the future lies in our ability to transmit the past as a set of challenges and models" (1983:40).

#### 2.4.5 Die kanon as kultuurdebat

Daar is reeds verwys na die mate waarin sosiale groepering binne 'n gemeenskap tot stand kom. Een van die eerste kriteria wat ter sprake kom, is waarskynlik nasionale oorwegings. Hierdie maatstaf geld ook ten opsigte van kanonisering: die oorspronklike kanon van die antieke tyd het om 'n moedertaal gewentel. Dit is dus nie riskant om te beweer dat taal vandag steeds 'n onderskeidende faktor is in die prosesse van kanonisering nie. Alhoewel die kontemporêre kanon voorsiening maak vir 'n verskeidenheid tale is die beoordeling daarvan gekoppel aan kulturele kodes. Peter Hyland vat die kern hiervan saam: "Aesthetic values, that is, are not universal, but are culturally derived. What is perceived as literary excellence, therefore, reflects a wider nexus of values, and may not be perceived as excellence by someone not sharing those values." (1986:3).

Herrnstein Smith voer hierdie stelling verder deur haar bewering dat boeke op sigself kultureel gefundeerd is: "Like all other objects, works of art and literature bear the marks of their own evaluational history, signs of value that acquire their force by virtue of various social and cultural practices and, in this case, certain highly specialized and elaborated institutions" (1983:23). Hieruit volg die aanname dat beide teks en leser binne 'n kulturele konteks funksioneer. Albei beklee 'n eiesoortige posisie binne kulturele verband, en dit het implikasies vir die kriteria wat aangewend word in die proses van kanonisering. "We have ideas about canons because we learn to think about literature within cultural frameworks that are in part constituted by notions of the canonical" (Altieri, 1983:41).

Hierdie beginsel vorm deel van die kritiek wat dikwels teen die kanon geopper word. Gorak (1991:2) veroordeel kritici wat die kanon inspan as draer van 'n stel apodiktiese reëls en reaksies. Dit veroorsaak dat die kanon in die hande van 'n konserwatiewe minderheid bly. Ook Arnold Krupat (1984:310) beweer dat 'n kanon - soos enige ander kulturele produk - geen

objektiewe en onskuldige seleksie bied nie. Eerder as om die beste tekste aan te bied, eggo die kanon meer dikwels 'n institusionele beleid waarin dominante sosiale slagspreuke luid gehoor word. Op hierdie wyse is die prosesse van kanonisering dus mondstuk van 'n bepaalde sosiale orde. Neubauer illustreer hierdie toedrag aan die hand van die tradisionele kanon. Hy lê 'n klag voor die deur van wat hy noem 'n "machtige autonomiebepaling: de outonomie van nasionale kulturen" (1985:42). Die instandhouding van 'n kanon ter wille van 'n minderheidsgroep se kulturele belange is nie langer haalbaar nie. Dit is noodsaaklik dat die gemeenskap in sy geheel verreken word. Easthope (1991:80) lewer 'n pleidooi vir die insluiting van populêre kultuur in die kanon en vra dat die balans tussen die literêre kanon en "popular forms" herwin moet word. Ook Fokkema & Ibsch (1992:61) glo dat die "toenemende bewustzijn van gelijkheid van alle mensen ongeacht ras of sekse" in die kanon gekonkretiseer moet word.

Om tot 'n gevolgtrekking te kom: in die hedendaagse multi-kulturele samelewing is daar nie meer plek of tyd vir 'n eng kanon wat wentel om 'n enkele groep se nasionale ideale nie. Daar moet gehoor gegee word aan die versoek om 'n verbreding van die kanonieke grense na komplementêre vorme van populêre literatuur, swart skrywers, vroue-tekste, historiese dokumente, outobiografieë, televisie en film (Hyland, 1992:3-4). Dit is die enigste wyse waarop die gemeenskap van 'n "culturele bijziendheid" (Fokkema & Ibsch, 1992:62) gevrywaar kan word: 'n belangrike oorweging vir die voortbestaan van die kanon. Die ideaal is dus "to relocate Literature in a wider context of cultural studies that would set in a truer perspective its claims to transcendent value" (Hyland, 1992:4).

#### **2.4.6 Die kanon as ideologiese indikator**

Barbara Herrnstein Smith (1989:287) verwoord 'n verwyd wat dikwels in literêre kringe gehoor word: die onderrig van letterkunde het in 'n groot mate 'n politieke en ideologiese kleur gekry. Dit sou onredelik wees om hierdie



aanklag te ontken. Betekenisvol is die wyse waarop Herrnstein Smith haar aanname kontekstualiseer: "What and how we teach is never independent of who we are, our interests and perspectives, and what we think matters in society and culture - or, in short, our ideologies, whether as Christian humanists, Southern agrarians, postwar liberals, or neo/post-Marxists. What is new in the American literary academy is not its political or ideological character as such but - in large part because of the demographic and other institutional changes already mentioned - the increased range of the interests and perspectives in play, the sharpness of their divergence, and the more numerous occasions for collisions among them." (1989:287).

Met so 'n versigtige formulering kan daar beswaarlik fout gevind word. Literatuur was nog altyd politieke en ideologies bepaald. Die geskiedenis is getuie dat verandering in die politieke sisteem bygedra het tot 'n verbreding van die kanon: "de Franse revolusie, de Oktober-revolusie in Rusland, de Beweging van de vierde mei in China, de stichting van de Chinese volksrepubliek" is voorbeelde wat Fokkema & Ibsch (1992:61) as bewyse neerlê.

In die praktyk realiseer bostaande ideaal - 'n weerspieëling van die politieke klimaat in dit wat gelees en geskryf word - nie noodwendig nie. Inteendeel, dikwels word insluiting in die kanon vertolk as onderwerping aan die eise van 'n dominante politieke of sosiale groep (Gorak, 1991:1). Herrnstein Smith gee toe dat 'n skewe beeld soms gehandhaaf word. Alhoewel kanonieke werke dikwels sosiale status en politieke mag bevrage: "they would not be found to please long and well if they were seen to undercut establishment interests radically, or to subvert the ideologies that support them effectively" (1983:30).

Dit wil dus voorkom asof daar 'n diskrepansie tussen teorie en praktyk is. Die strewe is na 'n kanon wat die ideologie en hartstogte van 'n samelewing onderskryf, maar nooit vóórskryf nie. Die bereiking van hierdie ideaal vra betrokkenheid en 'n kritiese ingesteldheid aan die kant van die leser.

Regstellende aksie is ook die verantwoordelikheid van die leserspubliek. Op hulle aandrang kan die kanon ideologies gebalanseerd bly: indien 'n gesonde interaksie tussen die belange van die 'establishment' en 'anti-establishment' gehandhaaf word. Dit is ook die mening van Fokkema & Ibsch (1992:61): "Wijziging van de canon lijkt bovendien slechts plaats te vinden als er een grote afstand is ontstaan tussen datgene wat binnen de canon gelezen kan worden en kennis die uit niet-gecanoniseerde teksten kan worden verkregen."

#### **2.4.7 Intellektuele institusies en die kanon**

Wanneer ideologie in literêre kringe ter sprake kom, word akademiese instellings dikwels voor die regbank gedaag met die klag van institusionalisering: "The universities have institutionalised them to such a degree that it is hardly thought necessary to justify the study of the great works; they are, simply, accepted, they are there, in all their rich value. Indeed, they are now frequently referred to as the 'canon', a term which makes their value seem unquestionable; and generations of students, accepting the authority of the evaluations that have constructed the canon, continue to digest these works." (Hyland, 1986:1). Gorak (1991:3) beweer dat dergelike stellings moeilik teëgespreek kan word. Institusionele beheer (ook in terme van finansiële voordeel) ondersteun nie die argument dat 'n kanon intrinsieke waarde en gehalte as eerste prioriteit najaag nie. Mooij (1987:131) bevestig dat "canonvorming een aspect van die institusionalisering van de letterkunde" is. Dit het ongetwyfeld sy nadele: aangesien die literatuur beperk word tot tekste wat die denkbeelde van 'n bepaalde akademiese instansie ondersteun, word die breë versameling tekste nie noodwendig sonder vooroordele geëvalueer nie. Ohmann (1983:205) sê: "The elite, writing in these journals, largely determined which books would be seriously debated and which ones permanently valued, as well as what ideas were kept alive, circulated, discussed. [...] Together these networks make up a cultural establishment, inseparable from the market, both influencing and influenced

by it". Hiermee word die aandag opnuut gevestig op die meerduidige wyse waarop 'n verskeidenheid faktore meedoen (byvoorbeeld kultureel, intellektueel en ekonomies) in die seleksieproses.

Fokkema bring perspektief met sy stelling dat daar ook kwaliteitsgronde bestaan vir die ontstaan en verdwyning, vir die verbreding en verandering van 'n kanon (1985:6). Die literêre meriete van 'n teks kan nie herlei word tot 'n enkele stel kriteria nie. Hyland (1986:5) waarsku dat hierdie kriteria nie "fixed and certain" is nie. Alleen binne die teks-leser-verhouding word waardes gekonsipieer wat uiteindelik bepaal of die teks wel tot die kanon toegelaat behoort te word. Hiervolgens kom die totale som van faktore onder die soeklig. Indien 'n teks ter wille van sy ideologiese standpunt deur 'n akademiese instelling teoreties voorgepraat word, behoort die reaksie van die leser uiteindelik uitsluitel te gee. Fokkema (1985:12) onderstreep die estetiese funksie wat dit vir 'n teks moontlik maak om selfs ideologiese taboes te deurbreek. Estetiese bevrediging is egter 'n begrip wat op sy beurt sosiaal en kultureel gedetermineerd is. Elke individu huldig 'n eie persepsie in dié verband. Dit impliseer dus dat geeneen volkome uitgelewer is aan die voorskrifte en versinsels van akademiese instansies nie - die enigste voorwaarde is 'n harmoniese ewewig.

Dit lyk dus asof institusionalisering 'n onvermydelike komponent van kanoniseringsvorm. Dit hoef egter nie net negatiewe gevolge te hê nie. Mooij (1987:131) is van mening dat institusionalisering die posisie van die literatuur versterk en "behalve riskant ook nuttig" is. Indien die kanon 'n positiewe invloed op die lesersgemeenskap sou wou hê, sal daar sterk gesteun moet word op die verantwoordelike sin van akademici en kritici. "The question is not whether criticism will be involved in institutions but rather what kind of institutions we will devise to structure our activities and whether criticism is capable of turning its gaze upon its own institutional base" (Mitchell in Altieri, 1983:55). Alleen dán kan die kanon bevry word van die beperkende krag wat dikwels van akademiese instellings uitgaan.

## 2.4.8 Die kanon en die kurrikulum

Akademiese instansies is knaend in die spervuur. Bostaande bespreking het 'n oorsigtelike visie probeer gee van die aard van die kritiek. Dit het inderdaad verreikende gevolge vir literatuuronderrig. Indien die kanon neerkom op die institutionalisering van ideologie, beïnvloed dit die wese van onderwys. Neubauer sê: "Elke introduksie tot de literatuur is noodzakelijkerwijs selektief en dus canonvormend" (1985:42). Dáárom, meen hy, is die vorming van kanons onvermydelik andersins "is het enige alternatief voor canons af te zien van literatuuronderwijs". Fokkema openbaar 'n nugterheid wanneer hy kanoniserings meet aan eietydse behoeftes en omstandighede: "Nu er in de westerse landen geen kerkelijke autoriteit of vorst meer is die een literaire canon zal opleggen is slechts de externe rechtvaardiging van de canon verdwenen; de pedagogisch-didactische behoefte aan een canon echter niet" (1985:11). Hy verreken dus die individu in sy geheel: die kanon ontstaan vanuit 'n spontane behoefte aan evaluering en voorsien op sy beurt weer in 'n didaktiese behoefte.

Alhoewel daar op didaktiese vlak eenstemmigheid heers oor die behoefte aan 'n kanon, is die samestelling daarvan nog onseker. Dit is egter te betwyfel of daar 'n beter vertrekpunt is as dié van Fokkema: "[...] in principe [is] iedere onderwijskundige filosofie, ieder school, en zelfs iedere leraar of lerares gerechtigd [...] om een eigen canon te ontwerpen. Met Siegfried Schmidt (1982:225-226) ben ik van mening dat ook de leerling een stem in de discussie over de keuze van een bepaalde canon behoort te hebben. [...] dan zullen wij de variabiliteit van de canon, de mogelijkheid om hem op elk gewenst moment naar believen te wijzigen, tot grondslag van een democratische literatuurdidactiek willen maken" (1985:13). Binne hedendaagse omstandighede lyk dit na 'n betekenisvolle benadering. Neubauer (1985:46) beklemtoon die moontlikhede wat so 'n aanpak skep.

Meer internasionale en interdisiplinêre kanons kan net die literatuurdidaktiek verryk.

## 2.5 SLOTOPMERKING

Uit voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die problematiek rondom kanonisering nie vereenvoudig kan word nie. Die behoefte aan 'n hiërgiesse ordening van tekste bly voortbestaan. In welke geval die Grieke reeds in die antieke tydperk 'n sinvolle standpunt ingeneem het deur die kanon as "pointer rather than precept" (Harrell, 1970:69) te reken. In kontemporêre konteks impliseer dit dat die kanon saamgestel moet word op grond van "een multipliciteit van prinsiepen" wat "in ooreenstemming met onze veranderende perspektieven afwisselen" (Neubauer, 1985:42).

Volslae objektiwiteit is onmoontlik. Telkens word dieselfde tema weer teruggevind: elke individu bly gebonde aan sy tradisies, kulturele invalshoek, sosiale groepering, ensovoorts. Hierdie gegewe bied 'n platform vir diskussie oor die kanon. Voeg daarby die intellektuele vryheid om te verskil en geleentheid om dié meningsverskille te openbaar, en dít lei na 'n positiewe diskoers wat die kanon uiteindelik herdefinieer: nie in terme van eenvoudige oplossings nie, maar wel as 'n "lifetime task of learning" (Royal, 1991:82).

# HOOFSTUK DRIE

## DIE SPELREÛLS VAN DIE SISTEEMTEORIE: 'N METODOLOGIESE BASIS VIR DIE KANONISERINGSPROBLEMATIEK

### 3.1 Hoekom sisteemteorie? Oriënterende opmerkings

Die kanon is 'n kontroversiële verskynsel wat met groot omsigtigheid deur literatuurwetenskaplikes hanteer (moet) word. Dié huiwerigheid waarmee die kanoniseringsproblematiek benader word, is begryplik teen die agtergrond van veral die volgende faktore:

- die kragtige wyse waarop die kanon 'n vormende invloed uitoefen op elke literêre handeling of aktiwiteit; en
- die streng eise waarvoor die hedendaagse literatuurwetenskaplike gedag word binne sy eie dissipline.

#### 3.1.1 Die kragtige invloed van die kanon

Die kanon is veel meer as net 'n seleksie van "klassieke" tekste wat deur die samelewing as referensiepunt geneem word. Barbara Herrnstein Smith (vergelyk bl. 7) het 'n breër perspektief gebring met haar stelling dat die kanon in wese net 'n knoop in 'n hele netwerk van vraagstukke en konflikte is.

Hiermee kan akkoord gegaan word. Die kanon is bloot 'n konkrete manifestasie van die wyse waarop artistieke produksie plaasvind, literêre evaluering geskied en institusies met literatuuronderrig omgaan (Von Hallberg; 1984:1). Kanonvorming vergestalt in sy kern die vraag na persepsies rondom die aard, wese en funksie van literatuur binne samewingsverband. Kanonisering het op sy beurt verreikende gevolge vir die literêre spektrum in sy geheel: literêre kritiek; die publikasie van boeke; prystoekennings, literatuurgeskiedskrywing en literatuuronderrig word hierdeur geraak. Die wyse waarop kanonisering hanteer word, kring uit tot in die buitenste periferie van literêre aktiwiteit. Kanonisering is gevolglik 'n

kragtige, dinamiese en invloedryke proses wat in sy volle reikwydte beskou en deurgrond moet word.

### **3.1.2 Die hedendaagse eise van die literatuurwetenskap**

#### **3.1.2.1 Inleidend**

Schmidt (in Zwaan & Schram, 1988:195) sien die sentrale taak van die literatuurwetenskap as die wetenskaplike analise, beskrywing en verklaring van die handelingsamehang waarbinne literêre tekste figureer. Dit is duidelik dat hy in dié verband wetenskaplike ondersoek in die vooruitsig stel wat wil beskryf, verklaar en analiseer. Hierdie standpunt kom direk te staan teenoor dié van die hermeneutiek wat strewe na die soek van 'n (juiste) teksinterpretasie. 'n Onderskeid word dus getref tussen deelname aan die literatuursisteem en 'n beskrywende analise van die literatuursisteem.

Waar die empiriese literatuurwetenskap hom toespits op teorievorming, het die hermeneutiek dit oor die interpretasie van tekste. Tog sou blote teorievorming onsinnig wees indien dit nie lei tot toepasbare kennisverwerwing nie. Schmidt (in Zwaan & Schram, 1988:195) sien sy taakstelling in terme van een kriterium: watter vorm van toepasbare kennis kan daarmee verwerf word?

Die verweefdheid tussen teorie en praktyk strek selfs verder. Alhoewel die interpretasie van tekste metodologies buite hierdie ondersoeksveld val, is dit wel implisiet ingesluit. Van Coller (1992:3) merk tereg op dat interpretasie 'n voorwaarde vir kanonvorming is, "want wat in feite tot die kanon behoort is nie tekste nie, maar die realisasies ("readings") daarvan."

Om hierdie teenstrydigheid metodologies te ondervang, verg vernuf. Dit is dan die rede waarom oënskylnike knelpunte duidelik gedefinieer moet word.

### 3.1.2.2 Betekenis is geen inherente tekseienskap nie

Indien aanvaar word dat die kanon bestaan uit 'n korpus van teksinterpretasies, roep dit onmiddellik die vóórvraag op na die herkoms van die interpretasie of betekenis van die teks. Teksbetekenis is op sy beurt weer onlosmaaklik verbind aan die leser en sy literatuuropvattings. Die volgende faktor wat verreken moet word, is die sosio-kulturele konteks van die leser wat meespeel in die proses van betekenistoekenning. Daar kan dus beweer word dat betekenis binne 'n teks-leser-relasie (ingebed in 'n konteks) gekreëer word wat 'n potensieel oneindige reeks teksinterpretasies in die vooruitsig stel. Dit is dus die eerste eis aan die literatuurwetenskaplike: die betekenismoontlikhede van tekste behoort nie tot eenduidige of eensydige realisasies gereduseer word nie. Hierdie eis het verreikende gevolge vir die gesprek oor kanonisering.

### 3.1.2.3 Bestudering van literatuur is konteksgebonde

In aansluiting by bostaande argument volg die aanname dat 'n teks nie buite sy konteks bestudeer kan word nie, aangesien betekenis binne 'n bepaalde samehang beslag kry. Schmidt (1996:1) stel dit dat: "[...] it is inadequate to study literary texts in isolations from their contexts [...]". Volgens hom moet alle literêre fenomene tot sisteem gerekonstrueer word indien daar met gesag oor literêre tekste besin wil word. Bourdieu voer dit verder: "[...] the subject of the work of art is the entire field" (1991:22). Daarin is hulle dit eens: die enigste wyse waarop die wetenskaplike bestudering van literatuur kan geskied, is binne 'n groter geheel.

### 3.1.2.4 Literatuur as verskyningsvorm binne 'n groter sosiale domein

Alle individue wat betrokke is by die produkte van die literêre sisteem funksioneer binne 'n sosiale domein waarin bepaalde kodes, norme en waardes, belange en doelwitte geld. Hier moet Schmidt (in Zwaan en Schram, 1988:193) se definisie in herinnering geroep word waar hy literatuur beskryf as maatskaplike handelingsstelsel. Hierdie eienskappe inherent aan die



sisteem waarbinne hy/sy funksioneer, maak 'n appèl op elkeen: skrywer, leser, kritikus en literatuurwetenskaplike. Geen wetenskaplike gesprek kan dus aanspraak maak op kontroleerbare bevindinge indien hierdie aspekte nie eksplisiet beskryf en verreken word nie.

Pierre Bourdieu (1991:23) bedink beide kante van die argument: enersyds funksioneer individue (ook die skrywer, leser of literatuurwetenskaplike) binne 'n sisteem; andersyds is die eis van die wetenskap dié van kontroleerbaarheid. Hy bring albei byeen en formuleer 'n intersubjektiewe instelling: "I am included in a space, located in a space but, at the same time, I have a point of view on the space, I am able actively to construe and to construct it. But I construct this space on the basis of interests, dispositions, and cognitive structures which are related to the position I occupy in that space."

#### 3.1.2.5 Samevattend

Bostaande feite bring begrip vir die versigtige wyse waarop literatuurwetenskaplikes die diskussie rondom kanonisering hanteer. Hierdie problematiek vra om 'n wetenskaplike en berekende aanpak. Tog bestaan die behoefte ook aan spelreëls wat die geskakeerdheid van die vraagstuk kan akkommodeer. Even-Zohar (1990) versoen hierdie uiteenlopende eise in sy poli-sistemiese benadering waarin hy klem lê op die interafhanklikheid van die literêre sisteem binne 'n netwerk van relasies en verwantskappe. Alhoewel hierdie werkwyse nie aanspraak maak op volstreekte antwoorde nie, bied dit 'n geleentheid vir gesprek. Dit bring ook kontroleerbaarheid mee wat intersubjektiviteit bevorder omdat hier geredeneer word binne die grense van 'n bepaalde teoretiese konstruksie.

## 3.2 Wat is sisteemteorie?

### 3.2.1 Definiëring van 'n voorlopige vertrekpunt

Even-Zohar beskou literatuur as 'n komplekse geheel van sisteme wat mekaar beïnvloed, interafhanklik is en voortdurend in nuwe relasies tot mekaar verkeer. Uiteraard is sisteem in hierdie sin 'n konsepsuele konstruksie wat gebruik word as 'n middel tot probleem-oplossing. Met ander woorde: die begrensing van die sisteem hang ten nouste saam met die funksie wat dit wil vervul. Die handeling wat binne 'n sisteem plaasvind, kan dus slegs beoordeel word aan die hand van die norme, reëls of wetmatighede wat dit onderlê. Hierin toon die denke van Even-Zohar 'n direkte ooreenkoms met dié van die Dinamiese Funksionaliste wat slegs opereer binne die konteks van kontroleerbare prosedures.

Die toepassing van 'n poli-sistemiese benadering verg egter veel meer as die neerlegging van enkele hipoteses: 'n hele netwerk van interafhanklike hipoteses is ter sake (Even-Zohar, 1990:4). Alhoewel hierdie benadering oënskynlik die geskikte gereedskap bied vir die kanoniseringsproblematiek, is daar bepaalde eise waaraan dit moet voldoen:

- Geen navorsingstema kan onafhanklik bestudeer word van die breë teorie/wetenskap waarvan die ondersoek deel vorm nie;
- die enigste wyse waarop wetenskapsondersoek kan plaasvind, is deur die uitgangspunt te aanvaar dat dit deur vasstelbare wette of reëls beïnvloed word; en
- die navorsing en akkurate beskrywing van so 'n stel spelreëls is 'n definitiewe doelwit van hierdie werkwyse. (Even-Zohar, 1990:3).

Fokkema (1991:364-365) onderskryf 'n sisteembenadering tot die kanoniseringsproblematiek. Hy grond sy motivering veral op twee aspekte:

- In teenstelling met die Strukturalistiese beskouing akkommodeer 'n sisteemteoretiese basis sinchroniese én diachroniese aspekte sodat die gegewe status quo ook in sy prosesse van verandering bestudeer kan word.
- Strukturaliste beperk hulle in hoofsaak tot die funksie van bepaalde elemente binne 'n struktuur; die funksie van die struktuur as sodanig val nie binne hulle wetenskapsondersoek nie. Hierteenoor fokus 'n sisteembenadering juis op die funksie van 'n sisteem binne 'n breër netwerk van relasies en verwantskappe met ander soortgelyke sisteme.

Tereg merk Fokkema (1991:364) op dat 'n sisteem nie alle aspekte binne sy grense omsluit nie. Dit bly maar 'n konstruksie wat 'n spesifieke doel voor oë het, byvoorbeeld as 'n middel tot probleemoplossing. 'n Sisteem word dan model van sekere aspekte van die werklikheid; die werklikheid word dus konkreet voorgestel sodat dié aspekte ontdek, beskryf en verstaan kan word. Lambert sluit hierby aan met sy stelling: "Theories can help us only when they allow us to interpret all phenomena within a given corpus." (1985:35). Hierin vertoon sisteemteorie dus ooreenstemming met wat Even-Zohar (1990:9) formuleer as 'n oogmerk van moderne wetenskapsbeoefening: die navorsing van wette wat die diversiteit en kompleksiteit van fenomene ondersoek en nie noodwendig die waarneming en klassifikasie van hierdie fenomene as sodanig nie. By implikasie is dit wat Hein Viljoen (1986:31) verwoord in sy definisie: "Literêre sisteme is voorstelle vir die ordening van uiteenlopende literêre gegewens tot samehangende gehele."

### **3.2.2 Inbedding binne 'n breër ondersoeksveld: algemene sisteemteorie**

Een van die eerste eise wat Even-Zohar stel, is die verrekening van die breër wetenskapsterrein waarbinne 'n navorsingstema val. Derhalwe kan polisisteem-teorie nie onafhanklik van die beginsels van algemene sisteemteorie bestudeer word nie. Om die literêre sisteem volledig te begryp en te beskryf, is dit noodsaaklik dat die oorsprong van sisteemdenke in

verwante vakrigtings nagespeur word. Hier word egter geen volledige verslag in die vooruitsig gestel nie. Slegs die primêre beginsels wat hierdie benaderingswyse ten grondslag lê, word onder die loep geneem.

### 3.2.2.1 Oorsigtelike opmerkings oor die ontstaansgeskiedenis

Ludwig von Bertalanffy (1901-1972) formuleer in die vroeë twintigerjare van hierdie eeu 'n organismiese benaderingswyse<sup>1</sup> in die biologie. Hy sou later beskryf word as een van die pioniers in die ontwikkeling van die sisteemteorie vanweë sy onderneming om organismes in interaksie met hulle omgewing te bestudeer (Strauss, 1989:48). Dit gee aanleiding tot die vestiging van die begrip "oop sisteem" wat mettertyd in uiteenlopende vakrigtings inslag sou vind. Hierdie beginsel dat alle entiteite in 'n voortdurende wisselwerking met die omgewing staan, het op teoretiese vlak verreikende implikasies gehad.

Ten grondslag van hierdie beginsel lê 'n biologies-organismiese benadering wat wegdoen met die voorafgaande fisies-meganiese denkraamwerk (Strijbos, 1978:3). Hiermee vind 'n totale heroriëntasie van teoretiese denke plaas: 'n atomistiese perspektief op lewensverskynsels waarin alles gereduseer is tot natuurlike onderdele en deelprosesse moes die knie buig voor 'n meer perspektivistiese wetenskapsbeskouing. Hiermee word 'n holistiese benadering gesinjaleer wat die klem plaas op die bestudering van verskynsels in hulle gehele verband. Globaal gesproke sou gesê kon word dat verskynsels nie langer deur analise herlei word tot elementêre eenhede nie, maar dat gepoog word om deur sintese die aandag te vestig op die totaliteit of geheel van die sisteem (Strijbos, 1978:3). Die oplossing word dus juis gesoek in terme van 'n "expansie van de fisica tot een ruimere exakte natuurwetenschap" (Strijbos, 1978:3; Kriek, 1987:222). Hierdie benadering kan herken word in die woorde van Von Bertalanffy (1968:187-188) waar hy dit eenvoudig stel: "Now we are looking for another basic outlook on the world - *the world as organization*. Such a conception - if it can be substantiated - would indeed change the basic categories upon which scientific thought rests, and profoundly influence practical attitudes."

Algemene sisteemteorie kry só sy beslag in die soeke na universele wetmatighede wat hulle ook in ander dissiplines manifesteer. Kohler se Gestaltpsiggologie word aktueel in die 1920-1930's en Keynes lewer in 1936 'n ooreenstemmende bydrae in die ekonomie (Keuning, 1973:69). In hierdie verband verdien die volgende wetenskaplikes ook vermelding: Russel Ackoff en C. West Churchman in operasionele navorsing; Norbert Wiener en Stafford Beer in kubernetika; Rapoport en Ashby in biomatematika (Kramer & De Smit, 1977:4-5). Die aandag word dus al meer gerig op 'n soeke na samehang en na wetmatighede wat kan lei tot voorspelbaarheid<sup>2</sup>. Dit stuur af op die insig dat vergelykbare probleme in die onderskeie dissiplines voorkom wat lei tot die stigting van "The Society for the Advancement of General Systems Theory" in 1954 (Keuning, 1973:9). Drie jaar later verander die vereniging sy naam en word aktiwiteite voortgesit onder die vaandel van "The Society for General Systems Research". Die credo word só deur Von Bertalanffy (1956:37) verwoord:

- "Daar bestaan 'n algemene neiging na 'n integrasie van die verskillende (natuur- en sosiale) wetenskappe;
- hierdie integrasie het skynbaar rondom 'n algemene sisteemteorie plaasgevind;
- hierdie teorie kan 'n belangrike rol speel in die eksakte verklaring van verskynsels in die verskillende wetenskappe;
- deur die aanwending van eenheidsbeginsels wat vertikaal figureer in verskillende wetenskapsterreine kan die oogmerk van 'n eenheidswetenskap volbring word<sup>3</sup>;
- die bestaan van so 'n teorie kan bydra tot die moontlikheid van die integrasie van wetenskaplike opleiding."

Die algemene wetenskapsideaal van die sisteemteorie bring dus 'n nouer verwantskap mee tussen die natuur- en sosiale wetenskappe, aangesien dit deur middel van gemeenskaplike kenteoretiese beginsels aan mekaar verbind word (Kriek, 1987:232). Alhoewel algemene sisteemteorie die karakter van 'n basiswetenskap vertoon, het parallelle ontwikkeling op 'n veelheid terreine

plaasgevind om bogenoemde ideaal te verwesenlik (Von Bertalanffy, 1962:31). Die begrening van die verskillende sisteme en sisteemteorieë is problematies. Daar bestaan geen uniek-omvattende wêreldsisteem waarbinne die verskeie terreine elk 'n funksie het nie. Sisteemteorie opereer as 'n wetenskaplike konstruksie en elke sisteem verteenwoordig bepaalde perspektiewe van die realiteit. Hier is dus modelle op tafel wat nie eksklusief en uitsluitend werk nie, maar dikwels in samehang 'n sinvolle instrument in diens van die wetenskap word (Von Bertalanffy, 1962:32).

### 3.2.2.2 Definiëring

Vanweë die argelose wyse waarop die terme algemene sisteemteorie, sisteemteorie, sisteemkonsep en sisteembenadering in die literatuur gebruik word, vereis wetenskaplike aktiwiteit noodwendig 'n duidelike begripsomskrywing as vertrekpunt (Keuning, 1973:5). Algemene sisteemteorie is in die primêre instansie bloot 'n versamelnaam waaronder 'n verskeidenheid formele teorieë saamgevat word en doen dus diens as algemene interdisipliene (Keuning, 1973:38-40). Dié metateorie voorsien 'n denkraamwerk en terminologie om as eenheidswetenskap 'n veelheid teorieë en beginsels te orden en te integreer. Hierom moet daar gestrewe word na 'n taal waarin 'n optimale graad van algemeenheid gehandhaaf word sodat die gaping tussen die verskillende dissiplines oorbrug kan word (Keuning, 1973:6). Sisteemteorie is egter geen basiswetenskap wat die kern vorm vir alle terreine van wetenskapsbeoefening nie. Hierdie aanname word later geïllustreer wanneer die begrip sisteem duideliker gedefinieer word.

### 3.2.2.3 Metodologie

Keuning (1973:55) beskryf sisteembenadering as 'n poging om die werklikheid te vereenvoudig tot 'n simplistiese struktuur om sodoende die aard daarvan beter te deurgrond en te beskryf. Hierdie strewe na 'n sistematiese beskrywing van 'n verskynsel impliseer voor- én nadele. Die wins van só 'n beskouing lê in die potensiaal om probleme van 'n meer algemene aard aan te pak. Klir (1969:83) beklemtoon die voorwaarde dat 'n

sisteem as universeel-toepasbare konsep moet geld. Die begrip word dus ingespan as 'n abstrakte instrument waarmee konsepsuele, konkrete, of abstrakte verskynsels weergegee en bestudeer kan word (Keuning, 1973:54).

Die beskrywing van 'n sisteem bestaan uit twee komponente: die verskillende onderdele van 'n verskynsel moet eers geïdentifiseer word waarna die verwantskap onderling sowel as die interaksie binne 'n groter geheel nagevors kan word. So 'n poging om die operatiewe eienskappe van 'n sisteem te ondersoek, berus op die beginsels van die hipoteties-deduktiewe metode<sup>4</sup> (Kriek, 1987:231-232). Hierdie werkwyse staan in die teken van die kritiese rasionalisme wat in die twintigste eeu veral met die denke van Popper geassosieer is. Ter wille van kontekstuele helderheid volg 'n vlugtige voorstelling van dié beginsels soos opgesom deur De Groot (in Oversteegen, 1982:18):

- " 'n Teorie is 'n konsepsuele sisteem;
- die samehang binne hierdie sisteem is van logiese aard;
- die teorie het betrekking op 'n, oënskynlik beskryfbare, werklikheidsgebied;
- die teorie word met die werklikheid verbind deur hipoteses wat enersyds deduktief uit die teorie af te lei is en andersyds getoets kan word aan die feite wat binne die gekose werklikheidsdomein voorkom."

Met ander woorde: 'n konstruksie word saamgestel uit 'n stel aksiomas en stellings om die sisteem as verskynsel te verklaar. "Indien die konstruksies deur middel van die normale wetenskaplike metodes geverifieer kan word", kan die sisteemteorie bevestig word (Kriek, 1987:231).

Lievegoed (1970:29) benadruk die feit dat hierdie denkbeeld niks meer as net 'n beskouingswyse is nie: "In deze opvatting ligt heel duidelijk besloten, dat bijv. een bedrijf geen sisteem is, maar *wel als systeem beschouwd kan worden*". Tog loof Lambert (1985:35) die sisteembenadering omdat dié vorm van teoretisering oor die vermoë beskik om alle fenomene binne 'n gegewe konteks te interpreteer. Die student wat die letterkunde as navorsingstema

neem, moet ondersoek instel na die proses van literêre evolusie en die heersende beginsels, norme en modelle binne die literatuursisteem verreken. Dit is (volgens hom) die enigste wyse waarop die letterkunde beskryf en ondersoek kan word. 'n Kompilasië van bloot historiese gegewens is niksseggend.

Stafford Beer (in Keuning, 1973:42) beskryf die proses van sisteemidentifisering en -klassifisering aan die hand van drie fases:

- identifiseer verwantskappe wat opsigtelik voorkom;
- soek na 'n spesifieke patroon binne die gegewe verwantskappe; en
- stel vas watter funksie hierdie reeks verwantskappe verrig.

Hiermee word die begrensingsproblematiek nie opgelos nie. Tog bied sy werkwyse wel die potensiaal om sisteme só te konstrueer dat dit kan lei tot sinvolle gesprek oor die verskynsels as sodanig. Alhoewel geen model 'n volledige beskrywing of weerspieëling van die werklikheid is of wil wees nie, heilig die doel oënskynlik die middel: "No substantial part of the universe is so simple that it can be grasped and controlled without abstraction. Abstraction consists in replacing the part of the universe under consideration by a model of similar but simpler structure. Models, formal or intellectual on the one hand, or material on the other, are thus a central necessity of scientific procedure." (Rosenblueth & Wiener aangehaal in Kramer en De Smit, 1977:9).

#### 3.2.2.4 Doelwitte

Die impetus van die sisteemteorie lê veral in die bereiking van twee doelwitte:

- 'n Erkenning van die komplekse aard van die vraagstukke wat verrys uit beide die natuur- en sosiale wetenskappe en vra na die uitbreiding van konsepsuele ontwerpe. Von Bertalanffy (1962:30-31) artikuleer dit só: "However, in modern physics and biology, problems of organized complexity, that is, interaction of a large but not infinite number of variables, are popping up everywhere and demand new conceptual tools." Algemene sisteemteorie wil dus 'n bydrae lewer in die daarstelling van nuwe insigte



en instrumente om navorsingsprobleme aan te pak wat tot dusver nog ongekaart was. Daarmee word die grootste verwyte - veralgemening wat lei tot verskraling - in 'n krag omskep: "The power of generalization through induction is that we can then use the general laws to draw conclusions about cases not yet observed." (Weinberg, 1975:36).

- Beishon & Peters (1972:11) verwoord die verklaring en voorspelling van verskynsels as 'n werklike wins: "Another stimulus to adopt a system approach arises from our attempts to predict and control the behaviour of systems instead of passively suffering from, or just reacting to, the often mysterious changes which occur in the surrounding physical, biological, social, economic, and political climate.". Dít sou as tweede doelwit van die algemene sisteemteorie kon dien.

#### 3.2.2.5 Samevattend

Algemene sisteemteorie bevat 'n hoë vlak van abstraksie en veralgemening. Hierdie eienskap gee aan dié benaderingswyse 'n multi-dissiplinêre karakter omdat 'n groter deel van die werklikheid verreken word. Tog bly dit 'n metateorie wat onder geen omstandighede bestaande teorieë wil vervang of huidige kennisinhoudes wil verwerp nie.

#### 3.2.3 Omskrywing van enkele sisteemteoretiese begrippe

Aanvanklik is universele kontoere getrek waarbinne die aard en funksie van die algemene sisteemteorie breedweg bekyk is. Algaande verskuif die fokus na die spesifieke toepassing van hierdie beginsels binne 'n bepaalde konteks: dié van die literêre sisteem. Voordat só 'n onderneming aangepak word, verdien enkele sisteemteoretiese begrippe verklaring om te verseker dat die terme akkuraat ingespan word wanneer die aard, aktiwiteite van en prosesse binne die literêre sisteem in oënskou geneem word.

### 3.2.3.1 Oop en geslote sisteme

"Wat is 'n sisteem?" is die grondliggende vraag wat sentraal staan in die sisteemteorie. Die oorsprong kan moontlik teruggevoer word na Aristoteles wat dié beginsel bedink het in terme van die geheel wat méér is as die som van sy dele. Met verloop van tyd is verskillende definisies en omskrywings geskep om te voldoen aan die eise van elke wetenskapsterrein. Wat opmerklik is, is die feit dat elke definisie geformuleer word om 'n spesifieke funksie te verrig binne 'n bepaalde terrein van wetenskapsbeoefening<sup>5</sup>.

Die sisteembegrip word dus aangepas na aanleiding van die aard van die problematiek wat ondersoek word en die metode van ondersoek. Tog is daar gemeenskaplike kenmerke wat uitgesonder kan word, bv. 'n totaliteitsgedagte en 'n (inter-)relasiegedagte (Keuning, 1973:56). Daarom is dit wel moontlik om 'n definisie daar te stel wat universeel geldig is. Ludwig von Bertalanffy (1962:31) kom ná aan hierdie mikpunt met sy hipotese - "... a system is a set of elements standing in interrelation among themselves and with the environment..." - waarin hy die interaksie met die omgewing pertinent stel.

Hierdie onderskeid tussen 'n oop en geslote sisteem is 'n belangrike toevoeging tot die ontwikkeling van algemene sisteemteorie. Viljoen (1986:8) benadruk ook dié onderskeid: "'n Oop sisteem is 'n sisteem wat met sy omgewing in interaksie is, of as in interaksie met sy omgewing beskou word. 'n Geslote sisteem is nie in interaksie met sy omgewing nie, of word as geïsoleer van sy omgewing beskou."

Strauss (1989:48-49) verreken alle komponente in sy omvattende omskrywing van 'n sisteem as bestaande "uit onderling ineengeweeftde onderdele ... wat in hul interrelasies wederkerig van mekaar afhanklik is en wat juis danksy hierdie wederkerige betrokkenheid die dinamiese aard van elke egte totaliteit konstitueer". 'n Oop sisteem is dus 'n sisteem "wat per definisie in 'n voortdurende wisselwerking met die omgewing daarvan staan".

### 3.2.3.2 Totale en relevante omgewing

Uit bostaande definisie van 'n oop sisteem blyk dit dat 'n sisteem deel van 'n groter geheel is. Die omgewing kan dan beskryf word as dit wat buite die sisteem is, met ander woorde alles wat nie deur die sisteem ingesluit is nie en deur sisteemgrense uitgesluit word. Viljoen (1986:9) onderskei tussen die totale en die relevante omgewing van 'n sisteem: "Eersgenoemde sluit alles in wat nie tot die sisteem behoort nie, terwyl laasgenoemde omskryf kan word as "that set of entities outside the system, the state of which set is affected by the system or which affect the state of the system itself" (Kramer & De Smit, 1977:34)".

### 3.2.3.3 Sisteemgrense

Omdat 'n sisteem 'n mens-gemaakte konstruksie is wat die funksie vervul van 'n ondersoek-objek, is die stipulasie van sisteemgrense bepalend. Stafford Beer (1960:242) stel dit só: "a system is not something given in nature, but something defined by intelligence". Vanweë die konsepsuele aard van die grense is daar geen vasgestelde reël of regulasie in hierdie verband nie. Sisteemgrense word "meestal bepaal deur die doel van die ondersoek", sê Hein Viljoen (1986:7). Twee moontlikhede bestaan:

- 'n Sisteemgrens behoort só bepaal te word dat 'n hoë voorkoms van verwantskappe ingesluit word, terwyl 'n laer konsentrasie relasies weer tot die omgewing gereken word; of
- die sisteemgrens behoort kragtens spesifieke kriteria vasgestel te word, met ander woorde op grond van 'n funksionele waarde wat aan die entiteite in verwantskap toegeken word (Kramer & de Smit, 1977:31).

### 3.2.3.4 Entiteit

Kramer & de Smit (1977:14) definieer die kleinste, selfstandige element van 'n sisteem as 'n entiteit: "An entity is something that has objective or physical reality and distinction of being and character.". Die terme komponent,

segment, deel, element, fenomeen en eenheid reflekteer die diverse gebruik van terminologie om die eenvoudigste, onderskeidende onderdeel van 'n sisteem te beskryf.

### 3.2.3.5 Relasies

Viljoen (1986:3) definieer 'n relasie as "die wyse waarop twee of meer entiteite met mekaar saamhang". Daar is dus sprake van 'n interafhanklikheid: indien daar 'n verandering in eienskappe van een entiteit voorkom, lei dit ook tot verandering in eienskappe by die ander entiteit (Kramer & de Smit, 1977:14,16). Kriek (1987:230) gee 'n uitvoerige beskrywing van dié ingewikkelde verwantskap: "Die veranderlikes word as 'n eenheid beskryf wat sowel oor sy eie kenmerke beskik as oor die kenmerke van die afsonderlike dele wat gedeeltelik of volkome van eersgenoemde afhanklik is. Omdat die dele sowel van mekaar as van die geheel afhanklik is, volg dit dat 'n verandering in een deel of verhouding 'n verandering in ander dele of verhoudings sal meebring.". Viljoen (1986:3) kom tot die gevolgtrekking dat indien die relasies konstant bly, daar van vergelykbare sisteme sprake is. Dit gaan dus in essensie om die relasies binne die sisteem en nie in die primêre instansie om die entiteite as sodanig nie.

### 3.2.3.6 Struktuur

Die relasies binne 'n sisteem is veelbetekenend; dit gaan nie net om die voorkoms daarvan nie, maar ook om die rangskikking. Die struktuur van 'n sisteem kan dus omskryf word as "die geheel van die versaming relasies binne die sisteem" (Viljoen, 1986:5; Kramer & de Smit, 1977:20). Tereg merk Viljoen (1986:5) op dat dit nie die sisteem self is wat bestudeer word nie, maar wel sy struktuur. Hy tref ook 'n onderskeid tussen 'n aggremaat ("'n aantal bymekaar getelde dele") en 'n sisteem ("waarin die dele spesifiek gerangskik is").

### 3.2.3.7 Samevattend

Katz en Kahn (1966:90) som die aard van die sisteem akkuraat op. Hulle is van mening dat sisteemteorie in wese min erg het aan die konstante eienskappe van objekte. Wat wel ter sprake is, is die problematiek rondom die relasies, die struktuur en ook die interafhanklikheid binne gegewe sisteemgrense.

### 3.3 Kritiese kantaantekeninge

Algemene sisteemteorie is nie bó kritiek verhewe nie. Intendeel, die begrensingsproblematiek is reeds in die uiteensetting bespreek. In essensie is die aanklag teen die model of abstraksie as sodanig. Daar is ernstige besware teen die wyse waarop die werklikheid (as sisteem) bestudeer wil word. Hierdie vorm van bestaanskritiek kan nie geïgnoreer word nie. Tog kan Weinberg (1975:37) se opmerking as korrekatief gebruik word teenoor dié beswaar: "No approach, be it analytic or synthetic, can guarantee a flawless search for understanding. Each approach has its characteristic errors." Daarom volg 'n opsommende oorsig waarin gepoog word om die belangrikste besware te orden. Telkens word 'n kort repliek gegee as motivering vir die keuse van 'n sisteemteoretiese benadering ten spyte van dié kritiek:

- 'n Eerste aanslag kom van Strauss (1989:50). Hy verwyt dat daar bloot begin word met die aanname dat "totaliteite/sisteme bestaan wat funksioneer op 'n basis van deel-elemente wat in interafhanklikheid op mekaar betrek is en wat in voortdurende wisselwerking met mekaar staan". Die feit dat die onderliggende vóórvraag na die herkoms en aard van die geheel-dele-relasie nie in besonderhede uitgewerk word nie, ontstem hom omdat "hierdie relasie juis in die brandpunt van wetenskaplike belangstelling" staan in die wiskunde en die filosofie (Strauss, 1985:2). Lilienfeld (1978:248) spreek dieselfde oordeel uit wanneer hy die arbitrêre keuses bevraagteken wat met sisteemteorie saamhang (wat in wese ook die begrensingsproblematiek impliseer): "Thus the statement of what is a

system when dealing with an open empirical system is assumed rather than *proven*." (my kursivering).

Wat met sisteemteorie in die vooruitsig gestel word, is bloot 'n teoretiese konstruksie wat as raamwerk die geleentheid bied om kontroleerbare uitsprake te formuleer. Met ander woorde: hier geld 'n argument van "indien ... dan ..." waarmee 'n primêre wetenskapsvoorwaarde gehoorsaam word. Daar word nie aanspraak gemaak op volstreekte antwoorde nie. Die vonds van 'n voorlopige perspektief (as toevoeging tot bestaande teorieë) regverdig reeds die ondersoek. In samehang hiermee verwoord Bakunin (in Weinberg, 1975:229) die onvolkomenheid van alle wetenskapsbeoefening: "Science comprehends the thought of the reality, not reality itself; the thought of life, not life. That is its limit, its only really insuperable limit, because it is founded on the very nature of thought, which is the only organ of science."

- Strauss waarsku ook teen die oorspanning en misbruik van die terminologie wat berus op 'n eensydige beklemtoning van analogieë. Dit is waarskynlik die mees algemene punt van kritiek, sê Kriek (1987:233) en verwys na die feit dat "die analogieë wat tussen die verskynsels veronderstel word, heeltemal misplaas is en dat 'n gemeenskaplike stel funksies by hulle aktiwiteite ingelees word wat in werklikheid nie bestaan nie". Boulding vermaan teen die oordrag van "an empty theory from one discipline into another discipline" (Keuning, 1973:6). Buck weer formuleer bostaande standpunt in terme van 'n "so what?"-argument: "Supposing we find an analogy or formal identity in two 'systems', it means nothing." (in Von Bertalanffy, 1962:37). Hiermee word dus gesuggereer dat 'n Strukturele ooreenkoms nog geen verdere wetenskaplike bevindinge genereer nie. Strauss beskryf die sisteemteoretiese benadering as 'n "simplistiese en ontoereikende wyse waarop 'sisteem' en 'substeme' geklassifiseer word" en volgens hom lei dit noodwendig tot 'n verskraalde visie (1989:50).

De Groot (1961:363) stel dit duidelik dat uniekheid ook 'n relatiewe begrip is: "het komt er maar op aan of men een studie-objek als uniek wil beschouwen,

of men het unieke in de configuratie van feiten en kenmerken al dan niet wil accentueren". Met ander woorde: daar sou gesê kon word dat sogenaamde objektiwiteit in die manier van kyk ingelees word. Indien die klem val op die unieke eienskappe van objekte, lewer dit bepaalde resultate. Sou jy egter dieselfde objekte binne 'n breër kategorie van ooreenkomste bestudeer, het jy 'n ander resultaat. In wese bevestig hy dus dat volstreekte objektiewe wetenskapsbeoefening nie haalbaar is nie. Die objektiwiteit van die wetenskap bestaan alleen maar in die objektiwiteit van die kritiese metode (Popper, 1977:16). Hiermee word nie geïmpliseer dat die wetenskaplike skotvry daarvan afkom nie; die verantwoordelikheid is nie alleen afhanklik van die teoretiese beginsels wat aangewend word nie, maar is inderdaad ook ingesluit in die wyse waarop dit voltrek word.

Von Bertalanffy (1962:37) se voorliefde vir algemene sisteemteorie is gewortel in die doelwit daarvan, naamlik "to establish principles applicable to entities not covered in conventional science": Hy kies doelbewus daarvoor om die ooreenkomste (en nie die unieke eienskappe nie) van objekte te benadruk. Die willekeurigheid van sy werkwyse staan voorop, tog doen hy dit om die winste wat hierdie benadering bring. Boulding (1964:62) stel dit poëties in sy artikel "General Systems as a Point of View": "The general systems man, therefore, is constantly taking leaps in the dark, ... for this willingness is almost a prerequisite to rapid learning". Die wins van hierdie benadering lê in die nuwe horisonne wat blootgelê word; in 'n vermoë om terreine te ondersoek wat voorheen onbekend was. Tog kan daar 'n onderskeid getref word tussen die terme analogieë, logiese homologieë en verklarings. Lilienfeld (1978:18) bevestig dat Von Bertalanffy hom rig op laasgenoemde element: "General systems theory ... serves as a tool for distinguishing analogies from homologies; it leads to the transfer of laws from one field to another, while screening out incorrect analogies". Hier is dus sprake van 'n dissipline wat algemene wette aanwend op 'n verantwoordelike wyse en 'n verskeidenheid terreine om tot nuwe gevolgtrekkings te kom wat nog nie gedefinieer kon word nie vanweë die komplekse aard daarvan.

- Oënskynlik fokus die meeste kritiek op die vlak van die metodologie. Die verwyf is dat 'n eenheidswetenskap onbereikbare ideale in die vooruitsig stel, aangesien 'n stel metodologieë vereis word wat so wydlopieg is dat dit oplaas geen inhoud meer het nie (Kriek, 1987:233). Hoos (1972:40) het dit teen die universele toepassing van  $2+2=4$ -beginsels op eiesoortige verskynsels sonder om die uniek-individuele aard daarvan te verreken (deur bv. kaas en kuikens of seep en sonnestelsels in dieselfde kategorie te plaas). Die sisteemteorie bly bloot beskrywend; hier is nog geen definisie of verfyning wat metodologies toereikend kan funksioneer nie. Lilienfeld (1978:257) sê hieromtrent: "If systems theory as applied technology is criticized, they will reply that the theory was all right, but it was not carried out properly; if systems theory as philosophy is criticized, they will reply that it is to be judged as a form of praxis."

Dié kritiek is ongetwyfeld geldig. Dit is moontlik dat sisteemteorie soms prematuur en onoordeelkundig aangewend word wat kan lei tot onakkurate aannames en verskraalde wetenskapsvisies. Die doelwit is egter 'n meer sistematiese en geïntegreerde omskrywing en verklaring van verskynsels in die werklikheid. 'n Ondersoek binne die kader van die Afrikaanse letterkunde is myns insiens reeds begrens deur dít wat binne die taal (Afrikaans in hierdie geval) tuis hoort. Vanweë die historiese en geografiese beperkinge van die Afrikaanse literêre sisteem is dit moontlik om bogenoemde kritiek in 'n mate te ontwyk. 'n Perspektivistiese benadering word beoog wat nie kongruent is aan 'n reduksionistiese teorie nie (Kriek, 1987:235). Hierby sluit De Groot (1961:viii) aan met sy argument dat wetenskapsbeoefening 'n sosiale proses is. Van Coller (1994:4) stel dit duidelik dat sisteemteorie slegs as heuristiese middel diens doen binne 'n groter sosiale groepering om te lei tot die daarstelling van 'n verklaringsteorie (vergelyk Oversteegen, 1982:27) sonder om kitsklaar oplossings te bied<sup>6</sup>. Selfs binne die breë wetenskap blyk volkome waarhede 'n onbereikbare ideaal te wees: "Einstein was a careful man, a careful scientist. He did not say that an external world is essential, but that 'belief in' an external world is essential. And he was right. Yet it was Einstein who put forth the Theory of Relativity, which rocked the scientific world just because it was based on the premise that we could only know the external



world through our perceptions. Belief in an external world independent of the percipient subject is a heuristic device; a mental tool to aid in discovery. Like all heuristic devices, it cannot tell us when and where it can be successfully applied." (Weinberg, 1975:54). Daarom word daar in hierdie studie gepoog om die sisteemteorie as heuristiese middel aan te wend in 'n ondersoek na die kanoniseringsprosesse en -praktyk binne die Afrikaanse letterkunde. Hierdie navorsingstema is egter onderhewig aan 'n voorvereiste: slegs wanneer 'n noukeurige en onberispelike werkwyse gevolg word, kan dié studie bydra tot insig in die Afrikaanse literêre sisteem.

## 2.4 Winste van die algemene sisteemteorie

Die beoordeling van 'n teoretiese model behoort te geskied in terme van die winste wat dit bring. Binne 'n sisteemteoretiese benadering word daar in die eerste plek gefokus op universele wetmatighede; op die bestudering van moontlike homologieë om tot dieper insig binne 'n bepaalde sisteemniveau te kom (Keuning, 1973:33). So word uiteenlopende verskynsels bestudeer aan die hand van die gemeenskaplike basis wat in die problematiek blootgelê kan word (Keuning, 1973:55). Sisteemteorie kry dus spesifieke funksies binne wetenskapsondersoek:

- as metodologiese instrument skep dit geleentheid om 'n komplekse problematiek op 'n georganiseerde wyse sigbaar te maak en te bestudeer;
- dit word 'n instrument waarmee verskillende wetenskapsterreine in samehang bestudeer kan word sodat probleemoplossing in die een vakgebied lei tot insig in 'n ander; en
- as integrasie-instrument besit sisteemteorie die potensiaal om skynbaar teenstrydige denkrigtings byeen te bring in die daarstelling van gevolgtrekkings wat mekaar nie uitsluit nie, maar sintetiserend werk. (Keuning, 1973:72).

Daar is reeds verwys na die komplekse aard van die kanoniseringsproblematiek. Dit wil dus voorkom asof die aard van die navorsingstema hom leen tot die gebruik van die sisteemteorie as



ondersoekinstrument. Veral vanweë die feit dat kanoniseringsproses is wat oor 'n veelheid terreine sy krag uitoefen en ingebed is in die volle omvang van die werklikheid. Die uitlopers van die kanon rank veel verder as die grense van die literatuur. En hierin lê moontlik een van die grootste winste in die aanwending van die sisteemteorie: die geleentheid om weg te breek van die "right-wrong-keuses" waaraan 'n letterkunde so dikwels onderwerp word. Lefevere (1987:26) loof die sisteemteorie vanweë sy potensiaal om metodologies ondersoek in te stel na "such elements as power and the discourses it creates, the institutions in which those discourses flourish or come to grief, and the power of rewriting in the introduction of texts generated outside a given discourse into that discourse... I would regard a methodology inspired by systems thinking as a good candidate for this function because the concept of system allows us to describe power in a fairly 'neutral' way, i.e. one that does not immediately unleash all kinds of passions, particularly when we are trying to describe a situation in which two systems interact, or have interacted.". Een van die oogmerke van hierdie studie is dus om 'n metodologie te gebruik wat verifieerbaar is en oor intersubjektiviteit beskik. Sodoende kan projeksië gemaak word oor kanoniseringsprosesse in die toekoms na aanleiding van die antwoorde wat in die beperkte omvang van die ondersoek blootgelê word. Hierin lê dus 'n voorspellende krag: 'n operatiewe beskrywing bied die voordeel "dat dit 'n verklarende orde bring tussen oënskynlik onsamehangende eienskappe en verskynsels" (Kriek, 1987:231).

Indien sisteemteorie oordeelkundig ingespan word, is dit moontlik dat hierdie metodologie kan lei tot nuwe insigte wat waardevol is ten opsigte van die aard van die antwoorde wat dit bied. Lefevere (1987:32-33) vestig die aandag op die bevrydende krag wat so 'n benadering inhou: "If we see literary texts again as produced at a certain time, in a certain place, under certain constraints both poetological and ideological in nature, we shall no longer fall into the trap of reading literature for its 'timeless truths', i.e. we shall no longer regard all literary works as 'essentially agents of something greater than themselves that is itself uncircumscribed by historical context'".

Daar moet met Even-Zohar akkoord gegaan word: "Thus; the idea of system has made it possible not only to account for 'known' phenomena, but also to discover altogether 'unknown' ones." (1990:10). Hier hou hy die sleutel tot hierdie ondersoek in die hand: indien die kragte, relasies en wetmatighede binne die verskeie sisteme (o.a. dié van kultuur, taal, letterkunde en gemeenskap) intra- en interaktief blootgelê kan word, is 'n beskrywing van die prosesse en praktyk van kanonisering dalk moontlik.

Tog behoort Strijbos se waarskuwing hieraan toegevoeg te word. Die sisteemdenke bring saam met die nuutgevonde vryheid ook verantwoordelikheid. Alhoewel die wins miskien méér as die verlies blyk te wees, dra hierdie wetenskapsmetodologie swaar aan sy paradoks om die wetenskaplike gelyktydig "cipier én gevangene ... van zijn eigen systemen" (1978:6) te maak.

### **3.5 Die literêre sisteem**

Daar is uitgebreid geredeneer oor die sin van 'n sisteemteoretiese keuse. Die vraag is nou hoe hierdie sisteembeginsels sal vertoon indien dit binne die literêre veld gebruik word? Dit is nie 'n eenvoudige vraag nie. Die eerste stap in die rigting van 'n oplossing sou wees om die literêre sisteem as sodanig te definieer. Wat word as 'n literêre sisteem beskou? Daaruit vloei die vraag voort na die begrensing van die sisteem: hoe word hierdie sisteemgrense bepaal; op watter voorwaardes berus hierdie keuse en watter historiese kragte en kontoere lê daaragter?

#### **3.5.1 Definiëring van die literêre sisteem**

As voorlopige vertrekpunt is Even-Zohar se hipotese geneem (vergelyk 3.2.1) waarin hy literatuur beskou as 'n komplekse geheel van sisteme wat mekaar beïnvloed, interafhanklik is en voortdurend in nuwe relasies tot mekaar verkeer. In sy artikel (Even-Zohar, 1990:11) artikuleer hy die feit dat 'n polisisteem verskil van 'n uni-sisteem in dié opsig dat eersgenoemde uit 'n verskeidenheid sisteme saamgestel is wat onderling oorvleuel en deels

ooreenkom, maar tog van mekaar verskil. Alhoewel die deelnemende sisteme onafhanklik van mekaar bestaan, funksioneer hulle as eenheid. Hierin herinner sy standpunt aan dié van Schmidt (1992:216) wat die term sisteem gebruik om te verwys na "*composite wholes that satisfy specific conditions*". Albei aanvaar oënskynlik dat daar 'n spesifieke samehang te onderskei is ondanks die vermelde verskille. Hierdie aanname lei tot die vraag na die voorwaardes wat ter sprake is wanneer sisteme gekonstrueer word. Hoe word so 'n eenheid tot stand gebring? Versigtige formulering is 'n voorvereiste: enersyds kan die konstruksie só geskied dat dit meewerk tot probleemoplossing, byvoorbeeld t.o.v. die kanoniseringskwessie (Fokkema, 1986:246); andersyds kan dieselfde argument as kritiek ingespan word (vergelyk Strauss se vóórvraag na die herkoms van 'n sisteem by 3.3). Schmidt waarsku dat die sisteem as wetenskapskonsep betekenisloos bly "until it is specified which (parts of) contexts matter and which relations between the two can be established" (1996:2). Dit is dus noodsaaklik dat die sisteem van sy relevante omgewing afgegrens word. Meer nog: die verhouding van die intersistemiese kragte onderling en dié met die omgewing behoort benoem te word. Daarmee word 'n gesprek geïnisieer wat kan lei tot kontroleerbare resultate sonder dat die teoretiese konstruksie self 'n struikelblok is.

### **3.5.2 Die begrensing van die literêre sisteem: vasstelling van konvensies**

In die teoretiese uiteensetting (vgl. 3.2.3.3) is die arbitrêre aard van begrensing benadruk. Daar is melding gemaak van twee wyses waarop sisteemgrense vasgestel kan word: (i) sodat 'n hoë voorkoms van verwantskappe in die sisteem ingesluit word, terwyl 'n laer konsentrasie verwantskappe tot die omgewing gereken word óf (ii) op grond van spesifieke kriteria, met ander woorde op grond van 'n funksionele waarde wat aan die entiteite in verwantskap toegeken word. Vir die doel van hierdie studie val die keuse op die laaste instansie. ('n Teoretiese konstruksie geskied tog in ooreenstemming met die doel van die ondersoek.)

Barsch (1991:355) konstateer (in aansluiting by Schmidt en Heijl) dat literêre handeling binne 'n breër sosiale domein plaasvind. Hy differensieer die samelewing in 'n verskeidenheid sosiale sisteme en illustreer sy stelling aan die hand van die ekonomiese, politieke, juridiese, didaktiese en literêre sisteme. Alhoewel hierdie sisteme steeds binne dieselfde sosiale domein figureer, beskik elkeen oor 'n uniek-individuele aard<sup>7</sup> wat te herlei is na sy funksie<sup>8</sup>: "Social systems establish boundaries to separate themselves from other social systems." (Barsch, 1991:356). 'n Sisteemgrens het ten doel om dit wat tot die spesifieke sisteem behoort, af te skei van die (relevante én totale) omgewing asook van ander sisteme. Hierdie stelling impliseer dat daar een (of meer) onderskeidende eienskap(pe) is waarvolgens die literêre sisteem van verwante sisteme en die omgewing afgesonder kan word. Schmidt (1992:220-221) stel dit duidelik: "The literary system's boundaries are produced and maintained because agents develop differentiating criteria allowing them to distinguish between what, for them, is literary and nonliterary."<sup>9</sup> Hy formuleer twee kriteria wat konstant in sy navorsingswerk (Schmidt, 1985, 1987, 1991, 1992) terug te vind is as sogenaamde makrokonvensies: die estetiese konvensie en die polivalente konvensie. Hierdie konvensies opereer slegs binne die literêre sisteem (en nie in ander sosiale sisteme - byvoorbeeld die ekonomiese, religieuse of politieke sisteme - nie) (Schmidt, 1992:221).

### 3.5.2.1 Die estetiese konvensie

Die estetiese konvensie impliseer dat literêre uitings nie in terme van die realiteit beoordeel behoort te word nie, m.a.w. die maatstawwe wat gewoonlik binne 'n samelewing bindend is, is hier nie tersaaklik nie. "They are not, in other words, to be judged in terms of what is true or false following a referential semantics." (Schmidt, 1992:221). Korrektheid t.o.v. feite is dus irrelevant as beoordelingskriterium. Hierby word verder gesuggereer dat literêre waarde nie in terme van 'n praktiese of bruikbaarheidskorrelaat bereken kan word nie. Wat is dan die wyse waarop hierdie seleksiemeganisme werk? Schmidt (1992:221) sê: "... the aesthetic convention has the effect of orienting literary actions and communication

toward values, norms, and meaning rules that are considered by the agents in question to be constitutive of literature, given their particular aesthetic.”.

### 3.5.2.2 Die polivalente konvensie

Die tweede konvensie gee ’n groot mate van vryheid aan agente en entiteite binne die literêre sisteem. Schmidt (1991:417) noem onder andere die volgende aspekte:

- die monovalente beginsel word nie as bindend beskou (veral ten opsigte van teksprodusente) nie; en
- teksresipiënte het die ruimte om verskillende interpretasies (“readings”) van dieselfde teks te gee namate die omstandighede en tyd verander.

Agente (teksprodusente en -resipiënte) mag dus optimaal uitdrukking gee aan hulle subjektiewe reaksies en response. Hierin verskil die literêre sisteem dus dramaties van ander sisteme wat die realiteit as model aanvaar. ’n Nuwe sfeer word blootgelê waarin persoonlike uitdrukkingsvermoë, fantasie, kreatiwiteit, verbeelding en fiksie die botoon voer (Schmidt, 1992:221).

Hierdie konvensies word nie net deur Schmidt geformuleer nie, maar ook empiries getoets. Aan die hand van sy navorsingsresultate besin hy as volg oor die verband tussen die kriteria: “the aesthetic convention clearly establishes the general framework within which the polyvalence convention then can define the specifics of the hermeneutic process.” (Schmidt, 1992:222). As slotsom suggereer hy dat die polivalente konvensie slegs begryplik sal vertoon indien die estetiese konvensie reeds aanvaar is.

Wanneer die konvensies deeglik deurdink word, blyk dit dat die literêre sisteem nie bepaal word deur ’n stel literêre tekste nie. Die beskrywing daarvan geskied uitsluitlik aan die hand van bepaalde kommunikasiehandelinge en -konvensies wat die literêre en nie-literêre onderskeid binne ’n groter geheel konkreet maak. Hieruit volg die bevestiging van ’n vorige hipotese dat die literêre sisteem wel ’n spesifieke sosiale sisteem is wat in sy funksie en aard van alle ander sosiale sisteme verskil. Dit



bring die geprojekteerde taak van die kriteria na die oppervlak: om 'n ruimte te skep waarbinne alle entiteite (en agente) volgens 'n gedeelde, aanvaarde model opereer waarin dieselfde norme geld. Pierre Bourdieu (1991:31) praat van 'n "acceptance of common goals, of common stakes which make possible an agreement about points of disagreement". Hierdie standpunt word deur Schmidt gedeel. Hy noem dit "a domain of meaningful action and communication" (1992:219). Of, om dit anders te formuleer: 'n samehangende eenheid wat as sisteem beskou kan word.

### **3.5.3 Die ordening van die literêre sisteem: vasstelling van sy struktuur**

Die feit dat sisteemgrense ordening t.o.v. die konteks bring, beteken noodwendig ook ordening binne die sisteem self. (Daar is reeds verwys na die feit dat die kragte nie net inter-sistemies voltrek word nie, maar hulle ook op 'n intra-sistemiese wyse manifesteer.) Indien konsensus bestaan oor die grense van die literêre sisteem, kan die fokus verskuif na die spesifieke struktuur van die sisteem. Hoe lyk die kragte wat meespeel? Kan hierdie kragte in verwantskap beskryf word? Is daar 'n patroonmatigheid in die voorkoms daarvan? Dergelike vrae dien as aanloop tot die kernvraagstuk: Kan spesifieke patrone binne die gegewe verwantskap herlei word tot 'n bepaalde funksie? Dit is die vrae wat Stafford Beer opper in sy poging om 'n sisteemstruktuur te klassifiseer (vergelyk 3.2.2.3).

Schmidt het hierop 'n antwoord. Om tot volledige insig van sy model te kom, is dit noodsaaklik dat die argument by die kleinste komponent van die sisteem begin: die entiteit.

#### **3.5.3.1 Entiteit of agent?**

'n Entiteit kan gedefinieer word as die kleinste selfstandige eenheid binne 'n sisteem (vergelyk 2.2.6.4). In ooreenstemming hiermee beskryf Schmidt 'n sisteem as bestaande uit komponente (entiteite dus) wat onderskeidende eienskappe besit wat benoem kan word (1992:216). Hy beweer dat dit juis die

interaksie tussen hierdie komponente of entiteite is wat die organisasie (en struktuur) van 'n sisteem bepaal. Hieroor heers daar eenstemmigheid.

### 3.5.3.2 Interne differensiasie in subsisteme

Die vernuwende insig wat Schmidt bring, geskied in terme van die interaktiewe kragte tussen entiteite. Hy verkies 'n model waarin die sisteemteorie met handelingsteorie gekombineer word. Entiteite word nie net as komponente gereken nie, maar as agente wat handelend funksioneer. Sisteemteorie hou wel rekening met die feit dat daar interaktiewe en prosesmatige kragte tussen entiteite bestaan, maar Schmidt voeg 'n nuwe dimensie daaraan toe. Hy postuleer dat interne differensiasie in die literêre sisteem plaasvind waardeur vier handelingsrolle onderskei kan word: dié van produksie, distribusie, resepsie en verwerking (1987:415). Hierdie vier subsisteme is teenwoordig in elke literêre sisteem. Hy definieer elke handelingsrol (Schmidt, 1992:215-216):

- Die vlak van **literêre produksie**<sup>10</sup> omsluit alle handeling wat verband hou met die produksie van 'n teks (m.a.w. ook die produsent) en die estetiese oorwegings wat by hierdie proses betrokke is.
- Die vlak van **literêre distribusie** omsluit alle handeling wat 'n literêre produk vir ander agente toeganklik maak en waarin die vorm of medium daarvan die inhoud komplementeer.
- Die vlak van **literêre resepsie** omsluit alle handeling waartydens 'n produk (wat as literêr gereken word in terme van bepaalde estetiese kriteria) bepaalde betekeniswaardes verwerf deur agente wat daaraan blootgestel word.
- Die vlak van **literêre verwerking** omsluit alle handeling waartydens 'n produk wat as literêr gereken word, in verband gebring word met 'n ander



produkt, hetsy by wyse van opsomming, oorvertelling, parafrasering, evaluering of analise.

Uiteraard kan hierdie handelingsvlakke nie volkome van mekaar geskei word nie. Trouens: daar kan sonder twyfel aangevoer word dat die vlakke ten nouste met mekaar verweefd is. Literêre resepsie is tog nie los te dink van literêre produksie nie. Op sy beurt is literêre verwerking weer gekoppel aan literêre resepsie. Literêre aktiwiteite funksioneer dus as 'n geslote geheel vanweë die verweefdheid van die verskillende vlakke en die verbondenheid aan spesifieke makrokonvensies.

Alhoewel interne differensiasie pertinente implikasies inhou vir die gesprek rondom 'n oop/geslote sisteem, handel agente ook as entiteite binne 'n breër sisteemverband. Na gelang van die tyd of omstandigheid neem 'n agent dus 'n bepaalde handelingsrol aan. 'n Agent kan óf binne 'n spesifiek literêre sisteem funksioneer óf as komponent van 'n groter sosiale sisteem optree. Schmidt (1991:417) verduidelik hierdie gesteldheid: "By virtue of this multiple membership in various social systems, they contribute, on the one hand, to the integration of the set of social systems into a unity called society, while on the other hand they import everyday relations, ideas, and acting potentials into the respective social systems in which they take part." Hieruit volg die aanname dat verandering geïnisieer word wanneer agente binne die groter sosiale sisteem blootstelling kry en nuwe konstruksies van die realiteit na die literêre sisteem oordra via die prosesse van interaksie en kommunikasie. Hierdie verandering geskied egter nie eensklaps nie. Dit word eers gefilter deur die eise en eienskappe wat verknoop is met die spesifieke literêre sisteem.

### 3.5.3.3 Onderskeidende eienskappe van die literêre sisteem

Daar is reeds 'n argument aangevoer om te motiveer dat die literêre sisteem van alle ander sosiale sisteme verskil. Hierin is die twee makrokonvensies (die estetiese en polivalente konvensies) ingespan. Schmidt (1992:217) ken ook twee onderskeidende eienskappe aan die literêre sisteem toe.

### 3.5.3.3.1 Die literêre sisteem is self-refererend

Die literêre sisteem is op 'n tweeledige wyse self-refererend:

- In die eerste instansie reageer die sisteem slegs binne die konvensies en voorwaardes wat die sisteem self stel; en
- elke handelingsomstandigheid word op sy beurt weer die impuls vir 'n verdere handelingsmoment of -gebeurlikheid.

### 3.5.3.3.2 Die literêre sisteem is self-organiserend

Schmidt (1992:216) redeneer dat die literêre sisteem (as spesifieke sosiale sisteem) self-organiserend is vanweë sy vermoë "(to) establish, govern, and further develop themselves and are relatively autonomous as a result." Dit beteken egter nie dat die sisteem onafhanklik van sy omgewing funksioneer nie. Alhoewel die (totale en relevante) omgewing toegang het tot die literêre sisteem, word hierdie invloed op 'n sisteem-spesifieke wyse beheers. Self-organiserende sisteme is dus kompleks en dinamies en dit is in prinsipe 'n onmoontlike onderneming om die omvang daarvan volledig te beskryf.

Indien nuwe persepsies uit die omgewing die sisteem binnedring, word hierdie konstruksies onderwerp aan die eise en eienskappe van die spesifieke literêre sisteem. Hieruit vloei twee moontlikhede voort: die verandering kan gewysig word sodat dit die spelreëls van die literêre sisteem onderskryf en daarna geassimileer word óf die nuwe invloed kan geïsoleer en verwerp word. Dit is egter duidelik dat daar geen eenduidige hiërargie bestaan waaruit die sisteem beheer word nie. Orde ontstaan deur 'n kombinasie van spontaneïteit en strategiese beplanning wat eie aan die aard van die spesifieke literêre sisteem is. Hierdie eiesoortigheid is gesetel in die feit dat alle entiteite (of agente) binne dieselfde sisteem dieselfde literatuurkonsepte en -konvensies onderskryf.

Om op te som: entiteite kan binne verskillende sisteme as agente optree. Daar is egter voorwaardes verbonde aan hierdie sisteemdeelname:

- Die entiteit moet binne die bepaalde konvensies eie aan die sisteem optree.
- Die entiteit moet binne die sisteemgrense bly.
- Die entiteit moet een van die handelingsrolle binne die sisteem vervul.

#### 3.5.3.4 "Elites"

Karen de Wet (1996:313) beweer dat alle entiteite in die literêre sisteem nie gelykwaardig is nie. Dit is volgens haar die rede waarom "die uitwerking van die hiërargiese magspel in die kanon as literêre sisteem bestudeer kan word". Sy verwys na Viljoen se tese dat die dominante of oorheersende entiteite in 'n sisteem die fokus van navorsing behoort te wees.

Bogenoemde aannames bring Schmidt (1996:5) se teorie oor "elites" ter diskussie. Hy definieer elites as "instances which play a decisive role in the social construction of reality, in defining specific situations, and in making relevant decisions. Elites introduce, stabilise, and change socially relevant ideas, convictions and orientations as well as those symbolic systems which present the accumulation of subjective and cultural capital which in turn produces and preserves elites."

Dit lyk dus asof daar entiteite geïdentifiseer kan word wat in terme van handelingsmoontlikhede 'n dominante posisie beklee. Hierdie omstandigheid hou ingrypende implikasies in indien hierdie besluite 'n groter deel van die samelewing oriënteer en beïnvloed en dus die verloop daarvan in die hand hou.

### 3.6 Slotsom

Aanvanklik het Even-Zohar - die vroegste formuleerder van polisisteemteorie - sy vertrekpunt gekoppel aan drie voorwaardes (vergelyk 3.2.1). Namate die argument volgehou is, is daar aan hierdie eise gehoor gegee:

- Die navorsingstema is bestudeer in samehang met die breë wetenskap waarvan die ondersoek deel vorm. Daar is indringend gekyk na die ontstaan en die ontwikkeling van die algemene sisteemteorie.
- Daar is akkoord gegaan met die veronderstelling dat die wetenskapsondersoek onderworpe is aan vasstelbare wette of reëls.

As uitvloeisel van bostaande aanname is daar gepoog om sodanige wette duidelik te omskryf.

Hiermee is die teoretiese voorbereiding voltooi vir hoofstuk vier waarin die entiteite, struktuur en kragte binne die Afrikaanse literêre sisteem geïdentifiseer en beskryf sal word om mettertyd te lei tot insig in die wyse(s) waarop N.P. van Wyk Louw as spilagent 'n kanoniserende rol vervul het.

<sup>1</sup> Die tekortkominge van die meganistiese en vitalistiese wetenskapsbeskouings stimuleer Von Bertalanffy om 'n nuwe beskouing, die organismiese benadering, te formuleer. Hy beskou organismes as georganiseerde entiteite wat in hul geheel of as sisteem ontleed moet word. Hierdie beginsel het hy aanvanklik in sy ondersoeke oor die metabolisme, die groei en die biofisika van organismes toegepas (Kriek, 1987:222).

<sup>2</sup> In hierdie verband verdien Popper vermelding as belangrike eksponent van die hipoteties-deduktiewe metode waarvolgens 'n teorie of hipotese eers geformuleer word waarna die voorlopige veronderstelling aan streng toetse onderwerp word (Faure en Venter, 1987:34).

<sup>3</sup> Kenmerkend reeds in die werk van Popper is die sistematiese eenheid wat sy denke onderlê.

<sup>4</sup> Hierdie metodologiese werkwyse word gewoonlik met 'n breë deduktivistiese strategie gekontrasteer. Dit is oorspronklik deur Jevons in drie stappe uiteengesit: die formulering van 'n hipotese as 'n algemene wet; die deduktiewe afleiding van empiriese toetsgevalle uit die wet en 'n vergelyking van hierdie toetsgevalle met waarnemings/eksperimentele gegewens (Mouton, 1987:242).

<sup>5</sup> Alhoewel die term funksionalisme al gelaai is met etlike - selfs uiteenlopende - betekeniswaardes, ondersteun ek hier 'n perspektief waarin die aksent geplaas word op die intergrasie van dele en verwantskappe tot 'n funksionele geheel: "Functionalism attempts to look at ... systems in terms of structures, processes, and functions and attempts to understand the relationship between these components." (Kast & Rosenzweig, 1972:14).

<sup>6</sup> Vergelyk Van Coller (1994:3)

<sup>7</sup> Pierre Bourdieu waarsku teen 'n simplisitiese visie waarin die literêre sisteem gesien word as blote afskaduwing van die groter sosiale veld waarbinne dit figureer. Alhoewel die literêre sisteem aan homologiese waardes en wette onderhewig is, is die eindresultaat nie kongruent aan dit wat binne die sosiale domein manifesteer nie. Hy verduidelik: "Thus events that happen in the social space, say economic crisis, feminist movements, revolutions, racial schism, etc., will be **transformed**, refracted according to the specific rules of this field and according to the specific interests of the agents who compete in it." (Bourdieu, 1991:26).

---

Hierdie stelling wys heen na die self-organiserende en self-referensiële aard van die literêre sisteem (Schmidt, 1991:414) wat in 'n volgende bespreking aan bod kom.

<sup>8</sup> Hierdie funksie is nie 'n konstante gegewe nie en verander na gelang van tyd en omstandighede. Schmidt (1996:4) stel dit ondubbelsinnig: "The meaning of a description of X as x depends upon the problem-solving function the description is supposed to serve. No description is a means in itself. Instead, its function is determined by its position and role in a conceptual framework."

<sup>9</sup> Schmidt (1992:221) verwys hier na "agente" wat voorlopig as "entiteite" gelees kan word. Die onderskeid word later duideliker getref wanneer spesifieke handelingsrolle hanteer word.

<sup>10</sup> Schmidt (1992:216) reken die breë spektrum van radiodramas, films, videosnitte, fotokopieë en televisiebeelde volledig tot die term "literêre produk".

## HOOFSTUK VIER

### 'N BESKRYWING VAN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM

#### 4.1 Inleidend

Die definiëring van 'n literêre sisteem behoort te geskied aan die hand van 'n polisistemiese benadering, is in die vorige hoofstuk aangevoer. Dit impliseer dat die Afrikaanse literêre sisteem beskryf moet word in samehang met (onder andere) die historiese, politieke, ekonomiese en sosiale sisteme wat onderling ooreenkom en oorvleuel, maar tog verskil (vergelyk bl. 22). Om die volledige polisisteem te bespreek, sou 'n skraal wins bring. 'n Sinvoller werkswyse is reeds deur Stafford Beer (vergelyk hoofstuk 3) voorgestel waarin gefokus word op ooglopende verwantskappe (en die patrone daarvan) waarvolgens die vraag na die funksie van die reeks verwantskappe aandag kry. Die problematiek rondom relasies word dus die brandpunt van die bespreking<sup>1</sup>.

#### 4.2 Nasionalisme as spilpunt binne die Afrikaanse literatuursisteem van die twintigste eeu

Een van die opvallendste kragte wat in die breër Suid-Afrikaanse sosiale sisteem geïdentifiseer kan word, is 'nasionalisme'. Nie net in algemeen-historiese handleidings dring hierdie term hom telkens op nie. Ook in literatuurgeskiedenisne wentel die verloop van literêre gebeurlikhede dáárom. In Coetzee (1990) se alternatiewe geskiedskrywing blyk dié verbintenis reeds uit die titel: Letterkunde & Krisis - 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme. Hy verklaar: "Die 'appropriasie' van die ontwikkelende Afrikaanse taal rondom 1875 as aansporing tot nasionale bewussyn, en die skep van 'n letterkunde om daardie bewussyn te onderskraag, plaas dié letterkunde binne die politieke arena vanaf die begin; en binne daardie arena behoort dit gesien te word [...]" (Coetzee, 1990:9).

Brink (1991:2) wys op die lang verbintenis tussen taal en politieke mag. Van belang is egter sy toepassing van hierdie gegewe op Suid-Afrikaanse omstandighede: "Wat die Boererepublieke nie met geweld kon uitrig nie, is mettertyd deur die taal vermag [...]"

Die vergroeiheid van die literatuur met 'n volksbewussyn word deur F.E.J. Malherbe (1958:19) verwoord: "Afrikaans het as taal ontstaan en gegroei met die ontstaan en groei van 'n nuwe volk, is 'n produk van hierdie land en toon daarmee 'n krag en 'n vrugbaarheid ongeëwenaard deur ander tale in Suid-Afrika. Dit omvat die hele siel en strewe van die Afrikaner, ook sy wil tot literatuur [...] 'n Oorsig van Afrikaanse literatuur sal vanself 'n oorsig van 'n eie volksontwikkeling wees."

Ernst van Heerden (1969:1,4) vermeld 'n onlosmaaklike verbintenis tussen taal, politiek en nasionalisme sodat die een nie sonder die ander te bedink was nie: "propaganda en lering moes toewyding aan die eie taal stimuleer, Bybelvertaling moes dien as bewys van 'n kersteningstaak en die middele daartoe, historiese rympies moes die liefde vir die volksverlede aanwakker en meer pretensieuse lektuur die bewyse lewer dat hier 'n eie taal en literatuur in wording was".

F.I.J. van Rensburg periodiseer die Afrikaanse literatuurgeskiedenis aan die hand van 'nasionalisme': "As 'n mens die Afrikaanse letterkunde tussen die Anglo-Boereoorlog en die begin van die sestigerjare in een groot blik oorskou, kan mens drie groot fases daarin onderskei: 'n fase wat in kern met die Oorlog en die nasionale in verband staan; 'n fase waarin die nasionale tema prysgegee word vir 'n verskeidenheid van nuwe temas; en uiteindelik 'n fase waarin daar, veral aanvanklik, opnuut iets van die eenheid aanwesig is wat die heel eerste fase gekenmerk het." (1971:95).

Van der Merwe kies 1875 en 1990 as afsnyppunte vir sy studie oor stereotipes: "With these two dates the link between Afrikaans literature and Afrikaner

nationalism is confirmed; both develop in a cyclical pattern during this stretch of time, and mutually influence each other." (1994:8).

John (1994:98) lewer kritiek op "die bestaande Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing van gediensigheid ten opsigte van die ideologie en instelling van die Afrikanernasionalisme" en bepleit 'n alternatiewe benadering. Hierin ondersteun hy standpunte wat reeds (onder andere) deur De Jong (1989), Coetzee (1990) en Van Vuuren (1991) verwoord is.

Tog staan die argument geanker in die vóórkoms van 'nasionale' as 'n inisiërende en genererende krag binne die Afrikaanse literêre sisteem van die twintigste eeu ongeag die voor- of nadele daarvan. Hier word 'n beskrywing van die literatuursisteem in die vooruitsig gestel wat nie die evaluering van neigings en norme insluit nie. Indien die term "nasionale" binne 'n breër historiese perspektief verhelder word, sou dit kon lei tot 'n meer akkurate beskrywing van die kanoniserende rol van N.P. van Wyk Louw in die Afrikaanse literêre sisteem. Want: "Nasionale<sup>2</sup> was 'n onlosmaaklike deel van Van Wyk Louw se wese en die ryke voedingsbodem van 'n groot deel van sy skeppingswerkzaamheid." (Van Rensburg, 1971:147).

#### **4.3 Metodologiese oriëntasie: bloemlesings en gelyklopende literatuurgeskiedenis as vertrekpunt**

Die Afrikaanse literatuursisteem is dus nie te beskryf buite die breër historiese verband waarbinne die taal sy ontstaan (en ontwikkeling) gehad het nie. Kragte (aksies én reaksies) in die literêre sisteem het dikwels sy impetus in historiese gebeure. Om bepaalde literêre handeling te begryp, is dit noodsaaklik om die verband met bepaalde historiese impulse te onderstreep<sup>3</sup>. Daarom word 'n oorsigtelike opsomming van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gedurende die twintigste eeu aangebied waarin datums (as manifestasie van bepaalde



historiese gebeurtenisse) optree as entiteite wat literêre kragte genereer en konsentreer.

In aansluiting by Hein Willems se werkwyse (1997:2) word drie bloemlesings saam met gelyklopende literatuurgeskiedenis as uitgangspunt geneem in die beskrywing van die literatuursisteem. Uiteraard behoort die bloemlesings tot verskillende periodes:

- ◇ 1917: Digters uit Suid-Afrika (E.C. Pienaar)
- ◇ 1951: Groot Verseboek (D.J. Opperman met voortsetting deur A.P. Brink)
- ◇ 1988: SA in poësie/SA in poetry (J. van Wyk, P. Conradie & N. Constanderas)

Jauss (in Buursink et al.; 1978:17) is van mening dat 'n beskrywing van die literatuur in 'n historiese opeenvolging van sisteme prinsipiëel moontlik is "binnen een reeks van willekeurige snijpunten van diachronie en synchronie". In ooreenstemming hiermee postuleer Willems (1997:2) dat "elke historiese epog of literêre geslag sy eie bloemlesers oplewer wat opnuut die vroeëre kanon in terme van nuwe sosiale of literêr-historiese eise hersien". Met die verskyning van die bloemlesing Poskaarte bevestig die samestellers hierdie beginsel: "Opperman het die mooiste Afrikaanse gedigte probeer versamel. Ons wou dít nie doen nie, omdat ons besef het die maastaf vir só iets is subjektief. Ons wou ons nie daaraan blootstel nie. Daar móés ruimte vir alle gedigte in Afrikaans wees." (Foster & Viljoen in 'n onderhoud in DIE BURGER, 28/11/1997). Crous (in DIE BURGER, 14/1/1998) vestig die aandag op die inleiding van dié bundel waarin die samestellers sê dat "'ander maatstawwe as slegs die estetiese' belangrik was by die keuse van die tekste vir die bundel en daar is gestreef om dit verteenwoordigend te maak". Grové (in BEELD, 8/12/1997) meen dat die titel van die versameling iets van die nuwe benadering wil suggereer: "Die poskaart stuur 'n oop en geïsoleerde boodskap. So ook die gedig wat hier gekies word sonder die dwang van 'n kánon wat met die tyd ontstaan het." Tog waarsku hy: "Oor die keuse van gedigte en die aksent wat figure ontvang, sal altyd verskil van

mening bestaan, maar wanneer estetiese gehalte as deurslaggewende norm prysgegee word, is dit sinloos om oor keuses te redekawl." Ook Olivier (in DIE BURGER; 6/5/1998) sluit hierby aan: "Kom ons erken dat letterkunde konvensies het, en ook 'n geskiedenis, en daarom altyd gebuk sal gaan onder waardeoordele."

Binne hierdie konteks word bostaande drie bloemlesings (dié van Pienaar, Opperman en Constanderas & kie) as willekeurige sny-punte gebruik omdat dié bloemlesings die potensiaal besit om 'n konsentrasie van kragte (literêr-spesifiek sowel as algemeen-histories van aard) te kaats. Hier is dus sprake van kontroleerbaarheid: kriteria wat op 'n spesifieke tyd binne die sisteem geld, word konkreet in die bloemlesing gesinjaleer deur die in- en uitsluitingsprinsipe. In hierdie verband is die herdrukke en oplaë bevestiging van die frekwensie van gebruik. Daar kan dus aangevoer word dat 'n reeks bloemlesings oor 'n wye tydspan (in koördinasie met literatuurgeskiedenis) aanduidings kan gee van die dinamiese proses van kanoniserings.

Die wins van hierdie werkwyse lê waarskynlik in die moontlikheid om aan die hand van enkele hoogtepunte 'n wye tydsvak te oorspan. Alhoewel volledigheid nie nagestreef word nie, wil hierdie beskrywing van die Afrikaanse literatuursisteem gedurende die twintigste eeu verklarend werk met betrekking tot die kartering van Louw se kanoniserende rol.

#### **4.4 Historiese kontoere wat rondom die begrip "nasionaisme" geëts kan word**

##### **4.4.1 Die twintigste eeu: 'n diachroniese verloop van kultuur-historiese gebeurtenisse**

Op Woensdag 11 Oktober 1899 verstryk die Transvaalse ultimatum aan Brittanje. Dit is die impetus tot 'n oorlog wat bykans 32 maande sou duur: die

Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Ongeveer 32 500 burgers uit die twee republieke is onmiddellik gemobiliseer (Pakenham in Cameron & Spies, 1991:201) om te veg vir hulle onafhanklikheid. Steyn (1996:8) stel dit duidelik dat die groot prikkel tot die ontstaan van Afrikanernasionalisme reeds vroeër in die geskiedenis ingebed is: "die anneksasie van Transvaal deur die Britte in 1877 en die daaropvolgende Eerste Vryheidsoorlog (1880 - 1881)".

Die Tweede Vryheidsoorlog het die verloop van die geskiedenis mede-bepaal deur die ondertekening van die vredesooreenkoms waarvolgens die Boere hulle politieke mag verloor. Steyn (1980: 174) interpreteer hierdie gegewe ook in terme van taal: "Die verlies van onafhanklikheid het veel meer geïmpliseer as dat die Vrystaatse en Transvaalse Afrikaners moes afstand doen van 'n eie vlag en volkslied of die republikeinse staatsvorm. Afrikaans het skade gely op elke terrein waar daar aan 'n taal skade gedoen kan word." Uit die vernedering en miskenning word 'n verset gebore wat mettertyd tot 'n nasionale volksbewussyn en -strewe sou groei (Nel, 1979:2). Chapman (1996:117) beskou dié samehorigheidsgevoel teen die agtergrond van veral twee reaksies:

- \* weerstand teen "the prevailing high Dutch ethos of formal communication and worship"; en
- \* weerstand teen verengelsing: "Afrikaners resisted British imperial policies of confederating the two white communities, English and Afrikaans, to the advantage of English financial and political interests."

In beginsel kan daar met hierdie aanname akkoord gegaan word. Albei faktore dra egter nie dieselfde gewig in die stryd om 'n eie identiteit nie. Chapman se vereenvoudiging verswak onder die sterk argumente van Zietsman en Steyn. Enkele opmerkings word as verduideliking aangebied:

Sir Alfred Milner beywer hom onomwonde vir Britse imperialisme wat hy bevestig in sy uitspraak gedurende Desember 1901: "Dutch should only be used to teach English and English to teach everything else.". Met ander woorde: Engels word in

'n superieure posisie b6 Nederlands gestel. Met hierdie "aggressiewe assimilasiiebeleid" (Steyn, 1996:13) het Milner die verskuiwing na Engels probeer aanhelp. In 'n Onderwysordonnansie van 1903 word Engels bevestig as voertaal. Volgens Milner was "die gees waarin die onderwys aangebied sou word" n6g belangriker as die taal op sigself (Zietsman, 1992:23). Aanvanklik is Nederlands en Nederlandse middele dus ingespan om Engels as onderrigmedium in regeringskole te ondermyn. Met finansi6le hulp uit Nederland word Christelik-Nasionale skole opgerig om die imperialistiese inslag van nuwe skole te beveg. "Koerante is heropgerig en skole is gestig waarin Hollands een van die onderrigmedia was", skryf Steyn (1996:14). Hy verwys ook na die aanmoediging en steun wat uit Hollandse en Vlaamse geleedere gekom het: "'n Pragtige versterking van die taalidentiteit was 'n tagtigduisend boeke wat van 1903 tot 1906 uit Nederland na Suid-Afrika gestuur is. Hulle is gretig gelees, en voornemende leners moes hulle name op waglyste plaas." (Zietsman aangehaal in Steyn, 1996:14). Nederlands is inderdaad as instrument gebruik teen verengelsing. Van die redes word deur Steyn (1996:14 e.v.) verwoord: "Dit was 'n taal met 'n groot letterkunde, en was in Suid-Afrika sterk gevestig as kerk- en Bybeltaal".

Afrikaner-nasionalisme is nie in die oorlog vernietig nie, maar selfs daardeur aangemoedig: "Die Anglo-Boereoorlog bring meteens 'n groot verdieping en suiwering van die Afrikaanse po6sie. Mense wat gedurende die Eerste Taalbeweging nog rymelaars was, tree tans gelouterd as digters te voorskyn. Dis of hulle 'n oorlog nodig gehad het om dieptes in hulle te openbaar waarvan hulle vroe6r nie bewus was nie" (Van Rensburg, 1971:54-55). Heftige reaksie van Afrikaners lei indirek tot die Tweede Afrikaanse Taalbeweging wat die gebruik van Afrikaans as skryftaal wil bevorder (Spies in Cameron & Spies, 1991:223). Oor die ontwikkeling van 'n eie "volkstaal" was daar egter nie vanuit die staanspoor konsensus nie. Sommige sprekers het steeds Nederlands b6 Afrikaans verkies. Mettertyd sou die eenvoud van 'n "eie" taal egter ingespan word om momentum aan 'n kulturele herlewing te gee namate die Afrikaner se

politieke gebondenheid groter frustrasie meegebring het. In die verskerping van 'n politieke bewussyn wen Afrikaans veld in die nasionalistiese stryd. Die vestiging en uitbouing van 'n eie taal word in wese getransponeer tot die skepping en bewaring van 'n nasionale identiteit. Muller (1977:385) beskryf J.B.M. Hertzog as die stem van onderdrukte Afrikaner-nasionalisme. Hiervan is getuienis terug te vind in sy openbare optredes en toesprake. Hy artikuleer sy sentimente sterk: "Met betrekking tot de taalkwestie is er een stormpje over mijn hoofd los gebroken, doch ik geef daar weinig om, zolang we maar ons doel bereiken." (Van Jaarsveld, 1971:205). As regsgeleerde beywer hy hom in 1908 by die Nasionale Konvensie vir die gelykstelling van Engels en Nederlands (Artikel 137 van die Suid-Afrika-wet); pleit hy onomwonde vir Afrikanerbelange - "Suid-Afrika [is] vir die Suid-Afrikaner!" - en waarsku hy teen Engelssprekende leiers (spesifiek sir Thomas Smartt, leier van die Unioniste) as "vreemde fortuinsoekers" in 'n toespraak by De Wildt (Stadler in Cameron & Spies, 1991:261; Muller, 1977:390 e.v.). Sy standpunt was nie volkome in pas met dié van generaal Louis Botha wat op 31 Mei 1910 met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika aan bewind kom nie. "Botha het dit as sy lewenstaak gesien om die kloof wat tussen Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes in Suid-Afrika gelê het, te oorbrug." (Muller, 1977:388). Hierdie verskil lei tot 'n skeuring waarna Hertzog en sy volgelinge in Januarie 1914 die Nasionale Party in Bloemfontein stig. Hierdie party sou tien jaar later bewind oorneem. (Muller, 1977:391).

Op 4 Augustus 1914 breek die Eerste Wêreldoorlog uit. Dit het verreikende gevolge vir Suid-Afrika gehad wat as deel van die Britse Ryk regsteeks aan 'n Duitse besitting gegrens het. Die Britse regering het 'n inval in Duits-Suidwes-Afrika voorgestaan. Hieroor was daar verdeeldheid in die Unie-kabinet waarna die Parlement byeengeroep is vir 'n spesiale sitting. Op 10 September is 'n "mosie ten gunste van militêre optrede teen Duits-Suidwes-Afrika met 'n meerderheid van 91 stemme teen 12 aangeneem, en in die Senaat met 24 stemme teen 5." (Spies in Cameron & Spies, 1991:235 e.v.). In die Vrystaat,

Transvaal en Noord-Kaapland word daar protes aangeteken en dit brei later uit tot "'n poging om die onafhanklikheid van die ou republieke te herstel" (Steyn, 1996:20). Daar was Suid-Afrikaners "wat gereken het dat dit 'n gunstige oomblik was om die Britse juk af te werp en 'n onafhanklike republiek uit te roep" (Muller, 1977:393). Bitterheid vanweë die offisiële miskenning van die taal en weerstand teen die beleid van konsiliasie met die Engelse was 'n integrale deel van die ongelukkigheid (Steyn, 1996:20). Die regering het egter 32 000 troepe ingeroep om die opstand te onderdruk en die Rebelle het spoedig sy laaste stuiptrekkings gegee. As gevolg hiervan sou Afrikaner-nasionalisme 'n geweldige oplewing beleef in die jare na die 1914-rebellie. Antonissen (1955:56) meen dat die Afrikaner se politieke bewussyn uiteindelik 'n "proses van verselfstandiging" deurgemaak het wat onder andere vergestaltung vind in die oprigting van Nasionale Pers (Julie 1915) in Kaapstad. Dr. D.F. Malan word mondstuk vir die saak van die Nasionaliste in sy hoedanigheid as redakteur van DIE BURGER. "Dit was 'n geluk vir die Afrikaanse beweging dat daar so spoedig poësie verskyn het wat die geskiktheid van Afrikaans as literêre taal kon bewys" argumenteer Steyn (1996:19). Hierdie opbloeï word weerspieël in werke wat binne enkele jare na die Tweede Vryheidsoorlog verskyn: Die vlakke en ander gedigte van Jan F.E. Celliers (1906), Bij die monument van Totius (1908) en Oom Gert vertel en ander gedigte van C. Louis Leipoldt (1911)<sup>4</sup>.

Hertzog se Nasionale Party kom (met die steun van die Arbeidersparty) in 1924 aan bewind. Gelykheid tussen Afrikaners en Engelssprekende blankes en 'n poging om konsitusioneel onafhanklik van Groot-Brittanje te word, kan as oogmerke van die nuwe regering gedefinieer word: (Murray en Stadler in Cameron & Spies, 1991:248). In die eerste strewes sou D.F. Malan as minister van Binnelandse Sake, Onderwys en Volksgesondheid veel vermag in terme van 'n eie taal- en kultuurlewe vir die Afrikaner. Reeds in 1914 begin C.J. Langenhoven met aanvoorkom vir die erkenning van Afrikaans as onderwysmedium. Hierdie mosie word deur die Kaapse Provinsiale Raad aangeneem en spoedig volg die Rade van Transvaal en Vrystaat. Dr. D.F. Malan

voer die rede op 8 Mei 1925 waarin hy by 'n verenigde sitting van albei Huise van die Parlement pleit vir die amptelike erkenning van Afrikaans: "Die erkenning van die Afrikaanse taal en die kroning daarvan deur die hoogste wetgewende liggame in die land is die simbool van die erkenning van hom as volk, die erkenning van sy status en vryheid." (Van Jaarsveld, 1971: 214). Die erkenning van Afrikaans deur owerheidsliggame was 'n oorwinning. Offisieel beklee Afrikaans en Engels nou gelykwaardige posisies. In 1928 is daar ook, ná 'n lang twis, 'n nuwe nasionale vlag ingevoer (waarin dr. D.F. Malan steeds 'n sleutelrol gespeel het)<sup>5</sup> (Murray in Cameron & Spies, 1991:250).

Aanvanklik was die leiers van die belangrikste swart organisasies ten gunste van 'n Nasionale regering. Algaande is hulle egter ontnugter. Veral die "Naturelle"-wetsontwerp wat 'n skerp onderskeid tussen beskaafde (blanke) en onbeskaafde (Naturelle-) arbeid gemaak het (met besliste bevoorregting van eersgenoemde) het hiertoe bygedra. In dieselfde kategorie val die Kleurslagboomwet wat sedert 1926 opnuut geskoolde blanke arbeiders "teen die mededinging van Naturelle en Indiërs" beskerm (Muller, 1977:406-407). "Die gevolg was 'n radikalisering van die ANC (African National Congress), en terselfdertyd het die ICU (Industrial and Commercial Workers Union) daarin geslaag om die grootste massabeweging wat tot in daardie stadium in Suid-Afrika gesien is, te mobiliseer. Die leiers van die ANC, wat tot dusver versigtig, gematig en selfs konserwatief was, het in 1927, ná die verkiesing van Joseph Gumedé as president, tydelik 'n nuwe strategie aangepak, nl. om die ANC in 'n massa-organisasie te omskep. 'n Paar van die ANC-leiers het selfs kontak gemaak met die klein Kommunistiese Party van Suid-Afrika, wat in 1924 ook die verbond tussen Nasionale en Arbeiders gesteun het, maar sedertdien besef het dat sy 'vernaamste revolusionêre taak onder die Naturelle is'." (Murray in Cameron & Spies, 1991:253).<sup>6</sup>

Die Dertigerjare was depressiejare. Die ekonomiese resessie (deels spruitend uit die droogte en die Goudstandaard-krisis<sup>7</sup>) lei tot 'n koalisie-regering waarin Smuts en Hertzog kragte saamsnoer in die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale

Party. Dr. D.F. Malan weier in 1933 om in die koalisiëkabinet te dien, "maar steun koalisië ter wille van Afrikaner-volkseenheid" (Coetzer in Cameron & Spies, 1991:272). Die samesmelting van die twee partye (SAP en NP) asook fundamentele verskille<sup>8</sup> tussen Hertzog en Malan veroorsaak dat laasgenoemde wegbreek om die "Gesuiwerde Nasionale party" te vorm wat voortaan as amptelike opposisië sou optree.

Die jare van die Hertzog-Smuts-bondgenootskap (1933-1939) is gekenmerk deur ekonomiese voorspoed. Hierdie bloei word ook in die kultuurlewe van die volk gereflekteer: die Afrikaner-Broederbond<sup>9</sup> het in 1918 sy ontstaan as koördinerende organisasie waaronder 'n uitgebreide reeks politieke, ekonomiese en kulturele liggame geakkommodeer word; in 1929 word die Federasie van Afrikaanse Kultuurorganisasies (FAK) gestig; tydskrifte en dagblaaië werk mee om 'n klimaat te skep vir die viering van die simboliese ossewatrek (onder leiding van die ATKV) waarin verdere nasionale sentimente gestimuleer word (Steyn, 1980: 219); die Ossewabrandwag<sup>10</sup> moes "die volk voorberei om hom vry te maak van buitelandse bande en inwendige struikelblokke wat die stigting van 'n republiek verhinder het" (Steyn, 1980:222) en die Reddingsdaadbond lewer 'n bykomende bydrae tot die beskerming en bevordering van die Afrikaner se belange.

Terwyl die Nasionale Party onder Malan se vlerk stabiliteit vertoon het, het die tweespalt wat vanaf die begin in die Verenigde Party aanwesig was, verhewig. "Die rots waarop die Hertzog-Smuts-bondgenootskap hom te pletter sou loop, was die kwessie van Suid-Afrika se houding teenoor die Tweede Wêreldoorlog, wat op 3 September 1939 uitbreek het." (Muller, 1977:422-424). Die Verenigde Party het geskeur: Smuts het die meerderheid stemme op hom verenig - Hertzog het bedank. "In sy driedubbele hoedanigheid van Eerste Minister, Minister van Verdediging en opperbevelhebber van die krygsmagte het Smuts sy groot energie agter Suid-Afrika se oorlogspoging ingewerp" (Muller, 1977:424). Verdeeldheid oor deelname aan die oorlog en verstedeliking van swartes wat



vrese vir mededinging om woon- en werkplek kreëer, is van die impulse wat aanleiding gee tot 'n triomf vir Afrikaner-nasionalisme in die 1948-verkieping. Stadler (in Cameron & Spies, 1991:269) som die situasie op: "In die verkiesing van 1948 was die grondslag van die Nasionale Party se veldtog sy apartheidsbeleid. Dié beleid was grotendeels onomskrewe, maar besonder aantreklik vir kiesers soos boere en halfgeskoolde werkers wie se belange deur die liberaler regeringsbeleid van die oorlogsjare bedreig is." Hierteenoor het die Verenigde Party die verkiesing "in wanorde tegemoet gegaan". Hierdie verkiesing van 1948 sou "'n era van ononderbroke regering deur die Nasionale Party inlui" wat tot 1994 sou voortduur (Stadler in Cameron & Spies, 1991:270). Tog was die Afrikaanse nasionalisme "nie in alle opsigte 'n taalnasionalisme nie" - slegs die blanke sprekers is aangevuur (Steyn, 1980:226). Taalvervreemding vanweë kleurdiskriminasie sou later jare die verloop van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis ingrypend beïnvloed.

Na 'n stryd van bykans vyftig jaar het die Afrikaner sy politieke mag herwin. "Vir die eerste keer sedert 1910, is die politieke mag in die hande van die Afrikaner alleen geplaas." Uiteraard sou selfbeveiliging 'n sleutelrol speel in die herstrukturering van die samelewing (Van Jaarsveld, 1978:18). 'n Kunsmatige toestand is geskep deur die implementering van 'n apartheidstradisie deur wetgewing: Wet op Verbod op Gemengde Huwelike (1949); Ontugwysigingswetsontwerp (1950); Bevolkingsregistrasiewet (1950); Groepsgebiedewet (1950); Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers (1951) Wet op die Voorkoming van Onregmatige Plakkery (1951); Wet op Bantoe-owerhede (1951); Naturelleswet (1952); Wet op Bantoe-onderwys (1953); Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe (1953); Wet op die Hervestiging van Naturelle (1954); Wet op die Ontwikkeling van Groepsgebiede (1955); Naturelle-(Verbod op Interdikte) Wet (1956); Wet op Bantoebeleggingskorporasie (1959); Wet op Universiteitskolleges<sup>11</sup> (1959); Wet op Gemeenskaplike Kleurlingreservate (1961); Wet op die Behoud van

Kleurlinggebiede (1961) en die Wet op Stedelike Bantoerade (1961) (Coetzer in Cameron & Spies, 1991:278).

Die vervreemding tussen die Afrikaner en die kleurling sou waarskynlik sy diepgrypande gevolge in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis openbaar. Hierdie skeuring het sy oorsprong in wetgewing wat vroeg in die vyftigerjare geïnisieer word waarvolgens kleurlinge tot 'n afsonderlike kieserslys gedwing is. Volgens Van Jaarsveld (1978:19) is hierdie optrede gesetel in 'n "strewe na mag" en "uit vrees dat die Kleurlinge hulle by die Blanke opposisie kan skaar" Tog het dié "verkragting van hul historiese regte" egter nie sonder protes geskied nie. Die Verenigde Party het heftig teenkanting gebied waarna die saak na die Appèlhof verwys word. In Maart 1952 is 'n uitspraak teen die regering voltrek. "Die regering het nou met die plan gekom om in die eerste plek by die verhoor van konstitusionele sake die appèlhof se regters te vermeerder en ten tweede die senaat met sy eie ondersteuners te 'pak' ten einde die vereiste tweederdemeerderheid te verkry." (Muller, 1977:438-439). In 1956 slaag die regering dan daarin "om die verskansing van die klousules oor nie-blanke-stemreg in die Suid-Afrikawet op te hef, en gelyktydig daarmee ook die Kleurlinge op 'n aparte kieserslys te plaas" (Muller, 1977:439). Die opposisie het appèl aangeteken, maar geen sukses gehad nie en 'n stryd van vyf jaar is beëindig. Dr. Verwoerd wou die stemregkwessie met sy Bantoetuisland-idee berekder. Hiervolgens sou "Swartmense die stemreg in eie gebiede uitoefen, en afsonderlik ontwikkel: wat die Afrikaner vir homself gun, wou hy ook aan ander gee; so altans is die beleid teoreties geregverdig". Daar is egter nie rekening gehou met die "kern van die samelewing, die stedelike Swart bevolking" nie (Van Jaarsveld, 1978:19).

Ná 1948 word die groeiende ontevredenheid onder nie-blankes 'n al groter werklikheid. "Politieke magteloosheid" en "ekonomiese agterlikheid" word instrumente in die hande van agitators wat die onrusvure aanblaas (Muller, 1977:441). Pogings om die openbare ongehoorsaamheid en stakings te onderdruk, lei tot heftige botsings<sup>12</sup>. "Teen 1960 het die Swart nasionaliste hul

geduld met vreedsame pogings tot die omverwerping van die Suid-Afrikaanse politieke en sosiale struktuur begin verloor, sodat die metodes van die PAC, en selfs ook dié van die ANC, 'n sterk revolusionêre inslag begin kry het. [...] Passe is verbrand, geen verdedigings by hofsake is aangebied nie, borgtog is van die hand gewys, en Swartmense het geweier om boetes te betaal." Hierdie omstandighede lei tot die Wet op Onwettige Organisasies waarna die ANC en PAC op 8 April 1960 tot verbode partye verklaar is (Coetzer in Cameron & Spies, 1991:284).

Ook op internasionale vlak word 'n negatiewe gesindheid jeens Suid-Afrika, "die land van apartheid en rassediskriminasie", geopenbaar. "Met die groei van Pan-Afrikanisme en die helder klanke van uhuru (vryheid) in Afrika het Afrikastate hulle in die VVO teen die Unie verbind en 'n doelgerigte veldtog teen sy beleid van afsonderlike ontwikkeling gevoer." (Coetzer in Cameron & Spies, 1991:285). Die "val van Westerse kolonialisme en die totstandkoming van onafhanklike Swart state" (Van Jaarsveld, 1978:21) is faktore wat meewerk tot internasionale toespitsing op die Suid-Afrikaanse rassebeleid: druk en isolasie neem toe. Teen hierdie agtergrond van binnelandse onrus, politieke wanorde en heftige buitelandse kritiek vind 'n referendum plaas waarin blanke kiesers ten gunste van 'n republiek stem. In Maart 1961 woon Verwoerd die Statebondskonferensie by waar die uitsetting van Suid-Afrika 'n werklikheid word. "Op 31 Mei 1961 het die Republiek van Suid-Afrika tot stand gekom, en terselfdertyd is Suid-Afrika se lidmaatskap van die Statebond beëindig." (Coetzer in Cameron & Spies, 1991:287-288).

1976 lê 'n aanklag teen die heersende bestel by wyse van die Soweto-opstande wat wentel rondom protes teen 'n aanbeveling dat Afrikaans ("die taal van die onderdrukker") eerder as Engels ("wat as internasionale taal beskou is") as onderrigmedium vir sekere vakke in swart skole gebruik moes word (Davenport in Cameron & Spies, 1991:311).<sup>13</sup> Saunders (1994:444) beweer egter dat die optog deur Soweto-skoolkinders aanvanklik geïnisieer is "against a Bantu

Education Department regulation that Afrikaans be used as one of the languages of instruction in secondary schools". Daarmee verskil hy van Davenport en word 'n ánder scenario geskets. Maar, die onrus is onkeerbaar: betogings, stakings, aanvalle op sjebeens en 'n huurstaking word georganiseer; die polisie vuur op klipgooiende skoliere en aanvalle word deur kontrakwerkers geloods uit vrees dat hulle hul werk sal verloor. "Meer as 700 mense, baie daarvan adolessente, is dood voor die geweld in Oktober 1977 ten einde geloop het [...]" lewer Davenport verslag (in Cameron & Spies, 1991:311-312).

Hierdie omstandighede en gebeure sou ook inslag vind in die literêre sisteem. Hein Willems (1988:83) identifiseer die periode 1973-1976 "as die begin van 'n tydvak waarin die Afrikaner se beheer en heerskappy van die Suid-Afrikaanse sosiale formasie" toenemend deur swart skrywers uitgedaag word.

Die onafhanklikwording van Zimbabwe in 1980 benadruk Suid-Afrika se isolasie. Robert Mugabe, die nuwe eerste minister, is uitgesproke anti-Suid-Afrikaans. Omring deur buurstate met Marxistiese ideologieë waarsku P.W. Botha teen 'n "totale aanslag wat deur die Kommuniste georkestreer word om die Republiek op alle terreine lam te lê en voor te berei vir Swart oorname. Om dié aanslag die hoof te bied, het die Suid-Afrikaanse Weermag 'n belangriker rol in Suid-Afrika se buitelandse sake begin speel." (Van Aswegen in Cameron & Spies, 1991:299). Ook Mosambiek en Angola se nuutgevonde onafhanklikheid het meegewerk tot 'n proses van radikalisering aan die kant van die strydende plaaslike opposisie (Coetzee, 1990:48). Suid-Afrika het die bedreiging teengestaan deur aanvalle op Swapobasisse in Angola te loods. Ook militêre optrede teen ANC-groepe in buurstate eis die lewens van jong dienspligtiges.

Die sinneloosheid van hierdie gebeure word gereflekteer in die literatuur van die tagtigerjare: die Afrikaanse prosa word 'n konflikterrein waarin "die groei van militêre mag, militarisasie, en 'n vervaging van die grense tussen die siviele en die militêre" 'n veelheid gestaltes vind<sup>14</sup> (Coetzee, 1990:49).

"Imposed by president P.W. Botha, who was the ex-minister of defence, and his powerful national security council which in the 1980's was regarded as the main forum of government policy, the state of emergency (1985-1990) was the last desperate effort of the apartheid regime to manage the pace and perception of change." (Chapman, 1996:411). Die ontstuiimingheid in blanke politiek ken geen kentering nie. Algaande groei die gaping tussen liberale en konserwatiewe. Barste in die Afrikanerhegemonie is volgens Coetzee (1990:48) te herlei na "onrugtering met apartheid" en "'n afname in die ekonomiese oplewing". Die krisis in die laat tagtigerjare wentel dus om militêre en polisiegeweld, groter verdrukking, sensuur op die media, 'n ongesonde ekonomie en die verlenging van die noodtoestand (Coetzee, 1990:55).

Afrikaanse skrywers neem die voortou in versoening deur 'n ontmoeting te inisieer met uitgeweke skrywers van die ANC by die Victoria-waterval in Julie 1989. In 'n persverklaring verbind hulle hul tot "die droom van 'n werklik verteenwoordigende SA literatuur. Hierdie nasionale literatuur sal 'n gemeenskaplike SA kulturele identiteit beliggaam wat uniek sal wees ten opsigte van sy ryk bronne, uitingsvorme en taalverskeidenheid. 'n Afrikaans bevry van sy rasse-konnotasies sal op 'n natuurlike wyse sy plek in so 'n literatuur inneem." (Coetzee, 1990:56). Hierdie strewe na 'n "nuwe" nasionalisme word voortgesit deur F.W. de Klerk wat hom in die politieke arena beywer vir vreedsame onderhandeling gekenmerk deur 'n gees van versoening. Die uitkoms hiervan is Nelson Mandela se vrylating gedurende Februarie 1990 na sewe en twintig jaar gevangenis. 'n Demokratiese verkiesing in April 1994 lei tot 'n bewindsoorname deur die ANC waarna Nelson Mandela as president aangewys word.

## 4.5 'n Beskrywing van die Afrikaanse literêre sisteem gedurende die twintigste eeu

### 4.5.1 Inleidend

Wanneer 'n literatuursisteem op 'n sinvolle wyse as wetenskapskonsep gebruik wil word, moet daar aan twee eise<sup>15</sup> gehoor gegee word (Schmidt, 1996:2): eerstens behoort die tersaaklike konteks duidelik gedefinieer te word waarna die kragte en verwantskappe onderling beskryf moet word. Hierdie uitgangspunt is reeds benadruk in die inleidingsparagraaf van hierdie hoofstuk: "Die problematiek rondom relasies word dus die brandpunt van die bespreking." (vgl. bl. 1).

Die vraag wat hieruit voortvloei, is: Wat is die aard van die kragte en verwantskappe wat werksaam is in die Afrikaanse literêre sisteem van die twintigste eeu? Wanneer literatuurgeskiedenis geraadpleeg word, is dit veral die polemieke wat voortdurend opval. Indien polemieke die grondslag vorm van 'n sisteembeskrywing, sal die volgende kwessies aan bod kom: Tussen watter agente/entiteite heers die spanning? Waaroor? En op watter wyses manifesteer die polemieke op verskillende vlakke van die sisteem?

Dit is die vrae wat beantwoord moet word aan die hand van drie bloemlesings wat as spilpunte funksioneer - telkens verteenwoordigend van 'n bepaalde sinchroniese tydsnit om uiteindelik 'n diachroniese oorsig oor die Afrikaanse literatuursisteem te bied.

In hierdie verband dui Jauss (in Buursink et al., 1978:1-2) 'n toepaslike vertrekpunt aan: "Het literaire werk is niet een op zichzelf staand object, dat aan iedere beschouwer altijd dezelfde aanblik biedt. Het is geen monument, dat in een monoloog zijn tijdloze wezen openbaart. Het is veeleer als een partituur gericht op de steeds hernieuwde weerklank, die het vindt in het lezen, dat de tekst bevrijdt uit de materie van de woorden en hem tot een actueel bestand

brengt." Hier word dus koers gekies weg van 'n formalistiese fokus waarin die teks as outonome entiteit figureer. Historiese of maatskaplike veranderinge sou kon bydra tot estetiese variasie of vernuwing. Indien 'n diachroniese benaderingswyse met 'n sinchroniese gekombineer word, sou hierdie veranderinge verklaar kon word. Volgens Jauss: "Als het receptie-historisch perspectief bij veranderingen van de estetiesche instelling al telkens weer stuit op een functioneel verband tussen de opvatting over nieuwe en de betekenis van oudere werken, moet het ook mogelijk zijn, een synchrone doorsnede te maken door een bepaald moment van de ontwikkeling, de vele heterogene, gelijktijdige werken te rangschikken in equivalente, tegengestelde en hiërarchiese structuren en daaruit een algeheel systeem van relaties te destilleren van de literatuur op een bepaald moment in de geschiedenis. Daaruit kan dan het principe ontwikkeld worden voor een nieuwe literatuurgeschiedenis, namelijk wanneer verdere doorsnedes - in de diachrone lijn voorafgaand of volgend - zo gemaakt worden, dat ze de literaire structuurverandering historisch in haar periode-constituerende factoren tot uitdrukkingen brengen." (in Buursink *et al.*, 1978:15).

In ooreenstemming met hierdie werkwyse word drie tydsnitte gemaak sodat 'n beskrywing van die twintigste-eeuse Afrikaanse literêre sisteem daaruit gekonstrueer kan word.

#### **4.5.2 'n Tydsnit: eerste dekades ná die eeuwending**

##### **4.5.2.1 Die taalstryd as organiserende krag binne die literatuursisteem**

Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) funksioneer as primêre impuls wat met sy sosiaal-politieke nagevolge die literatuursisteem ingrypend sou beïnvloed. Genl. J.C.G. Kemp, 'n Transvaalse bevelvoerder, spreek hom uit oor die ontwerp-vredesverdrag waartoe die Boere in Mei 1902 sou toestem: "As 'n mens eers oorwonne is, dan is dit met die Afrikaanse volk gedaan, dan is alle kanse op herlewing vir altyd verby... Die dokument voor ons is so vaag en onduidelik dat

die vyand ons geheel en al kan onderdruk. Die Hollandse taal sal toegelaat word waar die ouers dit verlang, maar wat help dit teen die verklaring van lord Milner dat hy slegs een taal in Suid-Afrika wil hê? Dis duidelik dat hulle die hele Afrikanerdom wil onderkry en verengels." (Steyn, 1980:172). Steyn verreken die verlies van politieke mag in terme van drie gevolge: "'n nuwe taalbeleid en 'n nuwe immigrasiebeleid - en albei saam het gelei tot die blokkering van die sosiale mobiliteit van die Afrikaanssprekendes" (1980:176). In wese impliseer dit bevoorregting van Engelssprekendes bó Afrikaanssprekendes - veral ten opsigte van werkgeleenthede.

Die enigste verweer was om 'n eie kultuur en 'n eie letterkunde in die lewe te roep. Dit word dan as die ideaal van die Tweede Taalbeweging gestel: die erkenning van Afrikaans deur staat en kerk, skool en universiteit. Die taalbeweging was in die eerste plaas nie bloot 'n taalkwessie nie, "maar 'n lewenskwekking vir ons volk, waarby ons nasionale voortbestaan op die spel gestaan het" (Pienaar, 1920:2).

Verskeie rolspelers kan geïdentifiseer word in hierdie stryd om die bestendiging van 'n volksbestaan. Gustav Preller neem die leiding in die Noorde, terwyl J.H.H. de Waal in die Suid baanbrekerswerk verrig. Ook die name van ds. W. Postma, J.S.M. Rabie, D.P. du Toit, Eugène Marais en J.H.L. Schumann verdien vermelding. Hulle dra in 'n mindere of meerdere mate by tot die groei van die beweging (Pienaar, 1920:13 e.v.). Tog is dit die groot taak van die digters om teenkanting te bied teen die verwyf dat Afrikaans geen literatuur het om te bestudeer nie. Die aanklag dat daar 'n gebrek aan 'n skryftradisie in Afrikaans bestaan, is ook dikwels gerig. Met daadwerklike optrede word hierdie aantygings op verskillende vlakke besweer: verenigings en organisasies word gestig met die oogmerk om die taal en kultuur te bevorder. Propagandistiese materiaal in 'n verskeidenheid publikasies word ingespan om die samelewing positief te stem en dit lei daartoe dat Afrikaans in 1925 wetlike status as amptelike taal verwerf. Verskeie digters het hulle tot hierdie stryd verbind - hulle sentimente was ook die



volk s'n (Lindenberg, 1977:29). Die gemeenskaplike belewenisse wat vertolk word, het egter by elke digter 'n eie stemkleur gekry. Tog is hier nog geen sprake van individualistiese poësie nie. Lindenberg (1977:28) is van oortuiging dat die lang proses van nasionale bewuswording versnel en voltooi is deur die skok van die oorlog. Die Afrikaner word dus daartoe gelei om homself, sy land en sy volk te ontdek.

#### **4.5.2.2 Die manifestasie van die taalstryd op verskillende sisteemvlakke**

"Die politieke ontwikkeling word treffend weerspieël in die groei van die Hollandse en Afrikaanse pers", beweer Antonissen (1955:56-57). Dagblaaie en tydskrifte word as mondstukke van politieke partye benut en mettertyd ook ten dienste van die taalstryd. Getuienis hiervan is daar genoeg. De Goede Hoop (1903) - "een Zuid-Afrikaansch maandblad voor jonglieden" - spog met al meer Afrikaanse bydraes teen die sin van die stigters in (Pienaar, 1920:12). Ons Land (1894-1932), J.H. Hofmeyr se blad, verwoord die strewe van die Taalbond. Land en Volk (1892-1899; 1902-1908) help met heftig-nasionalistiese propaganda waarby onder andere Eugène Marais en Gustav Preller betrokke is (Antonissen, 1955:54). Die Brandwag het sedert 1910 gepoog om "'n eigen nasionaal-afrikaanse letterkunde te helpen grootmaken" (Besselaar, 1914:239). Hierin verskyn Eugène Marais se "Winternag" (01/10/1910) om die uitdrukkingsvermoë van Afrikaans te bevestig. In Mei 1916 verenig Ons Moedertaal met Die Huisgenoot: "Ons tijdschrift wil medehelpen om te handhaven en sterker te maken deze kracht van het Afrikaanse volk, om zich zelf te zijn." (Pienaar, 1920:73). Hierdie verbreding in die Afrikaanse pers word identiek in die uitgewersbedryf gereflekteer met Nasionale Pers wat in 1915 sy verskyning maak en spoedig tot die grootste maatskappy groei (Antonissen, 1955:57).

Georganiseerde optredes en organisasies het 'n onmisbare aandeel om volk en taal te versoen "sodat daar 'n eie literatuur kan kom": dit is deel van die

Afrikaanse Taalvereniging se credo. Hierdie organisasie word in 1906 in Kaapstad gestig en beywer hom vir die gebruik van Afrikaans as skryf- en spreektaal, die ontwikkeling van Afrikaanse taal en letterkunde in suiwere vorm en die kweking van 'n suiwere nasionaliteitsgevoel (Besselaar, 1914:230). Die Afrikaanse Taalgenootskap wat op 3 Desember 1905 in Pretoria tot stand gekom het, het dieselfde doel voor oë en D.F. Malherbe se lesing gedurende Oktober 1906 - "Is Afrikaans 'n dialekt?" - dra hiertoe by. Hiermee help ook die Afrikaanse Toneelvereniging wat in 1907 sy ontstaan het. "Die aktiwiteit van die verskillende taalverenigings lei daartoe dat die Afrikaanse en Hollandse groepe onder die stimulus van die nasionale bewussyn geleidelik begin saamwerk en die gedagte al hoe sterker word om al die verenigings in een sentrale liggaam saam te snoer." Dit lei in Julie 1909 tot die stigting van die Zuid-Afrikaansche Akademie voor Taal, Letteren en Kunst in Bloemfontein. Aanvanklik gee die Akademie taalleiding vir onderrig op skool en universiteit. Deur die instelling van 'n jaarlikse toekenning, die Hertzogprys word die ontwikkelende literatuur verder gestimuleer. Maar die grootste bydrae van die Akademie is waarskynlik die publikasie van die Afrikaanse woordelys en spelreëls waarin spelreëls en -norme vasgelê word (Kannemeyer, 1988:42-43). Steyn (1996:18) interpreteer die vierde grondbeginsel van die Akademiekommissie ('So weinig moontlik van die Vereenvoudigde Hollandse Spelling af te wijk') as 'n poging om so ver moontlik by die Nederlandse spelling aan te sluit om voorstanders te wen.

In die onderwys word Nederlands sedert 1907 in die Transvaal in 'n gunstiger posisie geplaas deur die uitvaardiging van taalwette. Dieselfde gebeur na 1908 in die Oranje-Vrystaat. C.J. Langenhoven speel 'n sleutelrol ten opsigte van taalwetgewing sodat die Afrikaanse kind vanaf 1914 in sy eie taal onderrig ontvang. In 1918 word Afrikaans 'n universiteitsvak met D.F. Malherbe as eerste professor (Kannemeyer, 1988:43). Ook Jan F.E. Celliers word as buitengewone professor aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel; hy moes sy kragte uitsluitend wy "aan die opbou van ons Afrikaanse letterkunde" (Pienaar, 1920:117). Interessant is 'n eerste Afrikaanse proefskrif wat deur W.P.

Steenkamp aan die Vrije Universiteit van Amsterdam ingelewer word. Hy spreek hom eksplisiet nasionalisties uit: "Ek het dit gedaan uit nasionale selfrespek, uit die drang tot nasionale selfbehoud, uit nasionale pligsbesef en ok - laat my dit maar ronduit sê - uit nasionale trots." (Pienaar, 1920:102).

Dieselfde patrone is in die kerk te bespeur. Die Taalbeweging geniet groot steun onder predikante, onder andere in die persone van D.F. Malan en J.D. du Toit (Totius). Hierdie invloed kring uit totdat die Vrystaatse Sinode op 25 Mei 1916 Afrikaans erken as "offisiele taalvorm op de kansel en elders, naast Nederlands" (Pienaar, 1920:84). Spoedig volg ander provinsies die voorbeeld na en die Raad van Kerke ondersteun dié besluit sedert Maart 1917. Gedurende 1918 kry die Gereformeerde Maandblad 'n verjongde pro-Afrikaanse redaksie. Die Kerkbode skakel ook in 1925 oor na Afrikaans (alhoewel sy titel nog enkele jare die Nederlandse spelling behou het), die volledige Bybel verskyn in 1933 in Afrikaans (na die proefuitgawe van enkele boeke) en 'n Afrikaanse Gesangeboek word in 1944 in gebruik geneem (Kannemeyer, 1988:45).

Besselaar (1914:208) som die sukses van die taalbeweging só op: "Wat de ernst van de richting der taalontwikkeling verhoogt, is dat in Zuid-Afrika de dichters en schrijvers bewust of onbewust gedreven worden deur de begeerte mee te werken aan de opvoeding van hun volk in denken, in zeden, in taal en in nationaliteit." Die Tweede Taalbeweging loop dan in 1925 ten einde met die amptelike erkenning van Afrikaans en die gebruik daarvan in staat, skool en kerk.

#### **4.5.2.3 E.C. Pienaar as verteenwoordigende kritikus/bloemleser van die Tweede Taalbeweging**

Om die norme en kriteria van E.C Pienaar binne die literatuursisteem van sy tyd veralgemenend te gebruik, is riskant. Tog sou 'n argument aangelê kon word om sy status as kritikus, bloemleser en literator te bewys. In 1919 verrig hy baanbrekerswerk met 'n "eerste Afrikaanse historiese handleiding wat die poësie

van die Tweede Beweging in kaart bring". Hierdie dissertasie is (tot in 1931) vier maal herdruk. Van 1920 tot 1930 tree hy op as een van die amptelike resensente van Die Huisgenoot. Gedurende die dertiger- en veertigerjare verskyn verskeie ander werke uit sy pen waaronder twee bloemlesings: Digters uit Suid-Afrika: Bloemlesing uit die Poësie van die Tweede Afrikaanse Beweging (1917) en Patriot-digters: Bloemlesing uit die dig- en rymwerk van die Patriot-tydperk (1975-1905). Eersgenoemde bundel beleef veertien herdrukke in die eerste dertig jaar (Wiehahn, 1965:31). Geen beter getuienis kan gevind word om die frekwensie van gebruik deur Afrikaanse lesers te bevestig nie.

Wiehahn (1965:31) stel dit onomwonde dat Pienaar geen vernuwer van kritiese beginsels was nie. Inteendeel; hy voer die norm dat die letterkunde 'n weerspieëling van die Afrikaanse werklikheid moes wees tot "sintese, hoogtepunt en eindpunt" in sy kritiek. In beginsel staan hy dus nader aan die patriotiese literatuurkritiek as aan sy tydgenote<sup>16</sup> (Wiehahn, 1965:32). Dit is waarskynlik die oorsaak vir sy swak oordeel oor N.P. van Wyk Louw se bundel Die Halwe Kring<sup>17</sup> waarin hy dramaties van ander menings verskil (Wiehahn, 1965:31). Pienaar kritiseer dié werk as "dwaas-`volks' [...] waarop hy (feitlik vir goed) tot swye gebring word deur reaksies van Scholtz en Krige<sup>18</sup> in DIE BURGER, van Mocke in DIE BRANDWAG, van Mulder in DIE SUIDERSTEM." (Antonissen in Nienaber, 1982:79).

Ten spyte hiervan bestempel tygenootlike kritici hom as "meester in sy vak" wat "verstandige vereistes" stel. Die normatiewe grondbegrippe van sy kritiek kan beskryf word as lewenswaarheid ten opsigte van inhoud en taaltegniek en "rasegte volkskuns" wat onverbloemd nasionalisme voorstaan. Sy grootste bydrae lê waarskynlik in sy beklemtoning van die spreektaalwerklikheid bó dié van boektaal-Nederlands. Pienaar is 'n groter puris as van sy tydgenote (byvoorbeeld Besselaar) en glo dat die Suid-Afrikaanse werklikheid op 'n egte wyse weerspieël moet word (Wiehahn, 1965:31;35).

Hoe figureer hierdie kriteria in die praktyk? Wiehahn (1965:35-37) verwys na verskeie insidente:

- ◆ Pienaar beskou Celliers, Leipoldt en Totius as volksdigters en gee bykans geen erkenning aan hulle inidividuele talent nie.
- ◆ Van Bruggen ontlok groot reaksie by Pienaar omdat hy in die inleiding van sy bundel, Lentestemme, beweer dat nasionale kultuur ondergeskik is aan die inidividuele ontwikkeling van 'n digter. Hiervoor is Pienaar geensins te vinde nie.
- ◆ Hy veroordeel Toon van den Heever op grond van sy "onnatuurlike boustof".
- ◆ N.P. van Wyk Louw bring die finale verwydering en Pienaar staan vreemd teenoor die "nuwe" nasionale poësie.

"Pienaar het hom heeltemal oorgelewer aan die konserwatisme", sê Wiehahn (1965:36). Antonissen stel dit duidelik dat Pienaar vanuit die staanspoor al verouderd is (in Nienaber, 1982:61). Hy (Pienaar) pleeg 'n onreg teenoor digters deur hulle voortydig te laat stol in die sogenaamde "klassieke" kanon. Die nuwe gestalte van die nasionale gedagte in die poësie gaan hom verby. Die enkelvoudige beelde "besembos", "ossewa", "boer" en "plaas" wat draers was van die konkrete nasionale persoonlikheidsideaal, word deur Van Wyk Louw getransponeer tot "soldaat", "lans", "mes" en "roer" waardeur die lokale tot nasionale verhef word (Wiehahn, 1965:37). Hiervoor het hy geen waardering nie<sup>19</sup>. E.C. Pienaar se belangrikste bydrae is dus gesetel in sy suiwerende funksie ten opsigte van taalgebruik (Wiehahn, 1965:39).

Kan die funksie van die literatuur gedurende die eerste dekades van die twintigste eeu hieruit afgelei word? Willemse (1997:5) is van mening dat die poësie 'n basis vir nasionale identiteit skep. Inderdaad is die gebruik van Afrikaans as geskrewe taal 'n uiting van selfstandigheid. Daarom word feitlik alles wat in Afrikaans geskryf word, bewaar. Die kanon kry 'n kuratoriese funksie, sê Willemse (1997:3). In aansluiting hierby vertoon literêr-historiese oorsigte 'n byna ensiklopediese karakter en literatuurgeskiedenis word dus die draers van die opbloeiende Afrikaner-nasionalisme.

Die bloemlesing van Pienaar word in ooreenstemming met genoemde eise gerig deur "'n oënskynlik homogene volksgees, vermeende volksverwagtinge, die vestiging van Afrikaner-nasionalisme, pleidooie vir die uitbouing van 'Afrikaans' en die 'Afrikaanse letterkunde'. Die versameling bied doelbewus 'n beeld van 'n selfstandige, onderskeibare Afrikaner-identiteit en 'n volkskeppende literêre nasionalisme.'" (Willemse, 1997:4). Antonissen bevestig hierdie hipotese. Hy is dit eens dat die "wisselwerking tussen die letterkundige, die politieke en die taalstrewe, tot wedersydse afhanklikheid en diensbaarheid toe" die duidelikste blyk "uit die oorheersende tematiek: die geskiedenis, en dikwels die heel resente verlede; en uit die meeste geskifte se volkse karakter en peil" (in Nienaber, 1982:39). Hiervan is Pienaar se bloemlesing besliste bevestiging. Van Rensburg (1971:41) stel dit binne 'n breër verband: "Omdat die nasionale so die mag agter die troon in die ontstaan van die Afrikaanse letterkunde was, staan lg. 'n lang tyd in die teken van die nasionale."

#### **4.5.3 'n Tydsnit: rondom dertig en daarna**

##### **4.5.3.1 Verdeeldheid as strukturende krag binne sisteemverband**

Verdeeldheid sny diep deur die Suid-Afrikaanse samelewing. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog vererger dié verskeurdheid. Op regeringsvlak heers daar nie konsensus in die kabinet oor deelname aan die oorlog nie. Dit lei tot Hertzog se bedanking en Smuts word versoek om 'n kabinet saam te stel. "Op 6 September het die nuwe regering 'n proklamasie uitgevaardig ingevolge waarvan betrekkinge met Duitsland verbreek is. Die besluit om tot die oorlog toe te tree, het hewige botsings in die land en veral binne en tussen die politieke partye aan die gang gesit." (Stadler in Cameron & Spies, 1991:261).

Die twis tussen die Herenigde Nasionale Party en die Ossewabrandwag is eksemplariese materiaal van dié nuwe gesteldheid (Dekker, 1966:178). Die gees van vriendskaplikheid wat aanvanklik tussen die twee organisasies geheers het,

word vervang deur onversoenlike wedersydse vyandskap onder druk van gebeurtenisse wat volg ná die uitbreek van die oorlog (Stadler in Cameron & Spies, 1991:262).

Ook die feit dat "die ongeskrewe apartheidstradisie nou wetlik omskryf en toegepas" word (Coetzer in Cameron & Spies, 1991:278), bring verdere verwydering tussen blank en nie-blank. Afsonderlike woongebiede, universiteite, openbare geboue, geriewe en vervoermiddels veroorsaak volkome rasseseiding wat 'n bykans onoorbrugbare gaping tussen die inwoners van Suid-Afrika sou laat<sup>20</sup>. Dit kring verder uit in terme van negatiewe reaksie van die buiteland op hierdie toedrag van sake. Op internasionale vlak het die verwydering en isolasie reeds onherstelbare afmetings aangeneem.

Verdeeldheid manifesteer op verskillende vlakke: tussen Afrikaners onderling, tussen onderskeie rasse en groepe in Suid-Afrika asook binne 'n breër internasionale konteks. Dit was onvermydelik dat hierdie gestelheid sy spoor ook in die literêre sisteem sou laat.

#### **4.5.3.2 Die manifestasie van verdeeldheid op verskillende sisteemvlakke**

'n Kritiese ingesteldheid lei mettertyd tot verdeeldheid. Antonissen (1955:177-178) identifiseer 'n nuwe fase in die literatuurgeskiedenis vanweë die feit dat digters norme hersien, die werk van tydgenootlike digters uit ander taal- en kultuursfere lees en (daarom?) leemtes in die ouer Afrikaanse poësie eien. Lindenberg (1965:45) is dit eens dat die kritiese aksent ánders begin lê en daar prinsipiëel suiwerder gedink word. "Die digters beleef die volkswerklikheid nie alleen veelsydiger en persoonliker nie, maar ook met 'n vermoë om dit op 'n afstand te sien, en daarom in perspektief." (Van Rensburg, 1971:55). Hierdie herwaardering dui op 'n proses van selfstandigwording. Die volwassewording van die Afrikaner, sy identiteit en sy kuns word 'n werklikheid<sup>21</sup>. Kannemeyer

(1988:103) beklemtoon die rol wat 'n magtige klomp kultuurorganisasies speel. Tog word daar deur N.P. van Wyk Louw gewaarsku teen die euwel van amptelike kultuurdraery<sup>22</sup> en is hy die skepper van die kritiese ingesteldheid van sy tyd.

Op 'n eerste vlak is die polemieke wat in dagblaaie en tydskrifte verskyn, 'n aanduiding van 'n kritiese houding. Antonissen (1955:186) is van mening dat daar in hierdie tydperk "onafgebroke gepolemiseer" word, "maar slegs selde op 'n werklik intellektuele niveau". "Die heugelikste polemieke het, met kort windstiltes tussenin, gewoed van 1936 tot 1938.", sê hy. 'n Verskeidenheid publikasies word hierby betrek waaronder DIE HUISGENOOT, DIE BURGER, DIE BRANDWAG en DIE SUIDERSTEM. Hierby hoort TREK wat vanaf 1940 tot 1944 skerp vermaaklik-satiriese kritiek uit die pen van Kees Konyng publiseer. Onder redaksie van S. Ign. Mocke lewer die Johannesburgse blad, HELIKON (1951-1960), heelwat aanvalle op skrywers waarin veral Opperman van "duisterheid" beskuldig word (Kannemeyer, 1988:106).

Nadat DIE BRANDWAG in 1922 verdwyn het, verloop ses jaar voordat DIE NUWE BRANDWAG (1929-1933), "'n keurige kwartaalblad vir kuns en lettere", opgerig word (Antonissen, 1955:182). Hierdie tydskrif het hom ten doel gestel "om uiting te gee aan die geesteslewe van die Afrikaner en hom in kontak te bring met die kultuur van ander volke". Tog het die "bewuste deurbraak van die nuwe lewe" wat dié tydperk kenmerk, nie deurgesuur na die tydskrif nie en is dit in 1933 gestaak "weens wanbetaling van intekenare" (Dekker, 1966:181). Antonissen (in Nienaber, 1982:77) interpreteer hierdie gegewe in terme van die heersende tydgees: "Geen nuwe maatstawwe word nog ontdek nie, heelwat nuwelingte en publikasies word min of meer onkrities verwelkom, en die vreemde literatuur word nog vrywel uitsluitend op die wyse van inligting en vulgarisasie behandel. Selde het 'n artikel meer as lokale betekenis; die atmosfeer van die tydskrif, hoe keurig en deeglik ook, is eerder konserwatief as revolusionêr.". Die sentrale figure van Dertig beskik aanvanklik nie oor 'n eie orgaan nie. Daarom



stig hulle in 1945 'n kwartaalblad, STANDPUNTE, waarin hulle kon meedoen aan die "vrye bespreking van die grondslae op die gebied van die literatuur en van die literêre en verwante ideëkritiek". Die reeks wil ook 'n tuiste bied "vir goeie poësie wat by ons geskep word [...] STANDPUNTE wil ook meewerk om die verset in ons land teen elke vernuwing van die geestelike lewe te verbreek." (Dekker, 1966:182-183). Hier is dus voortreflike getuigenis van 'n kritiese houding wat in die praktyk vergestaltung vind.

Ook die Vereniging van die Vrye Boek (1936) moes vernuwing bring. Van Wyk Louw - wat as sekretaris optree - artikuleer hulle doelwit: "om die Afrikaanse boek te bevry van die knellende bande van finansiële afhanklikheid van sy geskiktheid om as skoolboek te dien" (Dekker, 1966:182). Kannemeyer (1990:105) slaan die bydrae van die VVB hoog aan. Hy sê: "Die VVB het egter die belangrike funksie gehad om die gevestigde uitgewers van hulle gerigtheid op die voorskryfmark te laat afsien, terwyl dit verder 'n nuwe standaard vir die uiterlike versorging van die Afrikaanse boek gestel het.". Interessant is die feit dat die VVB se kort bestaan tyd te wyte is aan rusies en 'n uiteindelijke breuk in die gelede van die vereniging. Kannemeyer (1990:105) is egter van mening dat juis hierdie gebeure die vernuwing van die Dertigers binne die literatuur, maar veral binne 'n breë verband bevorder het.

In die laaste instansie 'n skramse verwysing na N.P. van Wyk Louw se weiering van die Hertzogprys: "Die komitee ken die Hertzogprys gesamentlik toe aan Van Wyk Louw vir Alleenspraak en I.D. du Plessis vir Ballades en Vreemde liefde, maar sê in sy verslag dat Du Plessis op grond van sy 'veelsydiger en gesamentlike werk' eerste geplaas word. In 'n brief in DIE BURGER van 7 Desember 1937 wys Van Wyk Louw die prys van die hand en verklaar hy dat 'die Akademie ... weer magteloos (was) om te besluit oor die sake waarin hy hom juis die reg van 'n beslissing toeëien'. In DIE BURGER van 11 Desember reageer Malherbe en Pienaar op Van Wyk Louw se weiering en sê dat Van Wyk Louw se 'komies-teatrale gebaar' 'n bietjie 'belaglik ... (lyk vir) 'n jong literator

wat nog sy spore moet verdien en wat aan die Akademie nog maar 'n eerste bundeltjie kan toon'. In antwoord hierop sê Van Wyk Louw in dieselfde uitgawe van DIE BURGER dat "n antwoord op die skrywe ... oorbodig (lyk). Die seniel-histeriese toon daarvan wys vir die publiek (wat met die persoonlike verhoudings minder bekend is) die gesindheid van lede van die keurkomitee teenoor my." (Kannemeyer, 1990:61).

Sonder vrees vir teenspraak sou daar beweer kon word dat verdeeldheid verskeie gestaltes aanneem binne die literatuursisteem van die dertigerjare. Hieruit spruit die vernuwing en die noodsaaklikheid daarvan vir die voortbestaan van die Afrikanervolk en -letterkunde waarvoor Louw hom beywer het.

#### **4.5.3.3 Die norme en kriteria van hierdie tydperk gemeet aan Opperman en Dekker as verteenwoordigers**

Indien twee terme die aktiwiteite in die literatuursisteem van Dertig en daarna moes beskryf, sou "n kritiese houding" wat lei tot "selfstandigwording" as sleutelbegrippe uitgesonder kan word. Uiteraard lei 'n kritiese denkwysie tot vernuwing. En daar kan geargumenteer word dat die proses van selfstandigwording verbind is aan verbreding en verdieping. Hierdie beginsels word dan ook in die literêre kritiek van die tyd teruggevind.

As motivering kan daar verwys word na Dekker wat sy kritiese bydraes in 'n verskeidenheid van tydskrifte en dagblaaie publiseer. Dit is in kontras met E.C. Pienaar wat amptelike resensent van DIE HUISGENOOT was vanaf 1920 tot 1930. Alhoewel hy self as redakteur van DIE NUWE BRANDWAG (1931-1933) optree, impliseer dit nie 'n eensydige houding nie. Willemse (1997:6) merk tereg op dat alhoewel Dekker uit die eerste geslag professionele literêre kritici stam, hy reeds in 1920 "die uitwerking van die diepgaande sosiaal-kulturele verskuiwings" sinjaleer. Algaande word die visier ingestel op 'n eksklusiewer kanon wat grotendeels gebaseer is op vormlike evaluering<sup>23</sup>.

Die vormlike vernuwing is in wese 'n suiwerende handeling. Dit kan direk in verband gebring word met 'n kritiese blik wat kenmerkend van dié tydvak is. In sy "verantwoording" tot sy Groot Verseboek stel Opperman dit duidelik dat die klem op estetiese oorwegings val. Wiehahn (1965:119) formuleer hierdie ingesteldheid as "'n neiging by Opperman om die vereiste van strukturele suiwerheid as vanselfsprekend te aanvaar". Willemse (1997:6-7) verwys (in aansluiting by Wiehahn) na Opperman se voorliefde vir sistemativering. Hieroor sê hy: "Hierdie poëtiese sistemativering van Opperman berus op 'n eklektiese vermenging van kritiese, estetiese, literêr-historiese en literêr-teoretiese eise. Alhoewel sy estetiese nie enkelvoudig is nie, word dit in hoofsaak ingegee deur sy digterspraktyk, die nawerking van buitelandse literêre strominge en die kultuureise van 'n opkomende Afrikaner-middelklas". Wat Opperman se bloemlesing in werklikheid verrig, is om die Afrikaanse poësiekanon te stabiliseer en te sistematiseer. Hierin reflekteer die bloemlesing, Groot Verseboek (en by implikasie ook die literatuursisteem), dus kragte wat ook binne die breër sosiale sisteem werksaam is.

#### **4.5.4 'n Tydsnit: sedert sestig**

##### **4.5.4.1 Protes as ordeningsprinsipe binne sisteemverband**

Ampie Coetzee (1990:31) verwys op 'n subjektiewe en selfs skokkende manier na twee krisisse wat bepalend sou wees ten opsigte van die pad van die politieke geskiedenis: "die aanval van die staat op mense in Sharpeville op 19 Maart 1960"<sup>24</sup> en "die aanval van die staat op kinders in Soweto op 16 Junie 1976". Alhoewel sy aanname volkome eensydig geformuleer is, sou hierdie gebeure 'n tydperk van verzet inlei wat met verskillende gedaantes sy ingang tot die literatuursisteem sou vind. So beweer Smith (1996:27) byvoorbeeld dat Brink se skryfloopbaan ná Sharpeville 'n verwikkeling toon "wat hom allerweë een van die bekendste Suid-Afrikaanse skrywers gemaak het".

#### 4.5.4.2 Die manifestasie van protes op verskillende sisteemvlakke

As eerste argument kan die opwelling in die skryfproduksie van swart skrywers<sup>25</sup> tydens hierdie toestand van totale repressie aangevoer word. Hierdie werk is egter doelbewus verbied (Coetzee, 1990:31). Tog is dit "veral Brink, Gordimer, Fugard, Coetzee en andere wat vanaf die middelsewentigerjare van ander bevolkingsgroepe se ervarings rekenskap probeer gee" (Galloway in Smith, 196:40).

Nog 'n protes-aksie kom in die gestalte van Breytenbach wat sedert 1960 in self-opgelegde ballingskap in Parys bly. Chapman (1996:345) gee in sy vernietigende en bevooroordeelde literatuurgeskiedenis tog beskeie erkenning aan Breytenbach se poging tot protes: "Breytenbach seemed to want to find a new language not only to attack the religious and political intolerance of the Afrikaner volk, but to align his sympathies with the new black poetry that was beginning to emerge from his home country."

Hierteenoor kry die Sestigters min erkenning vir hulle bydrae wat volgens hom hoofsaaklik vormgerig was: "The 1960's would give rise to a new generation of Afrikaans prose writers. Although their highly mannered modernism preferred the metaphysics of good and evil to the morality of race politics, their rebellion against authoritarian Calvinism may be located to some intent in the local situation" (Chapman, 1996:223).

Coetzee (1990:32) verreken wel die Europese invloed (Joyce, Faulkner, Beckett, Sartre, die Teater van die Absurde, die Nederlandse skrywers Hermans en Wolkers, Alain Robbe-Grillet en die psigologie van C.G. Jung), maar erken ook die teenwoordigheid van Afrika wat in die werk van Peter Blum werkzaam was om 'n nuwe era in te lui: "Buiten die poësie wat hy in 'n moderne Europese idioom geskryf het, het Blum ook poëtiese vorme aangepas by Suid-Afrikaanse materiële omstandighede [...] meestal geskryf in Kaaps, satiriseer hy wit,

bougeois waardes - maar hy is ook die eerste moderne digter wat skryf vanuit 'n bewustheid van klas en in die taal van die proletariaat." (Coetzee, 1990:33).

Hierdie tradisie sou deur 'n verskeidenheid skrywers voortgesit word. Die periode behoort aan Ingrid Jonker, Adam Small, Anna M. Louw, Elsa Joubert, Jan Rabie, Etienne Leroux, Dolf van Niekerk, André P. Brink, Chris Barnard, Bartho Smit, Abraham H. de Vries, Hennie Aucamp en Breyten Breytenbach (Coetzee, 1990:33). Hulle span kragte saam om die vooroordele van die samelewing af te breek. "Die instelling van die Publikasieraad in 1963 dra verder by om die solidariteit onder die skrywers te versterk" (Kannemeyer, 1988:240). Een van die grootste dilemmas van die Afrikaanse skrywer was die onderdrukkende mag van die sensuurwet<sup>26</sup>.

Die JAARBOEK van die AFRIKAANSE SKRYWERSKRING word in 1951 'n kwartaalblad, TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE onder redaksie van C.M. van den Heever. Na sy dood word hy opgevolg deur Abel Coetzee as hoofredakteur: "In 1963 word 'n poging aangewend om die avant garde-skrywers by die TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE te betrek. Die titel word nou SESTIG. Abel Coetzee bly redakteur, maar Bartho Smit word hulpredakteur, 'n negetal 'Sestigters', o.a. André Brink, Etienne Leroux en Adam Small word 'redaksionele medewerkers', maar die ou adviseurs, o.a. W.A. de Klerk, F.A. Venter en D.F. Malherbe, bly. Hierdie koddige kombinasie kon slegs een uitgawe stand hou. [...] Ná die fiasko met die heroriëntering van die TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE stig die revolusionêre jongeres onder leiding van Bartho Smit hulle eie orgaan, die kwartaalblad SESTIGER" (Dekker, 1966:186) waarin skrywers geleentheid gebied word om vryelik te eksperimenteer, te besin, polemies standpunt in te neem en algaande die literêre konvensies te wysig (Kannemeyer, 1988:241). Hierdie patroon sou in later jare opnuut bevestig word met die verskyning van talle kleiner tydskrifte waarin nuwe rigtings van die literatuur aangedui is.

Ook die uitgewersbedryf word gekenmerk deur die oprigting van 'n reeks kleiner uitgewers. Naas "Culemborg, Simondium, Johan Malherbe, Buren, Saayman & Weber en Rubicon" is Human & Rousseau die belangrikste uitgewery. Human & Rousseau<sup>27</sup> (1959- ) sou heelwat werk van die Sestigters publiseer en behoort sedert 1977 tot die Nasionale Boekhandel-groep "waarin ook J.L. van Schaik in 1986 opgeneem word" (Kannemeyer, 1988:245).

Van Wyk Louw en Brink was beide apostels van vernuwing (Coetzee, 1990:42). "n Belangrike klimaatskeppende faktor was N.P. van Wyk Louw se boek Vernuwing in die Prosa wat in 1961 verskyn het en waarin hy uitweë uit die Afrikaanse prosa-impasse van die voorafgaande dekades aangewys het"<sup>28</sup> (Van Rensburg, 1971:176). Wanneer hy sy waardering teenoor die werk van Rabie en Leroux uitspreek, skeep hy 'n klimaat vir eksperiment en 'n drang na nuwe skryfwyses. Brink bou hierop voort deur die tegniek van literêre verwysing te benut (Coetzee, 1990:42). Alhoewel sy eerste politieke roman in Afrikaans, Kennis van die Aand, verbied word, lei dit indirek tot 'n betekenisvolle debat binne die Afrikaanse literêre establishment<sup>29</sup>. Algaande kulmineer hierdie reaksies in 'n besef by skrywers dat die onus op hulle rus "to write themselves out of a dead, white, racist and patriarchal past and to re-inscribe themselves in a society that does not yet exist" (Chapman, 1996:415).

Steyn (1992:382) is van mening dat twee tipes verset verwydering tussen die Afrikaanse lesersgemeenskap gebring het: "die eerste was die teenkating van party Afrikaners teen die strekking van sommige literêre werke, en die tweede die weerstand van skrywers en letterkundiges teen die sensuurstelsel. Die Afrikaanse letterkundige wêreld het al hoe meer gepolitiseerd geraak."

Weideman (1994:21) bied 'n oorsigtelike blik op die poging(s) van Afrikaanse skrywers om hulle uit 'n eensydige letterkunde los te skryf: "Skrywers soos André P. Brink, Elsa Joubert, Adam Small, Jan Rabie, Abraham H. de Vries en andere het hul protes teen regime ná regime uitgedruk - deur openbare optredes, maar

óók deur hul skryfwerk. Die wyd gelese Brink belig die geskiedenis van apartheid (slawerny, die Ontugwet, dissidensie, die verskuilde bewind van sekurokrate, terreur as teenreaksie, die geloof in die mens se vermoë om 'inteendeel!' te roep) op so 'n manier dat sy boeke vir menige leser 'n korrekatief op 'skoolgeskiedenis' móés wees. Geen Suid-Afrikaner durf die gedokumenteerde kollektiewe lyding van Poppie en haar mense in Joubert se Die swerfiare van Poppie Nongena as 'n onbelangrike bydrae tot bewusmaking beskou nie. Adam Small se onderskatte Kanna hy kô hystoe (1965) bied ongetwyfeld die felste vroeë sosiale kritiek in Afrikaans; Rabie se allegoriese "Droogte" bly 'n teks wat rassesspanninge op manjifieke wyse lig tot die besef van intermenslike aangewesenheid; nóú weer aktueel. De Vries se verhale verbind dikwels kleurproblematiek, mag versus onmag en fantasie sonder om die oer-ou temas van vreemdelingskap of skuldgevoel deur die tydgenootlike te laat domineer. Dan is daar die invloed van diegene wat polities aktief was, wat deur die kwaliteit van hul skryfwerk legitimiteit verleen het aan die begrip "politieke letterkunde", soos Breyten Breytenbach."

"In dié kort periode het die Sestigters die literêre landskap ingrypend verander." (Van Rensburg, 1971:175). Hulle breek radikaal met die nasionalistiese ideale sodat hulle werke 'n groter verligtheid en kritiese ingesteldheid vertoon teenoor die Suid-Afrikaanse werklikheid (Smith, 1996: 27, 31). Van der Merwe voer dit verder: "Not only did the values in Afrikaans literature change; in the political crises of the seventies and the eighties, Afrikaans literature was used as a **means** of changing the values prevalent in society. Afrikaans literature not only **reflected** some of the changes in Afrikaner ideological thinking, it also helped to effect the changes desired" (1994:8-9).

Kannemeyer (1988:237) is dit eens dat die vernuwing van Sestig nie net tot die literatuur beperk is nie, maar sy invloed op die hele maatskaplike bestel in Suid-Afrika laat geld het, baie van die taboes en vooroordele van die samelewing afgebreek het en die literêre, morele, godsdienstige en politieke konvensies van

die Afrikaner gewysig het. Of, om dit ánders te formuleer: "The sounds became louder and louder, developing into a chorus in the seventies, after the uprisings of Soweto. Afrikaans prose prepared the policy of apartheid, as Gerwel suggests, it also prepared the way for the dismantling of official apartheid announced in 1990." (Van der Merwe, 1994:7).

#### **4.5.4.3 Poësie in SA/Poetry in SA as alternatiewe bloemlesing met unieke kriteria eie aan sy tydsgewrig**

Willemse (1997:10) beklemtoon die revisionistiese<sup>30</sup> aard van bogenoemde bloemlesing. Hy beskou die bundel teen die atmosfeer en agtergrond van sy ontstaan: "'n tydvak van 'n verbrokkelende apartheidsbeleid en die soeke na alternatiewe vir samelewingsherkonstruksie".

Weideman (1994:21-22) meen dat daar in die "struggle"-periode en die oorgangstyd merkwaardige verskuiwings plaasgevind het - "verskuiwings wat waarskynlik saamhang met die verbrokkeling van die ou sisteem. Dit is die opkoms van die vroueskrywers wat veral vanuit feministiese perspektief skryf (Marlene van Niekerk, Wilma Stockenström, Welma Odendaal en Rachelle Greeff, Emma Huismans en Jeanne Goosen, om enkeles te noem); die 'bevryding' van die gay skrywer (Koos Prinsloo, Hennie Aucamp); en dan, 'n besondere ontwikkeling: die publikasie van 'persoonlike geskiedenis' deur onderdruktes self (Abraham Phillips, en die Prog-groep digters)".

In die bloemlesing SA in poësie/SA in poetry (1988) word daar ondubbelsinnig gepoog om 'n stem aan die onderdruktes te gee: "Die gebrek aan swart poësie in die sestigerjare beteken nie dat hierdie tydperk geen kreatiewe werk opgelewer het nie. Vanweë die repressiewe politieke sisteem het talle van die digters bannelinge geword. Sensuur sorg verder vir die verbanning op groot skaal van swart literêre tekste. Die verbanne digter Dennis Brutus se werk mag nie aangehaal word nie. Arthur Nortje, soos Brutus 'n banneling, se bundel word



eers nadoods vrygestel." (1988, inleiding). Hein Willemsse bevestig opnuut in Mayibuye (1992:30) dat "the agency of black story-tellers was pushed into the background and silenced".

Teen hierdie agtergrond is die doel met die bundel SA in poësie/SA in poetry duidelik: "[...] die beskikbaarstelling van tekste wat om verskeie redes nie toeganklik was nie. Digters soos Wopko Jensma of Modikwe Dikobe is bv. nie binne die Afrikaanse letterkunde bekend nie en is nie in Afrikaanse bloemlesings opgeneem nie. Maar dit was nie net hierdie leemte wat ons aangespoor het nie; ook die perke van die tradisionele eentalige bloemlesing wou ons oorskry deur poësie uit die ander Suid-Afrikaanse tale te betrek<sup>31</sup>. Die eietydse literêre teoretiese konteks het ons verder genoodsaak om radikaal anders as die tradisionele bloemleser te werk te gaan: die uitgangspunt is nie meer esteties nie, d.w.s. nie gerig op die beste of mooiste gedigte wat in 'n taal geskryf is nie, maar die gedigte wat insae bied in ideologiese formasies soos dit binne die geskiedenis staan" (1988, inleiding).

Dit blyk dus duidelik dat estetiese eise nie langer stand hou nie. Die poësie word histories georden om die sosiale bewussyn en praktyke binne bepaalde periodes te verbeeld. Ook "grammatikale en stilistiese verskuiwings" wat in die taal self plaasgevind het, word gevolglik gereflekteer. Kannemeyer se estetiese kanoniseringskode word dus verplaas deur die werking van sosiale mag wat in dié bloemlesing betekenisvol word (Willemsse, 1997:12). Malan (1987:14) formuleer hierdie "redelik dramatiese omwenteling in die teoretiese en kritiese benadering" as "n swaai weg van die klemplasing op die geïsoleerde teks na die konteks, die interteks, die metateks en trouens selfs na die kultuur as teks". Hierdie aanpak spieël 'n nuwe norm wat Gerwel (1983:13) tydens sy intreerede as professor in Afrikaans aanlê: "[...] the literary work is not complete in itself but is handed down to us as a kind of gesture or verbal thrust incomprehensible unless we are able to understand the situation in which the gesture was first made, and the interlocutors to whom it was a reply."

#### 4.6 Slotopmerking

Tot hiertoe 'n poging om die Afrikaanse literêre sisteem te beskryf binne 'n breër polisistemiese verband. Want, in die woorde van Fowler (1981:7): "First and foremost, literature is a kind of discourse, a language structure within a social structure...".

Ook Brink beklemtoon die noodsaak van 'n beskouing waarin literatuur as 'n "oop" sisteem gereken word; "as 'n ontmoetplek vir die volle sosiale spektrum, as 'n kommunikasieproses waarby die ganse menslikheid van enkeling én gemeenskap op die spel staan" (1991:12).

Inderdaad is die verhaal van die Afrikaanse literatuur(geskiedenis) een van veranderende waardes en norme. "The combination of religion, patriarchy and nationalism, so boldly proclaimed in the earliest Afrikaans writings was tested, nuanced and adopted through the years; and ultimately discarded." (Van der Merwe, 1994:8).

Hierdie hoofstuk het hierdie proses(se) van normveranderinge en -verskuiwings aan die hand van drie bloemlesings (as willekeurige sny punte van diachronie en sinchronie) beskryf.

In die volgende hoofstuk sal die wyse belig word waarop N.P. van Wyk Louw as spilagent funksioneer met spesifieke verwysing na sy oriëntasie t.o.v. ander sisteemkragte wat reliëf gee aan die Afrikaanse literêre sisteem.

---

<sup>1</sup> Wanneer die inter- en intrasistemiese relasies aan bod kom, impliseer dit noodwendig verwysings na die struktuur van die sisteem en die kwessie van interafhanklikheid binne sisteemgrense.

<sup>2</sup> Van Rensburg (1971:140) beskou 'nasionanisme' as een van die fundamentele dryfvere in die werk en optrede van N.P. van Wyk Louw, maar kwalifiseer die begrip: "As Afrikanernasionalisme beteken: die steeds aanwesige bewussyn van Afrikanerskap, en nog dieper: die nooitaflatende

---

kommer oor die Afrikanervolk en sy lotgevalle, dan is Van Wyk Louw een van die konsekwentste nasionaliste wat ons tot op datum gehad het.”.

<sup>3</sup> Oor hierdie verhouding tussen literatuur en werklikheid is daar veel geteoretiseer en gepubliseer. Betekenisvol vir die metodologiese aanpak en aard van hierdie ondersoek (vgl. hoofstuk 3; voetnoot vi) is die aksent wat Pierre Bourdieu (1991:26) plaas: "Thus events that happen in the social space, say economic crisis, feminist movements, revolutions, racial schism, etc., will be **transformed**, refracted according to the specific rules of this field and according to the specific interests of the agents who compete in it." Dit sou ook van toepassing wees op kultuur-historiese gebeurtenisse, byvoorbeeld die opkoms en ontplooiing van 'n nasionalistiese ideal binne volksverband. Met ander woorde: die literêre sisteem organiseer ook die historiese impulse - wat nuwe kragte en reaksie(s) genereer - op 'n unieke wyse in ooreenstemming met eiesoortige sisteemkonvensies. Daarom sê Van Rensburg: "Die letterkunde reageer op 'n wyse eie aan homself, op die tyd waarin dit ontstaan." (1971:11).

<sup>4</sup> Hierdie aspek kry meer aandag in 'n beskrywing van die kragte en kriteria wat gedurende hierdie tydperk binne die literêre sisteem heers.

<sup>5</sup> Die vlagstryd het drie jaar gewoed rondom die posisie van die Union Jack in die nuwe vlag. Die vlagsimbool het ontaard in 'n emosionele kwessie wat kripties deur Saker (in Cameron & Spies, 1991:250) verwoord word: "Die kern van die saak was dat redelikheid by een groep oorheers is deur 'n afkeer van die Union Jack se assosiasie met oorheersing en oorwinning, en by die ander deur vrees vir afskeiding en verafrikaansing".

<sup>6</sup> Die vervanging van Gumedede (as president) deur die meer konserwatiewe Pixley Seme - in kombinasie met gebrekkige organisasie - was die oorsaak van die minimale politieke invloed van die ANC gedurende die Dertigerjare. Dit geld ook vir die Kommunistiese Party wat "feitlik geïsoleer van die sponane beweging van die massa" was. (Cameron & Spies, 1991:253). In 1952 sou die ANC (in alliansie met die SAIC) met nuwe ywer veldtogte teen onbillike wetgewing loods. (Chapman, 1996:222)

<sup>7</sup> Vir 'n bondige samevatting van die Goudstandaard-krisis, sien Cameron & Spies (1991:254).

<sup>8</sup> Veral vanweë sy regsprofessie fokus Hertzog op die wetlike status van die Afrikaner, terwyl D.F. Malan herlewing van nasionalisme bepleit in terme van 'n aggressiewer nasionalistiese ideologie, etniese eksklusiwiteit en 'n sterk republikeinse oriëntasie waarin die eiesoortigheid van die Afrikaner-kultuur benadruk word (Muller, 1977:419 e.v.)

<sup>9</sup> N.P. van Wyk Louw was ook 'n lid van die Afrikaner-Broederbond. As bevestiging van sy verbintenis met dié organisasie kan drie mosies gelewer aan die Emmarentia-tak vermeld word: i.v.m. 'n nasionale Engelse blad (2.V.Br.1); i.v.m. Suid-Afrikaans koop (2.V.Br.2) en i.v.m. die behoud van eenheid (2.V.Br.3).

<sup>10</sup> Aanvanklik is die Ossewa-Brandwag as 'n kulturele organisasie gestig, maar het mettertyd die politieke arena betree. In ooreenstemming hiermee word 'n nuwe militaristiese styl gekweek (vgl. dr. Hans van Rensburg se bedanking as administrateur van die Vrystaat om as kommandant-generaal van sy semi-politieke organisasie aangestel te word) wat lei tot bittere aanvalle tussen die Nasionale Party en die O.B. Malan versoek lede van sy party om uit die organisasie te bedank waarna die laaste stuiptrekkings van die O.B. gedurende 1943 verstil (Cameron & Spies, 1991:262; Muller, 1977:430).

<sup>11</sup> In 1959 word hierdie wetgewing oor tersiêre opleiding aanvaar. Sogenaamde "oop" universiteite - Kaapstad en Witwatersrand - word voortaan verbied om nie-blankes as studente toe te laat. As teenprestasie word afsonderlike ontwikkeling aangemoedig wat lei tot eie

---

universiteite: "Vir die Zoeloes by N'goye, vir die Indiërs by Durban, vir die Sotho's by Turfloop en vir die Kleurlinge by Belville"; "vir die Xhosas was daar die reeds bestaande Fort Hare, naby King William's Town." (Muller, 1977:439).

<sup>12</sup> Sharpville en Langa is waarskynlik van die prominentste aanklagte teen apartheid: Op 21 Maart 1960 is 69 swart betogers noodlottig deur die polisie gedood, terwyl hulle teen die paswette geprotesteer het. Ook by Langa verloor twee oproermakers hulle lewens in 'n betoging. Buitelandse reaksie is heftig: afkeur en weersin word getoon deur kapitaal uit die Unie te onttrek. En op "27 Maart het duisende mense in London aan 'n betoging teen Suid-Afrika deelgeneem." (Cameron & Spies, 1991:287).

<sup>13</sup> J.C. Steyn (1980:291) herinner "dat daar nie alleen 'nabye' of 'nadere' oorsake is nie, maar ook dié uit 'n veel verder verlede". Hy skets 'n vollediger agtergrond waaruit die verwickeldheid van die kwessie blyk. Ook die gevolge van die 1976-onluste (waaronder migrasie; toename van terrorisme; ongunstige publisiteit, die stigma van 'n verdrukkerstaal en ekonomiese skade i.t.v. geboue, voertuie e.d.m.) "wat die posisie van Afrikaans regstreeks of onregstreeks raak", word deur hom verwoord (Steyn, 1980:296-305). Weens die komplekse aard van die aangeleentheid word daar volstaan met dié voorlopige verwysing.

<sup>14</sup> Vir 'n voorlopige lys van/vollediger verslag oor die korpus werke wat onder die noemer "grensliteratuur" ressorteer, sien Van Coller (1990:74-91). Ook 'n artikel van Mabel Erasmus (1995:137-155) bring insig in die wyse waarop oorlogsliteratuur as (alternatiewe) bron van geskiedskrywing diens doen.

<sup>15</sup> Vergelyk Hoofstuk 3 (bl. 23).

<sup>16</sup> Tydgenote soos Lydia van Niekerk en P.C. Schoonees wou suiwerder eise stel (Wiehahn, 1965:32).

<sup>17</sup> Moontlik is Pienaar se oordeel gekleur deur die debakel rondom die toekenning van die Hertzogprys vir Louw se debuutbundel, Alleenspraak. Louw was nie bereid om dié prys met I.D. du Plessis te deel nie en het die kommissielede (en by implikasie dus vir Pienaar) van "onbevoegdheid en vooroordeel" beskuldig.

<sup>18</sup> "As Van Wyk Louw se bundel Die halwe kring in 1937 verskyn, noem Krige dit in DIE BURGERS van 18 Desember 1937 'die suiwerste bundel poësie in die Afrikaanse taal'. Wanneer E.C. Pienaar sê die gedigte in dié bundel gee hom hoofpyn, raai Krige hom in DIE BRANDWAG van 7 Oktober 1938 aan 'as hy weer 'n digbundel wil bestorm, hy dit moet doen gewapen met 'n flessie asperien'. Krige sorg ook vir 'n literêre rubriek in DIE SUIDERSTEM en dat die jong Nederlandse letterkundige H.A. Mulder Die halwe kring daarin bespreek, 'n resensie wat onmiddellik die aandag trek deur die fyn aanvoeling en die uitspraak dat dié bundel 'n eie plek 'aan die top van die Afrikaanse poësie (inneem) en dit ... in die ry van die groot bundels Nederlandse liriek as hul gelyke plaas'." (Kannemeyer, 1990:166).

<sup>19</sup> Olivier (1992:54) stel E.C. Pienaar se "simplistiese, mimetiese beskouings" in sy kritiek teenoor dié van Louw waarin hy 'n literatuuropvatting verdedig "waarvolgens die meeste hermetiese digkuns op 'n volkservaring berus en meehelp om die 'bestaansreg van die volk self' te verseker".

<sup>20</sup> Dekker (1966:179) verwoord die skerp reaksie deur skrywers "wat wissel van skerp aanklag (Olga Kirch, Uys Krige, Rabie, Bartho Smit, Ingrid Jonker, Chris Barnard) tot sombere besinning, skuldbesef en relativering van die probleem (Opperman, Van Wyk Louw). En dan is daar die wrange klag, die satire en opstandigheid van die Kleurling (Petersen, Philander, Adam Small)". Die feit dat historiese gebeure dikwels 'n direkte gevolg in die literatuursisteem het, kan nie

---

ontken word nie. Dié tendens word dus geïdentifiseer, maar die kontoere daarvan kan nie hier noukeurig nagetrek word nie.

<sup>21</sup> Antonissen (1955:176) verwys reeds na die fenomenale rol wat N.P. van Wyk Louw in die versterking van die geesteslewe van die volk sou speel. Kannemeyer (1988:104) staan heelwat ruimte in sy literatuurgeskiedenis af aan dieselfde saak: "... maar dit is veral N.P. van Wyk Louw wat in sy bundels Berigte te velde en Lojale verset (albei 1939) die strewe van die nuwe geslag die skerpste formuleer en 'n belangrike bydrae tot die 'idee van 'n Afrikaanse nasionale letterkunde lewer'." Die wyse waarop hy hierin 'n hand sou hê, kom binne die bestek van die studie onder die soeklig. Voorlopig word daar volstaan met hierdie kantaantekening.

<sup>22</sup> Van Wyk Louw openbaar 'n "wantroue in die 'kultuurleiers sonder kultuur' wat die Afrikaner tot 'n soort 'Boere-kultuur' wil beperk en die vryheid ontnem om, soos hy dit in Lojale verset stel, 'nuwe waarheid en skoonheid te skep en na nuwe self-gewonne insig te handel'. Daarom ook dat hy steeds 'n wantrou het in mense wat al hulle energie aan kultuurorganisasies wy." Miskien het hy hier ook 'n hou gegee in die rigting van E.C. Pienaar wat tot Kaaplantse verteenwoordiger op die hoofbestuur van die Akademie verkies is, "'n letterkundige vir wie Van Wyk Louw en ander Kaapse skrywers en literatoure sedert die eensydig-'nasionale' resensie oor Die halwe kring die grootste minagting gehad het." (Kannemeyer, 1990:196-197).

<sup>23</sup> Gerwel (1983:8) interpreteer hierdie gesteldheid: "It may strike one as a paradox that in the period in which rampant Afrikaner nationalism was formulating and expounding its ideology in the most direct, explicit and totalistic terms, Afrikaans literary criticism was seemingly becoming less ideological, more formalistic, de-emphasizing the extraneous social links and functions of literature. [...] I wish to argue that this contradiction is one only in appearance. The formalistic approach offered a group newly in political ascendancy, but, understandably, culturally still lacking in self-confidence, the theoretical paradigm for aesthetically celebrating its cultural treasures intrinsically and in their own right as cultural objects. This approach provided the theoretical framework for the conceptual creation of such a category of pure aesthetic cultural objects."

<sup>24</sup> Historiese bronne vermeld die datum van die Sharpeville-voorval as 21 Maart 1960 en nie op 19 Maart soos Coetzee beweer nie.

<sup>25</sup> Willemse (1988:82-83) verklaar hierdie toename in swart Afrikaanse literêre produksie aan die hand van 'n "poging om die self te herontdek, 'n sentrale tese van Swartbewustheid".

<sup>26</sup> "Die vrees dat 'n werk van 'literêre meriete' verbied kon word, het Afrikaanse skrywers, veral N.P. van Wyk Louw, gedwing tot 'n fatale kompromie met sensuur. Hulle het driftig geprotesteer maar uiteindelik tog die wet aanvaar, op voorwaarde dat hulle 'n sê kon hê in die keuse van sleutelpersone in die Publikasieraad. Op hierdie wyse het hulle deel geword van die staatsapparaat." (Coetzee, 1990:34).

<sup>27</sup> Insiggewend is die feit dat Opperman as literêre adviseur ook hier 'n hand in die kanon sou hê (Kannemeyer, 1988:245).

<sup>28</sup> Van Rensburg (1971:139) bring nuwe insig oor Louw se invloed op die Sestigbeweging wanneer hy opmerk dat Van Wyk Louw hulle as nuwe geslag die moed van hulle oortuiging gegee het, "en hulle kon veel gouer aan bewind kom as wat andersins die geval sou gewees het."

<sup>29</sup> Smith (1996:65-89) verreken die wye reaksies op die verbod van Kennis van die Aand binne die volgende kategorieë: reaksies van die publiek; reaksies binne die literêre sisteem, reaksies in

---

die joernalistieke sisteem by wyse van spotprente asook reaksie van die buiteland. Vir die doel van hierdie ondersoek is kennisname van die hewige debat relevant. Die argumente waaruit die diskoers(e) bestaan, is egter nie tersaaklik nie.

<sup>30</sup> Vergelyk ook die verskyning van Foster & Viljoen se Poskaarte waarin hulle wil wegbreek van die estetiese eis van vroeër en eerder 'n tydsdokument wil weergee. Bloemlesings is dus simptome van ideologiese uitgangspunte. Interessant is Hambidge (in DIE BEELD, 9/12/1997) se opmerking: "Gaan kyk maar hoeveel digters van die jare tagtig intertekstueel verslag lewer van die digters van die jare dertig. Lucas Malan praat met Eybers; Johann de Lange met Van Wyk Louw en I.D. du Plessis; Koos Kombuis/André Letoit parodieer die hele dertigerbeweging en so meer." Tog lê die klem nou anders. Daarom kan akkoord gegaan word wanneer Hambidge beweer dat Foster & Viljoen iets vasvang "van die tydsgees sedert die jare sestig, waarin die vaste bakens van die kuns begin verskuif het". (Vergelyk ook verwysings na dié bundel op bl.69-70.)

<sup>31</sup> In 'n gesprek oor die stand van literêre kritiek in die Tagtigerjare sê Joan Hambidge teenoor Piet Roodt "dat die Afrikaanse literêre kritiek begin kennis neem het van verskillende paradigmas. Met ander woorde, die outonome outoriteit van die een, finale, outoritêre lesing is by die deur uit. Gelukkig het lees al hoe meer 'n demokratiese proses begin word." (1991:8). Hierdie uiting lyk volkome in pas met die uitgangspunt(e) wat in die bloemlesing SA in poësie/SA in poetry gereflekteer word.

## HOOFSTUK VYF

### N.P. VAN WYK LOUW AS SPILAGENT BINNE DIE AFRIKAANSE LITERATUURSISTEEM

#### 5.1 Inleidend

In die vorige hoofstuk is daar gepoog om 'n (voorlopige) beskrywing van die twintigste-eeuse Afrikaanse literatuursisteem aan te bied. Hierdie beskrywing is gekonstrueer aan die hand van sisteemteoretiese vertrekpunte; met ander woorde, daar is gefokus op intra- en intersistemiese kragte wat ordenend werk - ook ten opsigte van sisteemgrense<sup>1</sup>. 'n Diskoers rondom die kragte en hul (patroonmatige) verwantskappe kan kwalik voltrek word sonder verwysing na die komponente waartussen dié kragte bestaan.

Daarom behoort die wins van Schmidt se model onderstreep te word. Hy ondersteun 'n teoretiese konstruksie waarin komponente nie net as entiteite gereken word nie, maar as agente wat handelend funksioneer. Sisteemteorie word dus met handelingsteorie gekombineer sodat verskillende handelingsvlakke binne 'n literatuursisteem onderskei kan word. Agente funksioneer nie net as entiteite op verskillende vlakke in die literêre sisteem nie, maar kan ook 'n bepaalde handelingsrol binne 'n groter sosiale sisteem aanneem. Hierdie hipotese het verreikende implikasies: verandering kan dus geïnisieer word wanneer agente binne die groter sosiale sisteem blootstelling kry en nuwe konstruksies van die realiteit na die literêre sisteem oordra via die prosesse van interaksie en kommunikasie. Ter illustrasie 'n opmerking van D.J. Opperman oor die rubriek "Die oop gesprek" wat Van Wyk Louw vanaf 27 Julie 1951 tot 18 Desember 1953 in DIE HUISGENOOT hanteer: "Dikwels herken 'n mens die ou Van Wyk in 'n sin, 'n beeld. M.a.w. ek voel nie dat hierdie opstelle vir my 'n ander nuwe dimensie aan jou persoonlikheid toevoeg nie. Tog is hulle telkens prikkelend; en hulle word ook gelees deur byna 'n elk en 'n ieder; hulle verrig goeie werk; jy vind dat iemand wat buite die letterkunde staan bv. in 'n gesprek

na 'n argument of gedagte van jou sal verwys en dan weet jy ook dit het hom getref." (Kannemeyer, 1990:294). Alhoewel Van Wyk Louw veral binne die literatuursisteem vernuwing bring, manifesteer sy werksaamheid ook in 'n breër verband. Merkwaardig is die feit dat hy hierdie rubriek vanuit Amsterdam behartig. Sy blootstelling aan 'n ander kultuur en werklikheid kan dus die impuls wees tot verandering binne die Afrikaanse literêre sisteem.

Dit is waarskynlik een van die groot winste van die sisteemteorie: die beskrywing van veranderinge (binne spesifieke sisteemgrense) wat nie net onderhewig is aan die voorwaardes van bepaalde kulture en periodes nie, maar terselfdertyd ook die plasing van dergelike verskuiwings binne 'n breër kontekstuele verband. In wese berus die kanoniseringsproses grotendeels op normveranderinge en -verskuiwings in die literatuursisteem en behoort dit dienooreenkomstig beskryf te word.

Onwillekeurig ontstaan die veronderstelling dat alle entiteite nie ekwivalent is nie. Karen de Wet (1994:22) het hierdie hipotese reeds geformuleer in haar ondersoek na die onvoltooide groot gesprek met D.J. Opperman in die Afrikaanse poësie: "Wat die entiteite betref, dien dit om eers daarop te wys dat alle entiteite in die literêre sisteem nie gelyk en gelykwaardig is nie.". Viljoen (1984:67) deel dié opinie: "In literêre sisteme gaan dit dikwels oor watter van die verskillende entiteite in die sisteem oorheers of dominant is.". Ook Schmidt identifiseer "elites" wat hy beskryf as "instances which play a decisive role in the social construction of reality, in defining specific situations, and in making relevant decisions" (1996:5). Dit lyk dus asof sekere entiteite uitgesonder kan word weens die betekenisvolle posisie wat hulle beklee in terme van handelingsrolle en -moontlikhede.

De Wet postuleer in haar proefskrif dat Opperman as só 'n elitistiese entiteit beskryf kan word en wys hom aan as spilfiguur. In aansluiting by haar insig word 'n hipotese vir hierdie ondersoek geformuleer: dit sou moontlik wees om agente



in die literêre sisteem te identifiseer waaróm kragte en verwantskappe wentel - hulle figureer as "elites".

Oor die term "spilfiguur" heers daar egter onsekerheid. In hierdie hoofstuk sal De Wet se definisie van die "spilfiguur" krities beskou word waarna 'n eie hipotese aan die hand gedoen sal word.

## 5.2 'n Kritiese blik op die term "spilfiguur"

Om die strekking van die term "spilfiguur" te beskryf, definieer De Wet (1994:64) dit in terme van twee aksiomas:

⇒ "dat die gekose digter só 'n noemenswaardige bydrae tot die spesifieke literêre sisteem waarbinne hy/sy aktief is/was, gebring het dat hy in verskillende opsigte beskou kan word as die middelpunt van 'n genererende krag wat veroorsaak dat ander digters en gedigte rondom hom en rondom sy werk wentel; en

⇒ dat sekere aspekte en ontwikkelings binne daardie literêre sisteem van hom afhang."

Alhoewel sy te kenne gee dat sy haar op "onvaste grond" begeef, is daar myns insiens denkfoute wat eers geïdentifiseer behoort te word. Die "klassifisering" van digters as major en minor" (De Wet, 1994:64) is uit pas met 'n sisteemteoretiese benadering wat in voorafgaande hoofstukke gesinjaleer is. Hieroor enkele kritiese aantekeninge:

a) Die woordkeuse "digter" is ongelukkig. Alhoewel sy hier haar navorsingsobjek - D.J. Opperman - in gedagte het, is hy méér as net digter. Daarvan is sy nie onbewus nie. Trouens; in hoofstuk drie deurskou sy hom as gespreksinisiëerder aan die hand van (onder andere) sy rolle as

kanoniseerder, literatuurgeskiedskrywer en bloemleser. Die terminologiese verbreding van "digter" na "produsent" sou die volle omvang van sy invloed waarskynlik beter beskryf.

- b) In haar aanloop tot definiëring verwys sy na 'n woordeboekdefinisie van "spil" as die "(a)s waarom iets draai ... die hoofpersoon; die ding waarvan alles afhang (HAT, p.1043)". Hiervolgens verklaar sy dat die verwagting gewek word "dat die spilfiguur 'belangrik' is, aan die bopunt van 'n hiërargie staan, 'n hooffiguur is" (De Wet, 1994:63). Dié woordeboekinskrywing is inderdaad in die kol. Van Dale (1993:2842) gee 'n ooreenstemmende verklaring van die lemma "spilfiguur" as 'n "centrale figuur, iemand die onmisbaar is, om wie alles draait".

Die inhoud van hierdie beskrywings is egter nie te rym met 'n sisteemteoretiese uitgangspunt nie.

As motivering vir só 'n oordeel, word daar verwys na Anbeek se Geschiedenis van de Nederlandse literatuur tussen 1885 en 1985 waarin hy verskillende benaderings tot die skryf van literatuurgeskiedenis onder die loep neem. Hy verwerp 'n aanpak van "een galerij van evaluerende auteursportretten, die veelal door middel van een inleidend hoofdstuk aan elkaar worden gepraat" (Anbeek, 1990:12). Hierteenoor verbind hy hom tot 'n benadering waarin veranderende literêre norme en konvensies beskryf word: "individuele auteurs en afzonderlijke teksten zijn van belang voor zover ze passen binnen een bepaald conventiesysteem en vooral: voor zover ze tot een verandering van die normen bijdragen" (Anbeek, 1990:13-14).

Volgens Even-Zohar (1990:14) is 'n sisteemteoretiese aanpak by uitstek geskik vir 'n beskrywing van normveranderinge. Hierdie voorstel verplaas 'n vorige werkwyse: "Secondly, as already stated, the process of change could not be accounted for, and changes had to be explained in terms of the individual

inventions of imaginative minds or 'influences' from another source, normally on the individual, often isolated level (another writer, a specific work, etc.)". Dit is nie sy noemenswaardige bydrae wat N.P. van Wyk Louw tot middelpunt van die literatuursisteem verhef nie. Inteendeel: hy (lees: sy handeling) is die manifestasie van 'n konsentrasie van kragte wat veroorsaak dat ander digters en gedigte rondom hom en rondom sy werk wentel. By implikasie is sy tekste<sup>3</sup> dan 'n sametrekking van impulse, tendense en konvensies wat binne 'n bepaalde literêre sisteem heers.

Plaas De Wet se definisie werklik literatuuropvatting, norme en konvensies binne 'n breër tyds- en sosiaal-kulturele verband op tafel of word daar gefokus op die krag wat 'n enkele digterpersoonlikheid uitstraal? 'n Poging om "invloed" op kontroleerbare wyse in 'n sisteemteoretiese gesprek op te teken, is verdag omdat die hiërargiese aard daarvan sistemiese kragte buite rekening (kan) laat. Die wins van sisteemteorie lê juis in die verrekening van sogenaamde eksterne (of buite-literêre) faktore om veranderinge binne die literêre sisteem begryplik te maak. Hieroor is Even-Zohar (1990:23) nugter: "One need no longer assume that social facts, for example, must find an immediate, unidirectional, and univocal expression on the level of the literary repertoire, as primitive sociology or the History of Ideas, (orthodox) Marxism included, would like us to believe.". Tog kan "materially manifested changes" (Even-Zohar, 1990:14) nie uitsluitlik in terme van 'n digter se inspirasie en verbeelding verklaar word nie. Moontlik kan 'n middeweg tussen dié twee opposisies gevind word. Daarom lyk dit asof 'n werkwyse wég van 'n bepaalde figuur in die rigting van normveranderinge (as deel van die proses van literêre evolusie) binne sisteemverband die beste basis vir 'n beskrywing bied.

De Wet omskryf die doel van haar ondersoek só: "om 'n eksemplariëse oorsig te gee van die literêre sisteem waarby D.J. Opperman in die Afrikaanse letterkunde betrokke is deur ondersoek in te stel na Opperman se generende krag in daardie sisteem, met die doel om hom as 'n spilfiguur daarvan te identifiseer, en ook om

'n breë kartering te gee van die literêre gesprek wat in en deur 'n verskeidenheid gesprekvrorme met hom in die Afrikaanse poësie gevoer word" (De Wet, 1994:11). Miskien moes die klem anders lê. Indien die oogmerk van haar ondersoek is om Opperman as spilfiguur te identifiseer, pas dit myns insiens nie binne die kader van 'n sisteemteoretiese benadering nie. Dan staan hierdie bewoording in die teken van 'n teoretiese onverdraagsaamheid. Dit is juis 'n beskrywing van die proses(se) binne die literatuursisteem wat betekenisvol is - waarby uiteraard ook die sogenaamde spilfiguur by implikasie betrokke is.

Daarom word voorkeur verleen aan die term "spilagent" bó "spilfiguur". Hiermee word geïmpliseer dat sekere entiteite<sup>4</sup> opval vanweë die belangrike funksie(s) wat hulle vervul binne die literatuursisteem van 'n bepaalde tydvak. Aangesien kanonisiteit nie 'n eienskap is wat in 'n digter óf sy teks ingeskepe is nie, is ook hierdie kenmerk(e) deel van die dinamiese proses. Daarom lê die doel van hierdie ondersoek nie in die identifisering van 'n spilfiguur nie, maar in 'n beskrywing van die kragte wat rondom die spilagent (as manifestasie van bepaalde literatuuropvattinge, norme of konvensies) wentel.

Ook De Wet (1994:63) se interpretasie van die spilfiguur as iemand wat "aan die bopunt van 'n hiërargie staan, 'n hooffiguur is", is gevaarlik. Kan daar enigsins binne sisteemteoretiese verband geredeneer word in terme van 'n hiërgiese struktuur? In 'n vorige hoofstuk<sup>5</sup> is een van die vasstelbare wetmatighede (inherent aan die literêre sisteem) beskryf as dat "daar geen eenduidige hiërargie bestaan waaruit die sisteem beheer word nie".

Om krities te kyk na 'n bestaande definisie, is misleidend maklik. Om egter 'n standhoudende teoretiese formulering in die plek daarvan te stel, is 'n ander aangeleentheid. Sonder 'n versigtige, akkurate aanpak kan die gesprek maklik ontspoor. Daarom 'n poging tot 'n haalbare werkdefinisie waarin die gesuggereerde denkfoute vermy word.

Vir die doel van hierdie ondersoek, kan die term "spilagent" só beskryf word:

'n Spilagent<sup>6</sup> is die sametrekking van intra- en intersistemiese relasies wat wentel rondom bepaalde norme en konvensies. Enersyds inisieer die spilagent kanoniserende kragte (veral op die vlak van produksie en distribusie); andersyds word kragte wat kanoniserend werk (veral op die vlak van resepsie en verwerking) deur die spilagent gereflekteer. Hierdie kulminasie van kragte kan kategoriees beskryf word as:

- omvangryk;
- gekonsentreerd; en
- genererend.

Vervolgens 'n poging om die verskillende aspekte van hierdie formulering te verduidelik, te motiveer en te interpreteer met verwysing na N.P. van Wyk Louw as eksemplariese materiaal.

### **5.3 Wie of wat kwalifiseer as spilagent en waarom?**

#### **5.3.1 Inleidend**

Indien daar betekenishelderheid bestaan ten opsigte van die inhoud van die term "spilagent", kan 'n volgende vraag geformuleer word. Wie (of wat) kwalifiseer as spilagent? Logieserwys lei hierdie vraag na die vasstelling van bepaalde kriteria. Met ander woorde: om watter redes word sekere entiteite as spilagente uitgesonder?

De Wet sê hieroor: "In hierdie stadium van die argument behoort dit duidelik te wees dat dit kenmerkend van die spilfiguur is dat hy besonder aktief in die literêre sisteem is, dat sy aktiwiteit produkte lewer wat hoog aangeslaan word en gekanoniseer word, en dat hy aktiwiteit/gebeure rondom hom konsentreer. So

beskou is dit dus die spilfiguur self wat die grense van die literêre sisteem (waarvan hy die inisiërende en middelpuntvlietende krag is) bepaal - onder andere ook deur die gedigte wat hy genereer (dit is: self skryf) en ook deur dié wat hy inisieer (dit is in gesprekreaksie by ander digters laat ontstaan).” (1994:67).

Die *eerste deel* van haar argument bied 'n knap samevatting van kriteria waaraan 'n spilagent herken kan word. 'n Transposisie na 'n sisteemteoretiese denkraamwerk sou só kon klink: 'n spilagent inisieer en genereer betekenisvolle kragte binne al vier subsisteme - dié van produksie, distribusie, resepsie en verwerking.

Tog laat die *laaste segment* 'n mate van huiwering agter. Is dit die spilfiguur wat die sisteemgrense bepaal? Dit lyk na 'n riskante onderneming. Sou 'n omgekeerde orde nie 'n beter voorstel wees nie? Die sisteem is uiteraard 'n teoretiese abstraksie en word ooreenkomstig die doel van die navorsingsondersoek gekonstrueer. Tog is dit empiries beskryfbaar. Met ander woorde: metodologies suggereer 'n kontroleerbare werkwyse dat sisteemgrense éérs vasgestel moet word waarna die patroonmatige voorkoms van kragte en verwantskappe lei tot die identifisering van spilagente. Hiervolgens kan die kragte wat deur spesifieke spilagente gegeneer en gereflekteer word op wetenskaplike wyse beskryf word in terme van hul intra- en intersistemiese manifestasie.

### **5.3.2 Kriteria vir kwalifisering as spilagent**

Die kriteria wat Karen de Wet in die eerste deel van haar definisie aangevoer het, word sonder meer aanvaar. As uitvloeisel hiervan dan 'n poging om N.P. van Wyk Louw as spilagent te toets aan voorgenome kriteria.

Die volgende kriteria kan as filter dien in die identifisering van 'n spilfiguur (aldus de Wet):

1. die **manifestasie van hoë aktiwiteit** binne die literatuursisteem as onderskeidende kenmerk van die spilagent;
2. **kanoniserende reaksies** op die spilagent as aanduiding van **hoë erkenning** binne sisteemverband; en
3. die **konsentrasie van aktiwiteite en gebeure** rondom die spilagent as bevestigende handeling van sy funksie.

5.3.2.1 Die manifestasie van hoë aktiwiteit binne die literatuursisteem as onderskeidende kenmerk van die spilagent

Hierdie kriterium spreek vanself.

- ◆ Daar kan sonder vrees vir teenspraak beweer word dat N.P. van Wyk Louw besonder aktief was in die literatuursisteem van sy tyd. Sy literêre produkte is getuigenis van sy omvangryke oeuvre (sien bylaag A)
- ◆ Besonder betekenisvol is die feit dat N.P. van Wyk Louw nie net literêre invloed gehad het nie, maar dat hy óók aktief betrokke was binne 'n breër sosiale sisteem. Hierdie aspek beklemtoon W.E.G. Louw in 1971 in 'n huldigingsblyk aan sy broer: "Hoewel 'n mens in die eerste plaas aan hom as digter dink, was hy ook dramaturg, essayis, kultuurhistorikus, wysgeer en polemikus. As dramaturg het hy die versdramas Die dieper reg (1938) en Germanicus (1956) nagelaat, sowel as Die pluimsaad waai ver, wat, na ek verneem, binne afsienbare tyd gepubliseer sal word; maar daarnaas ook 'n reeks van ses hoorspele, van Dias (1952) af tot die radiofoniese operateks Asterion (1965), die sinnespel Berei in die woestyn (1968) en die satiriese blyspel Koning-Eenoog. Sy essayistiese werk bestaan uit 'n indrukwekkende reeks van twaalf bundels, van Berigte te velde (1939) af tot die postuum verskene Rondom eie werk (1970), 'n verskeidenheid wat haas alle denkbare

fasette van ons geesteslewe belig - van die suiwer literêre, die literatuurwetenskaplike en die kultuurhistoriese tot die polemiese politiek" (opgeneem in Van Rensburg, 1982:8).

Naas D.J. Opperman kan Louw sekerlik beskryf word as een van die aktiefste kanoniseerders in die Afrikaanse letterkunde tot op hede. In 'n vorige hoofstuk is verskeie terreine uiteengesit waarbinne die kanoniseringsproses voltrek kan word: literatuuronderrig, literêre prystoekening, die publikasie van boeke, ensovoorts. Meer nog, daar is 'n wye verskeidenheid entiteite wat aan dié proses meewerk: skrywers, kritici, uitgewers, akademici, bloemlesers, vertalers én bloot geïnteresseerde lesers. Tog geskied hierdie omvattende proses soms in die gestalte van een persoon (by implikasie via sy tekste as modelle). Die wye omvang van sy skeppende oeuvre én kritiese geskrifte manifesteer 'n enkele aspek van sy kanoniseringsrol; hierby behoort sy aktiwiteite buite die literêre sisteem ook gereken te word om te kom tot 'n egte waardebeoordeling van sy kanoniserende invloed in die Afrikaanse letterkunde.

#### 5.3.2.2 Kanoniserende reaksies op die spilagent as aanduiding van hoë erkenning binne sisteemverband

Die waarde van Van Wyk Louw se werk kan kwalik in twyfel getrek word. Sy talent is sonder huiwering deur sy tydgenote aangeprys: "Vir ons wat vandag nog maar halfpad kan beseef wat die waarde van Van Wyk Louw se poësie is omdat ons nog te na aan die figuur verkeer, is enkele dinge darem al belangrik: dat ons 'n groot tydgenoot kon herken toe hy tussen ons was, dat ons hoogste literêre toekennings aan hom kon gee, dat ons die eerste en van ons beste kritiek oor sy werk kon skryf, dat ons sy nugter literêre teorie kon aanvaar en dat ons die drie groot vernuwings in sy poësie en dus in die beste wat die Afrikaanse poësie nog opgelewer het, kon meemaak en waardeur. Net om 'n tydgenoot te kon wees, is 'n voorreg." (Nienaber, 1966:voorwoord).



- ◆ Hierdie tydgenootlike bewondering kan as tendens in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis en -kritiek aangetoon word. Enkele uitsprake word chronologies aangehaal as getuie vir bostaande stelling:

“Kortom, uit die suide van Afrika styg die stem van Louw tussen die grotes van die Westerse poësie.” (Opperman, 1953:251)

“Buite betwisting is hy, as liriese, epiese en dramatiese digter en as essayis, tot dusver Suid-Afrika se grootse literêre kunstenaar.” (Antonissen, 1955:208)

“Met Van Wyk Louw besit ons letterkunde ‘n digter van Dietse betekenis, van Europese formaat.” (Dekker, 1966:213)

“Dit gebeur nie dikwels dat ‘n skrywer so ‘n sentrale plek in sy letterkunde inneem soos N.P. van Wyk Louw in die Afrikaanse nie. Hy was nie alleen die onmiskenbare en alomerkende leier van sy geslag en die geestelike beskermheer van latere geslagte nie (en dit oor ‘n periode van meer as 35 jaar), maar is ook tot dusver die hoogtepunt van die Afrikaanse letterkunde. Daarom kan ‘n mens hom sonder teenspraak die sentrale figuur van sy letterkunde tot op datum noem.” (Van Rensburg, 1971:137)

“[...] ontwikkel Nicolaas Petrus van Wyk Louw (1906-1970) in die dertigerjare tot die leidende figuur van sy generasie en word hy as digter en essayis een van die heel grootste persoonlikhede wat die Afrikaanse letterkunde nog geken het.” (Kannemeyer, 1988:134)

- ◆ C. Barratt stel so vroeg as 1959 ‘n **bibliografie op oor N.P. van Wyk Louw**. As motivering vir haar keuse sê sy: “Deur sommige kritici word hy gehuldig as die sterkste digtersfiguur wat ons land nog opgelewer het en, volgens hulle,

vergelyk sy digkuns gunstig met die beste in die hedendaagse Dietse digkuns. Oor die juistheid al dan nie van hierdie uitspraak, kan alleen die oordeel van die tyd beslis. Wat ons wel kan beweer, is dat Van Wyk Louw die vernaamste en hartstogtelikste verteenwoordiger is van die individualistiese rigting in die Afrikaanse poësie." In 1998 kan inderdaad bevestig word dat Van Wyk Louw se status gegroei het tot méér nog as wat sy kon vermoed.

- ◆ As bevestigende bewys van sy artistieke gehalte publiseer T.T. Cloete 'n **bundel opstelle** oor die poësie van N.P. van Wyk Louw, Op die woord af (1963) en Ernst van Heerden se **monografie** verskyn in dieselfde jaar.
- ◆ In 1960 verskyn 'n **keur uit die gedigte van Van Wyk Louw met die oog op 'n Nederlandse leserspubliek** by die Amsterdamse uitgewer G.A. van Oorschot, versorg deur Elize Botha en A.P. Grové. (Kannemeyer, 1990:157).
- ◆ Die wyse waarop N.P. van Wyk Louw se artistieke werk in later jare opgeneem word in skool- en universiteitskurrikula word gereflekteer deur die publikasie van verskeie "blokboeke". In sy studiehandleiding bespreek A.P. Grové Raka (1966), terwyl C.J.M. Nienaber studiehulp saamstel vir die bundels Alleenspraak, Die Halwe Kring en Gestaltes en Diere (1967). Roy Pheiffer behandel Dias en ander hoofspele (1966) van N.P. van Wyk Louw in sy handleiding vir studente. P.J. Conradie bespreek Germanicus vir die blokboekreeks (1966) en in Treknet behandel Lindenberg gedigte wat hy en Louw vir dié bundel gebloemlees het. Al dié publikasies verskyn by *Academica*.
- ◆ Gedurende sy leeftyd **ontvang N.P. van Wyk Louw by vyf geleenthede die Hertzogprys**: in 1937 vir sy bundel Alleenspraak (hy sou die prys met I.D. du Plessis moes deel); in 1940 vir sy bundel Die Halwe Kring; in 1958 vir sy kritiese prosa; in 1960 vir sy drama Germanicus; en in 1965 vir sy bundel Tristia. Daarby word hy bekroon met die CNA-prys vir letterkunde in 1963.

Nog 'n toekenning val hom te beurt: die SAUK-prys vir hoorspele word aan hom toegeken vir Dagboek van 'n soldaat.

- ◆ Erkenning binne 'n **breër sosiale sisteem** is opmerklik. As motivering kan daar onder andere verwys word na die publikasie van Johan Degenaar, Eksistensie en Gestalte, waarin hy die verband tussen eksistensialisme en die poësie van N.P. van Wyk Louw tot tema neem. Hierdie bundel verskyn reeds in 1962. In 1976 publiseer Degenaar ook Moraliteit en Politiek waarin 'n hoofstuk gewy word aan die politieke filosofie van N.P. van Wyk Louw.

### 5.3.2.3 Die konsentrasie van aktiwiteite en gebeure rondom die spilagent as bevestigende handeling

In 'n teoretiese uiteensetting (vergelyk bl. 16) is die verskil tussen 'n sinchroniese en diachroniese kanon beklemtoon. Van Coller (1994:3) verduidelik dié onderskeid só: "Dit impliseer as't ware 'n historiese teenwig vir eietydse smaak: nie alle werke wat kontemporêre waardering geniet, sal 'klassieke' status verwerf nie. Dié onderskeiding berus by opeenvolgende geslagte lesers." Hierdie verskil kan ook aan die hand van dié kriteria - oftewel: kriteria insake die spilagent - helder omlin word. Indien 'n outeur se tekste gedurende sy leeftyd hoog aangeslaan word (vergelyk 3.2.2), word dit opgeneem in die sinchroniese kanon. Hierdie kanon sinjaleer slegs 'n voorlopigheid. Om toegang tot die diachroniese kanon te verkry, moet die produkte aan ánder voorwaardes beantwoord. Hier is die derde kriterium ter sprake: die digter/produsent moet aktiwiteite en gebeure rondom hom konsentreer. Met ander woorde: wanneer normveranderings en -verskuiwings plaasvind, behoort sy produkte steeds relevant te bly om geldigheid te behou. Hierdie vereistes kan op velerlei wyses gestaaf word wanneer hulle aan toetsing onderwerp word.

- ◆ Die byna tallose **akademiese verhandelinge en proefskrifte** vertel 'n eie verhaal oor die betekenis en bydrae van N.P. van Wyk Louw. Uiteraard sou 'n

volledige lys van akademiese studies té veel ruimte in beslag neem. Hier word slegs na enkele studies verwys om die rolspelers in die akademiese gesprek rondom die werk van N.P. van Wyk Louw aan te dui. Die statuur van die navorsers wat sy nalatenskap by wyse van akademiese arbeid deurgrond het, is onberispelik.

### **D.Litt et Phil-studies<sup>7</sup>**

- 1971 C.E. Pretorius: Die begrip intellektueel by N.P. van Wyk Louw
- 1971 A. de Villiers: Regieboek vir GERMANICUS van N.P. van Wyk Louw
- 1978 A.P. van der Colf: Poësie en godsdienste, met spesiale verwysing na die godsdienstige gedig by N.P. van Wyk Louw
- 1982 I.R. Raper: Die bydrae van stilistiese benaderings tot teksanalise, met toetsing aan "Groot Ode" van N.P. van Wyk Louw
- 1985 H.E.J. van Vuuren: Die gesprek tussen literêre kunswerke met spesifieke verwysing na TRISTIA en KOMAS UIT 'N BAMBOESSTOK
- 1986 W.J.A. van Tonder: N.P. van Wyk Louw as literêre kanttekenaar
- 1987 M.M. Garbers: The TRISTIA and EPISTULAE EX PONTO of Ovid - a study in functional symbolism
- 1989 G. Olivier: N.P. van Wyk Louw: Literatuur, filosofie en politiek
- 1990 J.L. Coetser: Die geleentheidsdrama by N.P. van Wyk Louw
- 1991 W.L. Liebenberg: Die begrip 'teken' in TRISTIA by N.P. van Wyk Louw

Méer nog: die **publikasie van proefskrifte** deur Pretorius (1972), Van der Colf (1980), Van Vuuren (1989) en Olivier (1992) byvoorbeeld, bevestig hierdie argument. In haar publikasie bring Van Vuuren indringende begrip in terme van intertekstuele spanninge rondom Tristia, terwyl Olivier onder leiding van Ernst Lindenberg promoveer met ideologiesekritiese opvattinge oor Louw se denke en werk. Binne hierdie gegewe konteks is dit interessant dat Olivier sy M.A.-verhandeling oor ongepubliseerde poësie van Louw by D.J. Opperman voltooi het.

**Navorsing oor N.P. van Wyk Louw word selfs buite die landsgrense voltrek.**

In 1972 promoveer Muthal Naidoo aan die Universiteit van Indiana op grond van 'n proefskrif getiteld N.P. van Wyk Louw and D.J. Opperman: Afrikaans verse dramatists of South-Africa.

**MA-verhandelinge**

1963 E. Steenberg: Die begrip van die woord "duister" in die poësie van N.P. van Wyk Louw

1967 L.B. Odendaal: Prinsipes van die radiodrama, soos afgelei van enkele radiodramas

1968 W.J. Basson: Die vreugdemotief in DIE HALWE KRING (N.P. van Wyk Louw)

1968 P. Kroppe: Die Christelik-historiese gedigte in TRISTIA

1968 A.M. Pienaar: Ontleding en waardering van "Klipwerk" van N.P. van Wyk Louw

1969 H.J. Schutte: Interpretasie van N.P. van Wyk Louw se "Groot Ode"

1970 R.C. Gräbe: Benadering van "Die hond van God" (N.P. van Wyk Louw) vanuit die rym

1970 L.J. Malan: Die veraanskouliking in N.P. van Wyk Louw se hoorspel DIAS

1971 J.C. Piek: Die katarsis-belewing in GERMANICUS van N.P. van Wyk Louw

1972 A.C. Cilliers: "Beeld van 'n jeug: Duif en perd" van N.P. van Wyk Louw as literêre probleemdraer

1973 H.P. van Coller: Die nasionale element in die skeppingswerk van N.P. van Wyk Louw

1974 J.J.P. Beneke: Heerser en humanis as spanningspaar in die werk van N.P. van Wyk Louw

1974 J.O. van Zyl: Die opvoedkundige nalatenskap van N.P. van Wyk Louw: 'n terreinverkenning

1977 G. Olivier: 'n Ondersoek na die ongepubliseerde poësie van N.P. van Wyk Louw

- 1982 C.B. Giliomee: Die hoorspele van N.P. van Wyk Louw
- 1984 J.M. Gilfillan: TRISTIA-interpretasies, met toespitsing op "Groot Ode"
- 1984 S.E. Smuts: Die ironie in enkele gedigte in TRISTIA van N.P. van Wyk Louw

'n Interessante toevoeging tot hierdie studies is vroeëre werke waarvan Van Zyl (1974:295-296) melding maak, onder andere dié van:

- 1940 A.P. Grové: Die religieuse gevoel in ons jongste digkuns
- 1948 C. van Heerden: Die agtergrond en ontwikkeling van die digter N.P. van Wyk Louw
- 1949 J.C. Combrink: N.P. van Wyk Louw as digter
- 1949 T.T. Cloete: N.P. van Wyk Louw se siening van die geestelike lewe as teen-natuurlik en sy profeetskap daarvan
- 1953 F.I.J. van Rensburg: Stilistiese analise: "Ballade van die Bose" van N.P. van Wyk Louw
- 1958 H.W. Truter: Twee dramatiese monoloë: 'n bydrae tot die studie van die verskuns by Leipoldt en Van Wyk Louw
- 1972: C.J. Pretorius: Die dramatiese element in die kreek, met spesiale heenwysing na gedigte van D.J. Opperman en N.P. van Wyk Louw
- 1978: R. Malan: Katarsis as intern-dramatiese konsep, met besondere verwysing na "Germanicus" van N.P. van Wyk Louw en "Perandros van Korinthe" van D.J. Opperman
- 1982: I.A. van den Berg: N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman in intertekstuele gesprek

**Ander geregistreerde navorsingsprojekte (nie vir graaddoeleindes nie)**

- 1977 E. Pretorius: Kultuurbeskouing van N.P. van Wyk Louw
- 1989 E. Lindenberg: N.P. van Wyk Louw se Amsterdamse periode en TRISTIA
- 1994 J.L. Coetser: Die dieper reg (Van Wyk Louw): Royce, regsídee, resepsie

Interessant is die verskeidenheid departemente en fakulteite waarbinne hierdie navorsing voltrek is: Geskiedenis; Kultuurgeskiedenis; Teologie; Latyn; Didaktiek; Drama; Musiek; Filosofie; Biblioteek- en Inligtingkunde sowel as Historiese en Vergelykende Opvoedkunde. Hierdie ondersoek staaf nie net die status wat Van Wyk Louw binne die Afrikaanse literatuursisteem beklee nie, maar bevestig ook sy reikwydte in 'n breë navorsingsverband.

- ◆ N.P. van Wyk Louw se akademiese status word bevestig én bekroon wanneer hy verskeie **eredoktorsgrade** ontvang. Kannemeyer (1978a:379) som dit op: "Afgesien van die eredoktoraat wat die Rijksuniversiteit van Utrecht reeds so vroeg as 1948 aan hom toeken, ontvang hy ook eredoktorate van die Rhodes-universiteit en die Universiteit van Suid-Afrika, Stellenbosch en Kaapstad".
- ◆ By geleentheid van N.P. van Wyk Louw se vyftigste verjaarsdag verskyn 'n bibliofiele uitgawe van sy reeks essays Die 'mens' agter die boek in 'n oplaag van driehonderd genummerde eksemplare.
- ◆ Op sy sestigste verjaardag word N.P. Van Wyk Louw vereer met twee **huldigingsbundels**. Smal Swaard en Blink word aangebied deur Ernst van Heerden (namens 'n huldigingskomitee) waarin opstelle vervat is om Louw as skeppende kunstenaar en akademikus te gedenk. Ook 'n huldevers van Opperman word hierin opgeneem. Nasionale Boekhandel - uitgewer van 'n hele aantal van sy bundels - publiseer Beeld van 'n Digter om "sy aandeel as leier, teoretikus en bowenal grootste digter van die Dertigerbeweging, wat meteens die Afrikaanse poësie tot die hoogs moonflike vlak gevoer het" (Nienaber, 1966:voorwoord) aan te prys. Hierby hoort ook die Tristia-sketsboek ('n weergawe van die handgeskrewe tekste van sommige verse uit sy laaste digbundel) wat sedert 1966 as eerbetoon aan Van Wyk Louw stand hou. Hierby hoort 'n spesiale uitgawe van Raka met litografieë deur Katrine Harries wat dieselfde doel het (Kannemeyer, 1978a:380).

- ♦ In tydskrif-verband word Van Wyk Louw se sestigste verjaardag gevier met 'n spesiale uitgawe van STANDPUNTE (XIX:5, Junie 1966).
- ♦ Daar was verskeie **artistieke reaksies** binne die literatuursisteem van sy tyd én daarna. Dit is egter 'n verwickelde en versigtige proses om hierdie reaksies ná te trek en daarvoor verslag te doen. By wyse van illustrasie kan daar verwys word na Greshoff wat sy bundel Verzamelde Gedichten (1948) aan Van Wyk Louw opdra. Vertalings en toonsettings is by uitnemendheid 'n manifestasie van reaksie binne die artistieke veld. In die jaar van Louw se sterfte verskyn *Raka* in Duits, **vertaal** deur W.A. Kellner. Ander afsonderlike werke word vertaal, o.a. deur Guy Butler, William Branford, Anthony Delius, C.J.D. Harvey, Anthony Dawes (Engelse vertaling van Raka) en Helmut Erbe (Kannemeyer, 1978a:380). Verskeie van Louw se **tekste is ook getoonset**, onder andere deur Rudolf Mengelberg, Wolfgang Wijdeveld, Henk Badings, Rosa Nepgen, Blanche Gerstman, Dawid Engela en Cromwell Everson (Kannemeyer, 1978a:380). In hoofstuk ses sal artistieke reaksies aandag kry wanneer Louw se kanoniserende rol ten aansien van sy kreatiewe werk onder die soeklig kom.
- ♦ Van Wyk Louw is die eerste van 'n reeks digters wat deur T.T. Cloete in 'n **fotoboek** vereer word. Hiertoe werk verskeie belanghebbende persone en instansies mee: sy vrou, Truida; prof. P.J. Nienaber; jhr. mr. K.E.D. von Bose uit Nederland; die universiteite Rhodes, Witwatersrand, Kaapstad, Stellenbosch en die Randse Afrikaanse Universiteit; die SAUK; die Transvaalse, Kaapse en Vrystaatse Rade vir Uitvoerende Kunste; die uitgewers Human en Rousseau, Nasionale Pers, Nasou en Tafelberg; dagblaaie en tydskrifte waaronder Die Beeld, Die Burger, Rapport, Die Transvaler, Die Vaderland, Die Volksblad, Die Huisgenoot, Lantern, Panorama, Suid-Afrikaanse Biblioteke/South African Libraries en Standpunte, die C.N.A.; Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die F.A.K. (Cloete, 1974:verantwoording). Hierdie samewerking tussen persone



en instansies is tot 'n groot mate bevestigend van die status wat N.P. van Wyk Louw in die literatuursisteem beklee het.

- ◆ In Februarie 1975 word 'n reeks lesings by die Universiteit van Kaapstad aangebied. Hierdie SOMERSKOOL bevestig sy status binne akademiese geleedere. Daar is verskeie sprekers wat verskillende aspekte van sy werk aanraak, onder andere:

A.J. Coetzee: "Betrokkenheid en die poësie van N.P. van Wyk Louw"  
P.J. Conradie: "N.P. van Wyk Louw as dramaturg"  
W.J. de Klerk: "Die ironie rondom N.P. van Wyk Louw"  
J.J. Human: "N.P. van Wyk Louw en die verkrampte aanslag"  
E. Lindenberg: "Fases in die poësie van N.P. van Wyk Louw"

- ◆ In welke mate Van Wyk Louw werklik aktiwiteite en gebeure rondom hom filter en fokus, word weerspieël deur die **Van Wyk Louw-gedenklesings** wat sedert sy afsterwe jaarliks by die Randse Afrikaanse Universiteit plaasvind. Die oogmerke van hierdie gedenklesings word deur die inisieerder daarvan, F.I.J. van Rensburg (1982), in sy voorwoord tot Oopgelate kring beskryf:

"In die eerste plek moes dit 'n vaste basis skep vir 'n deurlopende studie van Van Wyk Louw se werk. [...] Van Wyk Louw se werk is te waardevol om die slagoffer te word van 'n verskynsel wat in die grond 'n modeverskynsel is.

In die tweede plek moes dit 'n gedenklesing wees, nie byvoorbeeld 'n huldigings- of herdenkingslesing nie. 'n Huldigings- of 'n herdenkingslesing, hoe goed ook al bedoel, beperk byna noodwendig die aansprekingskrag van 'n oeuvre. Dit fokus veral op die bereikte en die voltooide. 'n Gedenklesing behels egter iets meer. Dit wil ook die onverwerklikte moontlikhede van 'n oeuvre ondersoek en die tersakenheid daarvan vir latere tye bepaal. Van Wyk Louw se werk is 'n ryk veld van onverwerklikte moontlikhede. In sy betreklik kort lewe het hy op 'n verskeidenheid van terreine, literêr én nie-literêr, 'n magdom

opdragte en 'ideale' aangestip, sonder dat hy die geleentheid gehad het om hulle verder of ten volle uit te werk. Dis hierdie inisiatiewe wat vra om opgevolg en verder gevoer te word”.

Inderdaad word hierdie inisiatiewe opgevolg en die diskoers word binne 'n breë sosiale verband geplaas. Name wat opval is dié van W.E.G. Louw, G. Dekker, A.P. Grové, Etienne Leroux, Ernst van Heerden, T.T. Cloete, F.I.J. van Rensburg, H.P. van Coller, W.A.P. Smit, maar ook G. Van N. Viljoen, W.P. Esterhuyze, P.J. Cillié, R.E. van der Ross, J.C. van der Walt en W.J. de Klerk. Rolspelers uit verskillende samelewingsfere word verteenwoordig.

- ◆ F.I.J. van Rensburg neem deel aan die gesprek rondom N.P. van Wyk Louw met die publikasie van twee **bundels**, Sublieme Ambag (1975) en Swewende Ewewig (1975) waarin **beskouings oor sy werk** geartikuleer word.
- ◆ In 1989 versamel Peter Louw, Van Wyk se seun, sy korter en meer toeganklike verse in 'n **bloemlesing**: Verborge Vuur. Verklarende aantekeninge, herinneringe en besonderhede oor die ontstaan en agtergrond van die gedigte dien as oorweging by die samestelling van hierdie bundel.
- ◆ Met Oh wide and sad land (1975) bring Adam Small<sup>8</sup> op 'n unieke wyse hulde aan N.P. van Wyk Louw. Hierdie **versameling vertaalde gedigte** maak sy werk vir 'n groter lesersmark toeganklik.
- ◆ As hoogtepunt kan die **N.P. van Wyk Louwmedalje** moontlik uitgesonder word. Hierdie prys word deur Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns<sup>9</sup> uitgelooft waamee werk van die hoogste gehalte bekroon word. Daar is 'n streng prosedure aan verbonde en die volgende oorweging geld by die keuse van 'n kandidaat: “So 'n persoon se skeppende bydraes tot die ontginning, organisasie en volgehoue uitbouing van 'n vertakking of vertakkings van die geesteswetenskappe en wat as 'n wesenlike en

belangrike bydrae tot die bevordering van die geesteswetenskappe beskou kan word. [...] Die prys word beskou as die bekroning van buitengewone prestasie, normaalweg van volgehoue aard. Dit kan slegs een maal aan 'n persoon toegeken word." (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1993:reglement).

- ♦ Die **internasionale belangstelling en erkenning** wat Louw te beurt geval het/val, blyk uit 'n teks Voortbestaan in Gerechtigheid waarin verskeie wetenskaplikes die "dichten en denken" van N.P. van Wyk Louw belig. Hierdie publikasie verskyn in 1985 onder redaksieleiding van Jan Biezen in Leiden.

### 5.2.3 Samevattend

Dit was 'n poging om die kriteria wat Karen de Wet vasgestel het binne 'n sisteemteoretiese denkstruktuur te beskryf en te toets. 'n Diepte-studie oor die nalatenskap en navolging van N.P. van Wyk Louw was nie die doelwit nie. Wat wel betekenisvol is, is die bevestiging van Louw (by wyse van sy produkte) as spilagent. As laaste afdeling dan 'n beskrywing van sy kanoniserende rolle. Aangesien hierdie aspek meer spesifiek aan bod kom in die volgende hoofstuk, word hier slegs kriptiese kantaantekeninge aangebied as voorbereiding vir 'n vollediger bespreking.

### 5.3 Kanoniseerder en gekanoniseerde: 'n voorlopige beskrywing van Louw se handelingsrolle binne die literatuursisteem

Schmidt het sisteemteorie met handelingsteorie gekombineer ter wille van die wins wat dit bring: agente neem bepaalde handelingsrolle aan sodat die dinamiese aksie- en reaksiekragte binne sisteemverband beskryf kan word. N.P. van Wyk Louw is as spilagent geïdentifiseer. By implikasie behoort hy dus verskeie kanoniserende rolle te vervul. Nie net behoort sy kanoniserende

handelinge op verskillende sisteemvlakke duidelik te word nie, maar ook binne 'n breër verband. Op 'n praktiese vlak word hier dus die benoeming, ordening en beskrywing van sy kanoniserende rolle in die vooruitsig gestel waarby die vier handelingsvlakke betrek word. 'n Eklektiese werkwyse is hier aan die orde.

Op 'n eerste vlak - dié van **produksie** - kan Louw se kanoniserende rol gereduseer word tot sy literêre produkte: sy versameling digbundels en dramas waarin sy skeppende krag gereflekteer word en sy kritiese opstelle wat in twaalf bundels vervat is. As akademikus en kritikus skep hy 'n klimaat vir verandering en vernuwing wat telkens deur sy poësie ge-eggo sou word. As digter van dertig vind die normdeurbreking op velerlei wyses gestalte in sy gedigte. Kanonisering geskied dus deur middel van sy publikasies: kreatief én krities gesproke.

Byna onlosmaaklik verbind hiermee is sy betrokkenheid by die kanalisering van literêre produkte. Dié vlak van **distribusie** het verskeie gedaantes:

- \* as **bloemleser** het hy 'n bepalende invloed ook ten opsigte van literatuuropvattinge en -konvensies;
- \* as **stigterslid van die Vereniging van die Vrye Boek** bestry hy die beperktheid van "voorgeskrewe tekste" en beywer hy hom vir vryer uitdrukkingsgeleenthede en -middele;
- \* as **redaksielid van STANDPUNTE** bepaal hy in 'n groot mate watter literêre polemieke en kritieke onder die oë van die publiek kom;
- \* sy **studente wat doktorsale dissertasies onder hom voltooi** (Wiehahn, Du Plessis, Cloete en Lindes) is op 'n implisiete wyse betrokke by die kanoniseringsproses, aangesien Van Wyk Louw se literaturopvattinge ten dele in hulle werk weerklank vind, en hulle sou later weer belangrike rolspelers in die Afrikaanse literatuursisteem word;
- \* sy **betrokkenheid by die radio en uitsaaiwese** verbreed sy leserspubliek;
- \* Van Wyk Louw beperk hom nie net tot literêre tydskrifte en dagblaie nie, maar skryf "enkele **verhale en artikels vir DIE JONGSPAN**, terwyl hy ook die berigte oor plaaslike en internasionale nuus vir dié blad behartig"

(Kannemeyer, 1990:94). Sy reikwydte strek dus verder as slegs literêr-  
geskoolde lesers; en

- \* kinders word beïnvloed deur sy beskouings wanneer hy as **medewerker van DIE AFRIKAANSE KINDERENSIKLOPEDIE** toegang tot byna elke Afrikaanse huis kry. "Dié soort werk', skryf hy in 'n brief van 20 September 1941, is 'vandag belangriker vir die voortbestaan van ons volk as al die teatergebare van die politici.'" (Kannemeyer, 1990:259). Hiermee word bevestig dat hy in sy versierendheid hom op 'n bewuste vlak met kanoniseringshandelinge besig gehou het.

Van kardinale belang is die distribusie-kanaal. Met ander woorde: beide die seleksie van stof én die kanaal wat ingespan word, is betekenisvolle kanoniseringshandelinge. Kanonisering geskied dus in terme van dít wat hy kanaliseer. Met dié enkele opmerkings omtrent die wyse waarop N.P. van Wyk Louw kanoniserend opgetree het, is die diskussie voorlopig afgesluit.

Aan die ander kant het Louw terselfdertyd as gekanoniseerde figuur gehandel. Hierdie toedrag van sake word voortdurend bevestig op die vlakke van resepsie en verwerking.

Ter verduideliking: hóé Van Wyk Louw in die literêre sisteem gelees en geresepteer word, gee 'n aanduiding van sy status. Hierdie **resepsieproses** is onderworpe aan voortdurende normveranderings en -verskuiwings waarby breër sosiale kodes betrokke is. In hierdie verband is dit betekenisvol dat Louw steeds na sy dood gelees, geniet en vereer word.

Op die **vlak van verwerking** kan verskeie gebeurtenisse as getuie van sy status dien:

- ◇ in 1981 verskyn 'n versamelbundel, Versamelde Gedigte, waarin al sy verse vervat is as aanduiding dat sy poësie steeds gelees word (en hy by implikasie steeds gekanoniseer word);

- ◇ vanweë die verspreidheid en ontoeganklikheid van verskeie stukke van N.P. van Wyk Louw (omdat die boeke soms uit druk is), gee Truida Louw toestemming tot publikasie van Weegskaal (1982) waarin prof. J. du P. Scholtz verantwoordelikheid aanvaar vir die finale keurwerk;
- ◇ in 1986 word sy kritiese opstelle opnuut in twee bundels (Versamelde prosa 1 en 2) uitgegee deur Tafelberg en Human & Rousseau;
- ◇ uittreksels uit Van Wyk Louw se kritiese prosa word geselekteer en op 'n toeganklike wyse deur P.A. Joubert gebundel in Gedagtes vir ons tyd wat in 1988 by Tafelberg verskyn;
- ◇ Karel Schoeman publiseer Die wêreld van die digter, 'n boek oor Sutherland en die Roggeveld ter ere van N.P. van Wyk Louw in 1986;
- ◇ Ernst Lindenberg skryf 'n leesverslag by "Groot Ode" wat in 1993 deur Human en Rousseau gepubliseer word;
- ◇ F.I.J. van Rensburg publiseer sewe Van Wyk Louw-studies, Septet (1996), by Human & Rousseau;
- ◇ 'n biografie oor N.P. van Wyk Louw is in voorbereiding deur die bekroonde navorser, J.C. Steyn, as bevestiging dat sy rol in die Afrikaanse literatuursisteem selfs 27 jaar na sy sterfte nog nie uitgespeel is nie; en
- ◇ op 'n ánder vlak is dit betekenisvol dat Johan Engelbrecht naam maak op die kabaretverhoog met sy produksie Groot, Groter, Van Wyk Louw en sy verwerking van Afrikaanse volksliedjies (DE KAT, Junie 1997:27).

Tot hier 'n poging om N.P. van Wyk Louw se opvallendste bydraes te beklemtoon. Dít wat opval, is uitgesonder om sy kanoniserende rol te karteer in terme van die verskillende handelingsvlakke wat in sisteemteoretiese verband geïdentifiseer kan word. In die volgende hoofstukke word hierdie vooronderstellings en voorlopige bepalings uitgebrei tot 'n vollediger beskrywing.

---

<sup>1</sup> Uiteraard sou 'n ander invalshoek lei tot 'n ander sisteembeskrywing. Selfs 'n ander ordeningsprinsipe binne dieselfde teoretiese raamwerk sou tot ander navorsingsresultate lei. Hierdie fokus op "nasionaisme" as strukturerende krag is gekies omdat dit waarskynlik tot die akkuraatste beskrywing van N.P. van Wyk Louw se kanoniserende rol

---

sal lei binne die breë terrein waarin hy werksaam was. Tog bly dit 'n hipotese wat na afloop van die ondersoek ontoereikend bevind mag word.

<sup>2</sup> Even-Zohar stel dit onomwonde: "'Producer' is preferred here to 'writer', because the very notion of a 'writer' already brings in very specific images, which may be quite inappropriate." (1990:34)

<sup>3</sup> Tekste word hier in die breedste moontlike betekenis gebruik. Dit verwys nie net na sy prosa- en poësietekste nie, maar ook Van Wyk Louw se handeling word as 'n teks beskou.

<sup>4</sup> Hierdie entiteit is nie noodwendig 'n persoon nie, maar meer dikwels sy tekste as "modelle" van veral sy literatuuropvattinge. Hieroor het Even-Zohar (1990:19) hom deeglik verantwoord: "It is only in their function as representatives of models that texts constitute an active factor in systemic relations."

<sup>5</sup> Vergelyk 3.3.3.2, bl. 29.

<sup>6</sup> 'n Spilagent is in wese 'n funksie wat in 'n persoon, teks óf instansie vergestaltung kan vind. Alhoewel hierdie ondersoek veral fokus op die wyse waarop Van Wyk Louw hierdie funksie vervul, kan ook 'n uitgewer of tydskrif - byvoorbeeld - as spilagent figureer.

<sup>7</sup> Hierdie inligting is gebaseer op 'n lys wat op aanvraag deur die Sentrum vir Navorsingsontwikkeling beskikbaar gestel is.

<sup>8</sup> Hier sou geredeneer kon word dat Adam Small stem gee aan die sogenaamde "bruin" gemeenskap. Vergelyk in hierdie verband die debakel rondom die Kleurlingstemregkwessie (Hoofstuk 4, bl 78-79) en die wyse waarop Louw hom hierteen sou verset (Hoofstuk 6, bl.162 e.v.).

<sup>9</sup> Dit is besonder betekenisvol in die lig van die feit dat N.P. van Wyk Louw herhaaldelik lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en kuns geweier het. Sy broer, W.E.G. Louw, het hom by geleentheid gepols en J.du P. Scholtz het aangedring, maar sonder sukses. "Van Wyk Louw se antwoord was dat 'n akademie 'niks aan die onorganiseerbare deel van die kultuur kan doen nie (by ons kan dit wel nuttige werk verrig wat die vasstelling van spelling, ens. betref); en dat lidmaatskap van óns soort mens alleen medeverantwoordelikheid vir dwaashede kan beteken sonder om ... invloed op die uiteindelijke besluite te kan uitoefen." (Kannemeyer, 1990:217). N.P. van Wyk Louw se aanvaarding van 'n erelidmaatskap van die Akademie bevestig 'n ommekeer wat hy ook eksplisiet verwoord het (vergelyk bl.141).

# HOOFSTUK SES

## DIE KANONISERINGSHANDELINGE VAN N.P. VAN WYK LOUW BINNE DIE AFRIKAANSE LITERATUURSISTEEM

### 6.1 Inleidend

In hoofstuk vyf is N.P. van Wyk Louw as spilagent in die Afrikaanse literatuursisteem benoem en beskryf. Hierdie hipotese is aan die hand van drie kriteria bevestig. Daar is verwys na sy opvallendste bydraes in 'n poging om sy kanoniserende rol voorlopig te karteer.

Hoofstuk ses het ten doel om dié voorlopige vooronderstellings vollediger te ondersoek en te beskryf. Die beskrywing van Louw se kanoniseringshandelinge geskied binne 'n breër sisteemteoretiese raamwerk wat verskeie implikasies inhou. Hieroor enkele opmerkings:

### 6.2 Teoretiese standplaas: Louw se handelingsrol(le) binne 'n sisteemteoretiese perspektief

In hierdie benadering staan die teks nie meer sentraal nie, maar handeling wel. Daarom sou beweer kon word dat hier afstand gedoen word van 'n formalistiese beskouing. Voorheen is daar geargumenteer dat 'n agent bepaalde handelingsrolle vervul wat weer 'n beslissende invloed het op die dinamiese aksie- en reaksiekragte binne die sisteem<sup>1</sup>. Sentraal in hierdie ondersoek is die feit dat daar deurentyd gewerk word binne 'n teoretiese konstruksie wat tegelykertyd 'n verskeidenheid terreine en aspekte wil verreken. Tog gaan 'n konstruktivistiese aanpak (soos enige ánder wetenskaplike ingreep) mank aan volkommenheid. 'n Beskrywing van N.P. van Wyk Louw se kanoniserende handelinge wil egter die studie stuur in die rigting van verklarende antwoorde om op 'n teoretiese vlak wins te bring in terme van die proses van kanonisering. In die voorwerk het die keuse geval op "nasionaisme" as organiserende en strukturende krag binne die



Afrikaanse literatuursisteem van die twintigste eeu. Dit is die invalshoek waarmee Louw se kanoniseringsstrategieë bestudeer word. 'n Ander vertrekpunt sou myns insiens tot ander insigte kon lei. Self merk Louw (1986a:339) tereg op: "Dat alle sistematiesing altyd iets voorlopigs aan hom moet hê, is geen beswaar nie: langs die pad, as ons na sistematiese ordening streef, kan ons werkbegrippe dalk helderder word." Hy stel dit duidelik dat sistematiesing sy eie funksie het: "Dit is 'n poging om uit vroeëre foute van eensydigheid iets te leer; en dit is 'n poging om verskillende maar botsende insigte met mekaar te konfronteer en iets van 'n ruimer kyk as wat albei bied, te kry - 'n dinkpunt van waaruit albei skerp gesien en saámgedink kan word."<sup>2</sup> (Louw, 1986a:326-327).

In die ordening van N.P. van Wyk Louw se handelingsrolle behoort een deurslaggewende faktor voortdurend in berekening gebring te word: verskillende soorte tekste het nie noodwendig dieselfde invloed tot gevolg nie. Daarom behoort 'n duidelike onderskeid getref te word in terme van die aard van die teks. 'n Radiopraatjie wat ongepubliseer bly, sal nie dieselfde reikwydte hê as 'n berig in 'n dagblad nie. Daarteenoor sal 'n boek waarskynlik weer oor groter trefkrag beskik. Wanneer persoonlike opmerkings of kommentaar uit briewe aangehaal word, kan dit diepte aan 'n bestaande argument verleen, maar hierdie gegewens mag nie buite die oorspronklike konteks geneem word en tot misleidende of veralgemenende stellings mismaak word nie<sup>3</sup>.

### **6.2.1 Nasionalisme as bestendige handelingsmotief by N.P. van Wyk Louw**

Om die breë kontoere van die nasionale neerslag in N.P. van Wyk Louw se werk aan te dui, is dit raadsaam om vir 'n oomblik die argument in 'n vroeë hoofstuk te benadruk. Hoofstuk 4 neem as uitgangspunt dat nasionalisme as een van die opvallendste kragte binne die Suid-Afrikaanse literatuursisteem geïdentifiseer kan word<sup>4</sup>. Hierdie hipotese het aan krag gewen deur uitsprake van onder andere Van Heerden (1969), Van Rensburg (1971), Coetzee (1990) en Brink (1991).

Op dieselfde wyse kan aangevoer word dat nasionalisme 'n bestendige motief in Louw se denke en dade<sup>5</sup> is. As motivering word die getuienis van verskeie literatoure opgeroep:

Al aanvaar Van Rensburg (1975b:51) dat dit 'n redelik bekende en taamlik algemeen aanvaarde gesteldheid is, sonder hy die kritikus H.A. Mulder uit as dié persoon wat die eerste ("en die mees bevoegde beoordelaar") was om nasionalisme in Van Wyk se eerste bundels raak te sien en aan te dui. Self stel hy dit sterker: "(D)ie nasionalisme (is) soos 'n son in sy werk aanwesig; dit deurlig alles. Dit is daarmee gesteld soos met die Skoonheid, dié ander sentraalbegrip in sy werk: alles dra die merkteken daarvan." (Van Rensburg, 1975b:52).

Hiermee is Viljoen dit eens. In sy N.P. van Wyk Louw-gedenklesing huldig hy die mening dat nasionalisme as tema "van die begin tot die einde, dwarsdeur Van Wyk Louw se werk, as 'n onderwerp van besinning sowel as 'n bron van inspirasie voorkom" (Viljoen in Van Rensburg, 1982:120). Algaande word bevestig dat nasionalisme méér as net 'n terugkerende motief was. Louw het nie net by wyse van tematiese repetisie nasionalisme as boustof gekies nie, maar dit het ten grondslag van sy lewenshouding en daarmee van sy gehele skeppingswerk gelê. P. du P. Grobler is lugtig om 'n enkele begrip of idee uit te sonder. Hy beklemtoon die rykheid en ruimheid van Louw se werk, maar is tog van mening dat dié verskillende begrippe en idees meespeel rondom die kern en sentrale dryfveer daarvan: die nasionalisme. "Sy nasionalisme verbind hom aan al wat groot en skoon en helder is. Dit is 'n nasionalisme ruimer, hoër en dieper as wat nog ooit by ons gestalte gekry het. Maar dis in eerste en laaste instansie 'n kulturele, kreatiewe nasionalisme wat breed en hoog wil bou." (in Nienaber, 1966:54-55).

Van Coller (1976:58) beweer dat nasionalisme soos 'n goue draad verweef is in die werk van N.P. van Wyk Louw. Hy noem dit selfs een van dié temas in Louw se skeppende arbeid. 'n Kwatryn uit Tristia (1981:65) word uitgesonder om die "volstreekte identifisering van die digter met sy land" te illustreer:

Ek haat en ek het lief: ek weet nie hoe nie.  
O my land, o my land: jy is ek.  
Ek ken jou en ek haat jou soos ek my haat.  
Ek het jou lief soos ek my soms lief durf hê.

Louw se onlosmaaklike verbintenis met sy volk spreek ondubbelsinnig uit dié gedig.

Nie net in sy kreatiewe werk word nasionalisme as krag ge-eggo nie. Viljoen (in Van Rensburg, 1982:121) merk op dat ook in sy opstelle nasionalisme as hooftema van besinning die gedurige agtergrond vorm waarteen die meeste ander temas behandel word. Hy voltrek sy argument met hierdie slotsin: "Niemand het soos Van Wyk Louw afgegrawe na die wortels van nasionalisme wat so lank reeds 'n hoofkomponent van die Afrikaner se lewenshouding vorm nie."

Viljoen het gelyk. So vroeg as 1936 formuleer Louw hierdie gesteldheid in sy opstel oor "Die strewe van die jonger Afrikaanse poësie": "Maar dit is nie die enigste, selfs nie die hoogste uiting van die nasionale gevoel in die poësie nie. Dié sluit die politiek nie uit nie, maar sluit ook baie meer as die politiek in. Dit is 'n vurige meeleeft met alles wat in die volk omgaan; dis 'n liefde vir die dinge wat die volk trotser en bewuster maak, wat hom stoflik ook sterker maak; dis medelye met sy swaarkry en stryd teen dié wat hom laat swaar kry; dit is bitter haat teen alles wat kleinlik in die volk is en alles wat sy trots aantast en hom kleiner. Dit is die vaste wil om na eie kragte en buite alle loon om iets te doen wat die geestelike besit van die volk sal verryk." (Louw, 1986a:45).

Teen hierdie agtergrond is dit begryplik waarom Van Rensburg (1975b:39) beweer dat Van Wyk Louw as nasionalis 'n bewuste verantwoordelikheid teenoor sy gemeenskap gevoel het. Hy is van mening dat daar selfs "iets programmaties" was "in die wyse waarop hy hierdie taak aangepak het". Hierdie stelling klop met die talle publikasies van Louw wat in dag- en

weekblaaie en selfs populêre tydskrifte verskyn het. Van Wyk Louw het van 1936 tot 1939 talle artikels geskryf vir DIE VADERLAND en DIE BRANDWAG. (Steyn in Beukes, 1992:64). Trouens, N.P. van Wyk Louw word beskryf as die "gevierdste" van die medewerkers aan die kunsblad van DIE BURGER (*Ibid.*:188). Hierby bly dit nie: die feit dat DIE BURGER sedert September 1936 meer aandag aan kultuursake gewy het, is ten dele aan Van Wyk Louw toe te skryf. In 'n brief aan sy broer maak hy melding "van 'n gesprek wat hy en Scholtz met Geyer oor kulturele aangeleenthede gehad het. Louw meen dat hulle `daarin geslaag [het] om Geyer vir hierdie soort saak geïnteresseerd te kry'. Hy meld dat die koerant 'n paar weke daarna met 'n Saterdagse byblad begin het - `gedeeltelik seker onder invloed van daardie gesprek, want Geyer was baie vriendelik en het gesê dat hy graag ons raad wil hê.'" (soos aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:55). Hierdie uitspraak sou dus as bevestiging kon dien vir Van Coller (1994:22) se aanname dat Van Wyk Louw bewus was "van die belangrikheid van die massamedia as potensiële kultuurdraers".

Dit sou sy diens aan die gemeenskap kon wees, redeneer Van Rensburg (1975b:65), om 'n groot deel van sy dinkwerk in toeganklike tydskrifte aan die algemene publiek beskikbaar te stel. By geleentheid beken Van Wyk Louw (1986a:326) self: "Vir akademiese werk sou DIE HUISGENOOT nie die plek wees nie; en vir `bloot akademiese' stukkies het ek self nie genoeg belangstelling nie. Die klein reeks Kanttekenings van die afgelope weke moes dus beslis die doel gehad het om van praktiese belang vir ons letterkundige denkwêreld te wees." (my kursivering)

Hierdie argument wys onteenseglik op die feit dat dit vir Louw belangrik was om 'n mondstuk te vind waarin hy sy ideale kon verwoord. Hy had behoefte aan 'n spreekbuis waarin hy sy idees kon formuleer. Briewe of berigte in dagblaaie word dikwels die impuls tot 'n oop gesprek waarin belangrike kwessies geopper word<sup>6</sup>.

Van Wyk Louw skryf ook by verskeie geleenthede dramas (in opdrag) vir volksfeeste. Dit is deel van sy diens aan die volk. 'n Koorspel, Die dieper reg,

verskyn in 1938 ter viering van die Voortrekkereeufoes. Oor die skryf hiervan het Anna Neethling-Pohl hom gepols en later stem hy voorwaardelik in. Dat die nasionalisme in hierdie werk dramaties aan bod kom, word deur Viljoen (in Van Rensburg, 1982:121) aangedui. Interessant is egter die bekentenis wat Louw in 'n persoonlike brief (gedateer 4/9/1938) aan sy skoonsuster maak ná die opvoering: "En dan wil ek jou ook bedank; want sonder die aanleiding van jou versoek, sou daardie dinge waarmee ek al lank rondgeloop het, ongeskrewe gebly het. In dié sin is die Dieper Reg 'n 'geleentheidstuk'. Maar aan die ander kant was alles wat ek geskrywe het só deel van my lewensbeskouing, dat iemand net die boom moes skud." (Neethling-Pohl, 1974:116).

Die geleentheidsdrama Koning Eenoog of Nie vir geleerdes word met die Uniefes van 1960 in Bloemfontein opgevoer.

Die pluimsaad waai ver is geskryf vir die viering van die Republiekfees in 1966. Hieroor sê Viljoen (in Van Rensburg, 1982:121): "Dis algemeen bekend dat die grondvrae van die nasionalisme dramaties aan die bod kom in Die dieper reg wat in die eeufesjaar 1938 'n metafisiese regverdiging soek vir die voortbestaan van die Voortrekkers se nageslag, en byna drie dekades later weer in Die pluimsaad waai ver wat by die Republiekfees van 1966 op die vraag "Wat is 'n volk?" 'n antwoord soek in die tragiese uiteenlopendheid [...] van reaksies tydens die vryheidstryd waarin die vorige republieke tot niet gegaan het." In albei gevalle sentreer die produksies ten diepste rondom die begrip nasionalisme. Tog is daar 'n verskil. "Die pluimsaad waai ver verskil van die ander geleentheidsdramas daarin dat 'ons in hierdie werk die dramatiese kulminasie van feitlik al Van Wyk Louw se nasionale idees kry' (Van Coller:1972:72).<sup>1</sup> As sodanig verteenwoordig die drama 'n eindpunt in die dramatiese ontwikkeling van die dramaturg se siening van die volksbegrip in sy geleentheidsdramas, soos dit deur sy siening van die nasionalisme gerig is." In hierdie verband wys Coetser (1990:342) op die "eksklusiewe volksnasionisme" wat in Die dieper reg aangetref word, teenoor "'n meer inklusiewe, kulturele federalisme" as kenmerk van Die pluimsaad waai ver.

Van Wyk Louw se laaste drama, Berei in die woestyn, is geskryf ter geleentheid van die Fees van die Grond op 6 April 1968 in Kaapstad (Kannemeyer, 1978:436).

Dat 'n groot deel van die volk vir N.P. Van Wyk Louw as één van hulle reken, is duidelik. Greshoff (in Nienaber, 1966:48) verwoord in sy huldeblyk die ervaring van vele Afrikaners: "Hulle wat die voorreg gehad het om Van Wyk Louw in sy daaglikse omgang gade te slaan, is almal getref deur sy verbondenheid aan die wêreld en die mense, met die natuur en die volk van Suid-Afrika." Wanneer Louw die land vir 'n onbepaalde tyd verlaat omdat hy benoem word tot professor aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, neem die gemeenskap met ontroering van hom afskeid. As hegte vriend beskryf Greshoff Louw se verbondenheid met Suid-Afrika en sy landgenote só: "Hy bring Suid-Afrika, die edelste en die beste van die land, die rykgeskakeerde Afrikaanse beskawing, na Nederland. Hy is nie die man om die Afrikaanse stof van sy skoene af te skud nie. Inteendeel, hy is soos 'n diepgewortelde boom wat slegs oorgeplant kan word as daar 'n groot stuk grond daarmee saamgeneem word. Van Wyk Louw se gees en gemoed is so deurtrokke van Suid-Afrika dat dit vir hom onmoontlik is om Suid-Afrika te verlaat." (in Nienaber, 1966:50). In byna elke huldeblyk en afskeidsgroet weerklink dié gesindheid.

Louw se liefde vir die Afrikanervolk is meer as 'n oppervlakkige emosie. Dit blyk onbetwisbaar uit die volgende formulering: "'n Ware en bewuste nasionale beweging ontstaan altyd waar enkeles 'n groot agterstand by hul volk gewaar. By 'n volk vir wie 'n mens werklik liefhet, sien jy sy vooroordele, sy kleinlikhede, sy geestelike agterstand. [...] Die liefde waarmee 'n mens 'n volk liefhet, is nie soos die tussen 'n man en 'n vrou nie; dis eerder soos die liefde waarmee 'n mens 'n kind liefhet.<sup>7</sup> Dis nie in hoofsaak gerig op deugde of krag of skoonheid nie, maar op swakheid, verblindheid, hulpeloosheid en 'n blote moontlikheid." (Louw, 1986a:424-425) Onwillekeurig lei hierdie gesigspunt na sy vroeëre aangehaalde kwatryn. Dit is duidelik dat N.P. van Wyk Louw hom volkome een met sy volk voel én reken. Hy beskou homself as 'n nasionalis en juis daarom het hy 'n selfopgelegde opdrag: "Maar binne 'n

klein, bedreigde volk moet die ware nasionalis kritiek en aansporing in 'n fyn ewewig hou - so fyn dat hy seker maar selde voel dat hy sy taak behoorlik verrig." (Louw, 1986a:424)

Hierdie diensbaarheid aan 'n nasionale ideaal beken Louw implisiet in 1963. Hy neem sy erelidmaatskap van die Akademie in ontvangs "as Afrikaner-digter, as lid van 'n klein volk wat ek met my werk probeer dien het" (Louw, 1986b:511). Olivier (1992:194) stel dit pertinent dat Van Wyk Louw in 1937 met die Akademie gebots het oor die toekenning van die Hertzogprys<sup>8</sup> "en in 1943 sou hy nog weier om lid van dié organisasie te word". Veelseggend is sy omkeer in die lig van vorige konfrontasies met die Akademie. In dieselfde toespraak verduidelik Louw sy veranderde visie: "Die Akademie en ek het lang kennis aan mekaar: skermutselings soms toe ek jonk was met sy leidsmanne<sup>9</sup>; later, toekennings, wat ek - ná my jeugjare - nie wou weier nie: nie omdat ek moes glo dat hulle altyd verdien is nie, maar omdat ek eerder glo aan volkskragte versamel as aan verstrooi.

'n Keer is vir my ná my terugkeer uit Europa gevra: 'Wat is jou verhouding tot die Akademie?'

My antwoord was: 'Dié van gewapende neutraliteit.'

Hierdie houding het, glo ek, nou verander." (Louw, 1986b:510).

As bevestiging van sy diepgewortelde Afrikanerskap, kan daar verwys word na Louw se reaksie na aanleiding van 'n aanklag deur die destydse premier, dr. H.F. Verwoerd<sup>10</sup>. "Ná die eerste opvoering van Die pluimsaad waai ver lewer H.F. Verwoerd, indertydse Eerste Minister, op 31 Mei 1966 'n toespraak by die Republiekfees in Pretoria waarin hy die versugting uitspreek 'dat daar vir ons ook, soos by ander volke in hulle wonderuur, die skrywers en die digters mag ontstaan wat kan en sal wil besing die helde van hulle eie geslag. O, kon dit vir ons gegee word, soos dit in die uur van roem van groot volke in die verlede was, dat daar diegene kon opstaan wat nie weifelend vra: wat is 'n volk nie, maar wat sal uitjubel: dit is my volk, só is my volk, só kan hy ook wondere verrig, só is hy as skepper van 'n eie toekoms! Die skrywer en digter wat in hierdie tyd sou kan besing wat nou gebeur, sal aangehaal word solank soos die volk van die Republiek van Suid-Afrika bestaan'. Hierdie uitspraak

van Verwoerd was 'n duidelike toespeling op Die pluimsaad waai ver, wat met die woorde 'Wat is 'n volk?' begin. By geleentheid van Van Wyk Louw se sestigste verjaardag, wat kort daarna gevier is, vra D.J. Opperman 'dat daar van owerheidsweë groter begrip vir Van Wyk Louw se werk sal kom', terwyl Louw self beweer dat Die pluimsaad waai ver nie met 'moedswillige individualisme' geskryf is nie. Hy voeg by: 'As iemand sê ek is 'n vrot skrywer, haal ek my skouers op - wie is ek om te oordeel! Maar as my Afrikanerskap in twyfel getrek word, kan dit nog seer maak, bitter seer.'" (Kannemeyer, 1978:435-436). Peter Louw (1989:105) beskou hierdie toespraak as deel van 'n venynige veldtog (met politieke ondertone) waarin Van Wyk Louw se Afrikanerskap onder verdenking geplaas is. Alhoewel hy steun van vooraanstaande letterkundiges geniet het, het Louw "op 'n slag half-ernstig opgemerk dat sy vriende en kollegas 'almal agter my staan, maar wat van my wat vóór is en al die koeëls moet keer?'" Hierdie aanval het hom as ruimdenkende Afrikaner-nasionalis ten diepste geraak<sup>11</sup>. 'n Berig in DIE BEELD (5/2/1967) bevestig die feit dat daar nie onnodige kleinserigheid aan die kant van Louw was nie en maan volksgenote tot waardering vir dié digter: "Die wesenlike punt is die waardering of gebrek aan waardering wat die Afrikaanse gemeenskap het vir 'n man wat op sy eie gebied hoogtes bereik het wat vir sy volk van onskatbare waarde is. [...] Ons kan dit nie bekostig nie, veral nie nou nie, dat kleinheid afbreuk doen aan die grootheid van ons prestasies."

Miskien kan daar volstaan word met Louw se bekentenis kort voor sy dood in Rondom eie werk: "jy het jou één, kort lewe aan dié volkie onherroeplik verbind, ja, verknog" (Louw, 1986a:551).

Dat dit nie 'n eensydige verbintenis was nie, blyk duidelik uit die talle funksies en geleenthede waarin Louw tydens sy leeftyd vereer is. Hier word slegs na enkele gebeurtenisse verwys om die standpunt te sterk:

- Op Vrydag, 22 Mei 1942 reël die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) van die Universiteit van Kaapstad 'n dinee waartydens dr. D.B. Bosman die woord voer oor een van die eregaste: N.P. Van Wyk Louw.



Die mate waarin Louw die toonaard van die aand gestem het, blyk uit die poëtiese aanbieding van die spyskaart:

**Oorlogs-Rantsoen**

\* \* \*

Die Nooi is Mooi -  
en jy is nie.

Die sop is "Rooi" -  
maar ons is nie!

\* \* \*

Nou word opgedis  
'n Incognito Vis.

\* \* \*

Uit Kuddes die Kleinste,  
Uit Peule die Fynste

\* \* \*

Gebraaide, gevulde, gevierde gedoente,  
O Wee!

Met pote-a-tone en andere groente,  
Arrie Nee!

\* \* \*

'n Koeitrots-Klipdrif-Koekgebrou,  
Deur Katstert aanmekaar gehou.

\* \* \*

Kaas en Strooi is wel teenstrydig,  
Hoewel tog hier nie te ontydig.

\* \* \*

Totale Verduistering, Voorwaar,  
Maar ons maak wraggies g'n beswaar!

- Die Stad Johannesburg (in persoon van die burgemeester) oorhandig erelidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan N.P. van Wyk Louw. Tydens hierdie geleentheid op Woensdag, 16

Oktober 1963 ontvang drie ander Johannesburgse inwoners ook prystoekennings in die Stadsaal. Die spyskaart is weer bewysstuk van die swier van die geleentheid.

- N.P. van Wyk Louw lewer op 10 Oktober 1946 die sleuteltoespraak van die Helderdagviering in die Paarl se Stadsaal, getiteld: "Die held in die geskiedenis". Sy bydrae vorm die hoogtepunt van dié feesvieringe benewens verskeie musiek- en sangiteme.

Dit blyk duidelik dat Van Wyk Louw in sy leeftyd hoë aansien geniet het. As kunstenaar verwoord hy die breë publiek se vrese en ideale. Uit erkentlikheid word hy op 'n gepaste wyse vereer.

### **6.2.2 Die internasionale gerigtheid van N.P. van Wyk Louw se werksaamhede**

Ernst van Heerden (1963:1) verwys reeds in die aanvangsparagrafe van sy monografie na die kruisbestuivende invloed tussen Van Wyk Louw en etlike skrywers van Nederland en Vlaandere. Hy voer aan dat Louw se persoonlike vriendskap met onder andere A. Roland Holst, J.C. Bloem, Anthonie Donker en Karel Jonckheere wedersydse kultuurverhoudinge tussen die stamverwante lande kan verbeter. Dat sommige van hierdie vriendskappe besonder betekenisvol was, blyk uit Kannemeyer se Dokumente van dertig (1990), waarin hy twee afsonderlike hoofstukke wy aan Louw se verbintenisse met onderskeidelik Jan Greshoff en H.A. Mulder. Hierdie verbintenisse werk voorbereidend en selfs verrykend vir bepaalde handelingsrolle wat Louw later aanneem<sup>12</sup>. Myns insiens sou 'n direkte verband gelê kon word tussen sy vriendskap met Greshoff en sy inleiding tot Greshoff se bloemlesing. Van Coller (1996:54 e.v.) illustreer in 'n onlangse artikel hoe Louw en Greshoff meegewerk het aan die kanonisering van De onrustzaaiër (Willem van Maanen): Louw eggo 'n vroeëre uitspraak van Greshoff daaroor ('n voortreflike boek vanweë die eenvoudige styl) en verhef as't ware só vir Greshoff tot beskermheer. In die laaste instansie is Louw se aansluiting by die Wes-Europese kultuurdiskoers belangrik wanneer kanonisering in sy poësie

ter sprake kom. Daarom enkele kantaantekeninge oor Louw se vriendskappe met inbegrip van bepaalde handeling wat daaruit voortvloei.

Greshoff ontmoet die drie en dertigjarige N.P. van Wyk Louw 'n paar dae na sy aankoms in Kaapstad. Aty Greshoff onthou watter groot indruk hy op haar man gemaak het: "Hij kwam tot de conclusie dat Louw een heel groot dichter was. Hij zei, dat het een bijzonder geluk was, dat we hem hier konden leren kennen, want dat Louw een fenomenaal talent was." (Kannemeyer, 1990:183). Greshoff en Louw het egter wedersydse agting vir mekaar gehad. "Wanneer Greshoff se Verzamelde gedichten in 1948 verskyn, dra hy dit aan Van Wyk Louw op. As hy sestig jaar oud word, reël 'n aantal vriende in Kaapstad 'n feestelike ete vir die jubelaris waartydens Van Wyk Louw die geleentheidsgedig 'Ballade vir Jan se fees' voorlees wat hy in 1954 in sy bundel Nuwe verse opneem." Wanneer Van Wyk Louw soms van sy ongepubliseerde werk by sy huis in Clifton voorgelees het, "was Jan en Aty Greshoff meestal by" (Kannemeyer, 1990:187). Hieruit volg die afleiding dat die twee kunstenaars mekaar ook op 'n kreatiewe vlak wedersyds beïnvloed het. Die briefwisseling tussen Louw en Greshoff bevestig opnuut dat hier 'n dieper uitreik, 'n ingrypende krag werksaam was as bloot die uitruil van gemeenplasia's. Beduidend is 'n brief van Greshoff se uitgewers, L.B. Fischer Publishing Corp., waarin hulle N.P. van Wyk Louw versoek om 'n inleiding tot sy bloemlesing te skryf: "Wij zijn van plan in het voorjaar van 1945, in de Engelsche taal, een bloemlezing uit het proza van J. Greshoff uit te geven. Het is wenschelijk, dat hieraan een inleiding voorafga. Hierin moet aangegeven worden de plaats welke Greshoff in de Nederlandsche letterkunde inneemt en hierin moet tevens een karakteristiek van zijn werk, inclusief zijn poëzie, gegeven worden.

Wij hebben overleg met den Heer Greshoff gepleegd. Het is zijn uitdrukkelijke wensch, dat die inleiding zo kritisch mogelijk zij.

Wij hebben sterk den indruk gekregen, dat zijn liefste wensch in vervulling zou gaan, wanneer U deze inleiding zoudt willen schrijven." (2.K.1.18a).

Kannemeyer (1990:225) gee 'n raak samevatting van dié verbintenis: "Wat 'n mens wel kan sê, is dat die vriendskap tussen Van Wyk Louw en Greshoff in

die veertigerjare só heg was dat dit albei se lewens onmeetlik verryk het.". Die vervreemding<sup>13</sup> wat in 1950 ingetree het, kon egter nie voortvloeiels van 'n vroeëre vrugbare relasie tot niet maak nie. In die eerste jare van Greshoff se verblyf in Kaapstad was hulle feitlik in daaglikse kontak met mekaar, verduidelik Jean Lombard (in Biezen, 1985:86), en in dié tyd het hulle hulle "beywer vir die aanvaarding van die opkomende Dertigerbeweging en, ter bevestiging daarvan, vir die daarstelling van 'n selfstandige Suid-Afrikaanse literêre kritiek". Die konkrete manifestasie van hierdie doelwit is merkbaar in Greshoff se aandeel in die oprigting van die tydskrif STANDPUNTE, saam met W.E.G. en N.P. van Wyk Louw asook H.A. Mulder: "Vanweë sy vroeëre ondervinding met die oprigting van tydskrifte kon Greshoff die stigters van waardevolle raad bedien. Tydens sy besoek aan Nederland na die oorlog het hy besondere moeite gedoen om Nederlandse bydraes vir STANDPUNTE te werf, o.m. van digters P.N. van Eyck en J.C. Bloem." (Lombard in Biezen, 1985:85). Ook in die na-oorlogse besoek van twee bekende en gewaardeerde Nederlandse digters, Adriaan Roland Holst en J.C. Bloem, is Greshoff grootliks die bemiddelaar.

H.A. (Henk) Mulder emigreer in 1934 om gesondheidsredes na Suid-Afrika. As Afrikaanse<sup>14</sup> letterkundige werk hy aan verskillende blaaië mee, maar belangriker nog is sy gewig (as mede-oprigter en redakteur saam met Van Wyk Louw) by die tydskrif, STANDPUNTE. "Die feit dat Van Wyk en W.E.G. Louw Mulder in 1945 uitnooi om saam met hulle die redaksie van STANDPUNTE te behartig, is 'n aanduiding van die hoë dunk wat hulle van hom as letterkundige gehad het." Mulder kan ook as die "belangrikste begeleidende kritikus van Van Wyk Louw in die vroeë en middeljare van sy oeuvre beskou word" (Kannemeyer, 1990:230-231). Dat Louw 'n besondere waarde heg aan sy vriendskap met Mulder, word gereflekteer in 'n brief van 5 Februarie 1943 waarin hy dit oor die eenheid van Dietse literature het: "Waar twee tale so naby aan mekaar staan soos Afrs. en Nedl. word die samewerking so maklik dat dit byna net die werking in één sfeer is: of tenminste so hóórt dit." (Kannemeyer, 1990:233).

Hieruit blyk een van Van Wyk Louw se groot ideale: hy wil die Afrikaanse

letterkunde ophef tot 'n hoër vlak sodat dit kan meeding met die bestes in die wêreld. Sy blootstelling aan en vriendskap met buitelandse skrywers was 'n tree in die rigting van sy droom. Ernst van Heerden (1963:1-2) sê by wyse van opsomming: "Hy is die onbetwiste leier van die groep wyd-uiteenlopende talente wat met 'n rondborstiger, meer analitiese benadering van menslike belewenisse en 'n skerper woord-dissipline die Afrikaanse poësie nuwe dimensies wou gee, dit wou verhef om volwaardig en trots naas die beste van Wes-Europa te staan." Sonder vrees vir teenspraak kan gestel word dat sy verbintnisse met vriende soos Jan Greshoff en H.A. Mulder hiertoe meegewerk het. Britz (1985:40) konstateer in hierdie verband: "Aan die opregtheid van die vriendskappe tussen die Louws en die literêre persoonlikhede uit Nederland mag 'n mens nie twyfel trek nie, maar dit kom wel voor asof dié vriendskappe help kweek het aan die ideaal van die Afrikaanse poësie as literatuur van 'Europese' belang."

N.P. van Wyk Louw was nie net idealis nie; op 'n realistiese vlak beseft hy ook die winste wat 'n betrekking as buitengewone hoogleraar in die Afrikaanse taal, letterkunde, kultuur en geskiedenis aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam sou bring (Grové in Beyers, 1981:336). Hierdie leerstoel in Amsterdam bevestig nie net sy internasionale status nie, maar is 'n sleutel tot die ontsluiting van die Suid-Afrikaanse letterkunde binne 'n breër, ontvanklike konteks. Die wyse waarop Louw in die vreemde produktief bly, word onder andere gereflekteer in sy reeks praatjies ("Die Oop Gesprek") wat op Woensdae in Nederland oor Radio Hilversum uitgesaai is<sup>15</sup>.

Tog is daar 'n belangrike onderskeid te tref tussen internasionale betrokkenheid en internasionale erkenning. N.P. van Wyk Louw geniet beide. Ter bevestiging hiervan kan die "Middagen van de Poezie" vermeld word. Hierdie inisiatief kom van die Algemene Directie van de Opvoedende Diensten en de Culturele Betrekkingen: "Op Donderdag 27 Januari 1955 spreek de Zuid-Afrikaanse dichter Prof. Dr. N.P. van Wijk Louw over moderne Afrikaanse poëzie. Het is een enige gelegenheid om een Zuid-Afrikaner zelf, die bovendien een begaafd dichter is, over de dichtkunst van zijn land aan het woord te horen."<sup>16</sup> Berigte in die buitelandse dagblaie

bevestig die omvangryke fokus op Louw. Aanvoorwerk vir die geleentheid sowel as nabetrugting geskied by wyse van beriggewing, aankondigings, kommentaar en meegaande foto's onderskeidelik: op 24 Januarie 1955 in HET LAATSTE NIEUWS; op 25 Januarie in NIEUWE GIDS, HET VOLK, HET NIEUWS VAN DE DAG; en HET HANDELSBLAD; op 28 Januarie in LA NATION BELGE, STANDAARD, HET LAATSTE NIEUWS, VOLKSGAZET, HET NIEUWSBLAD, HET NIEUWS VAN DE DAG, GAZET VAN ANTWERPEN; op 29 Januarie in die L'AVERNIR DU TOURNAISE; op 5 Februarie in VOORUIT en selfs op 7 Mei 1955 in die BRUGSCH HANDELSBLAD<sup>17</sup>.

Ook 'n uitnodiging van Haar Majesteit, die Koningin, aan N.P. van Wyk Louw - reeds in 1949 - val op. In 'n skrywe (gedateer 21 Desember 1948) word hy versoek om telefonies met haar in verbinding te tree wanneer hy in die buiteland<sup>18</sup> arriveer, sodat sy 'n ontvangs aan die Paleis Soestdijk kan reël.<sup>19</sup>

In dieselfde asem kan Louw se verkiesing tot Buitelandse Erelid van die Koninklike Akademie genoem word. Daarby is die eredoktorsgrade wat aan hom toegeken word in wese 'n refleksie van die erkenning wat N.P. van Wyk Louw in twee kringe geniet: in Suid-Afrika, maar ook in die buiteland. 'n Huldeblyk in DIE HUISGENOOT (in Nienaber, 1966:42-43) beklemtoon die feit dat nie net óns ten volle "die betekenis van sy digterskap" besef nie, "maar dat dit ook buite Suid-Afrika en van 'n land en 'n universiteit wat nie kwistig met sy eredoktorsgrade is nie, erkenning geniet, is besonder verblydend". Maar miskien is dít een van die mooiste uitsprake wat die digter te beurt geval het: "Hij heeft Zuid-Afrika in zich omgedragen, terwijl hij aan het Nederlandse leven deel had." (in Nienaber, 1966:62).

### **6.3 Om op te som: dualisme as deurlopende motief**

'n Opvallende kenmerk van Louw se handelingstrategieë is 'n tweeslagtigheid wat volgehou word. Van Rensburg het vroeg reeds verwys na die "dinamiese spanning in die heelaal" wat in Louw se werk gereflekteer word. "Elke kategoriale gestalte, behalwe die allerhoogste, hou 'n dubbele verhouding

daarop na: na boontoe en na ondertoe.” (Van Rensburg, 1975b:83). Hierdie dualisme is markant wanneer Van Wyk Louw se handelingsrol(le) bestudeer word: alhoewel die krag van nasionalisme voortdurend inspeel, word dit duideliker geëts deur veral sy werksaamhede op 'n internasionale niveau.

Dié dualisme word deur Louw (1986a:82) self geartikuleer in sy stelling: “Dit is in sy wese die hoogste diens aan die gemeenskap. Dit is 'n lewe binne die gemeenskap, maar gedurig op ewige, geestelike waardes daarbuite gerig.”

Opperman (1953:251) se slotopmerking oor sy mede-digter blyk hier vanpas te wees: “Die geestelike vernuwung van die Afrikaner bereik in sy werk volwassenheid: dit is tegelyk nasionaal en universeel.”.

Opmerklik is die feit dat die dualistiese samehang wat kenmerkend is van N.P. van Wyk Louw se denk- en handelingspatrone, ook in sy kanoniseringsstrategieë beslag kry. Trouens, dié dualisme oorspan sy aktiwiteite as kanoniseerder skerp én sprekend.

#### **6.4. 'n Beskrywing van N.P. van Wyk Louw se handelingsrolle**

##### **6.4.1 Ter inleiding**

Schmidt onderskei vier handelingsrolle binne die literêre sisteem: dié van literêre produksie en resepsie op 'n primêre vlak en dié van literêre distribusie en verwerking op 'n sekondêre vlak. Hiermee word akkoord gegaan. In hierdie studie val dit uiteen binne die kategorie van eksplisiete kanoniseringshandelinge. Tog is daar terselfdertyd subtieler kanoniseringshandelinge wat op 'n implisiete wyse die kanoniseringsproses voorberei, beïnvloed en mede-bepaal. 'n Nadere blik op die kombinasie van eksplisiete en implisiete kanoniseringshandelinge behoort insig te bring in die wyse waarop die proses plaasvind.

Om die kanoniseringsproses te beskryf, is die breër kartering van handelingstrategieë noodsaaklik. 'n Werkwyse wat vloei uit die denkrigtings

en -patrone van die digter/literator, is om vanselfsprekende redes aanneemlik. Daarby behoort die kritiese uitgangspunte wat in die definiëring van die spilagent deurslaggewend was, verreken te word. Die keuse het dus geval op die volgende invalshoeke:

- ◆ die manifestasie van hoë aktiwiteit binne die literatuursisteem, m.a.w. die daadkrachtigheid van Louw;
- ◆ kanoniserende reaksies as aanduiding van hoë erkenning, m.a.w. die wyse waarop Louw se vernuwing die kanon as't ware herskep én -bevestig het;
- ◆ die konsentrasie van aktiwiteite en gebeurtenisse as bevestigende handeling van sy funksie, m.a.w. die wyse waarop Louw se denke en skeppende aktiwiteit Afrikaans tot nuwe hoogtes gevoer het sodat diegene na hom uiteindelik volkome uitdrukking kon gee.

#### **6.4.2 Kanoniseringstrategieë n.a.v. kriteria waaraan die spilagent gekenmerk kan word**

Hier word 'n poging in die vooruitsig gestel om Louw se kanoniseringstrategieë te benoem en te beskryf aan die hand van die drie kriteria waarmee hy as spilagent in die literatuursisteem geïdentifiseer is. Die eerste kriterium spreek vanself: 'n kanoniseerder kan kwalik sy stempel binne die sisteem afdruk indien hy nie uitermate produktief is nie. Dit is deur handeling dat sy invloed vergestalt word. As spilagent is Louw self nie net by uitstek aktivis nie, maar hy wil ook die volk tot positiewe daade oproep. Só weerklink die slotwoorde in sy inleiding tot Botha se Die opkoms van die derde stand: "Dit is 'n oproep tot dink - miskien tot biddende dink. En tot handel." (in Botha, 1960:x).

Die tweede en derde kriteria getuig vanuit die staanspoor van 'n dubbelsinnigheid. In die tweede instansie is daar gekyk in welke mate Van Wyk Louw vernuwend optree, met ander woorde hoe hy telkens normdeurbrekend te werk gaan. Hierdie werkswyse sinjaleer 'n gerigtheid weg van die gemeenskap op waardes daarbuite. Hierteenoor staan die derde kriterium wat toets hoe Louw kragte om hom konsentreer ten aansien van 'n



opvoedende vertrouensverhouding met sy volk. Só word hy (as kanoniseerder) werktuig in diens van die gemeenskap.

#### **6.4.2.1 Louw as daadmens: 'n Kruger wat die pad oopbreek**

Die manifestasie van hoë aktiwiteit binne die literatuursisteem is as eerste onderskeidende kenmerk van die spilagent aangegee<sup>20</sup>. Dat N.P. van Wyk Louw besonder aktief was in die literatuursisteem van sy tyd, is feitekennis: "Daar is geen Afrikaanse skrywer wie se werk van gehalte 'n spektrum van dié omvang vertoon nie", sê Van Rensburg. "Dikwels moes hy as pionier, of prakties as pionier optree, dus met die verswarende omstandigheid dat daar geen, of háás geen, tradisie in Afrikaans bestaan het waarby hy kon aansluit nie." (1975b:49). Hierdie stelling motiveer hy soos volg: "Vergelyk in hierdie verband bv. die volgende genres en soorte: die versepos; die volkspoësie; verskillende soorte dramas, o.a. die koorspel, die hoorspel, die operateks, die sinnespel, die opelugspel (die waspel), die commedia dell' arte, die leerdig. En daarnaas, iets waarna reeds verwys is, die skep van literêre teorie, die fundeer van gebruiksprosa, die voordink aan die nasionalisme as universele idee. Hy het omtrent net nie die sg. skeppende prosa beoefen nie." (Van Rensburg, 1975b:49).

Ter bevestiging van bostaande argument 'n enkele verwysing na Van Wyk Louw se bydrae tot die hoorspel. Sedert die uitsaaidiens se eerste uitsendings in 1924 was daar 'n groot leemte ten opsigte van radiodramas. 'n Eerste Afrikaanse stuk wat spesifiek vir die radio geskryf is, is die uiteinde van 'n radiodramawedstryd wat vroeg in die dertigerjare plaasgevind het. "Klaarblyklik het weinig stukke die lig gesien, want in DIE BRANDWAG van 26 Januarie 1940 kla Gideon Roos dat ons skrywers te min aandag aan die radiospel gee." (Pheiffer, 1966:6). Gedurende die daaropvolgende jare het sake kwantitatief verbeter, maar nie kwalitatief nie. Vir "die SAUK se radiodramawedstryd van 1946 is 131 inskrywings ontvang, dog geen eerste prys is toegeken nie." (Pheiffer, 1966:7). N.P. van Wyk Louw bring daadwerklike verligting deur 'n groot aantal radiodramas<sup>21</sup> van goeie gehalte te lewer. Pheiffer (1966:7) merk op dat hy die enigste outeur is "wie se

hoorspele byna almal as sodanig gepubliseer is". Hiermee word hy baanbreker in 'n nog onontwikkelde veld en dui hy die rigting aan vir toekomstige skrywers<sup>22</sup>.

Onwillekeurig ontstaan 'n parallel met Kruger, die daadsmens. Drie historiese periodes word herroep wat in Kruger breek die pad oop gebeeld is: die drie fases in die groei van die Afrikanervolk. Die eerste fase word deur Van Riebeeck en sy volksplanting ingelei waarna die differensiasie van die gemeenskap in landbouers en veeboere rondom Van der Stel se bewind wentel. Paul Kruger is in 'n groot mate sinoniem met die laaste fase waarin 'n ordelike staat uiteindelik gegrondves is (Van Rensburg, 1975b:86). In 'n sekere sin is die visie van N.P. van Wyk Louw te versoen met dié van Paul Kruger. As pionier was Louw<sup>23</sup> nie as sodanig verantwoordelik vir die vestiging van Afrikaans nie, maar vir die verfyning en volwassewording daarvan. Hy voeg daad by woord en lewer 'n omvangryke oeuvre van uitsonderlike gehalte as nalatenskap. Hierdeur inspireer hy 'n jong letterkunde tot nuwe hoogtepunte deur sy sterk, daadkragtige voorbeeld.

#### **6.4.2.2 Louw as vernuwer: 'n Dias wat op die voorpunt staan**

Reaksies op die spilagent kan 'n aanduiding wees van hoë erkenning binne sisteemverband. Hiermee is die tweede kriterium waaraan die spilagent getoets word, aan die orde gestel. Terselfdertyd word Schmidt (1996:5) se definisie van "elites" teruggeroep as "instances which play a decisive role in the social construction of reality, in defining specific situations, and in making relevant decisions."<sup>24</sup> Dat N.P. van Wyk Louw gedurende sy leeftyd (en daarna) positiewe en negatiewe reaksie(s) ontlok het, is evident. Wanneer Van Heerden (1963:3) na hierdie aspek verwys, kom ook die dualistiese inslag van sy bestaanswyse ter sprake: "Soos alle werklike groot skrywers is N.P. van Wyk Louw non-konformisties, 'tegendraads': dit gee aan sy werk 'n groot spanning, 'n spanning wat tot ewewig en harmonie kom deur die 'verlossende' woord."

Hierin is die eerste suggestie van Louw se vernuwende invloed te vind.

Begrippe soos 'vernuwing' en 'invloed' skep probleme wanneer dit geweeg of beoordeel moet word. Met denkkeelde soos dié moet daar met omsigtigheid omgegaan word. Van Wyk Louw se Vernuwing in die prosa word as konkrete voorbeeld uitgesonder in 'n poging om 'n tendens aan te dui.

In hierdie bydrae bespreek Louw "die redes vir die groot agterstand wat die Afrikaanse letterkunde op die gebied van die prosa het, noem hy maniere waarop 'n vernuwing kan plaasvind en wys hy op enkele werke wat reeds 'n vernuwing aandui" (Kannemeyer, 1978:285). Lindenberg is verras, dog versigtig oor die vrug hiervan: "Slegs een jaar ná Van Wyk Louw se Vernuwing in die prosa verskyn twee werke wat tegnies en tematies nuwe dinge in Afrikaans aandurf. Dit mag blote toeval wees - beide Leroux en Brink is reeds geroetineerde skrywers -, maar dit is tog opvallend dat albei werke so ver as moontlik weg probeer beweeg van wat Van Wyk Louw gemoedelik-lokale realisme noem. Of hiermee 'n renaissance van die Afrikaanse prosa ingelui word, is nog te vroeg om te sê, maar in dié stadium is die 'do or die'-houding by jong skrywers verblydend; hulle is ten minste besig om 'n gunstiger klimaat te skep vir latere skrywers." (1965:114). Nienaber (1967:3) sê met groter sekerheid dat die vernuwing wat Louw help bevorder het, haas elke aspek van die Afrikaanse digkuns raak: "tema, toon, taal en tegniek". En as vernuwer bevestig Etienne Leroux self in sy gedenklesing (in Van Rensburg, 1982:38) dat N.P. van Wyk Louw "een van die héél eerstes was wat 'n versigtige vinger gelê het op die embrio van die Sestigters".

Dieselfde standpunt word deur Van Rensburg (1975b:47) weergegee. Hy sê dat Louw "in Vernuwing in die prosa die vinger geduldig en noukeurig op al die oorsake gelê" het. "Maar belangriker is dit dat hy net so geduldig en noukeurig die verskillende moontlike uitweë uit dié impasse aangetoon het, m.a.w. presies in watter dimensies veranderinge sou kon kom. Hierdie diagnose het duidelik rigting gegee aan die beweging wat daar so langamerhand onder jong prosaskrywers op die drumpel van publikasie begin vorm aanneem het. Van Wyk Louw se beredenering het hulle die moed van hul oortuiging gegee, en die deurbraak van die Sestigerprosa was vir 'n belangrike deel die uitkoms daarvan.<sup>25</sup>"

Die tema van vernuwing kan beswaarlik buite die konteks van Dias, 'n hoorspel, bespreek word. Alhoewel dit gevaarlik is om lukraak parallelle tussen 'n skrywer en van sy karakters te trek, galm die woorde van Dias duidelik wanneer sy boot vorentoe skiet:

“Laat hulle volg! Ek ek moet die eerste wees!

Altyd wil ek op die voorpunt staan!” (Louw, 1952:8)

Roy Pheiffer (1966:8) beweer dat Dias 'n idealis, 'n visioenêr is. Dieselfde sou van N.P. van Wyk Louw gesê kon word. Dink maar 'n oomblik terug aan sy behoefte aan en strewe om die jonger Afrikaanse poësie te verhef sodat dit “volledige menslikheid in Afrikaanse vorm” kan uitdruk (Louw, 1986a:44 e.v.). Die ooreenkoms strek egter verder. Dias word gekniehalter deur sy bemanning: hy het nie die instrument nie, slegs die visie, sê Pheiffer. “Daarin is sy eensaamheid. Dis sy lot dat hy van mense afhanklik is.” (1966:13). Ook hierin word N.P. van Wyk Louw se beperkinge ge-eggo: hy is 'n groot gees wat afhanklik bly van 'n gemeenskap se beperkte kennis en kultuurervaring. Hy bly gebonde aan sy volk en sy letterkunde vir wie hy groot ideale koester.

Die belemmeringe probeer Van Wyk Louw oorkom. Een van die grootste leemtes wat hy identifiseer, lê op die terrein van die literatuurteorie. “Ons het in Suid-Afrika behoefte aan ernstige besinning op die literatuurteorie; hiermee sal ons onderwys, ons kritiek, ons letterkundige geskiedskrywing gebaat word; sal hulle almal uit hulle betreklik rudimentêre toestand tot iets 'n bietjie nader aan die wetenskaplikheid kan groei.” (Louw, 1986a:333)

Dat hy mettertyd hierin slaag (veral na aanleiding van sy kritiese prosa), blyk uit 'n opmerking van Van Rensburg: “Met hierdie stukkie, later versamel in 'n *Wêreld deur glas*' onder die titel 'Oor literêre teorie', het Van Wyk Louw in werklikheid die grondlegger van die Afrikaanse literêre teorie geword. Ook in hierdie proses het hy 'n duidelike poging aangewend om Afrikaanse saamdink oor die saak te stimuleer.” (1975b:44).

In die argument om die vernuwende invloed<sup>26</sup> van N.P. van Wyk Louw is daar geen beter samevatting nie as dié van Antonissen (1964:242): “Van Wyk Louw het nog altyd voor elke jonger generasie, voor elke nuwe strewe

uitgegaan. As denker en as skepper het hy altyd die jongste onder die jongeres, die voorste van elke avant-garde gebly. Drie maal het hy met pleidooi en betoog op deurslaggewende wyse ingegryp in die wording van die Afrikaanse letterkunde: in die dertigerjare, wanneer hy aan die literatuur die nuwe rigting voorskryf; kort na '50, wanneer hy leiding gee in die debat rondom literatuurstudie en kritiek; en wanneer hy, tien jaar later, die geestelike en formele emansipasie van die verhalende prosa aan die orde stel."

#### **6.4.2.3 Louw as intellektueel: 'n Koki met 'sy vrees om kosbare dinge'**

Die tweede toetssteen van die spilagent het gewentel om reaksies binne die eietydse literatuursisteem. Voortvloeiend hieruit figureer die derde kriterium: die spilagent moet aktiwiteite en gebeure rondom hom konsentreer. Hierdie maatstaf herinner aan die kerngedagte wat in Raka gevind word, naamlik "die las van die mens wat die 'skoonheid en hoogheid' moet bewaar" (Kannemeyer, 1978:399). Dit rym met N.P. van Wyk Louw se uitspraak in "Die aristokratiese ideaal": "Dit is verantwoordelikeitsgevoel teenoor 'n mens self; dit is die geloof aan ewige geestelike goedere en die geloof dat hul waarde onafhanklik van die goed- of afkeuring van die mense is; dit is die stel van die swaarste taak aan die mens self: die lewe na die innerlike wet van jou eie wese; dis die weerbaarheid teen massa-waardes; dit is die erkenning van die eensame taak om die geestelike skatte hoog te hou en veilig deur die massa te dra." (Louw, 1986a:81). Meer oortuigend kan die ooreenkoms met Koki nie aangebied word nie. Koki is "die geestelike leier van die stam en dié een wat die suiwerste verteenwoordig waartoe hulle ontwikkel het, in opstand, al besef hy dat hy met 'sy vrees/om (die) kosbare dinge' van die stam 'altyd eensaam' tussen hulle sou wees" (Kannemeyer, 1978:398). So ook N.P. van Wyk Louw.

Van Wyk Louw het sy taak as smaakmaker en -opvoeder met erns bejeën. Vir hom was dit 'n lewenstaak. Sy sukses word deur P. du P. Grobler (in Nienaber, 1966:60) verwoord: "Dit is al merkwaardig genoeg dat 'n digter die

smaak en die oor van 'n aansienlike groep mense kan buig, kan dwing in 'n bepaalde rigting, kan bring tot 'n stadium waar hulle nie meer met iets minder as die beste tevrede kan wees nie, dat hy 'n nuwe smaak, 'n nuwe verlange skep, dat hy 'n stuk publiek kan laat droom 'in a different key'. Maar dat hy bowendien nog daardie smaak kan bevredig, dit is 'n wonder, 'n grootheid wat slegs enkeles nog ooit te beurt geval het."

Waarskynlik het sy onvoorwaardelike liefde vir sy volk - soos 'n ouer teenoor 'n kind - die deurslag gegee. Die sukses wat hy bereik het, kan myns insiens verklaar word in terme van die deernis wat uit die opvoedingsverhouding spreek. Hy verduidelik: "Dis nie in hoofsaak gerig op deugde of krag of skoonheid nie, maar op swakheid, verblindheid, hulpeloosheid en 'n blote moontlikheid." (Louw, 1986a:425). En die gebreke van sy lesers- en literêre gemeenskap ken hy. Daarom probeer hy "gereeld om literatoure geïnteresseerd te kry in wat elders in die wêreld aangaan. Soos 'n goeie pedagoog, noem hy naam en titel van skrywers en werke wat hy as vrugbare prikkels en studiebronne beskou" (Van Rensburg, 1975b:46). Hy stimuleer hulle nie net op literêre vlak nie, maar wil hulle in hulle volledige menslikheid bereik. Dit is een van die redes waarom hy voortdurend én omvattend lees. Sy belangstelling in die opvoeding van sy volk lei hom dus daartoe om allerhande dinge "soos die ekonomie, sosiologie, die staatswetenskap en bowenal die wysbegeerte, te lees." (Louw, 1986a:541). Noodwendig lê sy jarelange diens as dosent in die opvoedkunde hierdie stelling ten grondslag. Olivier (1992:5) stel dit onomwonde: "Louw is 'n opvoeder in die beste sin van die woord: 'n skrywer wat sy lesers geduldig en beleefd, maar met die nodige skerpte, bekend stel aan die probleme van die intellektuele lewe; iemand wat nie met kennis en maklike antwoorde te koop loop nie, maar 'n groot respek het vir die ingewikkeldheid van die wêreld."

Tog vra Van Wyk Louw: "Hoe kan jy met 'n hele volk praat? Hoe kan jy hom kry om te luister?" (1986a:427). In Septet belig Van Rensburg (1996:104-124) die wyses waarop Louw hierdie problematiek hanteer het. Vir die doel van hierdie studie word enkele aspekte uitgesonder om Louw se opvoedingsbeginsels te illustreer. 'n Volledige bespreking val buite die grense

van die gesprek: hier word bloot kontoere getrek van die handelingstrategieë waaraan Louw deel het. Dié gedagtes behoort dan inhoudelik by te dra tot die uiteensetting van sy kanoniseringsrolle binne die literatuursisteem.

Van Wyk Louw kies die essay as middel tot sy doel. Van Rensburg (1996:109) verduidelik hierdie keuse aan die hand van duidelike lesersgedefinieerdheid: "Een van die duidelikste definieerbare groepe buite die gesin, die kerklike en die politieke gemeenskap is die volk (met al die individuele verskille wat ook dáárin kan voorkom)." Die voordeel wat 'n volk inhou, is dat hulle 'n gedeelde geskiedenis het "met 'n onderskeibare kulturele identiteit wat in die loop van dié ervaring ontwikkel is, en wat deur 'n gemeenskaplike taal saamgesnoer is". Dit maak Van Wyk Louw se taak dus makliker omdat hy hom op 'n spesifieke groep kan beroep.

Wanneer Louw se didaktiese strategieë onder die loep kom, blyk dit in watter mate hy meester van die opvoedingsveld was. In sy kritiese essays val die volgende aspekte op (aldus Van Rensburg, 1996: 118 e.v.). Dit word hier by wyse van kantaantekeninge vermeld:

- hy is nie belérend ingestel nie;
- hy gee wenke en nie raad nie;
- hy skroom nie om te sê dat hy nie duidelikheid het nie en open hiermee 'n gespreksgeleentheid;
- hy gee inligting (om moontlike leemtes aan te vul); en
- hy hanteer die bespreking van 'n probleem as 'n leerproses: belangstelling vir die probleem word gewek waarna dit in die vernaamste komponente verdeel word met toespitsing op een of meer element sodat 'n uitdaging uiteindelik aan die leser gestel word om met 'n nuwe visie vorendag te kom.

Dit is interessant dat Van Wyk Louw in sy opstelle 'n verskeidenheid vorme aanwend: die brief, soms 'n gesprek in dialoogvorm, 'n opstel, of by geleentheid, selfondervraging. Waarskynlik span hy hierdie afwisseling in om te verseker dat hy sy lesers se aandag behou.

Van Wyk Louw se bundels, Liberale nasionalisme en Lojale verset, word as van die invloedrykste werke in Afrikaans beskryf. "Van Wyk Louwwoorde en -begrippe het gemeengoed geword: die 'oop gesprek', 'lojale verset', 'voortbestaan in geregtigheid.'" (Steyn in Beukes, 1992:144). Dit is treffend hoe N.P. van Wyk Louw bewustelik én gerig nie net sy opvoedingsideale nie, maar ook sy groter taak binne literatuur- en volksverband nagestreef het.

## **6.5 N.P. VAN WYK LOUW AS KANONISEERDER IN DIE AFRIKAANSE LITERATUURSISTEEM**

N.P. van Wyk Louw se kanoniseringshandelinge kan in twee kategorieë verdeel word. Enersyds is hy op 'n eksplisiete wyse werksaam en kan dié aktiwiteite in verskillende handelingsrolle georden word binne die literatuursisteem. Andersyds is daar subtieler handelinge wat op 'n implisiete wyse die kanoniseringsproses voorberei en fyn daarop instem. Hierdeur word 'n klimaat geskep waarbinne 'n sekere soort literatuur gelegitimeer en gekanoniseer sal kan word. Alle handelinge behoort egter in samehang met sy kanoniseringsstrategieë beskou te word wat as spil gestalte gee aan sy kanoniserende aktiwiteite.

### **6.5.1 IMPLISIETE KANONISERINGSHANDELINGE**

#### **6.5.1.1 Inleidend**

Reeds in die formulering van die navorsingsproblematiek is gewag gemaak van die verskeidenheid terreine en faktore wat betrokke is by die kanoniseringsproses. Daar is verwys na Barbara Herrnstein Smith se uitspraak dat kanonisering net die knoop in 'n netwerk van vraagstukke en konflikte is. Sy beklemtoon veral die samehang tussen die intellektuele, institusionele, sosiale en politieke aspekte wat deel vorm van dié proses<sup>27</sup>.

N.P. van Wyk Louw gaan in beginsel hiermee akkoord. Hy verheug hom oor die feit dat hy vroeg nie-letterkundige werk moes doen, want: "Daar is gevaar dat 'n jongmens verliteratuur raak, nie genoeg gedrenk word nie in die volle



lewe waaruit die literatuur voortkom." (Louw, 1986a:541). Vir hom is die letterkunde nie net 'n aspek van die realiteit nie, maar dit dring diep in tot in elke lewensfasie- en uiting. Die literatuur is kongruent aan die lewe in sy ruimste sin en betekenis. "(E)k glo met my hele hart en met my hele verstand dat die digter volledig mens moet wees: rondom, bókant of ónderkant sy poësie." (Louw, 1986a:537).

Alhoewel dit in 'n sekere sin paradoksaal is om die verskillende terreine af te grens, is dit 'n noodsaaklike navorsingsvoorwaarde. Hier word binne 'n teoretiese konstruksie gewerk. Wat dus in teorie ontkoppel en uitmekaar gehaal word, funksioneer in die praktyk as geïntegreerde geheel. Tog sou 'n versigtige skeiding van terreine kon lei tot kontroleerbare uitsprake in terme van die kanoniseringsproses. Solank die interafhanklike spanning tussen die sferes nie uit die oog verloor word nie.

Hier word in geen opsig op volledigheid aanspraak gemaak nie. 'n Omvattende analise word nie in die vooruitsig gestel nie. Wat volg, is 'n poging om bepaalde voorbeelde aan te stip in die gesprek rondom tendense en patrone. Uiteindelik behoort hierdie getuigenis by te dra tot die groter kanoniseringsgeheel - met spesifieke verwysing na die werk en waarde van N.P. van Wyk Louw.

#### **6.5.1.2 Implisiete kanoniseringshandelinge op die terrein van die politiek**

In sy literatuurgeskiedenis beklemtoon Kannemeyer (1978:381) die feit dat Van Wyk Louw se eerste gepubliseerde stuk 'n artikel was wat in DIE HUISGENOOT van 19 Mei 1933 verskyn het. Die aard van die inhoud was nie-literêr: 'n bespreking van die Carnegie-verslag oor die armblankevraagstuk. Trots berig Louw (1986a:541) in Rondom eie werk: "My eerste gepubliseerde stukkie werk was 'n uitvoerige bespreking - waaraan ek 'n paar maande besig was - van die groot Verslag oor die Armblankevraagstuk wat vroeg in die jare dertig opslae gemaak het. Dit was jare toe ek byna agitator geword het met toesprake oor hierdie soort probleem en sy oplossings,

toesprake in kleiner en groter kringe gehou." Hierdie bemoeienis met sogenaamde politieke aangeleenthede is tekenend van sy kanoniseringshandelinge op implisiete vlak.

#### 6.5.1.2.1 Bemoeienis met die bruinman

N.P. van Wyk Louw openbaar 'n prominente politieke standpunt in sy inleiding tot Botha se Die opkoms van die derde stand. Hierin reflekteer hy 'n 'tegendraadse' houding (in terme van die heersende persepsies van tydgenote). Hy stel dit onomwonde: "Die bruinmense is óns mense, hóórt by ons." (in Botha, 1960:v). Selfs Beyers Naudé beken later jare in sy gedenklesing: "(E)k sou 'n groot onreg aan Van Wyk Louw se eie siening, ja, sy lewensvisie, doen as ek nie alle Suid-Afrikaners (blank, bruin en swart) insluit wat Afrikaans as moedertaal of as algemene gebruikstaal beoefen nie." (1996:3). Louw se stelling druis direk in teen die regeringspogings om die Kleurling van die kieserslys te verwyder<sup>28</sup>. Hy vervolg: "Wél het ek 'n innige begeerte - nee, 'n hartstogtelike wil - dat my volk, blank en bruin, en die taal wat ons praat, in hierdie land bly voorbestaan." (Louw in Botha, 1960:v).

Hierdie bemoeienis met ook die bruinman kan teruggevoer word na die dertigerjare. In 'n artikel oor die Afrikaanse Boekweek, pleit Louw: "Dan is daar nog die organisasie van biblioteke, veral rondgaande biblioteke vir die plaasbevolking; van uitbreidingswerk deur al ons hoër skole, wat moet aansluit by 'n breë stelsel van volwasse opvoeding." (DIE BURGER, 13/11/1933). Dit blyk duidelik dat N.P. van Wyk Louw slegs een grens respekteer: dié van die taal. Afrikaans is nie 'n eksklusiewe besitting van die blanke nie; dit behoort ook aan die bruinman. Daarom moet albei blootstelling aan Afrikaanse boeke kry.

Dat N.P. van Wyk Louw se houding trefkrag gehad het, blyk uit 'n bekentenis van 'n Suid-Afrikaans-Joodse joernalis. Van Wyk Louw het vir hom iets gegee, sê hy, "wat elke Engelssprekende Suid-Afrikaner moet hê: 'n Afrikaanse intellektuele en geestelike gebied om in te woon ... Sonder sy Liberale nasionalisme kon my Suid-Afrikanerskap naakte pyn gewees het. Hy

het die pyn omskep in hoop en strewe.” Wat hom bybly ná N.P. van Wyk Louw se afsterwe, is die deernis wat hy vir die bruin en swart man gehad het: “n Ewe groot verdienste was sy deernis vir die witman en veral vir sy eie volk. In hom was daar nuanses wat nie onbekend is in die Joodse tradisie nie. ‘As ek nie vir myself is nie, wie sal wees?’ het Hillel gevra. ‘Maar as ek net vir myself is, wat is ek? En indien nie nou nie, wanneer dan?’” (soos aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:144)

In aansluiting hierby klink Louw se verontwaardiging in ’n persoonlike aantekening (2.X.55) wanneer hy notas maak rondom “die stront beantwoord van: ‘As die bruinmense geen stemreg het nie, word hulle belange op die beste behartig ... deur ... ons?’”. Ook ’n persoonlike opmerking in ’n brief aan Opperman bevestig sy bedenkings oor die pogings van die Nasionale Party-regering om gekleurde kiesers op ’n afsonderlike kieserslys te plaas: “Jy ken my ou mening: daardie mense is ons mense, en hulle sou by ons gestaan het as ons verstandiger was.” (aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:381). Hierby hoort Louw se verset (soos aangetoon deur Viljoen in Van Rensburg, 1982:147) teen “die misbruik van bruinmense as ’n literêre tema vir ’n ‘kortpad na sukses’ en veral teen ‘die gebodder met die Bruinman in liefdesverhoudings tot die blankes’ en hy merk op: ‘die Bruinman is meestal objek, selde subjek.’”.

Tog is dit opvallend dat Van Wyk Louw hieroor nie in die openbaar kritiek op die Nasionale Party uitgespreek het nie. Aan die einde van 1960 het ’n hewige polemieek in DIE BURGERS plaasgevind. Die regeringsbeleid teenoor bruin mense was in die spervuur. Die politieke rubriekskrywer, Dawie, maan sy lesers op 3 Desember 1960 tot versigtige en versoenende denke: “Die mense wat die gedagte van regstreekse verteenwoordiging vir die Kleurlinge goedgesind is, is in die Afrikanergeleedere ’n minderheid, maar hulle is nie min nie. Hulle is ook nie onbelangrik nie. Sommige van hulle het tot hul standpunt geraak deur diepe denke en baie wroeging, party ook deur gebed. Ons kan hul gedagte oorstem en verwerp omdat ons glo dat dit nie praktiese politiek is nie; maar as ons hulle begin uitstel vir liberaliste, integrasioniste en voorstanders van ‘biologiese integrasie’ - die afskuwelike nuwe eufemisme vir

verbastering - dan sal dit die begin van die end wees van ons Nasionale Party. Nog erger: daar sal rampspoedige kloue geslaan word in die Afrikanervolk en ál sy instellinge, onder meer sy Kerk." Dit is dus begryplik waarom Van Wyk Louw hoë waardering vir DIE BURGER gehad het. Louw uiter sy lof in 'n brief (30 Julie 1965) aan Dawie waarin hy getuig dat sy rubrieke vir hom plesier gebring het en hy dit met stygende bewondering gelees het. (Steyn in Beukes, 1992:178)

Alhoewel N.P. Van Wyk Louw nie in die openbaar kritiek gelewer het op regeringsbeleid nie, het hy op 'n implisiete wyse sy stempel afgedruk. "Lojale verset", het Piet Cillié gesê, is een van Van Wyk Louw se konsepte wat onder die vernaamste gereedskap is in die proses van voortdurende vrymaking in die Afrikaanse joernalistiek" (aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:380). Alhoewel Louw lojiaal was teenoor die owerheid, kan die waarde en nawerking van sy verset teen regeringsbeleid kwalik oorskat word.

Van der Ross (1986:13) beweer dat die krisis vir Van Wyk Louw nie polities-geaard was nie; vir hom was dit 'n kulturele stryd. Om sy gedagte te ondersteun, opper hy 'n stelling van Louw in Liberale Nasionalisme: "Waarom laat ons toe dat die politici altyd hulle vraagstukke aan ons opdring as die eintlike vraagstukke, hulle krisis as die eintlike krisis?" (in Van der Ross, 1986:13). Feit bly staan: Van Wyk Louw het grense nie in terme van kleur getrek nie. Alhoewel hy bepaalde aspekte van aparte ontwikkeling gesteun het, sou 'n veralgemening in hierdie verband onbillik wees. Hy was 'n prinsipiële voorstander van volledige vryheid van verskillende volksgroepe. Hierdie bewering word bevestig deur 'n uitspraak in 'n radiopraatjie, The importance of poetry, wat op 22 April 1962<sup>29</sup> as deel van die reeks "Top Level" oor Springbok Radio uitgesaai is. Hierin sê Louw: "With this anthology in sound the Afrikaner poet is as it were offering his best not only to those of his own group and language, but to those of other languages and races in this country of ours ... not to mention listeners in Holland and Belgium. He would like them to hear his language spoken in its purest form, with the finest thought and feeling that it has been given to him to think and feel. And why should other groups not do the same for the poetry of their

language?

If this should lead to some greater measure of understanding between the nations of our multi-national country, literature will have been fulfilling another of its mysterious social functions."

Sy openbare standpuntinname teenoor die Breytenbach-visumsaak is wesenlike kritiek teen die ontugwet en die wet op gemengde huwelike. Ook sy deelname aan 'n betoging teen aparte universiteite bevestig dat sy perspektief nie net teoreties bly nie, maar ook op 'n praktiese vlak beslag kry. Só getuig oud-studente in 'n vraelys wat deel vorm van 'n navorsingstudie waarin die didaktiese invloed van N.P. van Wyk Louw gepeil is: een van die blywende herinneringe aan sy doseerwerk is die feit dat nie-blankes besonder tuis gevoel het in sy klasse destyds aan die Universiteit van Kaapstad (Van Zyl, 1974:240).

Dat Louw een van die eerstes was om werklik die taal van die Bruinmens in sy poësie te sit, word deur Opperman (1974:107) opgemerk. Dit is die "taal van die platteland, van die Bruinman in sy omgang met die Blanke". Voorheen het selfs die Kleurlingdigters die taal van blanke Afrikaner-stedeling gebruik en Louw vestig hier 'n tradisie wat deur Blum en Small ontgin sou word. Tog is Van Wyk Louw (1986a:539) se standpunt niks anders nie as 'n negering van bostaande bewering. Hy is van oortuiging dat die taal wat die Blankes gebruik nie verskil van die Griekwas nie. Daar is "geen Nama-woorde nie, geen suigklanke of klapgeluide nie; woorde van Hottentotse oorsprong soos ghaap en gorá is met die gewone Afrikaanse klanke uitgespreek." Al onderskeid is die oorspronklikheid wat sterker spreek uit die segswyses van die Bruinmense vanweë die feit dat hulle minder onderrig gehad het as die Blankes. Ten spyte van sy miskenning van 'n skerp grens tussen die wit- en bruinmenstaal van sy wêreld, meen Opperman dat Louw vernuwing bring deur sy gebruik van die Bruinman se taal.

Hierdie demokratiese beginsels het Louw reeds in Berigte te velde geformuleer: "'n Volk is 'n eenheid en universeel; hy omvat alle stande en klasse [...]"(Louw, 1986a:8). In ooreenstemming hiermee versoek hy dat

politieke handeling altyd ten behoeve van 'n hele gemeenskap moet strek. (Louw, 1986a:478). Die erkenning wat hy hiermee aan nie-standaardvariëte van Afrikaans gee, is merkwaardig wanneer die konteks van sy handelingsituasie verreken word. Dit is volkome in pas met 'n tydsgees wat in die negentigerjare sou heers.

#### 6.5.1.2.2 Sy siening van die swartman

Sy agting en respek geld nie net ten opsigte van die bruin Afrikaners nie, maar ook vir die swartman. In 1952 beskryf hy verskillende faktore wat die Afrikaner vorm. Die vierde faktor is sy kontak met Afrika. "Hy het in sy kontak met primitiewe mense iets van 'n primitiewe of natuurlike siening van die wêreld ontvang waarna 'n Europese intellektueel vandag tevergeefs strew; hy het selfs 'n klein stukkie geleer van die groot kuns om saam te lewe met ander mense wat so baie van hom verskil - en ook hierin is hy vir meer as een slimmere iets voor." (Louw, 1986a:448). Dat sy eerbied vir ander bevolkingsgroepe nie net lippetaal was nie, kan bevestig word deur onder andere te verwys na sy radiobydrae "Ons Pad die Toekoms in" wat in vier Bantoetaalstreke uitgesaai is. 'n Noord-Sotho-omroeper, H.J. Tsungu vertel dat hy getref is deur die mooi, leersame en waardevolle praatjie. "Hy is een van die beste skrywers wat ek nog teëgekomp het. Sy taal is mooi, amper poëties. Wat my veral tref, is die manier waarop die skrywer, sommer baie dinge met 'n paar woorde kan sê." Dat Van Wyk Louw méér bereik het as om net sy digterlike talent ten toon te stel, is duidelik. Tsungu sê dat hierdie praatjie na die Bantoe kom "soos onverwagte hoop vir 'n sterwende man. Dit gee hoop, dit gee krag. Dit ruim die struikelblokke van vrees, misverstand en opswepery uit ons weg." (2.K.3.55)

Olivier (1992:242-243) wys pertinent op Louw se steun vir apartheid. "Louw prys die 'gees van etiese verantwoordings en wetenskaplike noukeurigheid' (589) wat uit die Tomlinson-kommissie se verslag spreek. Volgens hom het '[d]ie een radikale geneeswyse vir ons kwaal (...) ál duideliker begin word. Uiteindelijke billike gebiedskeiding vir almal.' (593)". Van der Ross beklemtoon die wyse waarop Louw "anderskleuriges" uitsluit uit sy begrip van die

Afrikanervolk. Hy verwys na drie uitsprake van Louw:

- \* "As ons ons bruin broers aan die arm vat na óns kant toe, dan is dit nie dat ons vir julle wegstamp nie, of vir ons sterk maak teen julle nie; dit is alleen dat ons vir twee soorte mense 'n plek wil regmaak in twee helftes van hierdie groot land van ons.
- \* Die wit en die bruin mense besit 'n deel van hierdie land. Dit is grond wat nooit julle s'n is nie. Dit is 'n leuen. En moet nie glo as iemand sê dat julle óns stuk van die land sal kan vat nie; dit sal so 'n slagtery afgee dat nie één van ons twee daarna sal asem hê nie.
- \* Julle geluk lê in 'n eie vrye lewe in één deel van hierdie land - nié in baasspeel oor ander groepe in 'n onverdeelde land nie." (Louw aangehaal in Van der Ross, 1986:15-16)

Aan die einde van die twintigste eeu klink hierdie stellings byna hinderlik eenvoudig. Indien dit gekontekstualiseer word, blyk dit dat Louw 'n idealistiese voorstander van aparte ontwikkeling<sup>30</sup> was, maar dat hy die swartman in Suid-Afrika met eerbied en respek bejeën het. Daarom kon hy ook goedgesindes - soos J. Tsungu - motiveer om 'n positiewe houding te kweek. N.P. van Wyk Louw vra in 1953 tydens die konstitusionele krisis rondom die Kleurlingstemregkwessie: "Prakties, in ons eie land, hoe ken ons mekaar - wit vir swart, swart vir wit, wit vir bruin, bruin vir wit, bruin vir swart, swart vir bruin?" Hy artikuleer die kern van die vraagstuk in die volgende woorde: "Wat weet ons botsende taalgroepe van mekaar se kernideale en -vrese?" (Louw, 1986a:483).

Die grense wat vir Louw voorop staan, is dié van die taal. Daarom is sy idealistiese siening dat voortbestaan in geregtigheid vir elke taalgroep unieke geleentheid gee tot selfaktualisering. In 'n radiopraatjie<sup>31</sup> nadat Suid-Afrika die Statebond verlaat het, sê Louw: "Ons probleme is hiermee nie opgelos nie; ons taak bly nog steeds altyd: om self, en vry, sáám in hierdie groot land 'n stelsel uit te werk waardeur almal - Afrikaner, Engels-sprekende, Bruinmens en Bantoe - uiteindelik 'n volwaardige menslike bestaan kan geniet; geen volk vernietig of ondergeploeg word nie, en geen volk blywend ondergeskik aan 'n

ander sal wees nie." Hierdie houding gaan gepaard met 'n erkentlikheid en bowenal 'n uitreik na buite. Die mate waarin Louw se ideale weerklank gevind het, word weerspieël wanneer sy gedigte deur die bruin digter, Adam Small, in Engels vertaal word. Hieroor sê Small: "Die klein bundel van my wat pas verskyn het, Oh Wide and Sad Land, is 'n poging in hierdie rigting: om van die beste wat Afrikaans gelewer het in 'n letterlik ruimer omgewing te laat spreek; ook om die kultuur-kloof tussen Afrikaans en Engels in Suid-Afrika te help oorbrug."<sup>32</sup> Dat hy Louw se gedigte hiervoor gebruik, is betekenisvol. In die slotparagraaf spreek Small sy diepste wens uit: "'n Mens kan maar bid dat hierdie bietjie pluimsaad ver, of ver genoeg, sal waai." Hierdie opmerking herinner aan Coetser (1990:341) se interpretasie van dié geleentheidsdrama: "Vir van Wyk Louw gaan dit in Die pluimsaad waai ver, meer as 'n dekade na die verskyning van die Tomlinson-verslag en in sy radiopraatjies van September 1968 (1986b), oor die billike voortbestaan van kultuurgroepe naas mekaar. Laasgenoemde is 'n ander manier om na die etiese beginsel van voortbestaan in geregtigheid te verwys. Daarvolgens is daar nie sprake van territoriale skeiding (gebiedskeiding) tussen kultuurgroepe nie. Die pluimsaad waai ver wil juis sê dat kultuurgroepe sonder keuse saam met mekaar in Suid-Afrika moet bestaan."

Insiggewend is die feit dat Ton Vosloo jare later, by die viering van Van Schaik-Boekhandel se 75ste bestaansjaar, in sy toespraak verwys na Van Wyk Louw se woorde in die politiekkulturele stryd van die jare sestig. "Louw het gepraat van 'die soort mens wat in 'n geestelike eenrigtingverkeer lewe, en wat aan die volk sy eie klein visie op tyd en ewigheid wil opdring ... wat deur een slotjie of voortjie wil laat vloei iets wat deur God so wyd as die see gemaak is.' 'Of mens nou praat van die volk of van die samelewing of die gemeenskap - die beginsel bly dieselfde en bly waar', het Vosloo gesê." (aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:389-390). Die aard van Louw se statuur - uiteraard ook van sy versindheid in die politiekkulturele stryd - selfs drie dekades later, spreek vanself.



### 6.5.1.2.3 SABRA-betrokkenheid

N.P. van Wyk Louw is nie net vernuwend in sy politieke perspektiewe nie. Hy wil ook léér; insig bring. Daarom openbaar hy sy visie in 'n SABRA-publikasie (Louw, 1961:74 e.v.): "Ons is 'n multi-nasionale staat, nie bloot 'n veelrassige nie. Om van die massa-bevolking van Suid-Afrika as van 'een volk' te praat, in werklikheid of potensieel, is onrealisties, wie dit ook al is wat praat." Hy huiwer nie om sy mede-Afrikaners tereg te wys nie: "(E)k dink aan die beledigende dinge, die growwe uitlatings oor ander - van die tipe wat ek reeds vir u genoem het; die tipe mens bv. wat homself as geskik vir onderwys aan Bruinmense kan reken, en tog sê dat hy dit alleen sal doen as hy 'nie tussen Hotnots hoef te woon nie'. Hier hoor 'n mens die primitiewe barbaar onder die wit vel praat." Louw wil sy volk opvoed in al die fyn nuanses van 'n voortbestaan waarin eerbied teenoor ander volke betoon word. DIE BURGER berig op 28 September 1961 oor sy toespraak waarin respek en reëls in optrede teenoor mekaar voorop staan: "Ons sal eenvoudig moet leer - of geleer word - wat die stel reëls is waarbinne ons mag praat oor ánder volke wat ons landgenote is, en die reëls van wat die uiterste grense is waarbinne ons mag optree wat hulle betref. [...] Die geestlike klimaat waarin ons ons landsprobleme gaan probeer oplos, hang af van die stel reëls wat ons aan onself gaan oplê, die besluite wat ons neem om sekere uitlatings nie te doen nie, sekere maniere van optrede oral af te keur - wie hom ook al daaraan skuldig maak - en om self sulke optrede te vermy." By hom is daar geen vooroordeel of verdoeming teenoor mede-volkere in Suid-Afrika nie. 'n Engelse koerant suggereer met die opskrif "Delegates shocked by unorthodox views" (29/9/1961) dat Louw se standpunt in wese kritiese kommentaar gelewer het op die klimaat van sy tyd.

Alhoewel Van Wyk Louw by SABRA betrokke was<sup>33</sup>, verhoed sy volstrekke nugterheid hom om onmiddellik na sy terugkeer sy aktiwiteite te hervat. Hy formuleer sy standpunt in 'n brief (2.K.3.54) aan mnr. Van Niekerk, die hoofsekretaris:

"Die enigste rede waarom ek nie sommer dadelik ná my terugkeer na Suid-Afrika by SABRA aangesluit het nie, was dat ek my deur iets wat byna 'n

gelofte was, gebind het om nie deel te neem aan sosiale diskussies nie en om nie menings uit te spreek nie, voordat ek deur 'n verblyf van minstens twee jaar lank (ná 'n afwesigheid van byna tien jaar!) weer in staat sou wees om 'n ewewigtige oordeel oor toestande by ons te hê."

Kort vantevore het hy 'n referaat gelewer by die kongres in Bloemfontein en is hy ontstem deur die 'magstryd' wat aan die gang is. Daarom vermaan hy verder: "[...] ek glo dat so 'n liggaam se waarde in hoofsaak in sy onafhanklikheid sal lê: die staat en die Nasionale party beskik oor veel groter organisatoriese krag, oor veel meer navorsingskrag as wat 'n onafhanklike liggaam soos SABRA kan hê. Maar: SABRA het die plig om hom nie deur die onmiddellike politieke situasie te laat oorheers nie; hy is die enigste liggaam wat kan bekostig om onafhanklik van regering en party 'n beplanning op baie lang termyn te oorweeg." Hierdie brief herinner sterk aan sy bekentenis later in Rondom eie werk: "In een opsig was my denke koppig soos 'n muil, en is ek bly. Dit wou in geen sisteem óp- of ingaan nie." (Louw, 1986a:587). Dat hierdie vermaning profeties was, word in die sestigerjare bevestig wanneer botsings in SABRA uitloop op 'n soort "suiwering" en die organisasie se hoofkantoor verskuif word van Stellenbosch na Pretoria. (Schoeman, 1982:108)

### **6.5.1.3 Implisiete kanoniseringshandelinge wat op sosiale vlak beïnvloed**

#### **6.5.1.3.1 Aktuele sake**

Dat die literatuur nie los te dink is van die lewe nie, het Van Wyk Louw by herhaling gesê. In 'n dialoog met 'n (denkbeeldige) vriend verklaar hy opnuut: "(E)k weier nog steeds om die literatuur as 'n vak-aangeleentheid te beskou: dit is iets wat die digter met die breë laag ontwikkeldes verbind; en ten minste die hoofbegrippe van die poësie behoort dikwels 'n saak van openbare bespreking te wees." (Louw, 1986a:233). Waar N.P. van Wyk Louw binne die politieke sfeer veral as vernuwer opgetree het, is sy betrokkenheid binne die breër sosiale terrein tiperend van sy rol as volksopvoeder. In 'n debat rondom

die instelling van 'n Verwoerd-prys (DIE HUISGENOOT, 24 Mei 1968) maan hy teen 'n sogenaamde staatsprys wat die toonaard van sy tyd se literatuur beïnvloed. 'n Skrywer behoort volgens "eie insig en smaak te werk". Literêre gehalte behoort die enigste vereiste te wees. Daarom neem hy sterk standpunt in teen die Verwoerd-prys met sy "'voorwaardes' wat deur die geagte senator in sy voorstel genoem is". Ook ten opsigte van die onreg teenoor mev. Breytenbach toe sy 'n visum geweier is, verset hy hom in die pers<sup>34</sup>. In DAGBREEK skryf hy "dat hy 'met pyn en skaamte' van die regeringsbesluit verneem het. 'Die Afrikaanse nasionalisme waarin ek opgegroeï het en waarbinne ek hoop om te sterwe, was vir my die grootste beweging binne ons geskiedenis en 'n teken van uitgroeï, van steeds voller lewe. Word dit nou 'n verstarde ideologie, wat deur amptenare met duimstokke afgemeet kan word?' [...] 'Ons kan 'n talent soos Breytenbach nie net wegklap, uittrap nie. Wat vir die amptenaar 'n pennestreek is, is vir die skrywer 'n fatale ingryp in sy hele lewe, en vir ons letterkunde 'n vuishou in die gesig. Om van Breytenbach 'n ewige banneling te maak? Ons kan nie; ons durf nie. Vir my is staatsmanswysheid dít: om ingewikkelde situasies nié ideologies nie, maar soepel te hanteer.' Hy wil vir die Breytenbachs sê 'dat baie, baie en van die bêstes in ons literatuur, in hierdie oomblik by hulle staan'" (soos aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:256).

Met hierdie sterk standpunt in die pers, inisieer Van Wyk Louw 'n "oop gesprek". Steyn (in Beukes, 1992:382) beweer dat hierdie episode die Sestigters direk geraak het en kritiek op die apartheidsbeleid laat toeneem het. Veral Jan Rabie, W.A. de Klerk en Abraham de Vries het fel kritiek op apartheid gelewer in die briewekolomme van Afrikaanse koerante. "Dat die volkome vryheid wat aan skrywersmenings toegestaan is, nie altyd die goedkeuring van die hoogste kringe weggedra het nie, is duidelik uit briewe van Verwoerd, P.W. Botha en Eric Louw in 1965 aan die redakteur van DIE BURGER." (Steyn in Beukes, 1992:382). Waarskynlik is hierdie skrywers aangevuur deur N.P. van Wyk Louw se kritiese houding en sy status binne samelewingsverband.

Dit is duidelik dat die verband tussen literatuur en werklikheid vir Van Wyk

Louw prinsipiëel gebiedend is. Van Rensburg (1975b:56) stel dit só: "Sy bewussyn van die Afrikanervolk het alle aspekte van dié se lewe omvat. Desnieteenstaande is daar tog 'n paar aspekte wat meer in die besonder sy aandag geniet het. Dit geld veral die ekonomiese, die sosiale en die politieke." Louw ontsien nie die geleentheid om 'n kritiese, vreeslose houding teenoor die regering in te neem nie. Wanneer omstandighede daarna vra, berispe hy. Soms roep hy die gemeenskap op tot aksie. Dit is opvallend dat Louw in sy laaste jare sy krag aan openbare debatte, briewe en artikels in dagblaae wy. Na 'n hartaanval aan die einde van 1961, het hy beperkte energie. Hy konsentreer al minder op sy eie skeppende werk<sup>35</sup>, maar beywer hy hom toenemend vir skeppende werk deur dié wat na hom sou volg. Sy deelname aan die sensuurstryd skep 'n klimaat waarin die Sestigters sou voortstry om die Afrikaanse prosa te vernuwe.

#### 6.5.1.3.2      Sensuur

Sedert die veertigerjare het die aandrang op sensuur al sterker geword. 'n Berig in DIE BURGER (26/7/1947) bevestig die erns waarmee die saak hanteer is: "Die moontlikheid dat boeke en tydskrifte wat in Suid-Afrika uitgegee word, ook onderwerp kan word aan 'n sensorraad, is in die vooruitsig gestel toe 'n afvaardiging die Minister van Binnelandse Sake, sen. C.F. Clarkson, in dier voege gespreek het. [...] Die afvaardiging het aan die Minister eksemplare voorgelê van boeke en tydskrifte in Engels en Afrikaans wat na die mening van die Kerk, 'n onsedelike strekking het. Die Minister is daarop om wetgewing gevra wat 'n sensorraad in die lewe sal roep met die doel om dergelike geskrifte wat in Suid-Afrika uitgegee word, te verbied." Oënskynlik is die afvaardiging simpatiek ontvang. Enkele jare later word daar berig dat "'n bedenklike toestand ontwikkel het wat die ernstige aandag ook van die Regering verg" (DIE BURGER, 10/8/1953). Dat dié dagblad nie onkrities staan teenoor die gebeure nie, is duidelik. DIE BURGER waarsku dat 'n middel bepleit word wat erger kan word as die euwel wat dit moet bestry. In die artikel word gesuggereer dat sensuur met omsigtigheid hanteer moet word sodat die grondslae van vryheid nie ondermyn word nie. Enkele weke later word daar uitvoerig berig hoe volksraadslede sterk te velde getrek

het "teen die verspreiding van aanstootlike lektuur in die Unie. Sterk beswaar is gemaak teen die 'prostitusie van die kuns', die 'besoedeling van die volk se siel' en die 'prikkeling van die laagste instinkte van die mens'" (in DIE BURGER, 9/9/1953). Die prominensie wat aan die artikel verleen word, suggereer dat sterk emosies en reaksies ontlok is.

Van Wyk Louw het hom periodiek oor die tema van sensuur uitgespreek (Van Rensburg, 1996:45). Reeds voor sy terugkeer na Suid-Afrika waarsku hy al teen die gevaar van sensuur. In 'n artikel, Gesteriliseerde Literatuur II, beklemtoon hy die nadelige gevolge wat sensuur sou bring: "En nou wil ek dit sê: as die vyande van Afrikaans in Suid-Afrika 'n plan moes bedink om die taal te ontcrag, om alle aantreklikheid daarvan weg te neem, dan sou hulle skaars 'n meer geskikte middel kon bedink as die beginsels waarvoor ons voorstanders van sensuur, en ons suiweraars van vreemde smette stry." (in DIE BURGER, 26/2/1958). Hy beskryf die gesteriliseerdes as "die gevaarlikste vyande van ons taal" en stel voor dat dié mense "by elke geleentheid ontmasker" en bespot moet word. Jare later klink sy formulering nog feller. In 'n verdoemende verwyf (in DIE BURGER, 18/3/1963) sê hy: "Ek twyfel of selfs lord Milner 'n meer doeltreffende middel sou kon bedink het om Afrikaans te kniehalter en aan Engels in Suid-Afrika vrye teuels te gee." Die wyse waarop hy hier die regering opponeer, was destyds ongehoord vir 'n nasionale Afrikaner. Tog versag hy sy stelling deur te suggereer dat hy hierdie kritiese houding uit liefde vir sy volk inneem: "Werklik, ek as Afrikaner wat nog nooit (hier of in Europa) my Afrikaner-nasionalisme weggesteek het nie - ek kan nie begryp watter motief 'n Nasionale regering tot hierdie uiters twyfelagtig 'morele', maar wesenlik anti-Afrikaanse wetgewing kon verlei het." In 1963 loods die Regering die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede. "Ingevolge hierdie wet word beheer uitgeoefen deur 'n Raad wat uit minstens nege lede bestaan en van wie ses besondere kennis van kuns, taal en lettere of die regspleging moet hê. Die aanstelling word gedoen deur die Minister van Binnelandse Sake, wat ook 'n paneel aanwys waaruit die Raad komitees kan benoem om - onder voorsitterskap van een van die raadslede - verslag te doen oor 'n publikasie wat aan hom voorgelê word. Enige lid van die publiek is geregtig om publikasies vir beoordeling aan die Raad voor te lê, terwyl

iemand - 'n skrywer, uitgewer of invoerder - by enige afdeling van die Hooggeregshof (en daarna ook by die Appèlhof) appèl kan aanteken indien hy hom deur 'n verbod veronreg voel. Volgens die wet is dit nie vir die Raad nodig om redes vir sy beslissings aan te voer nie." (Kannemeyer, 1983:232). Louw (1986a:28-29) stel sy standpunt sterk: "Daar is niks, maar ook hoegenaamd niks van alles wat die mens doen, wat in die literatuur nie genoem kan word nie; daar is geen woord in 'n taal, hoe gemeen ook, wat daar nie kan ingaan nie; maar dit is alleen eerbied teenoor die lewe wat heirdie dinge tot groot literatuur kan omskep." Van Rensburg (1996:45-46) interpreteer Louw se ontsteltenis só: "Dat 'n voorstel van so 'n verstrekkende aard prakties geen reaksie van die kant van die publiek of die pers uitgelok het nie, was vir Van Wyk Louw 'n bedenklike teken van die peil van die geestelike lewe van die land op daardie tydstip." Om passief toe te laat dat die vryheid van die individu opgehef word, is vir Louw onaanvaarbaar. Wat hom nog meer ontstem het, is die stilswye van die intellektuele. "Die intellektuele mens het immers hier te doen 'met iets wat aan die wortels van sy bestaan raak'", gee Van Rensburg (1996:46) Louw se reaksie weer. Van Wyk berispe sy volksgenote: "die bedenklike van ons houding lê nie daarin dat daar nie onmiddellik verblinde en verblindende verset ontstaan het nie, maar dat ons op so 'n onverskillige wyse weier om die prinsipes waardeur ons leef, te ondersoek wanneer hulle deur kragte in die gemeenskap vir ondersoek bloot gemaak word." (1986a:397).

Van Wyk Louw se verset téén sensuur is myns insiens in pas met sy voorkeur vir demokrasie wat Degenaar (1976:71) konstitueer. Die "vryheid van spraak en veral die vryheid van kunsbeoefening" is vir Louw 'n uitvloeisel van persoonlike vryheid waarsonder "'n ryk, geestelike lewe" nie kan groei nie. "En aangesien 'n volk se waarde gemeet word aan 'die rykdom aan menslike ervaring wat hy in sy kuns kan vaslê', moet die vryheid van die kunstenaar ook ter wille van die regverdiging van die volksbestaan, beskerm word." (Degenaar, 1976:71). In 'n twisgesprek in STANDPUNTE (Augustus 1963:3-4) antisipeer N.P. van Wyk Louw die konsekwensies wat die toepassing van die sensuurwet binne die literatuursisteem sou hê: "En (want vir my is die politieke denke nie eers hoofsaak nie) besef u dat ons Afrikaanse letterkunde

vandag voor die keuse staan om óf 'n klein sitkamerliteratuur te word - en dan sterf hy binne 25 jaar - óf om vir die volk wat hy dien, 'man-met-flits' deur die hele lewe te wees? deur afgronde, geheime komitees, krotte, lykhuisse, hoerhuisse? Die hoerhuisse is nié deur ons ou volkie ónbevolk nie; en die wat daarin is, bly lede van ons volk. Besef u?"

Na die verskyning van André P. Brink se Lobola vir die lewe (1962) is daar verskeie gerugte dat die boek na die nuwe Publikasieraad verwys sou word. "Een van die manne wat wou hê dat Lobola verbied word, was dr. H.J. Terblanche", berig Steyn (in Beukes, 1992:241). Tog het daar niks van dié klag gekom nie. In die hitte van die stryd skep die redaksie van STANDPUNTE (by implikasie dus ook N.P. van Wyk Louw<sup>36</sup>) vir Brink geleentheid om sy perspektief te stel in sy artikel "Seks en religie" (STANDPUNTE, Desember 1964:33-39). Hierdie handeling sou as teenkating van die sensuurraad se uitspraak geïnterpreteer kon word. 'n Gespreksgeleentheid word geskep waarin die publiek bewus gemaak word van die problematiek en in 'n groot mate gestimuleer word tot die vorming van 'n eie opinie.

Wat vir N.P. van Wyk Louw onaanvaarbaar was, is sensuur wat voor publikasie uitgeoefen word en niks meer as 'n administratiewe aangeleentheid word nie: "As daar wetlike beperkings op die kuns en die literatuur moet wees, laat dit geskied voor 'n vrye hof waar die kunstenaar sy saak kan stel." (Louw aangehaal in Degenaar, 1976:72). Wanneer dit begin blyk dat 'n sensuurraad onafwendbaar is, beken hy sy vrees openlik: "Dit was 'n goeie wynjaar. Mag ons hoop dat die sensuur dit nie tot die laaste goeie wynjaar sal maak nie", sê hy in sy toespraak by die ontvangs van die CNA-prys vir sy digbundel, Tristia. In dieselfde asem suggereer hy dat prof. G. Dekker se suiwer en versigtige oordeel die saak moontlik kan red (in DIE BURGER, 27/2/1963). Hierdie toespraak het heelwat publisiteit geniet. Dawie skroom nie om in sy politieke rubriek te verwys na Louw se uitsprake teen sensuur nie. In DIE BURGER van 23 Maart 1963 ondersteun hy N.P. van Wyk Louw se voorstel om Dekker tot voorsitter van die Publikasieraad te verkies: "My voorstel is dat die Regering dit oorweeg om vir die leidende pos in die raad die dienste te

probeer verkry van 'n man wat sonder twyfel die vertroue geniet of kan win van alle ernstige skrywers in Suid-Afrika. Hy is toevallig - en ek kan nie help om te glimlag as ek nou dink aan my destydse kritiek op sen. Jan de Klerk se Onderwysadviesraad nie - 'n Transvaler én 'n Doppe: die nou afgetrede professor Gerrit Dekker van Potchefstroom. Ek glo dat 'n Publikasieraad wat deur hom gelei word, kalmte en vertroue in skrywerskring sal herstel nog voordat dit begin werk."

Dawie gee te kenne dat Dekker nie "so 'n aanstelling maklik sal aanvaar nie, maar ek glo ook dat, met die oog op wat alles op die spel staan, hy beweeg behoort te word om die opoffering te maak." Hierdie hipotese word byna woordeliks bevestig in Van Wyk se brief aan sy broer op 6 Mei: "Ek het met hom onderhandel ... [en] heelwat met hom bereik, want hy was erg onwillig" (aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:355). Ook 'n brief van Dekker (29/4/1963)<sup>37</sup> aan Van Wyk kan as getuie dien: "In opvolging van ons telefoniese gesprek vanmiddag - die stem het maar onduidelik oorgekom - net die volgende: ek het aan Min. de Klerk laat weet dat ek in beginsel bereid sal wees om 'n benoeming as voorsitter te aanvaar." Enkele maande later (op 5 Junie 1963) blyk sy teësinigheid sterker: "Ek stel die steun van u broer, die paar Pretoriase kollegas en Canis Scholtz baie op prys - trouens, ek het, soos reeds gesê, hierdie verantwoordelikheid op my geneem alleen op grond van die aandrang van die skrywers wie se opinie ek hoogag en by wie ek vrymoedigheid het om nou om advies en inligting aan te klop."

Dat die rol van bemiddelaar die enigste moontlike manier was waarop Louw ernstige gevolge van die sensuurwetgewing kon teewerk, blyk ook uit die brief van Louw op 6 Mei: "Ek het tot dusver heelwat moeite gedoen om, nou dat ons tóg 'n publikasieraad kry, te help meewerk dat die raad so goed as moontlik is, nie 'n blamage en 'n skande vir die regering en die Afrikaner word nie." (aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:355).

"Toe die wet, ten spyte van die polemie, aanvaar is, het hy, saam met meer as honderd skrywers, literatoure en beeldende kunstenaars 'n proteskrif gepubliseer waarin hulle die redes uiteengesit het waarom hulle die wet as



gevaarlik vir die kuns beskou." (Van Rensburg, 1996:58). Die kanoniserende krag van Van Wyk Louw word deur Van Rensburg (1996:58-59) gesuggereer: "As 'n mens na die lys van ondertekenaars kyk en jy sien wie dit almal onderteken het (onder meer aartsteenstanders van enige vorm van sensuur, soos Nadine Gordimer en Jack Cope), dan beseft jy dat hulle dit waarskynlik alleen gedoen het omdat iemand soos Van Wyk Louw, met sy bekende integriteit van teenstand teen publikasiebeheer, sy weg oopgesien het om dit te onderteken. 'n Mens het 'n sterk vermoede dat hy 'n leidende aandeel aan die opstelling van die stuk gehad het, op die minste aan die formulering en invoeging van die aangehaalde punt."<sup>38</sup> Dié verklaring wat op 25 April 1963 deur W.A. de Klerk en Mary Renault aan sen. Jan de Klerk, minister van binnelandse sake, oorhandig is, het die handtekeninge van 117 Suid-Afrikaanse skrywers en 41 kunstenaars bevat, onder andere dié van Rob Antonissen, Hennie Aucamp, Chris Barnard, R.K. Belcher, André P. Brink, Guy Butler, Jack Cope, J.J. Degenaar, W.A. de Klerk, Anna de Villiers, Abraham de Vries, W.J. du P. Erlank, Elisabeth Eybers, Athol Fugard, Sarah Goldblatt, Nadine Gordimer, Pieter Grobbelaar, Wilhelm Grütter, T.J. Haarhoff, Doc Immelman, Ingrid Jonker, Elsa Joubert, J.C. Kannemeyer, Karl Kielblock, Uys Krige, Etienne Leroux, R.E. Lighton, Freda Linde, Anna M. Louw, N.P. van Wyk Louw, E.G. Malherbe, F.E.J. Malherbe, Leo Marquard, Johannes Meintjies, C.J.M. Nienaber, G.S. Nienaber, M. Nienaber-Luitingh, D.J. Opperman, Alan Paton, S.V. Petersen, P.J. Philander, M. Preller, Gert Pretorius, Jan Rabie, Mary Renault, Leon Rousseau, Jan Schutte, Adam Small, Barend Toerien, Sannie Uys, Laurens van der Post, Vincent van der Westhuizen, Ernst van Heerden, J.P.J. van Rensburg, Martin Versfeld en A.J.J. Visser. "Hulle spreek daarin hul kommer uit oor die toekoms van die skeppende denke in Suid-Afrika nadat die wet aangeneem is, verklaar dat die wet strydig is met die allerelementêrste beginsel van die kuns, en spreek die oortuiging uit dat die reeds bestaande middele van optrede teen pornografie voldoende is." (Steyn in Beukes, 1992:354).

Dat dit by Louw nie kritieklose rebelsheid was nie, spreek uit sy versoenende houding na Dekker se aanstelling. Op 22 Oktober 1963 verklaar hy in DIE BURGER: "Noudat die name bekend is van die persone wat in die volgende

paar jaar die Raad vir Publikasies sal vorm, kan die van ons wat gewaarsku of geprotesteer het, of bedenkinge uitgespreek het oor die moontlike gevolge van hierdie stuk wetgewing, die saak heroorweeg - hierdie keer, gelukkig, met *feite*, nie net *geloof* nie, tot ons beskikking." Hy vervolg: "Wat myself betref, ek voel dat die verantwoordelike minister gelukkig moet word met die keuse van 'n voorsitter vir die raad, en albei, minister en voorsitter (waarskynlik) met die keuse van die raad self." Hierop antwoord De Klerk<sup>39</sup> oënskynlik dankbaar (namens die Ministerie van Binnelandse Sake): "U brief wat onder die opskrif 'Letterkunde kan nou Onbelemmerd voortgaan' in DIE BURGER van 22 Oktober 1963 verskyn het, is onlangs onder my aandag gebring as 'n verdere bewys van die juistheid van my destydse standpunt, naamlik, dat my eerlike en opregte bedoelings met die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, aanvaar sal word deur die toonaangewende kunstenaars sodra dit met die praktiese toepassing daarvan, vir hulle duidelik word dat die behoud van die siel van my volk vir my net so na aan die hart lê as vir enige ander persoon wat in harmonie met homself, die werklikheid, sy bodem, sy volk en sy Skepper lewe." In welke mate Louw se standpunt bepalend was in die stryd, kom implisiet in die laaste paragraaf na die oppervlak: "Ten slotte wil ek graag daarop wys dat die onderhawige Wet die raad met die nodige bevoegdhede beklee om aan al die voorstelle in u brief vervat, gevolg te gee en om selfs nog groter vryheid as onder vorige Wette, te verleen aan verantwoordelike persone en inrigtings waarvan daar gelukkig nog baie in ons land is."

Steyn (in Beukes, 1992:378-379) noem enkele "skadelike nuwe-effekte" wat die sensuurstryd gehad het: dit het sekere skrywers geïnhibeer (Leroux het dit openlik aan RAPPORT beken); dit het "verhoudings tussen skrywers en die owerheid, en soms ook skrywers onderling kwaai vertroebel" en die ondeurdagte koppeling van letterkunde en politiek sou verskralend werk. In alle waarskynlikheid het N.P. van Wyk Louw kommer gehad hieroor. By hom was daar geen verskuilde, persoonlike agenda nie. Hy het sensuur teëgestaan om sy volk en taal se voortbestaan te beveilig. Daarom begrawe hy die strydbyl nadat die sensuurkwessie deur 'n sinvolle aanstelling beredder is. Louw het sy gesindheid op die vooraand van sy sestigste verjaardag treffend geformuleer: "Ek glo aan die ewigdurende voortbestaan van 'n

Afrikanervolk in hierdie land. Ja, my hele lewe sou vir my geen sin, geen betekenis hê as ek nie kon glo aan die voortbestaan van hierdie taal en volk nie." (in DIE VOLKSBLAD, 11/6/1966; aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:268).

Om die nawerking van Louw se deelname tot die sensuurstryd te illustreer, volg 'n deel uit Hennie Aucamp se bedankingstoespraak vir die W.A. Hofmeyerprys in 1975. Aucamp het hom verset teen skrywerskollegas met hulle voortdurend eise om en pleitdooie vir betrokke literatuur: "As skrywers in Afrikaans nie meer oor álles wat die mens raak, mag skryf nie, as hulle die mond gesnoer word, hetsy deur amptelike sensuur, hetsy deur medeskrywers en kritici, gaan Afrikaans verskraal, en die Afrikaanse letterkunde kwyn." (aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:411). Alhoewel die omstandighede wat tot hierdie toespraak aanleiding gegee het volledig anders was as dié van Louw tydens die sensuurstryd, word sy ideaal van skrywersvryheid en die voortbestaan van 'n ryk en lewenskragtige letterkunde volledig ge-eggo. In albei gevalle vestig hulle 'n versetstemming teen enige vorm van voorskriftelikheid wat deur die staat of individue voorgestaan word.

#### 6.5.1.3.3 Kultuurwerk onder kinders

As ware opvoedkundige besef N.P. van Wyk Louw die waarde van werk wat op kinders toegespits is. Deur sy gereelde "Nuusberigte"<sup>40</sup> in DIE JONGSPAN bring hy byvoorbeeld wêreldnuus en -gebeure onder die aandag van Suid-Afrikaanse kinders en verbreed hy die grense van hulle gebrekkige ervaringsveld. Tien jaar lank het hy elke week 'n nuusbladsy hierin volgeskryf. In 'n brief (7 Januarie 1937) maak Van Wyk Louw 'n mededeling aan sy broer waarin hy sê dat "hy gereeld elke week, selfs wanneer hy op reis is, die nuusberigte vir DIE JONGSPAN skryf. 'Dis waarlik 'n stukkie werk wat ek lief het.'" (Steyn in Beukes, 1992:67). Sy toewyding spruit waarskynlik uit sy liefde vir die saak: "Soos jy weet, was ek nogal 'n getroue joernalis: 10 jaar lank vir die Jongspan, en nie een week van die 520 laat nie of te min kopie" beken Louw aan Opperman in 'n brief (gedateer 29 April 1951; aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:141-142).

Louw werk op velerlei wyses om aan kinders maksimum blootstelling te besorg sodat hulle as volwassenes 'n eie opinie kan vorm. In hulle eie taal en toon vertel hy van bekende figure uit die Wes-Europese beskawing (bv. Desiderius Erasmus of Thomas Masaryk). Ook aktuele kwessies is ter sprake, byvoorbeeld 'n bespreking oor Generaal Franco (na aanleiding van die Spaanse burgeroorlog wat bykans drie jaar duur). Hierby huiwer hy nie om moeilike terme (bv. kommunisme en fascisme) te verduidelik sodat die kinders in staat gestel word om selfstandig die wêreldgebeure te begryp en te vertolk. Tog hou N.P. van Wyk Louw DIE JONGSPAN aangenaam deur vir verhale te sorg. Nie net eietydse, Afrikaanse stories nie, maar hy delf ook diep in die skatkamer van die wêreldliteratuur.

Steyn (in Beukes, 1992:67) beweer dat daar destyds tussen 30 000 en 40 000 intekenaars was en 'n prysvraag het bevestig dat Louw se rubriek die populêrste is. Nie net kinders nie, maar ook hulle ouers en onderwysers het dit graag gelees. Die reikwydte van Louw se invloed blyk uit 'n brief wat deur die Vrystaatse Onderwysersvereniging aan die blad gerig is. Hierin word Louw geprys vir die feit dat "die Jongspan nie 'n kleurlose maar 'n gesonde Afr. blad is" (aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:67).

"'n Ander stuk 'kultuurwerk' waaraan Van Wyk Louw in hierdie jare meedoen en waarvoor hy die medewerking van W.E.G. Louw vra, is die Afrikaanse Kinderensiklopedie waarvan die eerste deel in 1943 verskyn en wat met C.F. Albertyn as hoofredakteur oorspronklik in agt dele beplan is. Dié soort werk, skryf hy in 'n brief van 20 September 1941, is 'vandag belangriker vir die voortbestaan van ons volk as al die teatergebare van die politici'. As mens dink wat verwante ensiklopedieë vir die Engelse kind beteken, 'sal jy besef watter bolwerk vir ons saak so 'n Afrikaanse onderneming kan wees'." (Kannemeyer, 1990:259).

Die wyse waarop Van Wyk Louw die Afrikanerkind wou bereik en beïnvloed, word weerspieël in die voorwoord tot die ensiklopedie: "Aan die kind op die eensame plaas daar ver op die uitgestrekte vlaktes van ons vaderland, op die rustige dorp, of in die woelige stad, bring die skrywers van hierdie boek almal

een boodskap: Lees hierdie boek en put daaruit kennis en innige genot; leer daaruit dat God groot en goed is, en dat daar baie mooi dinge is in die lewe van die mens en in die wêreld om hom heen." (Albertyn et. al., 1943: voorwoord).

Van Wyk Louw se bydraes word meestal gevind onder die opskrif "Kunsskatte van die wêreld" waarin hy vir die Afrikanerkind blootstelling bied aan die grootstes uit alle literature. Soms lewer hy selfs bydraes oor die skilderkuns en spreek hy sy waardering uit vir die werk van Leonardo da Vinci en Rembrandt. 'n Oorsig oor sy stukke wat in die eerste vyf dele opgeneem is, reflekteer die volgende tendense:

- Hy maak die kinders vanuit die staanspoor bewus van Afrikaans se verbintenis met Nederlands deur sy verwysing na Middel-Nederlandse tekste. Hy verwys byvoorbeeld na Karel ende Elegast as een van die oudste stories in "ons" taal. In sy bespreking van twee groot Vlaamse digters, Guido Gezelle en Karel van de Woestyne, word dié toedrag eksplisiet geformuleer. Hy verwys na die Vlaminge as 'n sustervolk wat ook 'n taalstryd gehad het. Daarby voeg hy: "Party mense meen dat die Afrikaanse taal net in Suid-Afrika bekend is, maar dit is verkeerd. Inderdaad is daar vier ander lande waar Afrikaans maklik verstaan word en waar Afrikaanse boeke gelees word: Nederland, België, Nederlands-Indië (Java, Sumatra en ander eilande waar Nederlanders woon) en die Belgiese Kongo in Midde-Afrika. Wanneer 'n Afrikaner in een van hierdie lande kom, vind hy dat hy baie maklik met sy eie taal regkom." (Die Afrikaanse Kinderensiklopedie, deel IV:1414). Van Wyk Louw het dikwels in sy prosastukke die verband tussen Afrikaans en Nederlands beklemtoon: "En wanneer ons dit só sien, besef ons dat daar geen skeiding van Nederlands en Afrikaans kan plaasvind sonder dat laasgenoemde vermink - 'n stomptert-akkeldissie - word nie." (Louw, 1986b:560)
- Hy verbreed sy lesers se literêre verwysingsraamwerk deur besprekings van die grootstes uit alle literature: Homerus; Shakespeare; Vondel;

Goethe; die Griekse filosowe Socrates, Plato en Aristoteles; Dante; Hooff en Bredero; Engelse digters soos Blake, Burns, Wordsworth en Coleridge; Franse romanskrywers met hulle naturalistiese bydrae; die Grieke en die ontwikkeling van toneelkuns deur onder andere Sophokles, Euripides en Aristophanes; die Tagtigers as digterlike rebelle en Vergilius as grootste digter van die Goue Eeu in die Latynse letterkunde. Alhoewel hy erkenning gee aan al die groot name, beklemtoon hy die feit dat hulle digkuns voorop staan: "*Dit is byna asof die digter niks was, sy werk alles. En miskien is dit ook die regte gees waarin 'n digter sy werk moet verrig.*" (Die Afrikaanse Kinderensiklopedie, deel III:927). Hierdie gesindheid herinner aan 'n uitspraak waarin Louw (1986a:110) wys op die lyding van verskeie kunstenaars: "*Villon, Beethoven met sy woedevlae en eensaamheid, Mozart, Verlaine se swakheid en die self-kruisiging van Rimbaud, die jong, donker Bredero, Baudelaire, Hölderlin, Van Gogh ... dis een om die ander name van die smart.*" Tog word hulle deur 'n groter krag beetgeneem: "*En dan is dit begryplik dat die geestelike lewe en die skoonheid geen maklike laste vir die mens is om op hom te neem en te dra nie.*" (Louw, 1986a:113). Wanneer Louw in sy kreatiewe werk - veral deur verwysing - aansluiting vind by die Wes-Europse kultuurdiskoers, is hy besig om (by implikasie) bostaande digters (en hulle denkrigtings) te kanoniseer.

- Opvallend in sy bespreking van die Tagtigers (Jacques Perk, Willem Kloos en Herman Gorter), is die wyse waarop hy implisiet 'n stem gee aan die ideaal van die Dertigers. Hy lê klem op die feit dat die jong digters 'n tydskrif, De Nieuwe Gids, gestig het waarin hulle hul eie werk kon publiseer waarvoor hulle fel kritiek gekry het. "Hierdie jong manne het die idee verdedig dat Holland 'n eie, groot letterkunde moes hê, gelyk aan dié van die vernaamste Europese lande, 'n letterkunde vol gloed en emosie, lewensdiepte en lewenserns; en self het hulle aan die opbou van so 'n letterkunde gewerk." (Die Afrikaanse Kinderensiklopedie: deel V:1836). Alhoewel dit nie noodwendig bewustelik geskied het nie, kan daar beweer word dat hier voorspraak gemaak is vir 'n eie tydskrif, STANDPUNTE, wat later jare bostaande doelwit binne 'n Afrikanerkonteks sou nastreef. In die

eerste uitgawe van die tydskrif verklaar die redaksie: "Hierdie nuwe reeks wil die vrye geestelike en intellektuele lewe dien." (Louw, 1986b:504)

- Sy bydraes oor die fabel en sprokie het waarskynlik ten doel om by kinders 'n liefde vir lees te kweek. As opvoedkundige besef hy die waarde van 'n diereverhaal om die verbeeldingswêreld van die kind aan te gryp en vertel hy een van die mooistes: dié van Reinaert de Vos. Ook die broers Grimm en Hans Christian Anderson kry spreekbeurte in sy bydrae oor sprokies. Watter kind sou nie deur hierdie vertellings tot selfstandige lees aangespoor word nie?

Die feit dat Die Afrikaanse Kinderensiklopedie in byna elke Afrikanerhuis op die boekrak was, verklaar waarom Van Coller (1994:22) in sy Louw-gedenklesing beweer dat "Van Wyk Louw se kanoniserende impak deur byvoorbeeld sy talle stukke in Die Afrikaanse Kinderensiklopedie" kwalik oorskakel kan word.

#### 6.5.1.3.4 Louw se invloedryke vriendskap met Anton Rupert en Jean Welz

Die vriendskap tussen N.P. van Wyk Louw en Anthony Edward Rupert strek oor etlike jare. As getuigenis van 'n mooi gesindheid geld twee gelukwensinge en 'n openhartige brief aan Van Wyk (2.K.3.44.1-3). Op 29 September 1966 skryf Rupert:

"Vir 'n dertig jaar reeds voel ek my jou gesesgenoot in lojale verset. Laat my dit reguit sê: ek beskou jou verdienste vir ons volk van veel meer belang as dié van enige politikus.

Jy het 'n instinktiewe aanvoeling van wat voorlê en daar is ongelukkig min - te min - van ons tydgenote wat weet. Ek het Saterdagmiddag by 'n dinee proutuit gepraat met leiers van Pretoria Universiteit en 'n uiters gunstige reaksie ontlok. Daar was 'n deurskemerende besef van ons taak en verantwoordelikheid as 'Afrikaners'.

Maar die wêreldpolitiek self bly stemme koop en word al hoe meer die laagste

gemene deler.

Graag gesels ek op 'n geleentheid verder om lig op te steek."

Dat Anton Rupert - net soos N.P. van Wyk Louw - 'n leiersfiguur was, is onweerlegbaar. Die status van Louw is herhaaldelik bevestig. In 'n huldigingsbundel word Anton Rupert aangeprys vir sy "skerpsinnige denke en vermoë om die toekoms as't ware met die oë van die gees af te tas". Dit plaas hom "binne die geleedere van 'n baie klein groepie Suid-Afrikaners wat wêreldwyd gerespekteer word. Hy is nie net 'n man met 'n grootse visie nie, maar ook iemand wat idees tot werklikhede kan maak." (Esterhuysen, 1986:1). Tussen Louw en Rupert kan wel 'n ooreenkoms aangetoon word. Hulle deel nie net roem nie, maar ook 'n liberale nasionalisme; "'n nasionalisme wat verby die aspirasies van die eie volk kyk en ruimte laat vir die aspirasies van ander; 'n nasionalisme wat agter die horison van Suid-Afrika ook die wêreld raaksien" (Esterhuysen, 1986:36). Op 'n praktiese vlak bring Rupert sy steun deur 'n ruim bedrag vir volbladadvertensies te betaal wat die spreekbuis van die Dertigers, STANDPUNTE, op 'n stewiger finansiële grondslag plaas (Steyn in Beukes, 1992:421).

In 'n kort nota<sup>41</sup> rig Jean Welz 'n versoek aan N.P. van Wyk Louw om een van sy kunsuitstallings te open. 'n Blik op die lewe van Welz maak dit begryplik waarom Louw by hom (sy werk en denke) aanklank kon vind. Jean Welz is student van die beroemde Joseph Hoffman waarna hy sedert 1924 in Parys as argitek praktiseer. Gedurende 1937 verhuis hy en sy gesin na Suid-Afrika. Hy ontwerp die hoofingangsaal van die Universiteit van die Witwatersrand, maar moes weens siekte sy betrekking neerlê en vestig hom as voltydse kunstenaar in Kaapstad (in STANDPUNTE, 1955:66). In 'n uitgawe van STANDPUNTE (1955:18-20) verskyn een van sy lesings (oor kuns as wetenskap van simbole) asook agt afdrucke van sy werk. Dat Welz nie net vroeër jare erkenning geniet het nie, maar dat sy status mettertyd onmiskenbaar gevestig is, word weerspieël in 'n onlangse publikasie van Elza Miles: The World of Jean Welz (1997)<sup>42</sup>.

Hiermee dan die hipotese dat Jean Welz en N.P. van Wyk Louw albei 'n



ideaal gedeel het om 'n kritiese geestesklimaat in Suid-Afrika te skep. Op hulle onderskeie maniere (gesetel in 'n individuele skeppende gees) het elk op sy manier daartoe bygedra: N.P. van Wyk Louw deur 'n kunsuitstalling vir Welz te open en omgekeerd deur Welz se publikasie in STANDPUNTE. Tydens 'n besoek aan Johannesburg het Welz verskeie tekeninge van Louw gemaak waarna hy een in 'n volledige skildery uitgewerk het. 'n Koerantknipsel<sup>43</sup> hieroor word as deel van die Louw-dokumente bewaar. 'n Houtskooltekening wat Welz van Louw gemaak het, is nagelaat aan W.E.G. Louw. (Grové in Beyers, 1981:340). In die sensuurdebat spreek Louw sy spyt uit oor die beginsel "dat alleen nie-skeppendes - dus alleen kritici en kunshistorici" tot die Publikasieraad benoem mag word. Hy vervolg: "Hierdie beginsel hou wel waardevolle beoordelaars buite die raad wat die beslissings gee - ek dink aan iemand soos Jean Welz; maar ek glo dat al die werklike skeppendes gewilliglik hierdie beperking aanvaar in ruil vir die beskerming teen die literatuur en die ander kunste se kapaterbye of waterdraers wat so gretig is om beheer uit te oefen." (in DIE BURGER, 22/10/1963). Uit bostaande besonderhede sou bevestiging gevind kon word van 'n langdurige verbintenis tussen twee groot geeste wat elk op 'n unieke wyse meewerk aan 'n kanoniseringsproses: die hooghou van waardes en norme wat 'n eie, skeppende Suid-Afrikaanse kultuurlewe onderlê.

Dit is bykans onmoontlik om op 'n konkrete vlak aan te dui in watter mate dié hoë profiel-persoonlikhede meegewerk het aan die kanoniseringsproses. Klaarblyklik deel hulle dieselfde waardes: die skep van 'n kritiese denke en 'n vrye gees by die volk. Aangesien elkeen binne sy eie sfeer aanhang geniet het, is die verwagting dat hulle ook vir mekaar geleentheid sou skep tot pro-aktiewe optrede. Daarom kan die veronderstelling aangeneem word dat Louw, Rupert en Welz (as piek van die volkspiramide) hierdie ideaal op elke moontlike wyse sou bevorder.

#### **6.5.1.4 Implisiete kanoniseringshandelinge op 'n institusionele vlak**

Institusioneel het N.P. van Wyk Louw 'n ongekende status binne sy eie literatuursisteem geniet. Sy digbundel, Raka, is een van die grootste

verkopers wat nog in Afrikaans verskyn het. "Van die Afrikaanse Raka is, skooluitgawes ingesluit, tot in 1990 226 062 eksemplare gedruk." (Steyn in Beukes, 1992:301). Ook internasionaal is Louw vereer met 'n eredoktorsgraad<sup>44</sup>. Kannemeyer verwys in sy literatuurgeskiedenis na die vroeë verering van die Rijksuniversiteit en Utrecht benewens "ook eredoktorate van die Rhodes-universiteit en die Universiteit van Suid-Afrika, Stellenbosch en Kaapstad." (Kannemeyer, 1978:379).

#### 6.5.1.4.1 Sy studente

As gekanoniseerde het N.P. van Wyk Louw institusioneel 'n geestelike gesagsposisie beklee. Sy doseerwerk aan die Universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand, saam met 'n omvattende reeks lesings tydens sy jarelange verbintenis aan die Gemeentelike Universiteit van Amsterdam, het vir hom 'n unieke kanoniseringsgeleentheid geskep. Hy het 'n sleutelrol vervul in die vorming en volwassewording van die studerende jeug. Benewens sy buitelandse studente, het 'n uiteenlopende groep Suid-Afrikaanse studente by hom akademiese leiding in die vreemde gekry. Name in sy aantekeningboek is onder andere dié van Cloete, Van Rensburg, Lindenberg, Lindes, Merwe Scholtz en L. Dekker, name wat later prominent in die Afrikaanse literatuursisteem opgeteken sou staan. Kannemeyer (1978:379) bekragtig hierdie aanname in sy literatuurgeskiedenis wanneer hy wys op Louw se werksaamheid as dosent "van 'n hele aantal Suid-Afrikaanse studente wat later leidende rolle as literatore speel, o.a. H. van der Merwe Scholtz, C.J.M. Nienaber, P. du P. Grober, T.T. Cloete, F.I.J. van Rensburg, Elize Lindes (-Botha) en E. Lindenberg."

T.T. Cloete, Elize Lindes, P.G. du Plessis en Rialette Wiehahn verteenwoordig as promovendi die vrug van sy akademiese arbeid. Hulle sou mettertyd sy menings en oortuigings (op 'n implisiete wyse) oordra aan studente wat landswyd aan verskeie universiteite deur hulle gevorm sou word.

Nadat T.T. Cloete by hom afgestudeer het, verklaar N.P. van Wyk Louw op 20 Januarie 1953<sup>45</sup>: "En nou, nadat ek die taak volbring het wat my opgelê was,

kan ek die eerste wees wat U as Doktor begroet en U gelukwens met die waardigheid wat U so loflik verkry het." (20.1.1953). Dat Cloete hoë waardering vir sy promotor het, spreek uit die voorwoord tot sy proefskrif: "Hooggeleerde Louw, ek voel gelukkig daaroor dat ek U mag aanspreek as my Promotor. My erkentlikheid moet ek hier betuig vir wat ek van U omtrent Trekkerswee en Joernaal van Jorik geleer het, nie alleen na aanleiding van hierdie proefskrif nie, maar daarvóór nog, in U kolleges, al het u hierdie twee gedigte met 'n ander metode en doel benader as ek in hierdie studie. U begrip vir en geduld met die bestendige gevoel van onvoldaanheid wat steeds gepaard gaan met die nooit-voltooide ondersoek na die poësie, en wat die manuskrip dus keer op keer 'n nuwe gedaante laat aanneem het, dra my waardering weg. 'n Enkele opmerking van U kant het my op 'n keer helder laat beseef dat die ondersoek nie met hierdie proefskrif eindig nie." (Cloete, 1953:voorwoord).

"Elizabeth Lindes-Botha, dosent aan die Universiteit van Pretoria en later Suid-Afrika, promoveer met Veelheid en binding (1955; 'n ondersoek van Opperman se 'Sprokie van die Spikkelkoei' en die eenheidsprobleem in die literatuur) en wy haar later toenemend aan studies oor die prosa, gebundel in Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig en Oor die Afrikaanse prosa en ander opstelle (albei 1980)." (Kannemeyer, 1983:294). Haar status binne die literatuursistiem word later bevestig wanneer sy byvoorbeeld as voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en pas (in 1998) tot kanselier van die Universiteit van Stellenbosch aangewys word. Dit is "die voltooiing van 'n siklus wat vyftig jaar gelde begin het," het Botha (in DIE BURGER, 12/5/1998) gesê. Dat Van Wyk Louw haar waarde raakgeskat het, blyk uit 'n opmerking in sy promosie-toespraak: "Ek weet wat daar aan werk in hierdie dissertasie steek; en ek bedoel nie alleen die hoeveelheid werk nie, maar veral die hoedanigheid daarvan."<sup>46</sup>

By aantekeninge oor die werk van P.G. du Plessis, beklemtoon Louw die vernuwende bydrae van sy proefskrif: "It is strange that a phenomenon widespread in literature has not yet received much systematic attention." Du Plessis bring 'n betekenisvolle bydrae met sy onderskeid tussen verwysing,

aanduiding, sinspeling, aanhaling, kruisverwysing en herhaling. Tog het hy geen onsekerheid oor die oerbron van sy insig nie: "Dit was 'n voorreg om hierdie studie onder die toesig van professor N.P. van Wyk Louw te kon voltooi en om te kan sê dat hy verantwoordelik is vir die grootste deel van enige literêre vorming wat ek miskien besit. Dat ek die nut van sy oordeel, sy insig in die verwysingsprobleem en wetenskaplike metode, sy detailkritiek gehad het; dat ek soveel van sy aandag vir gesprekke oor die studie kon opeis; dat hy bereid was om sy werk openhartig met my te bespreek en Tristia en sy vroeëre werk vir my selfs groter betekenis te laat kry - daarvoor kan ek net my opregte dank betuig." (Du Plessis, 1968:voorwoord).

Ook op skeppende vlak het N.P. van Wyk Louw vir Du Plessis geprikkel en aangepor. In 'n gesprek met Louw een aand praat Du Plessis oor 'n spesifieke kritikus waarop Louw reageer met: "Man, moet jou nie aan die vent steur nie; hy is ook maar net 'n kween". "Ek het net daar in die motor geklim en huis toe gery en vir myself gesê: 'Ek wil nie 'n kween wees nie!'", Dieselfde nag het Du Plessis begin skryf aan Die nag van Legio wat gunstig ontvang is. Sy volgende drama, Siener in die suburbs, het die Hertzogprys verower (Steyn in Beukes, 1992:209).

Veelseggend is die feit dat N.P. van Wyk Louw se streng tipografiese eise later deur P.G. du Plessis gereflekteer word wanneer hy waarneem as eindredakteur van STANDPUNTE. Met die voorbereiding van Nuwe verse vra Louw dat dit in Nederland gedruk word, want "ek sou tog graag sien dat die boek behoorlik lyk; en ek voel dat die Pers nie van Periandros 'n baie goeie 'job of printing' gedoen het nie" (Steyn in Beukes, 1992:138-139). In Februarie 1972 word P.G. du Plessis redaksielid van STANDPUNTE. Wanneer hy as eindredakteur optree (Oktober 1974 tot einde 1976), verander die uiterlike van die tydskrif opmerklik en 'n nuwe drukproses word gevolg "sodat dit 'wat betref formaat, die gebruik van foto-materiaal en tipografie beter aan die vereistes van ons tyd voldoen'", lui 'n redaksionele aantekening in Februarie 1977 (Steyn in Beukes, 1992:429).

In alle waarskynlikheid is Van Wyk Louw se invloed die maklikste

aantoonbaar in die proefskrif van Rialette Wiehahn. En dan by wyse van kritiek wat deur P.D. van der Walt uitgespreek is na aanleiding van haar akademiese publikasie, Die Afrikaanse poësiekritiek, as voltrekking van haar studie. Van der Walt (1969:212-214) beklemtoon verskeie positiewe aspekte en bevestig dat dié bevindings voortaan 'n sentrale plek in die literêr-kritiese wetenskap sal inneem. Tog spreek hy die vermoede uit dat persoonlike voorkeure 'n rol gespeel het in haar keuse van figure. Hy beweer dat haar korrektiewe opmerkings deurtrek is van "haar promotor se McCarthyisme op psigologisme of vermeende psigologisme - gevolglik (daar kan natuurlik ander redes wees) verneem ons minder van F.E.J. Malherbe se positiewe bydrae tot die Afrikaanse kritiek as dié van E.C. Pienaar." Hy merk ook op dat haar bespreking van Opperman tekens van moedswilligheid toon. N.P. van Wyk Louw se negatiewe gesindheid teenoor F.E.J. Malherbe hou veral verband met die breuk in die VVB en is volledig gedokumenteer deur Kannemeyer (1990). In die laaste hoofstuk bring hy ook perspektief op gebeure wat 'n verwydering gebring het in die vriendskap tussen Louw en Opperman. Met hierdie gegewens as getuienis kan aanvaar word dat sy houding jeens Malherbe en Opperman vir Wiehahn beïnvloed het. Louw se afkeer in die psigologistiese literatuurbeskouing word volledig verwoord in sy kritiese prosa, byvoorbeeld in "Oor literêre teorie" en in Die mens agter die boek. In die Boekerubriek (DIE VADERLAND, 3 April 1964) haal A.P. Grové aan uit die slotgedeelte van Wiehahn se proefskrif. Daarin sê sy: "Tot watter sisteem ook al 'n kritikus gereken word, moet dié insig daar wees: hy begin nooit met 'n voltooide sisteem nie. Die kritikus vorm, wysig en hervorm geleidelik sy benadering op induktiewe wyse." Hierdie gevolgtrekking eggo 'n standpunt wat reeds in 1953 deur Louw (vergelyk 1986a:326-327;587) verwoord is.

'n Vinnige peiling van die studies oor N.P. van Wyk Louw bevestig die mate waarin sy nakomelinge sy naam gestand doen. Eertydse oud-studente is later verantwoordelik vir die begeleiding van etlike epogmakende studies wat verskeie aspekte van Louw se oeuvre ondersoek. 'n Paar ondersoeke word ter motivering van bostaande stelling vermeld:

- H. van der Merwe Scholtz is mentor van J.M. Gilfillan se ondersoek na Tristia-interpretasies en tree op as promotor vir H.E. Janse van Vuuren se omvattende proefskrif, "Die gesprek tussen die literêre kunswerke met spesifieke verwysing na Tristia en Komas uit 'n bamboesstok". Beide behaal hulle onderskeie grade aan die Universiteit van Stellenbosch. Voortspruitend uit Van Vuuren se studie verskyn haar boek, Tristia in perspektief, in 1989.
- F.I.J. van Rensburg tree op as studieleier vir onder andere die verhandelings van P. Krope en H.P. van Coller.
- T.T. Cloete het M. Lombard en L.J. Malan as M-studente waarin hulle onderskeidelik ondersoekte loods na tyd as strukturelement in Raka en die veraanskouliking in Louw se hoorspel, Dias.

Van Wyk Louw se Vernuwing in die prosa was een van die sterkste prikkels tot veranderinge wat by universiteite ingetree het. Steyn (in Beukes, 1992:226) beweer dat jonger skrywers se boeke "in 'n groter mate voorgeskryf is as tevore". Dit was waarskynlik die uitvloeisel van (onder andere) Louw se geesdrif jeens Brink se werke Lobola vir die lewe en Die ambassadeur asook dié van Etienne Leroux.

#### 6.5.1.4.2 Sy kollegas

N.P. van Wyk se institusionele invloed reflekteer ook op die vlak van nuwe aanstellings. In 'n brief (gedateer 24 Mei 1949) stel hy vir Rob Antonissen in kennis van 'n moontlike betrekking by die Universiteit van Rhodes: "My vriend en ons mede-redakteur van Standpunte, Henk Mulder, wat lektor op Grahamstad was, is skielik oorlede. Vir ons is dit 'n groot slag en 'n swaar verlies. Maar sy betrekking sal gevul moet word - onderwys hoofsaaklik in die Nederlandse en Afrikaanse literatuur en lit.-geskiedenis. Ek meen dat U aansoek om hierdie betrekking moet doen wanneer dit in die koerante geadverteer word, en ek meen ook dat U 'n redelike goeie kans op die

aanstelling het. My broer, W.E.G. Louw, (het U miskien met hom kennis gemaak toe hy onlangs in Antwerpen was?) is professor in Grahamstad. Hy ken ook U werk en sal in U guns kan optree.”

Hierby bly dit nie. Kort hierna volg 'n lugposbrief:

“Beste Rob,

Eers sommer dadelik ter sake: ek sal baie graag vir jou die gevraagde aanbeveling gee. Self sou ek nie aan iemand anders kon dink wat ek meer geskik ag vir die pos nie. (Jammer dat ons S.A. sisteem nog altyd ‘aansoeke’ met ‘getuigskrifte’ vereis - i.p.v. dat die Fakulteit iemand aanwys op grond van sy werk). Maar nou moet ek jou dadelik sê: ek weet nie seker nie of jy vra dat ek vir jou so ‘n aanbeveling stuur nie, óf dat jy vra of jy my naam as ‘referee’ mag opgee nie.”

Die onduidelikheid is gou uit die weg geruim en op 23 Julie 1957 pos N.P. van Wyk Louw die gevraagde getuigskrif:

“Beste Rob,

Ek stuur maar inderhaas die brief of ‘getuigskrif’: jy sal begryp dis ‘n baie lastige soort ding om te skrywe - veral waar die stuk vir jou self onder die oë sal kom! Ek hoop maar dat dit bevredigend is; bowenal: dat dit die goeie uitwerking sal hê!”<sup>47</sup>

N.P. van Wyk Louw het vroeg reeds onder die indruk gekom van die potensiaal van Ernst Lindenberg. In ‘n brief (7 Junie 1952) skryf hy: “Lindenberg is een van die beste studente wat al hier was, en ek verwag baie van hom.” (Kannemeyer, 1990:297). Dat hy nie afsydig teenoor hom staan nie, word bekragtig wanneer Lindenberg na voltooiing van sy doktorsale studie terugkeer na Suid-Afrika “om ‘n lektoraat aan die Universiteit van die Witwatersrand te aanvaar waar hy later, na die dood van Van Wyk Louw, professor word.” (Kannemeyer, 1990:312). Sy akademiese sukses is deels die uitvloeisel van ‘n navraag deur Scholtz (in ‘n brief van 8 Junie 1957 aan Van Wyk Louw in Amsterdam). “In ‘n brief van 22 Junie 1957 sê Van Wyk Louw dat hy nie van ‘n taalkundige weet nie, maar dat hy die naam wil noem van Ernst Lindenberg - in daardie stadium lektor in Johannesburg -, ‘een van

die knapste studente wat ek hier gehad het en een van die plesierigste as mens: baie beleefd, goeie maniere, in elke opsig; beskeie ... iemand van wie se geselskap ek die aangenaamste herinnerings het. Hy het hier 'n goeie doktoraaleksamen gedoen, en was van plan om te promoveer, maar toe word hom die betrekking in J'burg aangebied: en aangesien hy vrou en 1½ babetjies gehad het, het hy maar aangeneem." (Kannemeyer, 1990:137).

Dat N.P. van Wyk Louw se institusionele invloed op 'n implisiete wyse die kanon bepaal het, is meer as 'n vae gegewe. Alhoewel dit moeilik is om die reikwydte aan te dui, is die voorkoms daarvan 'n stelligheid. As motivering vir hierdie stelling kan Ernst van Heerden as illustrasiemateriaal geneem word. N.P. van Wyk Louw het Van Heerden as dosent aangestel nadat hy jare nie bevorder kon word by Stellenbosch nie. Tog is dit die openbare reaksies ná Louw se dood wat aandui in watter mate die samelewing hom as Louw se regterhand reken. In DIE BEELD (28 Junie 1970) word daar só berig: "Prof. Dr. Ernst van Heerden, 54, is vandeeweek in die plek van wyle prof. N.P. van Wyk Louw as hoof van die Departement van Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van die Witwatersrand benoem. Hierdie Engelse universiteit kry dus weer 'n eersterangse Afrikaanse digter - en Hertzogpryswenner vir poësie - as hoof." Ook in 'n Engelse koerant (THE STAR: 1/7/1970) word die suggestie gelaat dat Van Heerden 'n navolger van Louw is. Die opskrif van dié artikel lui: "Censorship? - Ask Prof. Van Heerden". Daarmee word 'n dieperliggende verband geïmpliseer: "As successor at the university to the late poet and playwright, Prof. N.P. van Wyk Louw, who died last month, Professor van Heerden fills the post as a prolific writer himself." Ernst van Heerden sit inderdaad die sensuurstryd voort met sy opmerking oor Breytenbach: "Professor van Heerden considers Breyten Breytenbach as the 'most significant' Afrikaans poet today. 'His nostalgia for his fatherland, and his revolt against something he loves, as well as his cynicism, are very poignant in his work.' Professor van Heerden predicts 'great and significant developments' in Afrikaans literature in the 70's, with Breytenbach standing out as the key figure."



#### 6.5.1.5 Samevattend

Van Coller beweer in sy N.P. van Wyk Louw-gedenklesing dat kanoniseringsproses as proses van insluiting en uitsluiting, gegrondves is in 'n magspel. "Hierdie magstryd betrek alle verhoudings: intellektueel, institusioneel, sosiaal en polities. Om werklik die kompleksiteit rondom hierdie begrippe onder die loep te kan neem, moet literatuur gesien word binne die polisisteamteorie." (1994:3). Hiermee dan 'n poging om enkele van dié aspekte te vervat in 'n beskrywing van die wyse waarop N.P. van Wyk Louw implisiet die kanoniseringsproses beïnvloed het.

### 6.5.2 EKSPLISIETE KANONISERINGSHANDELINGE

#### 6.5.2.1 Inleidend

In 'n teoretiese voorspel tot dié toepassing is daar gefokus op Schmidt se model waarin hy sisteemteorie met handelingsteorie kombineer. Entiteite word nie net as die kleinste, selfstandige eenheid binne 'n sisteem gereken nie, maar ook as agente wat handelend funksioneer. Interne differensiasie geskied binne die sisteem sodat vier handelingsvlakke onderskei kan word: dié van produksie, distribusie, resepsie en verwerking. Schmidt definieer dan elke handelingsrol eksplisiet<sup>48</sup>. Hy tref 'n kategoriale onderskeiding: produksie en resepsie is handelingsrolle wat op 'n primêre vlak vergestalt word, terwyl distribusie en verwerking op 'n sekondêre vlak manifesteer. Hierdie indeling spreek vanself. Handelingsrolle wat verband hou met produksie en resepsie is fundamenteel gerig op die skepping<sup>49</sup> van die literêre teks, terwyl dié aktiwiteite rondom distribusie en verwerking véerder uiteenval in die ordeningsproses.

In 'n ondersoek na die kanoniseringsprosesse binne die Afrikaanse literatuursisteem - met spesifieke verwysing na die rol van N.P. van Wyk Louw - word daar beskrywend te werk gegaan. Aansprake op 'n volledige analise sou onvanpas én oordrywend wees. Die fokus val deurentyd slegs op spesifieke handelingsmomente om sodoende die aandag te vestig op 'n breër

tendens. Hier word slegs gepoog om 'n proses te illustreer en te kontekstualiseer sodat daar gelyktydig beskrywend én verklarend gewerk word. 'n Evaluering van dié proses lê buite die ontwerp van hierdie ondersoek.

### **6.5.2.2 Op 'n primêre vlak: N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder in sy kreatiewe en kritiese werk, m.a.w. as produsent**

#### 6.5.2.2.1 Inleidend: kanoniseringsmeganismes van die skeppende figuur

Skeppende figure van statur het dié voordeel dat hulle in hul literêre werk self kanoniserend kan optree, aldus Van Coller (1994:7). Hy verduidelik: "Sodanige kanonisering kan op verskeie wyses geskied, onder meer deur: voorwerk, verwysing, sitering, parodiëring, intertekstualiteit of aansluiting by genologiese tradisies". Hiermee gee hy riglyne vir 'n ondersoek na Louw se eksplisiete kanoniseringshandelinge op 'n eerste vlak: dié van produksie.

Die oorweging en ontwerp van hierdie ondersoek mag egter nie uit die oog verloor word nie. Hier word binne 'n spesifieke teoretiese konstruksie gekyk na Louw se kanoniseringsrolle op verskillende vlakke of subsysteme. In die eerste instansie kom N.P. van Wyk Louw as produsent onder die soeklig. Dié stelling sinjaleer 'n breër invalshoek as bloot sy digterskap. Dit beteken dat sowel sy kreatiewe én sy kritiese werk deel van die diskoers vorm. Die klem lê dus ánders. Daar word ondersoek ingestel na sy kanoniserende krag met verrekening van die verband tussen sy poësie en sy kritiese prosa. Die aksent val veral op die manier waarop dié twee aktiwiteite mekaar begunstig. Van Wyk Louw as kanoniseerder is die uitgangspunt. Sy invloed op ander digters en die optekening van wyses waarop hy binne die literatuursisteem gekanoniseer is, sou deel kon vorm van die groter proses, maar val buite die grense van hierdie ondersoek.

Om die gesprek te inisieer, sou Van Coller se vertrekpunte voorlopig as riglyn kon dien. Elke aspek word dus as besprekingspunt behandel.

#### 6.5.2.2 Voorwerk as kanoniseringsmeganisme

Van Coller (1994:8) meen dat literêre voorwerk selde deur Van Wyk Louw benut word vir kanoniserende doeleindes: "boeke word nie opgedra aan skeppende figure nie, die skadeloosstelling word nie benut nie en die motto's wat opgeneem word (vergelyk byvoorbeeld dié in Liberale nasionalisme), kan kwalik onder hierdie noemer tuisgebring word".

#### 6.5.2.3 Verwysing, sitering en parodiëring as kanoniseringsmeganismes

"Verwysing, aanhaling en parodie veronderstel telkens kennis van tekste (die sogenaamde brontekste) buite die doelteks ten einde die informasieprobleem in laasgenoemde op te los" beweer Van Coller (1994:7-8) in sy N.P. van Wyk Louw-gedenklezing. In sy studie oor die manuskripverse rondom Tristia verwys Olivier onder andere na Catullus se beroemde "Odi et amo" as bronteks vir Louw se "Ek haat en ek het lief". Meer nog: "Hy is maar net één van 'n lang reeks digters van wie se werk daar in Tristia kennis geneem word", sê Olivier (1977:75). Op dieselfde wyse het Grové (1978:82) aangetoon dat "Svend Foyn" berus op 'n passasie uit 'n boek van W.H.G. Palm: Walvischen en walvischvaart. Ook P.G. du Plessis se artikel, "Aantekeninge by vier 'Eusebius'-gedigte" wat in STANDPUNTE (Junie 1966) verskyn het, is hier van belang. Verder is daar Helize van Vuuren se bespreking, "Lig op twee 'duister' Tristia-verse" (in STANDPUNTE, Desember 1976). Hierdie gegewens neem Olivier (1977:159) tot motivering vir sy hipotese dat Louw "meermale gegewens uit ander bronne<sup>50</sup> byna woordeliks in sy gedigte oorgeneem het. Soos hulle aangetoon het, is daar in Tristia 'n agttal verse wat op merkwaardig direkte wyse steun op ander publikasies: Eusebius se kerkgeskiedenis, Palm se Walvischen en walvischvaart, en Anna Seghers se Das siebte Kreuz".

In haar studie werk Gilfillan (1984:40 e.v.) noukeurig met beide tekste (die bronteks en die doelteks) om nie net ooreenkomste nie, maar ook verskille aan te dui. Daarom is haar gevolgtrekking dat N.P. van Wyk Louw telkens daarin slaag "om deur sy kreatiewe ingreep 'n geheel nuwe perspektief agter

bekende historiese feite te laat ontstaan. Dit gebeur byvoorbeeld in "Svend Foyn", "Die Narwal" en ook in die Eusebius-gedigte" (Gilfillan, 1984:53).

Hierdie gesigspunt weerklink in 'n mate ook in Grové (1984:14) se aanname dat Louw "anders as Opperman, nie die essensie van sy oerteks in casu die Seghers-roman, probeer transponeer nie, maar dat enkele grepies uit die roman bloot dien as uitgangspunt, as prikkel vir die digterlike verbeelding om dan verder sy eie pad te volg". Na 'n deeglike vergelyking tussen die twee tekste verskil Van Vuuren (1985:196,199) van hom. Sy beweer dat Louw se teks sterk strukturele én tematiese aanknoping by die bronteks vertoon: "ten opsigte van die sinkretistiese element, die vertelinstantie, en die binêre opposisies wat skakel met die 'zweier mit einander verbundener Assoziationsreihen'".

Meningsverskille oor die aard en omvang van "invloede" in sy werk, sou N.P. van Wyk Louw ontstem. Sy kritiese prosa én persoonlike briewe bied genoegsame getuigenis dat invloede-jagtery hom teen die bors gestuit het. Vir Henk Mulder skryf hy (in 'n brief gedateer 18 April 1943): "Ek vrees dat die invloede-jagtery by ons, veral wat my betref, nie 'n suiwer-en-koele-wetenskaplike aktiwiteit is nie, maar 'n hartstogtelike vorm van die sport van 'hij is toch lekker geen digter' nie, soos Du Perron sou gesê het - in elk geval, geen oorspronklike<sup>51</sup> digter nie." (in Kannemeyer, 1990:240-241). Ingrid Glorie (1994:77 e.v.) vertolk die oorsaak van Louw se ergernis as "de nooit aflatende pogingen van allerlei critici om in zijn werk de sporen van andere schrijvers te ontdekken." Wanneer H.A. Mulder (in 'n brief aan sy vriend, gedateer 31 Maart 1943) navraag doen of N.P. van Wyk Louw wél beïnvloed is deur die idees van Menno ter Braak - soos die kritikus F.E.J. Malherbe "tot vervelens toe" beweer het - lei dit tot 'n uitgebreide antwoord<sup>52</sup>. Tog lê Opperman (in Nienaber, 1966:24) ook 'n verband tussen die werk van Ter Braak en Louw in sy opstel, "'n Poging tot 'n sintese: N.P. van Wyk Louw as digter" (wat oorspronklik op 16 November 1945 in DIE HUISGENOOT verskyn het).

Louw se wrewel bereik 'n kulminasiepunt tydens die verskyning van

Opperman se proefskrif Digters van dertig in 1953. Alhoewel hy aanvanklik sy verontwaardiging verbloem het, is hy oortuig dat Opperman hulle persoonlike vriendskap misbruik het deur gegewens uit briewe en vertroulike gesprekke openbaar te maak. Sonder vrees vir teenspraak sou die reeks opstelle, Die mens agter die boek, wat tussen 16 Januarie en 3 April 1953 verskyn as Louw se reaksie op Digters van Dertig beskryf kon word. Hierin protesteer hy teen die psigologistiese tendens in die Suid-Afrikaanse letterkunde waarin daar gepoog word om verby die literêre werk te kyk en deur te dring tot die persoonlikheid van die skrywer om sodoende die werk te verklaar. Alhoewel Opperman te kenne gee dat Louw se verwantskap met en beïnvloeding deur verskillende kunstenaars onweerlegbaar is, sien hy dit eerder as "'n bestuiwing wat met elke bundel 'n voller en skoner bloei bring" (1959:62). Wanneer Opperman in sy proefskrif (1953:225) na bronne, prikkels en invloede verwys wat "die konsepsie, beskrywings en vormgewing in Raka betref", beklemtoon hy dat hulle dikwels van vormgewende aard is, "maar nêrens voel 'n mens dat Louw sy oorspronklikheid inboet nie. Trouens, hierdie voorbeelde gooi Raka in groter reliëf en vul jou met dieper eerbied vir Louw se skeppende genie."

Dit is dus te begrype dat Opperman vir Louw kwalik neem oor sy optrede: "Die mens agter die boek voel ek is tog geskryf nie slegs met 'n terloopse gedagte aan Digters van Dertig nie maar met die medewete van die inhoud, strekking en die feit dat die boek kort daarna sou verskyn - 'timing' en alles was goed bereken!" (aangehaal in Kannemeyer, 1990:302). Van Wyk Louw verweer hom deur te sê dat die artikelreeks reeds vier tot agt weke vantevore geskryf is en dat hy al drie of vier maande met Die mens agter die boek besig was voordat hy Digters van Dertig ontvang het.

Teen hierdie agtergrond is dit begryplik waarom die voorkoms van verwysings, sitate en parodieë nie ontgin word nie. Dit is 'n riskante onderneming wat nie noodwendig tot ondubbelsinnige insigte lei nie. N.P. van Wyk Louw se poësie toon wél tekens van aansluiting<sup>53</sup> by 'n tradisie.

Dit is dan ook die doel van hierdie bespreking: om – in ooreenstemming met

Opperman se versigtige standpunt - die poëtiese bronne<sup>54</sup> te bekyk wat Louw ontgin het om sodoende insig te verwerf in sy kanoniseringshandelinge as skeppende figuur. Dat hierdie praktyk kanoniserende gevolge gehad het, kan voorlopig aanvaar word. Trouens, die mate waarin Louw ook ten opsigte van sy eie poësie kanoniserend opgetree het, word deur Van Vuuren bevestig. Sy wys op die ingryp wat Louw met sy taboe (in sy Die mens agter die boek-benadering) ten opsigte van Tristia se resepsie gehad het: "Soveel so, dat dit vandag nog deur véral ouer literatore as uiterste vorm van wansmaak en heiligs kennis beskou word om in Tristia enigiets meer as bloot die 'universele mens' te sien. [...] Dié taboe wat Louw oor sy bundel uitgespreek het nog vóór die boek verskyn het, het so effektief gewerk dat selfs iemand soos D.J. Opperman (wie se 'psigologistiese' metode in Digters van dertig, 1953, die katalisator vir Louw se anti-psigologistiese werk was) in 'n 1972-lesing oor "Tristia en haar voyou" onomwonde verklaar het dat hierdie Tristia 'meer die digkuns as 'n vrou van vlees en bloed' is." (1985:312).

#### 5.2.2.4 Intertekstualiteit as kanoniseringsmeganisme

Van Coller (1994:8) verwys in sy N.P. van Wyk Louw-gedenklezing na die navorsing van onder andere Grové (1978), Pretorius (1983) en Van Vuuren (1988, 1989) waarin hulle die intertekstuele instelling van Tristia blootlê. Hy beweer voorts dat hierdie gegewe meegewerk het tot die kanonisering van belangrike aspekte van die Wes-Europese literatuur en kultuur vir die Afrikaanse leser. Van Vuuren is van mening dat dié "sintetiserende" aanpak<sup>55</sup> van Louw in ooreenstemming is met 'n wêreldwye twintigste-eeuse werkwyse: "Dié sintetiserende neiging by die twintigste-eeuse skrywer vind neerslag in sy werk, en só ontstaan die 'gesprek' tussen literêre kunswerke, waarvan die leser móét kennisneem as hy daartoe toegang wil verkry. Veral by 'moeilike' skrywers soos James Joyce, Ezra Pound en T.S. Eliot verg dié neiging tot sintetisering in hul oeuvres 'n besondere graad van belesenheid óf navorsing van die leser." (1985:8). Om substansie aan haar stelling te verleen, verwys sy na 'n Louw-uitspraak waarin hy dieselfde beginsels formuleer: "Ons kultuur - die kultuur waarna die digter voel dat hy mág verwys! - is vandag 'n bredie saamgestel uit flenters en brokkies van oor die hele wêreld, en uit baie eeue

[...] so voel die moderne digter sy reg om na eindeloos baie volke, tydperke en kulture te verwys [...] En die moderne letterkunde, in sy beste vorm dikwels, is die letterkunde van so 'n sinkretiese (saamgegroeide, inmeekaargekoekte) kultuur" (1986b:372-373).

Olivier (1997:26) meen (in aansluiting by Liebenberg) dat die tekenstruktuur in Tristia een van die belangrikste bindingselemente in die bundel is: "Die simbool vestig die aandag op homself en besit 'n sekere selfstandigheid. Daarenteen wys die teken altyd uit na iets anders, dit bly ondergeskik aan sy referent. Dit impliseer verder dat die digterlike aktiwiteit 'n vorm van nabootsing is, 'n naskryf van God se skrif. In die sleutelgedig "Ex unguine leonem" word dié voorkeur vir kuns as *mimesis* of nabootsing soos volg verwoord:

Wat ek van mense of van God wil meen,  
word in *my* dofheid dof.  
iets staan in sterre-en-helderte geskryf;  
en ek skryf ná in stof.

Ingrid Glorie (1994:20 e.v.) is dit eens dat Van Wyk Louw elemente uit die Westerse kulturele diskoers van sy tyd in sy poësie en kritiese geskryfte verwerk het. Na analogie van Pfister (1985) tref sy 'n onderskeid tussen *Systemreferenz* en *Einzeltextreferenz*. As eerste uitgangspunt benadruk sy drie aspekte wat na haar mening die basis vorm van Louw se verwysingsraamwerk (of *Systemreferenz*): die konserwatiewe kultuurkritiek, die intellektualiteitsdebat en die nihilisme. Met haar tweede vertrekpunt verduidelik sy die term *Einzeltextreferenz* aan die hand van 'n vergelykende studie tussen "De legende van de Groot-Inquisiteur" uit Dostojewski se roman De gebroeders Karamazow en Louw se gedig "Die hond van god" uit Gestalten en diere. Tog is sy deeglik bewus van die kompleksiteit van die gegewe: "Van Wyk Louws bijzondere posisie, in een land met een andere geschiedenis, een andere bevolkingssamenstelling en andere culturele en intellectuele tradities, leidde evenwel soms tot accentverschuivingen ten

opzichte van het oorspronklike discours." (Glorie, 1994:161). Alhoewel die Wes-Europese literatuur en tradisies oënskynlik meespeel in die werk van Louw, word hierdie gegewens gerig en geklee deur sy gebondenheid aan Afrikaanse bodem. Self het hy by geleentheid gesê: "Afrikaans is die taal wat vir Wes-Europa en Afrika verbind; dit suig sy krag uit dié twee bronne; dit vorm 'n brug tussen die groot helder Weste en die magiese Afrika - die soms nog so ónhelder Afrika; hulle is albei groot magte, en wat daar groots aan hulle vereniging kan ontspruit - dit is miskien wat vir Afrikaans voorlê om te ontdek" (Louw, 1986b:182).

Twee voorbeelde kan ingespan word om die beginsels wat die terme - *Systemreferenz* en *Einzeltextreferenz* - ten grondslag lê op 'n praktiese vlak te verduidelik.

A. In haar studie wys Glorie (1994:106 e.v.) hoe Olivier Louw se geskifte verkeerd interpreteer omdat hy nie die konserwatiewe kultuurkritiek en intellektuele-debat (as *Systemreferenz*) genoegsaam verreken nie: "Olivier merkt terecht op dat die notie van een geestelike aristocratie niet in het algemene Afrikaanse debat rondom het 'volk' voorkwam, maar deze notie valt, zoals we al gezien hebben, te herleiden naar het discours van de conservatieve cultuurkritiek en het intellectuelendebat, zoals dat in die jaren overal in West-Europa en de Verenigde Staten werd gevoerd. Het belang van dit discours voor Van Wyk Louws ideeën wordt mijn inziens door Gerrit Olivier onderschat." En ook: "Het feit dat hij het belang van het discours van de conservatieve cultuurkritiek voor Van Wyk Louws vroege opstellen onderschat, leidt ertoe dat Olivier het opstel "Gelykmaak en rangordening" en het daarin uitgedrukte hiërarchie-concept mijns inziens verkeerd interpreteert." Samevattend sê sy: "Opmerkelijk is tenslotte dat Van Wyk Louw een nieuwe samelevingsvorm probeert te ontwerpen waarin aan de rangordening die er volgens hem binnen elk volk bestaat, zo veel mogelijk recht wordt gedaan. Enerzijds zou deze poging gezien kunnen worden als een uitwerking van de elite-theorieën uit het cultuurkritische discours: Van Wyk Louws voorstel zou dan betrekking hebben op condities waarbinnen zowel elite als massa zich konden ontwikkelen. Olivier wijst er echter op dat het geloof aan rangordening en



hiërarchie als 'natuurlijke' waarden één van de belangrikste grondslagen was van de fascistiese bewegingen uit die vroege twintigste eeuw." (Glorie, 1994:108).

B. Vroeër in die hoofstuk is daar verwys na 'n besondere geneëtheid tussen N.P. van Wyk Louw en die "prins van die Nederlandse digters", Adriaan Roland Holst. Ten spyte van Louw se opmerking dat hy "vóór 1940 net hier en daar van die Nederlander se vroeër werk geken 'en taamlik afkerig gestaan' het", bestaan die vermoede "dat Van Wyk Louw aan die begin van die dertigerjare meer van Roland Holst se poësie moes gelees het as wat hy in sy aantekeninge in die veertigerjare erken" (Britz, 1985:39,41). Dit lei tot 'n deeglike studie van die werk van beide digters waarin bepaalde ooreenkomste uitgesonder word:

- ◇ albei digters het geput uit 'n gemeenskaplike skat van skoon-geveleude woorde (vgl. Alleenspraak en Vorbij de wegen);
- ◇ in hulle vroeë werk het albei digters 'n soort smagtende of verbysterende uitroep gemeen wat begin met "O";
- ◇ die jonger Van Wyk Louw en Roland Holst vertoon 'n verwante instelling teenoor hulleself en hulle kunstenaarskap; en
- ◇ Roland Holst en Van Wyk Louw is ten slotte albei 'verhewe' digters wat in hulle kuns afgestem was op 'n 'suiwerheid' verhewe bo die waan van burgerlike mense. (Britz, 1985:41-42).

Teen hierdie agtergrond is Britz (1985:46) daarvan oortuig dat Louw se gedig "Rondloper" slegs tot sy volle betekenismoontlikhede ontplooi kan word indien dit sáám met Holst se "De vagebond" uit sy bundel Vorbij de wegen gelees word. Sy argument klop. Hier is dus voldoende bewysvoering dat miskiening van die *Einzeltextreferenz* óók tot misinterpretasies kan lei:

"De termen Systemreferenz en Einzeltextreferenz zijn ontleend aan de moderne theorievorming rondom het berip 'intertextualiteit'", konstateer Glorie (1994:161). Van Vuuren (1985:19) is van mening dat dit voordeliger is om intertekstualiteit as teoretiese uitgangspunt te neem wanneer daar gefokus word op voorbeelde van intieme literêre wisselwerking: "'n Intertekstuele benadering voorkom die evaluatiewe hiërgie van invloedstudies en die

simplisitiese aannames daarvan" redeneer sy. Daarom verleen sy voorkeur aan die definiëring van 'n literêre teks as "'n assimilasië en transformasië van ander tekste" (Van Vuuren, 1985:24). In ooreenstemming met haar definisie bepaal sy dan verskeie mede-tekste wat tydens die leesaksie uit die geheue na vore kom en verhelderend werk. Hierdie tekste<sup>56</sup> kategoriseer sy in 'n tipologie:

- ◆ die teks
- ◆ die bronteks
- ◆ die brugtekste
- ◆ die kultuurtekste
- ◆ intergedigtelike tekste; en
- ◆ die outobiografiese teks

Van Vuuren (1985:212 e.v.) se indringende bespreking van veral die kultuurtekste wat by die gedig "Saltimbanque en vriendin" meespeel, bied verrassende insigte. Haar argument lei tot 'n slotsom wat standhou: "Die gebruik van Latyn en Frans en die skryf vanuit die raamwerk van veral die Griekse, Romeinse en Middeleeuse verwysingsraamwerke (die logiese denkpatrone en dialektiek van Aristoteles en Sokrates, die filosofiese denkwêreld van Descartes, die mistieke liefde van die H. Theresa - en die ruimte van Vergilius, Ovidius, Catullus, náás dié van Dante en die sondige heiliges van die Middeleeue), dui op 'n besonder sterk sinkretiese instelling, soos nooit tevore in die Afrikaanse poësie geken nie." (Van Vuuren, 1985:311).

Alhoewel die problematiek van "invloede"-jag hiermee gesystap is, handhaaf Glorie (1994:161) dié voorwaarde dat die skrywer die intertekstuele verband moet erken. Ook Van Vuuren (1989:42) meen dat daar op gevaarlik aanvegbare grond beweeg word wanneer daar gewys word op intertekste van gekanoniseerde skrywers "wat meespeel in 'Groot ode', maar waarna tog ook nie duidelik verwys word nie. Slegs die leser se belesenheid óf navorsing sal hom by die intertekste uitbring." Daarom verweer Ingrid Glorie haar deeglik na afloop van haar ondersoek: "In de loop van deze scriptie zijn er echter herhaaldelijk vragen gerezen over de bruikbaarheid van het

intertextualiteitsbegrip in verband met Van Wyk Louws werk. Deze vragen werden vooral opgeroepen door Van Wyk Louws - overigens geheel gerechtvaardigde - weiering om gevoelloze 'invloede-jagters' in de kaart te spelen. Van Wyk Louw bewaarde een grote geheimzinnigheid ten aanzien van zijn bronnen en - wanneer het om een gedicht ging - ook ten aanzien van zijn bedoeling met die tekst."

Daarom sou hierdie invalshoek ook veel gevare vir die ondersoeker inhou.

#### 6.5.2.2.5 Aansluiting by genologiese tradisie as kanoniseringsmeganisme

Kanonisering behels in prinsipe die skep van 'n klimaat waarin eie kuns kan gedy, het Van Coller (1994:5-6) aangevoer:

1. Enersyds beteken dit standpuntinname teenoor onmiddellike voorgangers met vernuwing as voortvloeiende hiervan.
2. Andersyds suggereer dit doelbewuste aansluiting by vorige skeppende kunstenaars om hierdeur veld te wen vir eie werk.

"Dikwels is 'n versweë doelwit die skep van 'n klimaat waarbinne die eie kuns sou kon gedy en daarom word daar veral aanvanklik standpunt ingeneem teen die onmiddellike voorgangers" (Van Coller, 1994:5). Tog sou die jong skrywer se aanvalle min sukses kan hê indien daar niks in die plek gestel kan word van die voorgangers/persepsies waarop die aanslag gerig is nie. Daarom redeneer hy dat 'vernuwing' 'n vereiste is in dié strewende na erkenning.

Hierdie aanname is in ooreenstemming met 'n redenasie wat spruit uit die kriteria waaraan die spilagent onderwerp is. Vroeër in die hoofstuk<sup>57</sup> is hierdie hipotese geverifieer: die "vernuwende" invloed van Louw is ondersoek na aanleiding van die tweede kriterium<sup>58</sup> waarby die uitsprake van verskeie literatore betrek is.

Ter ondersteuning van bogenoemde argument word daar kortliks verwys na enkele vernuwende aspekte<sup>59</sup> in die werk van N.P. van Wyk Louw. Uiteraard

is hierdie aspek al in 'n veelheid Louw-studies nagevors en deur verskeie literatoure verantwoord. Grové (in Nienaber, 1966:6, 10) stel sy gesigspunt: "Elke bundel is 'n volkome, verrassende vernuwing," en: "Elke bundel van hierdie digter is 'n nuwe wêreld wat jy binnegaan." In sy motivering sonder hy die groeipunte uit: die liriese belydenis wat in Alleenspraak tref, word later objektiewe beelding (in Gestaltes en Diere) en gespanne dramatiek (in Germanicus). Nuwe verse bring - in ooreenstemming met die titel - vernuwing ten opsigte van vorm en toon waarin hy poësie (in die afdeling "Klipwerk"<sup>60</sup>) tot 'n primitiewe en bykans instinktiewe vlak voer. Die basiese vernuwing van Tristia lê in die taalhantering, sê Grové, maar ook in tema en toonaard. Wanneer die omvang van 'n oeuvre by wyse van kantaantekeninge hanteer word, is dit maklik om growwe veralgemenings te maak. Tog parafraseer Grové Louw se digterskap op 'n betekenisvolle wyse.

#### 6.5.2.2.5.1 Aansluiting by internasionale digters<sup>61</sup>, Marsman en Baudelaire en die filosoof Nietzsche

'n Formulerings van Even-Zohar word as vertrekpunt geneem. Hy poneer die teoretiese aard van die argument: "In the literary system, texts, rather than playing a role in the processes of canonization, are the outcome of these processes. It is only in their function as representatives of models that texts constitute an active factor in systemic relations" (1990:9).

Olivier (1997:5) is oortuig dat 'n mens voorgangers in die Wes-Europese tradisie kan aandui wat na Louw heldefigure heenwys, byvoorbeeld Thomas Carlyle en Friedrich Nietzsche. Nie net digters nie, maar ook groot denkers en filosowe was deel van sy ryk voedingsbron. Louw se tekste is dus in 'n sekere sin 'n refleksie van die kreatiewe proses wat terselfdertyd kanoniserend werk. Daar word vervolgens gefokus op enkele "produkte" uit die oeuvre van N.P. van Wyk Louw om aan te dui hoe hy die werk van ánder digters uitgesonder het om in wese voorbrand te maak vir 'n eie kreatiewe sfeer. Uiteraard kom nie net sy poëtiese vergestaltung van idees onder die soeklig nie, maar terselfdertyd die prosamanifestasie daarvan. 'n Eklektiese werkwyse word gevolg met die wete dat 'n verskeidenheid ánder voorbeelde deel van die

aanbod sou kon vorm.

Opperman (1953:195) is waarskynlik van die eerstes om "die lewenskrachtige elemente van die worsteling by Louw" in Die halwe kring te verbind met die "vitalisme" van **Marsman**. In 'n latere opstel (1959:57) gebruik hy 'n Marsman-gegewe om 'n bepaalde aspek van Louw se werk te verduidelik: "Die paniese is by Louw 'n hipergevoeligheid vir die problematiese wat dubbel-gevoelens in hom wakkermaak, 'n absolute eensaamheid, 'n uitroeiingsvrees en skuldbesef; m.a.w. 'n ontvankelikhed voor de achterkant van de werkelijkheid tot in het pathologische toe' (Marsman)". In Lindenberg (1965:81) se interpretasie van "Voorspel 1950" uit Tristia betrek hy óók vir Marsman: "Met apologie aan Marsman vir die verminking van sy woorde: graan van die lewe omgestook tot die koel wyn van die gedagte." Daarby verklaar Dekker (1964:50) dat "die naas mekaar voortbestaan en wedersydse deurdringing van verskillende godsdienste en kultuurlae in Nuwe verse" aansny by Marsman se laaste bundel. Verskillende verwysings deur uiteenlopende literatoure bevestig die hipotese dat Louw inderdaad by Marsman aansluiting gevind het. In watter mate dit in N.P. Van Wyk Louw se poësie gereflekteer het, word deur Dekker (1964:44-46) aangedui.

- ◇ Hy beskryf Marsman as 'n "wilskunstenaar" wat hom verset "teen die opvatting dat kuns slegs die 'klakkelooze uiting van actueel leven' sou wees. 'Poëzie ontspringt aan het leven en is leven, maar de levensoort vóór het scheppen is een andere dan daarna: het leven word in het scheidingsproces omgezet, omgevormd. Een dichter is – om het technisch te zeggen – een transformator: hij brengt electriciteit op een hoogere spanning.'" Marsman se vergestaltingsmiddel is die woord; hierdeur en deur sy "seldsame verbinding van vitalistiese lewensdrif en net so hewige drang tot heldere deurgronding van eie kuns" word hy gekenmerk.
- ◇ In sy "vitalistiese lewensdrif en die denkdrijf, die wil" vind Dekker (1964:45) merkwaardige trekke van verwantskap met Louw. Hy was 'n eerste om "deur 'n helder, sterk wil tot lewensbedwang gedryf te word om deur sy

skerp denke uit die ervaring in eie siel van die geheimenis en die konflik 'n metafisiese lewensbeeld te skep. Sy wapen in hierdie stryd om orde te skep uit die chaos is die dinamiese, helder woord."

- ◇ Die "vitalistiese beseft" van 'n "donker lewensdrang" wat reeds in die romantiese gevoelsbeleving van "Grense" aanwesig is, word deur Dekker (1964:46) as illustrasie van sy argument aangehaal.
- ◇ Die feit dat N.P. van Wyk Louw 'n inleiding skryf tot die publikasie, H. Marsman: Poëzie en Proza, is reeds 'n kanoniseringshandeling.<sup>62</sup> In sy bespreking (Louw, 1986b:450) klink opmerkings wat sterk aan sy eie oortuigings herinner: "Marsman behoort tot die digters wat die helderste helderheid omtrent hul eie werksaamheid wil hê. Hy het 'n gedurige, byna martelende dwang gevoel om oor die poësie en oor die wese van die digter na te dink; om sy strewe te omskryf, selfs om dit in formules saam te vat. Gedurig staan naas sy skeppende werk die kritiek en die selfbeskouing-tot-die-uiteerste-toe." Hierin is Louw met hom een: hy is nie net digter nie, maar skryf ook oor eie werk en dié van ander.
- ◇ Dat Van Wyk Louw die hartstog van 'n vrou met **Baudelaire** se "bloesems van die sonde" teen haar bors verpersoonlik, is deur Opperman (1953:183) raakgelees<sup>63</sup>. Ook in Louw se bemoëienis met die bese (vgl. "Ballade van die Bese") kom Baudelaire op die voorgrond, redeneer hy (1953:229). Cloete (1976:1-20) meen Louw vertoon 'n sterk ooreenkoms met Baudelaire in terme van sy opvattinge oor die teennatuurlike. "Hulle poësie is gebore uit 'n in sommige opsigte verwante geestesgesteldheid", beweer hy, maar hiermee wil hy nie voorgee "dat hulle in onmiddellike, literêre-kousale verband met mekaar gesien moet word nie" (Cloete, 1976:1-2). Alhoewel daar verskille tussen die digters en hulle denke bestaan, word hier na aspekte verwys wat hulle gemeen het:
- ◇ "Die natuurlike lewe het Baudelaire met afsku vervul: 'Passez en revue,

analysez tout ce qui est naturel, toutes les actions et les désirs du pour homme naturel, vous ne trouverez rien que d'affreux' ('Eloge d. M.')<sup>64</sup>. Van Wyk Louw druk die afskuwelike van die natuurlike lewe uit in aanstootlike beelde: '... 'n Groot hoop mense wat leef, verdien, paar en doodgaan, so iets bloot-biologies – 'n bredie mensvleis, 'n biosfeer om die aarde – sou iets ontsettends en aanstootliks wees, iets soos 'n pak slange wat in die slangtuin agter glas deurmekaar gekrul lê' ('Die idee van groot kuns', in Lojale verset)." (Cloete, 1976:5).

- ◇ Cloete (1976:5) verwoord Baudelaire se visie dat die natuur vanself uit die menslike aard voortkom, terwyl die teennatuurlike transendentiaal geïnspireer is en deur die menslike gees bereken word as reaksie téén die natuurlike in hom. "Die natuurlike wat vanself tot stand kom, is in die bewoording van Van Wyk Louw ('Heerser en H.') 'slegs die blinde beweging van kragte en die blinde groei van die lewe'; die geestelike lewe, daarenteen, sê hy in 'Die onsterflikheid van die kuns', word daardeur gekenmerk 'dat dit in 'n ander vlak uitspring, in 'n ander sfeer bestaan; dat dit nie 'n vorm van die natuurlike lewe is nie, maar buite die lewe, soms teen die lewe, die volstrekte teennatuurlike of die opdam en terugstoot van die lewe teen homself is', d.w.s. soos vir Baudelaire 'n bewuste, berekende daad."
- ◇ Cloete (1976:5-6) konkludeer dat beide digters (Baudelaire én Louw) die natuurlike moet ken en deurgrond – "le mal waarvan Baudelaire praat, die donker onder wat Van Wyk Louw ken" – voordat hulle dit kan teëgaan. "Dit spreek ook vanself dat dit deel van hulle poësie moes word, wat daartoe aanleiding gegee het dat Baudelaire beskuldig is as digter van le vice en Van Wyk Louw beskuldig is van flirtasie met die Bose."

### Nietzsche

Jy gaan – jou gees bly oor my soos 'n wolk  
op hoë berge, met die sing van magtige winde  
om die krans. Met ligte en blinde  
oë staar ek uit die duister volk  
daar waar die ligskuim van jou baan nog waai.  
Jy het jou sterreblydskap soos 'n band  
en kroon van vlam rondom my kop laat brand  
en my trug na die wondere aarde toe laat draai.  
Moet op my hoof die las van wete bly?  
Net winde en water en die swaar geweld  
van daardie gees en roeping roer om my;  
maar, is my krans deur stroom en blits geskeur,  
luider as oor die leegtes en die veld  
fluit die ewige winde van ons wil daardeur.

Opperman (1953:195) beskou dié gedig as een van die sleutelverse van Die halwe kring (opgeneem in Louw, 1981:75).

In ooreenstemming hiermee wys Mulder (1940) daarop “dat Nietzsche die toon aangee in Louw se opstelle van die jare dertig. Die gedagte ‘dass nur als ästhetische Phänomen das Leben zu rechtfertigen ist’, word deur Mann (1976:343) uitgesonder as die belangrikste moment in Nietzsche se denke. By Louw lees ons ‘dat die skoonheidsbewussyn die sentrale plek, die ewige bron van die geestelike lewe is, waaruit alle vernuwing in die mens en die maatskappy voortkom (1986a:32)”. Hiermee bevestig Olivier (1992:187) dat die onweerlegbare ooreenkoms tussen Nietzsche en Louw nie net in die poësie vergestaltung vind nie. Hy voeg by: “Dit is egter in die verheerliking van die wil tot groot kuns, die wil tot voortbestaan en die beroep tot irrasionele dryfvere dat die ooreenkomste met Nietzsche op hulle opvallendste is.” (Olivier, 1992:188). In opstelle soos “Die idee van groot kuns” (1986a:160-165) en “Aristokratiese kuns en die volk” (1986a:12-13) is verskeie uitsprake wat as getuienis vir bostaande aanname kan dien. Of, om 'n ánder uitlating



tot voorbeeld te neem: "Kyk byvoorbeeld Nietzsche: wat hy van die wêreld ervaar het, het hy in boeke neergelê. Baie min het hom regtig begryp, maar baie het hom gevolg. En sy gedagtes het weer oral uitgepeul: eers by populêre filosowe en by romanskrywers met 'he-men' en 'go-getter' - helde, en van hulle af deur Ethel M. Dell tot heeltemaal tussen die 'volk' in ... deur honderde wat nooit begryp het hoe Nietzsche, die verkondiger van die Übermensch, self een van die sagste, vriendelikste mense was nie, wat alleen die positiewe waardes in ons beskawing wou beskerm - dit het hy fanatiek, religieus, sy taak gemaak - en deur tienduisende wat nooit eers sy naam geweet het nie, maar gedrink het uit die rivier waarvan hulle die fontein nie geken het nie. En so kan sy leer van die krag en die vreugde stadig deur die wêreld week." (Louw, 1986a:60). Die verering en vereenselwiging van die digter, N.P. van Wyk Louw, met die ideale en aktiwiteite van Nietzsche, die filosoof, is duidelik.

#### 6.5.2.2.5.2 Aansluiting by nasionale digters: Leipoldt en Eugène Marais

Opperman (1953:179) verwys na Louw se neiging om volksliedjies te skryf in sy Alleenspraak-periode. Dit vertoon "groot verwantskap met Leipoldt en veral Visser", sê hy. Die dramatiese monoloog wat deur Louw tot 'n nuwe hoogtepunt gevoer is, is reeds deur Leipoldt beoefen.

Louw se waardering spreek uit die vyftal opstelle waarin hy die werk en bydrae van **Leipoldt** tot tema neem. Die wyse waarop Leipoldt as digter bestaansreg aan die volk gegee het, word só verwoord: "Op 'n tydstip toe die hele Afrikaanse volk nog 'half flou was met die skok van die oorlog' het Leipoldt se gedigte oor die lyding van kind en vrou daardie lyding, wat ons mense anders net woordeloos soos stomme diere moes verduur het, tot skoonheid opgehef, geobjektiveer en verduursaam; en daarmee het hy ons volk tegelyk bevry van die blote bot pyn self en die lyding omgesit in liggende krag vir die toekoms. En toe die Afrikaners in hul eerste ontwaking tot volkwees met vreugde en 'n nuwe soort verwondering die skoonheid van hul eie landskap begin besef het, het hulle in Leipoldt se verse daardie landskap herken." (Louw, 1986b:223-224). In 'n huldeblyk aan Leipoldt gee Van Wyk

Louw (1986b:251) te kenne dat hy "op een tyd stip die intellek van ons volk verpersoonlik" het. "Hy was miskien self geen groot denker nie, maar hy het iets in hom gehad wat buite die denk van ons volk gereik het. Hy het hom in baie opsigte teen die eng grense van ons Afrikaanse gedagte-wêreldjie gestamp en byna in 'n soort wanhoop om ons beperktheid – so het ek dit dikwels gevoel – sy toevlug tot die paradoks en tot grillige invalle geneem. Maar hy het aan 'n hele geslag getoon dat daar dinge buitekant ons lê." (Louw, 1986b:251).

Hierdie strewe is sinoniem met dié van Louw. By hom was daar voortdurend die vrymaak van die eng beperkings; pleit hy dikwels vir 'n oopstelling van gesindheid en gesprek: "(O)ns behoort ons oop te hou vir elke nuwe openbaring van die kuns – gereed om dit met dieselfde onpartydigheid te toets as dié waarmee ons die kuns toets wat toevallig die geluk gehad het om met óns jeugdige insigte ooreen te stem." (Louw, 1986a:564).

As getuïenis van sy hoë waardering vir Leipoldt geld Louw se huldigingsgedig aan C.L. Leipoldt wat in Tristia (Louw, 1981:242) opgeneem is:

**Hommage à C.L. Leipoldt**

Kom ons maak 'n plakkieplaas

blougruis hiers my pad

plakkiebeeste plakkie-persies

blikkie water in die gat

vetstert van die bandjiebos

vir die skááp vir sterte

nee jong vat koesnáátjie

vir jou blêrrie-groen pê-re

perd se rûe is mos krom

het jy bandjie in jou mond

Hè, dan kry jy, hè, dan kry hy

krimpsiek teen die winter kom!

Op 7 Desember 1937 word 'n radiopraatjie van Louw uitgesaai oor **Eugène Marais** se Versamelde gedigte. Hy kanoniseer dié digter: "(H)ier het ons tog een van die waardevolste dinge in ons jong letterkunde. Marais het net omtrent 30 gedigte geskrywe; daaronder is baie wat onbeduidend is, en net 'n ses of sewe, miskien maar 'n 200 reëls alles tesame, wat volkome mooi is. Maar hierdie 200 reëls is 'n klein, suiwer skat wat ons nooit sal verloor nie. Dit is 'n nuwe soort mooiheid wat hy in ons letterkunde ingebring het." (Louw, 1986b:435). Dit is ópvallend dat Marais se vernuwende invloed deur hom beklemtoon word. Soos in die geval van Leipoldt is dit Marais se vermoë om breër te dink en te doen waarvoor Louw hoë waardering het: "Marais is ver van die gesprek en van die intieme af; dit is 'n hoë artistieke eenvoud wat mense as maklik reken, maar wat inderdaad die moeilikste van alles is; dis 'n weg-van-die-dinge-af-staan, 'n beheerstheid wat in ons poësie en in alle poësie seldsaam is. Hiermee staan Marais buitekant sy tydperk, en hierin lê sy grootste waarde en betekenis vir ons." (Louw, 1986b:441).

In Vernuwing in die Prosa (in Louw, 1986b:121) verwys N.P. van Wyk Louw na die klein tradisie van vertelkuns - dié van Eugène Marais, Langenhoven, Jochem van Bruggen en Van Melle - wat die groeiplek van die prosaletterkunde sal blyk te wees. Na 'n herlees van Marais se Dwaalstories, wysig hy 'n vorige oordeel: "Moet ek erken: heel vroeg was hierdie stories vir my 'oulik', 'nie onaardig', 'fyn'? Eers baie, baie later 'sjarmant', fassinerend. Vandag sou ek sê: hierdie vier stukke is van die grootste prosa in ons taal. Vreemd tog, dat 'n mens dit nou<sup>65</sup> sê. So groei literêre oordeel." (Louw, 1986b:169).

Die poëtiese vergestaltung van hierdie uitsprake is terug te vind in 'n huldigingsgedig wat in Tristia (1981:278) opgeneem is:

### Cervantes: Hommage à Eugène Marais

Maar ook: Don Kiesjót is máér:  
het 'n skraal gesig, krom-neus,  
groot snor; kortweg: is 'n Don:

én van la Mancha, met 'n óú skild,  
met 'n boerse afkeer vir skaapvleis; maar,  
met lensies op Vrydag – om Ons Heer se lye -;

staan by Lepanto teen die Turke  
wat met skraal gesigte, krom neus,  
groot snorre, inloer by Europa:

máár: Don Cervantes wíl dit nie:  
staan paraat teen elke windmeul  
storm af op iets-te-dowwe Spaanse skapies.

#### 6.5.2.2.6 Slotopmerking

By wyse van verskeie voorbeelde is die argument aangevoer dat N.P. van Wyk Louw aansluiting gevind het by verskeie digters, hulle werk en denke. Hierdie term en redenasie is ontleen aan Van Coller se tipologie in sy N.P. van Wyk Louw-gedenklezing. Alhoewel die tipologie nie volledig ingespan kan word nie (omdat die sistematiek van hierdie ondersoek ánders fungeer), verdien enkele aspekte aandag.

In sy werkteorie stel hy dit duidelik dat **kanonaansluiting** die doelbewuste aansluiting is by ander literature (literêre sisteme), 'klassieke tekste', die literêre tradisie, ensovoort. Daarteenoor gaan dit by **kanonverskansing** om die verskansing van 'klassieke' tekste of skrywers in die kanon: "Die swaartepunt lê dus in die verlede. Motivering hiervoor kan goedsikks uit die

hede gemotiveer word: herskrywers (soos dosente) sal byvoorbeeld baie moeite doen om 'klassieke' tekste waaroor hulle navorsing gedoen het, te verskans met die doel om hul eie wetenskaplike status en relevansie te verseker. Soms is dit onmoontlik om te besluit met watter een van die twee kanoniseringsprocédes jy gekonfronteer word omdat daar sprake is van 'aansluitende verskansing'." (Van Coller, 1994:9,12-13). Moontlik sou hierdie terme ook in terme van Louw se kanoniserende aktiwiteite (op die vlak van produksie) neerslag kon vind: die **aansluiting in sy poësie** by 'n bepaalde tradisie (deur onder andere verwysing, sitering en parodie) word verder versterk deur sy **verskansing** (van bepaalde denkrigtings en werkswyses) in **sy kritiese essays**.

Van Coller (1994:20) se term **kanonvoorbereiding** kan met groot wins ingespan word wanneer bepaalde aktiwiteite van Louw onder bespreking kom. Binne die grense van hierdie term kan die inhoud van Louw se intreerede by die Universiteit van die Witwatersrand in 1959 byvoorbeeld verklaar word: die verwysings na Eliot en die manier waarop hy die verwysingsproblematiek tot tema neem, maak voorbrand vir die verskyning van Tristia. Hier is dus 'n in-die-vooruitsig-stel van 'n werk wat nog sou kom. Wat Nuwe verse betref, is dit betekenisvol dat Louw wel oor die volkspoësie van "Klipwerk" geskryf het, maar nie vooraf nie. Ook hierdie insig is reeds deur Van Coller (1994:20) verwoord: "Sonder om dit tot 'n wetmatigheid te verhef, lyk dit asof die voorbereidende (toekomsgerigte) aspek by skrywers mettertyd plek inruim vir die agterna-besinnende uitsprake 'rondom eie werk'." Uiteraard is Louw se kanoniseringshandeling later meer verklarend as voorbereidend vanweë die status wat hy verwerf het. By implikasie is hierdie gegewe dus bevestiging van die dinamiek wat 'n integrale deel van die kanoniseringsproses vorm. Grense kan slegs gesuggereer, maar nie volstrek vasgestel word nie.

Binne die bestek van hierdie ondersoek is daar voortdurend gewys op die verwickeldheid en verreikendheid van die kanoniseringsproses. Hierdie toedrag kan geïllustreer word deur 'n opmerking in 'n artikel van Grové (1978:95). Hy verwys na die Louw-gedig "'Vier stasies: leeglêers' wat die

eerste keer verskyn het in die portefeulje van grafiese werke deur Bettie Cilliers-Barnard". Dat nie net die skryf van die gedig 'n kanoniseringshandeling is nie, maar ook die plek van publikasie kanoniserend werk, is hieruit duidelik. Alhoewel kanonisering op die vlak van produksie in hierdie afdeling aan bod kom, moet daar voortdurend rekening gehou word met al die ander faktore wat nie van die proses geskei kan word nie.

### **6.5.2.3 Op 'n primêre vlak: artistieke reaksies op die werk van N.P. van Wyk Louw as resepsieprosedure**

Artistieke reaksies op die werk van N.P. van Wyk Louw sou 'n aanduiding kon gee van sy ontvangs binne die literatuursisteem van sy tyd en daarna. 'n Volledige resepsie-ondersoek val nie binne die oogmerke van die navorsing nie. In hoofstuk vyf is daar reeds verwys na die problematiek rondom die kartering van die reaksies. 'n Veelheid voorbeelde sou aangevoer kon word, maar die voorkeur val op geleentheidsgedigte by die viering van Louw se sestigste verjaarsdag as illustrasiemateriaal<sup>66</sup>.

In 'n spesiale uitgawe van STANDPUNTE (jaargang XIX, nr.5) verskyn verskeie huldigingsgedigte waaronder die volgende:

VOOR N.P. VAN WIJK LOUW

Op zijn 60e verjaarsdag  
Over de roerloze horens van de Stier  
groet mijn buigende Ram  
uw dubbele eenheid van Tweeling.

Dieren lezen ons de woorden uit de hand  
soms roept in ons vers hun kreet om asiel  
onze handtekening na jaren slijtage  
kon hun speelzieke spoor zijn.

Spelen en ziek zijn  
andermans ogen gezond schrijven  
zelf achterblijven een verdoolde hond  
in droge drukken die men Kunst heet.

Gij blaft in 't oudgeboren vaderland  
de preutse gapers aan  
zij weten niet dat gij hun leiband zijt  
als gij bij nacht uw sterren telt in spiegels  
voor wie vandaag uw vriendin  
en voor wie morgen eens uw zonen zijn

Als ik naast u iets zeggen mag  
dan voel ik mij nog méér boom  
een zelfde aantal ringen  
een schors die men herdenkend streelt.

Vergeet wat hier zich schreef  
want sedert jaren reeds gezegd  
maar wissel in een glimlach over zee  
met mij die in een glimlach woon  
onze dode en blinde kinderen uit.

Karel Jonckheere

## MYNHOPE

Vir N.P. van Wyk Louw

11 Junie 1966

Oor die geel hope van die Rand  
draai soms nog 'n voël, 'n egte voël,  
maar meesal ronk daar straalmotore  
maaksels van hom wat graaf en dool

en nou die ruimtes in wil jag  
en hy delf nog maar kort hier in die kors.  
Tog, wat hou die aarde alles nie!  
Ná die dagsome tussen gras, die klip nors

is daar 'n plek waar die silwer uitkom  
en ná fyn hamers stempels van 'n vakman dra,  
is daar dun skeure langs die skag  
waarin bore voor 'n bors uit ja

tot ánder later die blou gruis was  
en dit in goue brode giet;  
of bruin rantjies toe onder Hoëveldse saad  
waar ysterklip voeg langs kwartsiet

en dan staal word in die stad;  
ja, ook afgeleë stadig kriek  
'n boortoring die koper uit die klip:  
in munt en beeld verbind kuns én tegniek.

Geleidelik kén ons hierdie land se trae kors  
en maak 'n einde aan die donkerheid:  
'n mynskag breek die grense oop  
vir fyn bore wat deur die klip se kern byt.

Maar onthou die delwers hóm?  
Hulle hang ver onder aan 'n draad  
swaai heen en weer, wég van hom wat bo woon  
manne van 'n enkel daad.

Die nuwe voël in die helder lug  
ken ook nie meer die pad onder die aarde nie:  
die plek van saffiëre en groen kalsedoon  
van sinaber, malagiet, sitrien.

Maar aan hóm kleef stoffies van goud,  
in sy oë weerkaats die piroop:  
hy kap die rotse, hy breek gange uit die berg  
die wêreld onder maak hy oop.

Louis Eksteen



**AAN N.P. VAN WYK LOUW**

Saam met die tyd verval die vlees,  
dit is die wet, laat dit so wees.  
Maar in die streke van die gees  
dra jy vir tyd en ewigheid  
die kroon van die onsterflikheid.

S.J. Pretorius

**MAKER**

... deur jou lied  
is ons Boer-wees  
'n adellike vrybrief,  
  
in jou taal  
herken ons houtskool  
sy diamant,  
  
in die woord  
plet jy  
ons onbewuste staal ...  
Ernst van Heerden

En dié van Opperman (in Van Heerden, 1966:9) in Smal swaard en blink:

### VELE WONINGE

Aan Van Wyk Louw

As seun het ek help stene bak:  
potklei uitpik en kaalvoet trap,  
in vorms gooi, vasdruk, afskraap,  
op langsteelgras laat lê en droog,  
die rou oond kundig pak, toepleister;  
daarna vier briekwa-ossies doringtakke  
op die slee laat sleep na daardie vuur  
wat eenmaal aangesteek, gestook moes bly  
(deur waak, groenmielies braai, gesels en sterre soek)  
tot die buitestene ná drie dae rooierig rook;  
en dan die kinderlike oerplesier  
van bottels: deursigtige asynes,  
kasterolje bloues en bier bruines,  
in daardie Nes van vlamme ingegooi.

As ou steenmaker erken en eer  
ek jou bouwerk, vol swier of strak:  
barok, kaaps-hollands, nieu-funksioneel ...  
en telkens met 'n skok verras  
in elke bundel, gebak uit ander klei:  
'n blywende binnevuur wat wisselend speel  
deur ruite  
vanuit kleurwronge glas.

In aansluiting by hierdie huldigingsgedigte kry W.E.G. Louw se woorde besondere betekenis: "Die sestigste verjaardag van die digter N.P. van Wyk Louw lyk na 'n paslike geleentheid om vas te stel dat daar rondom sy werk 'n nuwe geesteklimaat in ons land ontstaan het, en nie slegs in ons poësie en die letterkunde as geheel nie, maar selfs ook in ander, verwante kunsvorme

en in die intellektuele lewe in die algemeen.” (1966:16). Hy verwys hier na die invloed van Van Wyk Louw op ons liedkuns. As motivering vir sy argument maak hy 'n lys van sy broer se gedigte wat in Suid-Afrika en in Nederland getoonset is:

“Slegs volledigheidshalwe noem ek hier eers die toonsettings deur Nederlandse komponiste. Rudolf Mengelberg het Nagrit en Nagliedjie gekomponeer; Wolfgang Wijdeveld neem in sy bundel Zuid-Afrikaanse Liederen (ca. 1942) twee gedigte van N.P. van Wyk Louw op, t.w. My Meester en Seemeeu. Henk Badings, een van Nederland se bekendste hedendaagse komponiste, publiseer in 1948 sy Vier Liedjes van Weemoed, d.w.s. Seemeeu, Dennebosse, Wat Kan Ek vir Jou Gee? en Nagrit. In 1957 skryf hy selfs in opdrag van die S.A. Uitsaaikorporasie 'n uitvoerige radiofoniese opera op 'n teks wat die digter spesiaal vir dié doel geskryf het, nl. Asterion.

Ander Nederlandse komposisies is die volgende: van P. Volkertsma die lied Daar is Geen Woord (“Van My en Jou...”); van Herman Nieland die Gebed (“Groot Gees, Jy wat in sterre woon...”); en van B. Boeyinga Nagrit.

Dié twaalfal liedere uit die buiteland is waarskynlik nie eens volledig nie. Daar sal wel meer wees, wat hier nog onbekend gebly het.” (Louw, 1966:18).

In die Augustus-uitgawe van STANDPUNTE (1966:68) vul W.E.G. Louw die lysie van toonsettings aan. Hy vermeld toonsettings van Marinus de Jong (Louw se gedigte: “Paniese Angs” en “Skaduwees van die Siel”) wat deel vorm van 'n groep van “Zes Zuidafrikaanse Liederen voor midden- of lage stem” wat ook verse van Eugène Marais, C. Louis Leipoldt, C.M. van den Heever en W.E.G. Louw insluit.

Die lys Suid-Afrikaanse toonsettings van N.P. van Wyk Louw se verse lyk só: “Blanche Gerstman het Die Boodskap aan Maria vir koor met orrelbegeleiding getoonset; Dawid Engela het 'n kort siklus van ses liedere gemaak, die bestes waarvan is Voordag, Die Verslaene en Jy Was 'n Kind; Cromwell Everson het Dennebosse vir 'spreekstem' met klaviervoorspel geskryf, en verder Nagliedjie, By Alle Skone Dinge, Wat kan Ek vir Jou Gee en Nagrit.

Ander toonsettinge wat onder my aandag gekom het, is die volgende: Anton Hartman - Kom Vannag in my Drome; D.I.C. de Villiers - Grense en Ons is die

Geeste wat Dwaal; en onder die ouer komponiste, S. le R. Marais - Rooidag en Nagrit.

Verreweg die meeste komposisies op tekste van N.P. van Wyk Louw tref 'n mens wel onder die werk van Rosa Neppen aan. In 1943 skryf sy al 'n toonsetting van Die dieper reg, 'n kantate vir koor, solostemme en orkes. Verder is daar 'n hele reeks van liedere vir solostem, t.w. Winterbome, Ek Hoor en Kannie Sien, Ons is die Geeste wat Dwaal, Wat Kan Ek vir Jou Gee? en Nagliedjie ("Vannag in hierdie Helder Stilte..."), almal van 1943.

Daarna volg tot op datum: Die Boodskap aan Maria (1945), Die Beiteltjie (1956), die sg. Twaalf Klein Metafisiese Voorspele (1957-1958), Ignatius Bid vir Sy Orde (1958), H. Petrus (1963), Jy Het Weggegaan (1963) en Nog in My Laaste Woorde (1964-1966).

Dan is daar nog die volgende vier komposisies vir a cappella-koor: Keer 'ie Ding (1959), Agter die Rante Lê My Hart (1959), Ets: Selfportret van Rembrandt met Hoed op (1959) en Landsreën (1959).

Dit is 'n klein sewentiental werke, of as 'n mens die twaalf metafisiese voorspele elkeen afsonderlik tel, nie minder nie as 28!" (Louw, 1966:18-19).

Ter bevestiging van sommige gegewens geld dokumente<sup>67</sup> wat opgeneem is in die Louw-versameling in die J.S. Gericke biblioteek. Veral die korrespondensie tussen Henk Badings en N.P. van Wyk Louw werp interessante lig op die skeppingsproses.

Vertalings kan ook ingespan word om die artistieke reaksies op die werk van N.P. van Wyk Louw te ets. Wanneer sy persoonlike korrespondensie bestudeer word, lewer dit verskeie versoeke om vertalings op<sup>68</sup>. Kannemeyer (1978:380) verwys in sy literatuurgeskiedenis na vertalings deur onder andere die volgende persone: Guy Butler, William Branford, Anthony Delius, C.J.D. Harvey, Anthony Dawes (Engelse vertaling van Raka), W.A. Kellner (Duitse vertaling van Raka), Helmut Erbe en Adam Small. Hierdie gegewens bevestig die wye artistieke reaksie wat Van Wyk Louw se skeppende werk ontlok het. Dit is onteenseglike bewys van sy status en kanoniserende invloed as

spilagent binne die literatuursisteem van sy tyd, én daarna.

#### **6.5.2.4 Op 'n sekondêre handelingsvlak: distribusie en verwerking**

##### **6.5.2.4.1 Inleidend**

In 'n vorige hoofstuk is klem gelê op die belang van die distribusie-kanaal in die kanoniseringsproses<sup>69</sup>. Dit behels onder andere die kanoniseerder (Van Wyk Louw in hierdie geval) se betrokkenheid by die kanalisering van literêre produkte. Byna onlosmaaklik hiermee verbind is die rol van verwerker, met ander woorde 'n blik op die wyse waarop N.P. van Wyk Louw literêre produkte in verband bring met 'n ander produk, hetsy by wyse van opsomming, oorvertelling, parafrasering, evaluering of analise<sup>70</sup>. Vanweë die noue verwantskap en aansluiting tussen hierdie twee kanoniseringsrolle word dit as gesamentlike fenomeen hanteer. Die fokus val (eksemplaries) op Louw se kanoniseringshandelinge as bloemleser, stigterslid van die Vereniging van die Vrye Boek, redaksielid van STANDPUNTE en sy betrokkenheid by radiowerk. Uiteraard sou sy boekbesprekings, artikels en letterkundige studies asook sy inleiding/voorwoord tot ander outeurs se werke hierby verreken kon word. Na deeglike oorweging is besluit om dit nie in hierdie afdeling onder bespreking te bring nie, aangesien argumente rondom implisiete kanonisering van hierdie aspekte tot tema geneem het. Die problematiek ten aansien van die teoretiese skeiding van sisteemvlakke en -rolle wat in die praktyk saamhoort, is reeds vermeld.

##### **6.5.2.4.2 N.P. van Wyk Louw as stigterslid van die Vereniging van die Vrye Boek**

In Desember 1935 ontstaan die VVB na aanleiding van 'n idee van die kunskritikus, Brander (Bernard Lewis). J. du P. Scholtz, I.W. van der Merwe, W.E.G. Louw, Abr. H. Jonker en F.E.J. Malherbe snoer hulle kragte saam in hierdie strewe. Simpatieke berigte in DIE BURGERS maak voorbrand vir die vereniging (Steyn in Beukes, 1992:53-54). By die bekendstelling van die Boekweek sê N.P. van Wyk Louw: "Laat ons, Afrikaners, dit finaal beseef: geen

letterkunde leef by die geleerdes alleen nie. 'n Skrywer wil nie alleen leef uit die groeikrag van sy volk nie, hy wil ook tot die volk spreek - nie in die vulgêre sin van preek of lessies leer nie, maar uit die diepere drang wat tot alle bieë en alle openbaring van 'n eie wese aan 'n medemens dwing." (in DIE BURGER, 13/11/1935). In die artikel stel Louw dit eksplisiet dat hy veral die groot massa wil bereik en die volk vir die Afrikaanse boek wil wen: "As so 'n boekweek nie vir hulle bereik nie, sal dit ondanks alle sukses van getalle en vertoning, g'n sukses wees nie." Hy redeneer dat die krag op die platteland; hierdie mense moet bereik word. Daarom doen hy aan die hand dat rondgaande biblioteke blootstelling aan die plaasbevolking moet bied; ook leesvereniginge moet hierin 'n rol speel. Daarby word toesprake en uitstallings in die stadsaal van Kaapstad ingespan om die publiek tydens die Boekweek te bereik en ook die radio word benut.

Kannemeyer (1990) het in sy Dokumente van dertig volledig bestek opgeneem van die oogmerke, werksaamhede en twisgesprekke rondom die Vereniging van die Vrye Boek. Die doel van dié vereniging kry beslag teen die benouende eise van die voorskryfmark: om literêre werk van betekenis gepubliseer te kry, onafhanklik van enige voorwaardes. Letterkundige gehalte geld as enigste kriterium. Hiermee word 'n oopstelling van die kanon reeds geïmpliseer. In 'n berig in die CAPE TIMES (15/4/1936) word hierdie suggestie bevestig: "The Vereniging vir die Vrye Boek intends to give the Afrikaans author as free a choice of subject and treatment as is given to his contemporaries overseas. It is a movement which is worth starting, and should be welcomed in the Union." Van Wyk Louw stel dit ondubbelsinnig dat "die vereniging gestig word om die Afrikaanse literatuur van die 'gemoedelike lokale realisme' en die eensydige instelling van die boekhandel los te maak" (Kannemeyer, 1990:43). Hiermee verkry kunstenaars nou die vryheid om op terreine te beweeg wat tot dusver vir hulle verbode gebied was, aldus DIE HUISGENOOT (10/1/1936).

Daarom slaag die Vereniging van die Vrye Boek daarin om vroeg in die dertigerjare reeds grense te verskuif. Sy kom met die sekelmaan van Hettie Smit was hiervan 'n eerste en normdeurbrekende manifestasie. Steyn (in

Beukes, 1992:84) bevestig dat die Nasionale Pers in Kaapstad 'n besondere pluimpie vir die pragtige versorgde uitgawe gekry het. 'n Resensent, J.J.K., beweer dat hy net één drukfout teëgekrom het en dat dit met die beste uit Holland vergelyk kan word. Ook die pragtige uitgawe van Die halwe kring gee aanleiding tot ander uitgewers se pogings om ook aantreklike boeke te produseer. Die spesiale aandag wat tipografiese eise voortaan sou kry, het by die VVB sy oorsprong gehad en sou ook deur die tydskrif STANDPUNTE bevorder word.

N.P. van Wyk Louw formuleer 'n uitgangspunt in die omsendbrief van die VVB waarin 'n nasionale gerigtheid onderskei kan word. Dit is volledig te versoen met sy eie artistieke lewenshouding: "Dit moet moontlik wees dat alles wat eerlik, sterk en mooi in 'n volk gedink en gesê kan word, ook in die volksliteratuur sy neerslag kan vind; nie ter wille van die klompie skrywers nie; ook nie ter wille van die plesier van 'n groter aantal lesers nie - dit gaan om die geestelike status van die volk en die onafhanklike voortbestaan van sy letterkunde." (Louw, 1986a:50). Daarom sou beweer kon word dat N.P. van Wyk Louw sy sterk kanoniserende krag laat geld het binne die werksaamhede van die Vereniging van die Vrye Boek. Die bydrae van hierdie vereniging om die voorkoms en beskikbaarheid van die boek aan die publiek te bevorder, het die groei van die Afrikaanse letterkunde in 'n groot mate medebepaal. Die VVB het nie net die boek onder die aandag van die Afrikanergemeenskap gebring nie, maar het terselfdertyd ook as skakel tussen die kunstenaar en die volk gefunksioneer. Die onenigheid wat later sou lei tot die vernietiging van die vereniging, val buite dié bespreking.

#### 6.5.2.4.3

#### N.P. van Wyk Louw as redaksielid van STANDPUNTE

Na verbrekking van die Vereniging van die Vrye Boek, kon dié strewe nou in vervulling gaan met STANDPUNTE - 'n nuwe reeks wat die vrye geestelike en intellektuele lewe wil dien (aldus Louw, 1986b:504). In 'n brief aan Mulder (opgeneem in Viljoen, 1978:44) bevestig Van Wyk Louw "dat hy, W.E.G. Louw en J. du P. Scholtz van plan is om 'n reeks cahiers van literêre en kritiese aard by die Nasionale Pers' uit te gee wat 'n voorsetting sal wees van

die V.V.B. Volgens hom is dit bykans onmoontlik om laasgenoemde onderneming vol te hou, dit wil sê 'om omvangryke boeke van goeie gehalte taamlik gereeld uit te gee'." Hoe vry en onafhanklik die tydskrif wou wees, word geïllustreer in terme van die Louw-broers se onderhandelings met Nasionale Pers wat die blad sou druk. Hulle het "volkome onafhanklikheid van standpunte geëis, al sou dit soms meebring dat die Pers daardeur finansiële benadeel word." (Steyn in Beukes, 1992:417). Die omvang van N.P. van Wyk Louw se betrokkenheid by hierdie tydskrif word in sy korrespondensie gereflekteer: STANDPUNTE-aangeleenthede word in byna elk van sy briewe aangetref.

Van Wyk Louw se kontribusie tot STANDPUNTE word deur verskeie persone bevestig. In 'n brief aan W.E.G. Louw beskryf Greshoff homself, Opperman, die Louw-broers en Fred Le Roux as "die kern van Standpunte" en is dié tydskrif "het geestelike eiendom ... van die vyf mense wat dit gemaak het" (soos aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:420). "Vanweë die feit dat Van Wyk Louw in Kaapstad gewoon het en naby die drukkers en die Pers was, het hy in 'n groot mate die administratiewe sake van die blad behartig. Besluite oor die formaat en lengte van elke nommer moes deur hom geneem word en in 'n groot mate het hy die blad se geldsake gehanteer", sê Louise Viljoen (1978:47). In aansluiting hierby beklemtoon die redaksie (in STANDPUNTE, 1966:75) wat die omvangryke aard van Louw se betrokkenheid by die tydskrif was: "Van Wyk Louw was mede-oprichter van Standpunte, en dit is miskien minder bekend dat hy homself in die eerste swaar jare as redaksiesekretaris veel opoffering en sleurwerk moes getoos; hy was van die begin af ononderbroke lid van die redaksie; niemand het meer gedoen as hy om die blad op sy koers te hou nie, en niemand het die ideale van die blad helderder geformuleer en duideliker voor oë gehou nie." In dié besluitnemingsproses het Van Wyk Louw dus 'n kanaal tot kanonisering gehad. Hier kon hy op 'n praktiese vlak die beginsels onderstreep wat hy in sy kritiese geskrifte bepleit het. Dat hy die tydskrif toeganklik wou hou, blyk uit sy meningsverkil met Scholtz. Scholtz het vir STANDPUNTE "'n ideaal van akademiese deeglikheid en wetenskaplikheid op die gebiede van die taal- en letterkunde gestel." (Viljoen, 1978:46). By Van Wyk Louw lê die oorwig egter



by 'n lewendige, strydbare en geestige aanslag. Hy wou ook hê "dat ander gebiede van die geesteslewe (bv. die wysbegeerte, staatkunde, religie, ens.) by die blad betrek moes word." (Viljoen, 1978:46). Hierin klink 'n ideaal wat hy reeds in 1937 in 'n brief aan sy broer geformuleer het: "'n Tydskrif vir 'n elite; wat altyd alleen die hoogste standaard toelaat, wat alle kwaksalwery in die literatuur of die wetenskap inklim ...; iets moois en sterks, waarmee 'n mens werklik leiding in ons volkslewe kan aangee, en 'n aristokratiese laag mense vorm wat die skeppers van 'n waarlike Afrikaanse kultuur moet wees." (soos opgeneem in Viljoen, 1978:42).

Die omstandighede wat die oprigting van STANDPUNTE voorafgegaan het, word duideliker. Louise Viljoen beklemtoon die feit dat verskeie kreatiewe en kritiese persoonlikhede aan die einde van die Dertigerjare 'n ontevredenheid begin voel het met bestaande tydskrifte. "Sommige blaai was om politieke en persoonlike redes nie aanvaarbaar nie; meestal is daar egter gevoel dat die bestaande tydskrifte nie 'n bevredigende peil gehandhaaf het vir die uitlewing van 'n suiwere geesteslewe op literêre en kulturele gebied nie." (Viljoen, 1978:43). Dat N.P. van Wyk Louw die oplossing geïnisieer het deur 'n kanaal vir sy geslag geesgenote te skep, blyk onbetwisbaar te wees.

Om die inhoud van 'n tydskrif aan één van die redaksielede - N.P. van Wyk Louw - te verbind, is onbillik. Derhalwe is dit moeilik aantoonbaar watter bydraes uitsluitlik aan Louw se werksaamhede toegeskryf kan word om te bepaal wat sy kanoniserende aandeel was. In die Junie-uitgawe van 1967 (Jaargang XX, nr.5) bedank die redaksie hom vir die eindredakteurskap wat hy "vir drie nommers op hom geneem het". Daarom sou 'n poging om bepaalde tendense in hierdie drie uitgawes aan te dui, oortuigingskrag kon hê:

- **Verskeie artikels wat buite die literêre veld lê** val op, onder andere dié van H.R. van der Walt oor geskiedskrywing (STANDPUNTE, Desember 1966:28-32); 'n opstel oor die Verwoerd-era en die tydperk daarna deur W. van Heerden (STANDPUNTE, Februarie 1967:1-4); A.J. Venter skryf oor die liberale teologie (STANDPUNTE, Februarie 1967:22-27); 'n eie styl in

die Suid-Afrikaanse musiek word deur Jan Bouws onder die loep geneem (STANDPUNTE, Februarie 1967:43-47), A.H. Murray skryf 'n stuk oor die spanning tussen nasionalisme en liberalisme (STANDPUNTE, April 1967:23-29) en 'n besinning van Martin Versfeld oor werkkamers word geplaas (STANDPUNTE, April 1967:58-66). Hierin volbring Louw 'n ideaal wat hy vroeër gestel het: om werklik 'n kultuurskepper te wees deur alle gebiede van die geesteslewe te betrek.

- Daar verskyn verskeie opstelle en gedigte van **persone met wie hy 'n op een of ander vlak 'n verbintenis** gehad het, onder andere E. Lindenberg, T.T. Cloete, Ernst van Heerden, Ian Raper<sup>71</sup>, F.I.J. van Rensburg en A.P. van der Colf om maar enkele name te noem<sup>72</sup>. Hierdie omstandigheid kan moontlik verbind word met 'n uitspraak van Steyn (in Beukes, 1992:420) waarin hy beweer dat Van Wyk Louw, Opperman, Greshoff en Le Roux die nommers van STANDPUNTE beplan het deur te besluit watter bydraes van skrywers aangevra moes word. In alle waarskynlikheid moes die jong tydskrif grootliks op werwing staatmaak. Namate STANDPUNTE egter status as gerespekteerde publikasie verwerf het, is daar spontane bydraes deur 'n verskeidenheid medewerkers ontvang.
- Noodwendig is die tydskrif STANDPUNTE, ook **mondstuk van N.P. van Wyk Louw se eie skeppende én kritiese idees**. By geleentheid verskyn van sy gedigte (bv. "Ode" in Februarie 1960; "Ses gedigte" in Augustus 1962 en "Gedigte" in Desember 1963). Van Wyk Louw stel sy standpunt dikwels in artikels wat in die tydskrif opgeneem word. Só reageer hy eksplisiet met sy opstel "Sensuur of pornografie?" op kerklike kommer oor prikkellektuur en 'n afvaardiging wat hulle in 1946 beywer vir die moontlikheid van 'n sensorraad. In die sestigerjare skryf hy weer oor sensuur (in STANDPUNTE, Augustus 1963) en neem hy deel aan verskeie ánder polemieke: "Werktuig of naelstring"; "Oor Toneel" - 'n ope brief aan hoofredakteurs van Afrikaanse koerante en tydskrifte - en "Skuilnaam en naamloosheid" (in STANDPUNTE, Oktober 1963).

- Opmerklik is die skerpsinnige en toeganklike wyse waarop Van Wyk Louw die "aantekeninge" aan die einde van sommige uitgawes hanteer om 'n **oep gesprek<sup>73</sup> te inisieer oor relevante aangeleenthede**. Dit was deel van 'n poging om STANDPUNTE in die sestigerjare "lewendig" te maak deur kommentaar op aktuele sake te lewer - in alle waarskynlikheid 'n uitvloeisel van die redaksie se kommer oor gebrekkige medewerking deur die Sestigters. (Steyn in Beukes, 1992:424-425).
- Binne die tydsgees van die sestigerjare val twee bydraes op binne 'n breër (by name politieke) verband: "Die rymvorme van Noord-Sotho" deur P.S. Groenewald (STANDPUNTE, Februarie 1967:9-21) en "Sebilwane" wat deur Matume N. Fêla geskryf is vir die April-uitgawe van STANDPUNTE (1967). Hiermee word **sy respek vir die swartman** wat vroeër gesuggereer is, opnuut bevestig. In ooreenstemming hiermee is dit veelseggend dat hy in elk van die drie uitgawes - waarvan hy eindredakteur was - ruimte afstaan aan gedigte van Adam Small. Om die waarde van hierdie handeling na waarde te skat, behoort die klimaat van die sestigerjare gerekonstrueer te word. In DIE BURGER (23/3/1963) verskyn 'n berig met die opskrif: "Gedig van Small gruwelik, sê sen. J.G. Olivier". Nadat die derde lesing van die Wetsontwerp op Publikasies en Vermaaklikhede afgehandel en die maatreël finaal goedgekeur is, het die Opposisie 'n gedeelte voorgelees uit 'n gedig van Adam Small. Senator Olivier het uitgeroep dat dit "gruwelik" is. Binne hierdie konteks blyk dit dat N.P. van Wyk Louw die tydskrif STANDPUNTE implisiet inspan om negatiewiteit jeens die kleurling teë te werk. In prinsipe **beywer hy hom vir die bruinman se Afrikaneridentiteit**. Hierdie houding het hy reeds te kenne gegee in sy inleiding tot D.P. Botha se boek: Die opkoms van die Derde Stand (1960).

Die argument kan nie afgesluit word sonder om te verwys na **N.P. van Wyk Louw se rol as bemiddelaar in STANDPUNTE-geskille** nie. In spanninge oor stylaangeleenthede tussen W.E.G. Louw en Antonissen ("In die visier" in STANDPUNTE, Oktober 1959) word hy die vredemaker. By 'n latere

geleentheid dreig Antonissen om sy kronieke te staak na aanleiding van skerp kritiek deur A.P. Grové in DIE VADERLAND. Daarom skryf Van Wyk Louw twee lang briewe aan hom om hom oor te haal om sy besluit te heroorweeg. Dit lei tot Antonissen se besluit om sy kronieke voort te sit. Ook 'n skerp verskil tussen Brink en Grové word N.P. van Wyk Louw tussenganger. 'n Politieke artikel van Brink ontlok uiteenlopende reaksies by die STANDPUNTE-redaksie. "Die meerderheid was van mening dat dit alleen kon verskyn saam met 'n antwoord in dieselfde nommer." Van Wyk Louw willig in om te antwoord, maar siekte weerhou hom. Wanneer Brink die stuk terugvra, ontvang hy dit met 'n verskoning wat die vertraging uiteensit (Steyn in Beukes, 1992:427-428). Hieruit blyk dit duidelik dat N.P. van Wyk Louw deurentyd die ideaal van die tydskrif suiwer voor oë gehou het. Hy het dit belangriker geag as individuele verskille.

#### 6.5.2.4.4 N.P. van Wyk Louw as literêre smaakmaker

H.P. van Coller (1994:17 e.v.) noem Louw 'n "informele bloemleser by uitstek". Hy verwys onder andere na Van Wyk Louw se stukke oor ouer Afrikaanse digters en veral dié in Vernuwing in die Prosa waar hy op 'n implisiete wyse bepaalde werke "bloemlees". Veral Louw se aanpysing van die vernuwing van Brink en Leroux het as belangrikste vormende invloed in die sestigerjare gegeld. Om hierdie stelling te staaf, is 'n rekonstruksie van die kultuur- en geesteslewe van hierdie era noodsaaklik.

Op 5 Januarie 1961 stuur André P. Brink 'n manuskrip uit Parys getiteld Naakfiguur kers en ruit. Alhoewel W.E.G. Louw die teks verdienstelik vind, wil Nasionale Boekhandel hom nie daaraan waag nie: "Ons sou kon voorstel dat u aan die manuskrip dokter om dit vir ons aanvaarbaar te maak, maar ons doen dit nie. Ek weet hoe u oor die saak voel." (aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:202). Die manuskrip word dus op versoek van Brink (deur George Minnaar van Nasionale Boekhandel) aan Human & Rousseau gestuur wat in Mei 1961 aanvaar word, maar versoek 'n ander titel. Brink se keuse val op Lobola vir die lewe. Die ontvangs daarvan is goed en "Van Wyk Louw skryf aan Human op 20 November 1962 dat hy die boek uitstekend vind - 'so goed

dat ek vir Brink 'n fan mail-telegram gestuur het. Dit is verdomp slim gedoen.” (aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:225). Tog was daar gou sprake dat die boek verbied kan word. Alhoewel die Publikasieraad 'n klag ontvang het, het daar niks van gekom nie. In hierdie verband is Louw (1986b:147) se opmerking in Vernuwing in die Prosa interessant. Hy sê: “Dit is moontlik dat die ‘ongewenste literatuur’ waaroor op die oomblik gekla word, bloot voorsetting van die soek na nuwe tematiese materiaal is: ondersoek na die naglewe, die skaduwee-lewe van die grootstad en dies meer.” Hy interpreteer hierdie toedrag dus in terme van 'n soeke na tematiese vernuwing.

In DAGBREEK EN SONDAGNUUS (15/12/1963) klink Louw se lofuiting oor Die Ambassadeur wat kort hierna verskyn. Vir hom is dit op 'n nog hoër peil as Lobola: “Ek het die boek nog nie in sy finale vorm geles nie - wel in 'n voorfinale stadium, pas voordat dit vir die laaste keer hersien is. En op daardie stadium het ek die roman 'n pragtige belofte gevind; 'n roman wat veral uitgemunt het in sy baie mooi karaktertekening en sy pragtige evokasie van die Paryse lewe.”

Algaande het Brink se werk 'n prominenter politieke aard geopenbaar. Uitgewers het daarop aangedring om sy manuskripte eers aan die Publikasieraad voor te lê, maar hiermee was Brink nie gediend nie. Die afloop hiervan beskryf hy in 'n brief (23/9/1967) aan W.A. de Klerk: geen uitgewer wil sy werk “met 'n tang aanraak nie”. Oor twee werke - 'n Oomblik in die wind en 'n Droë wit seisoen - verklaar Human dat dit literêr aanvaarbaar is, maar dat die gevaar van optrede deur die sensuurbeheerliggame hom daarvan weerhou om dit te publiseer. Ten spyte hiervan het 'n ondersoek van die RGN in 1985 bevind dat Brink die mees gelese skrywer in Suid-Afrika is (Steyn in Beukes, 1992:228-231). Hiertoë het N.P. van Wyk Louw waarskynlik meegewerk: privaat deur sy eenvoudige “fan-mail”-brief, maar ook publiek deur sy waarderende uitsprake in die pers.

In die toekenning van die Hertzogprys aan Leroux het Louw 'n invloedryke rol gespeel. Elize Botha onthou 'n wintersoggend in die teekamer van die Departement Afrikaans en Nederlands waartydens Van Wyk Louw vertel het

“dat die Akademiesraad weifel om die aanbeveling van die keurkomitee vir die Hertzogprys vir prosa te bekragtig” (Steyn in Beukes, 1992:242). As teenvoeter skryf Louw ’n brief aan DIE VADERLAND (15/5/1964) waarin hy “die weifeling van die Akademiesraad om ’n belangrike nuwe rigting in die Afrikaanse prosa te erken” aan die kaak stel. (Steyn in Beukes, 1992:243). Dit het ’n lewendige debat in die koerante tot gevolg gehad. Vanuit verskeie oorde is geprotesteer: die Moderatuur van die Natalse sinode van die N.G. Kerk in die TRANSVALER (begin Junie 1964); die hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie; die dagbesture van die sinodale kommissies vir openbare sedelikheid van die N.G. Kerk in Transvaal (in die TRANSVALER: 9/6/1964); ds. A.P. Potgieter spreek hom sterk uit oor dié omstrede boek in ’n Afrikaanse program oor die SAUK; DIE KERKBODE is van mening dat styl en struktuur nie vergoed vir onnodige suggestiewe en pornografiese gedeeltes in die boek nie (in DIE VADERLAND, 13/6/1964) en die Rapportryerskorps beroep kunstenaars, uitgewers, die Akademie, die Publikasieraad en lesers om “nie die sogenaamde kuns, wat totale vryheid opeis en die Christelike en morele standarde minag, aan te moedig en te ondersteun nie” (in DIE BURGER:17/6/1964).

N.P. van Wyk Louw vra in ’n koerantberig (DAGBREEK EN SONDAGNUUS: 14/6/1964) waarom ’n gedeelte van “ons volk hulle telkens so maklik laat opswEEP - en opswEEP deur ’n páár mense wat hulle eie koppige menings op die meerderheid wil afdwing?” Tog glo hy in “die nugter oordeel en die gematigdheid van die meerderheid van ons volk”. Saam met Louw is Elize Botha, P.G. du Plessis, Henriette Grové, Ernst van Heerden, F.I.J. van Rensburg, J.H. Senekal, J.L. Steyn en F.C.L. Bosman van die belangrikste verdedigers van die boek (Steyn in Beukes, 1992:245). Op 28 Mei 1964 sê F.I.J. van Rensburg byvoorbeeld in DIE VOLKSBLAD dat Sewe dae by die Silbersteins ’n hoogs morele boek is, “ten spyte van die bedenkinge wat sommige mense hieroor het. Hy is baie in sy skik daarmee dat dié boek die Hertzog-prys vir prosa ontvang het, omdat dit ’n erkenning van die vernuwing in ons prosa is.” In ’n brief aan sy broer spreek Van Wyk Louw sy waardering uit: “Op die oomblik is ek nog byna die enigste bekkesnyder teen die spul - met alleen Frans van Rensburg (uit B’ftn) as moedige medestander - moedig,

sê ek, want alles wat hy skrywe, gaan só teen sy akademiese chefs in." (aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:250). Dit is opvallend dat verskeie van genoemde letterkundiges by Louw studieleiding ontvang het.

In 'n artikel in DIE BURGER (18/6/1964) sê W.E.G. Louw dat hy na aanleiding van al die vertoë en meningsverskille oor die bekroning van Sewe dae by die Silbersteins en die bedenkinge oor Lobola vir die lewe al meermale gedink het: "Met die ontvangs van die twee boeke sien ons immers die moeilike begin van 'n nuwe romankuns in Afrikaans. Trouens, met die verskyning van dié twee boeke is die vernuwing in die Afrikaanse prosa 'n voldwonge feit."

Dat Louw hiertoe 'n diepgrypende invloed uitgeoefen het, is onbetwisbaar. In sy Vernuwing in die prosa konstateer hy: "(H)ierdie aantekening is geskryf nadat daar twee prosa-boeke in Afrikaans verskyn het - boeke wat ek met groot plesier gelees het (miskien is daar ander ewe goed, maar wat ek nog nie gelees het nie - twee boeke wat én vernuwings is, én goed. Dis André P. Brink se Lobola vir die lewe en Etienne Leroux se Sewe dae by die Silbersteins. [...] Met hierdie twee boeke het daar in Afrikaans iets gebeur; iets waarmee mense rekening sal moet hou in elke later bespreking van ons prosa." (Louw, 1986b:175).

Vandag val verskeie Louw-oordele op. Sy herwaardering van Visser se geestige poësie is in Van Coller se gedenklesing onder die loep geneem. Ook Van Melle was "aangenaam verras" oor 'n brief waarin Van Wyk Louw sy waardering vir En ek is nog hy uitgespreek het omdat kritici dit sonder geesdrif ontvang het (Steyn in Beukes, 1992:17). Louw se aanprysing van Peter Blum verdien vermelding weens 'n vroeë raakskatting. Daar word egter volstaan met N.P. van Wyk Louw se pogings om die volk se smaak voor te berei vir die vernuwing wat Brink en Leroux sou bring omdat die reaksie op hulle werk ten nouste saamhang met die sensuurstryd waarin Louw 'n onmisbare rol gespeel het en vanweë die kragtige invloed wat hulle tekste op die Sestigerbeweging sou hê.

Die verbreding van die konsep "bloemleser" is een van die winste wat opval.

Miskien spruit dit uit Louw se aversie in konvensionele bloemlesings. Hy weier toestemming vir die opneem van gedigte uit sy werk voordat twee drukke van die betrokke bundel nie uitverkoop is nie. Sy motivering is sinvol: "Dit voorkom die dood-bloem-lees van 'n bundel soos vroeër glo gebeur het; dit stel ook die lesers en kritici voor die probleem om self te besluit wat goed is voordat die bloemleser sy oordeel aan die hele gemeenskap kan opdrag. (Vir 'n skrywer self is laasgenoemde oorweging die belangrikste; en mag ek dit as my persoonlike mening vir U gee dat o.a. Leipoldt baie benadeel is en ónsself as jongmense in ons oordeel beknot en dus benadeel was, deurdat bloemlesers 'n heel persoonlike en tyd-bepaalde oordeel aan die lesers opgedring het ...)" (soos aangehaal deur Steyn in Beukes, 1992:150).

Met sy platereeks, Klank in poësie, waarvan hy die alleensamesteller is, bring N.P. van Wyk Louw 'n nuwe, toegankliker vorm van bloemlesing. In 'n berig in DIE BURGER (24/3/1962) gee hy te kenne dat hy veral skoolkinders as teikengroep het: "Is dit nie vreemd nie dat vir die meeste skoolvakke allerlei aparate gebruik word - landkaarte, aardbolle, prente, e.s.m. Maar die Afrikaanse poësie is tot dusver aan kinders sonder enige hulpmiddel gebring - dikwels deur onderwysers wat maar min begrip het van hóé 'n mens 'n vers moet lees om dit werklik te laat leef!" Daarom gee hy telkens 'n kort inleiding tot die werk van elke digter asook verklarings "van besondere moeilikhede wat mag voorkom". Met Klank in poësie wil hy "vir die kind, die anderstalige leser, maar ook vir elke liefhebber van Afrikaans 'n maatstaf [gee] van goeie Afrikaans én die beste wat daarin geskryf is". Hierdie bloemlesing in klank het dus 'n didaktiese doelwit.

Daarby wil hy 'n groter groep by die Afrikaanse poësie betrek: "The sound anthology of Afrikaans poetry is especially aimed at English-speaking people to give them a criterion of how Afrikaans is spoken in its finest and purest form", berig THE STAR (23/2/1962). Hy kies juis plate as medium om die verveling weg te neem: "ons mense moet ons poësie leer geniet en verstaan" (DIE BURGER, 24/3/1962). In DIE VADERLAND (19/2/1962) bevestig hy opnuut dat almal onder die besef gebring moet word "dat poësie klank is, opwindende en verfrissende klank en dat verveling en poësie nie hand aan



hand gaan nie”.

Die samestelling van sy platereeks behoort teen die agtergrond van sy bemoeienis met die radio as populêre massamedium beskou te word. Noodwendig sou hierdie vorm van bloemlesing 'n wyer lesers- (of luisteraars-) publiek hê. Daarmee kan hy nie net 'n groter groep betrek nie, maar hulle op 'n genotvolle wyse oorhaal tot poëtiese waardering en terselfdertyd kritiese norme daarstel wat weer kanoniserend werk<sup>74</sup>.

'n Onderzoek na Louw se radiopraatjies bekragtig die hipotese dat daar 'n noue verband tussen sy radiopraatjies en sy bloemlesings bestaan. Trouens, die neerslag van sy radiopraatjies kan dikwels in van sy ander werk teruggevind word: “Vers en gedagte: 'n bloemlesing uit die Afrikaanse letterkunde met kommentaar deur N.P. van Wyk Louw, versorg en aangevul deur E. Lindenberg, is saamgestel en bevat sekere van die praatjies uit die radioreeks met dieselfde naam, asook die vier radiopraatjies Mooi of Plat wat in 1958 uitgesaai is. Die manuskrip is nooit uitgegee nie maar die bloemlesing Treknet saamgestel deur N.P. van Wyk Louw en E. Lindenberg is gebaseer op die poësie wat in die Vers en gedagte-manuskrip opgeneem is.” (Louw-katalogus, 1988:230). Op hierdie wyse werk verskeie mediums en middele saam om sy kanoniseringshandeling te voltrek.

#### 6.5.2.4.5

#### N.P. van Wyk Louw se betrokkenheid by radiowerk

“Sonder vrees vir oordrywing kan gestel word dat geen ouer Afrikaanse kanoniseerder die waarde van die massamedia só raakgeskat (en benut het) as Van Wyk Louw nie.”, beweer Van Coller (1994:22). F.I.J. van Rensburg is in dieselfde mate bewus van Louw se “rasionele siening van die kommunikasiemoontlikhede van die populêre media”. Hy verduidelik: “Die aangryp van die geleentheid om die populêre kommunikasiemedie, waarby ook die radio gereken moet word, te gebruik vir besinnende werk, was nie net ekstern-bepaald nie (die feit dat daar nie vakblaaie bestaan het nie), maar het ook saamgehang met 'n natuurlike behoefte by hom om ingewikkelde sake so eenvoudig moontlik aan die orde te stel en te bespreek sonder om hulle deur

die eenvoud van die aanbieding te veronsuiwer." (1996:112).

Om die omvang van sy kanoniserende invloed via die radio te bepaal, is dit noodsaaklik om bestek te neem van sy belangrikste radiowerk. Hierdie opsomming is gegrond op 'n oorsig wat deur Hein Toerien geskryf is vir die SAUK-Bulletin op 6 Julie 1970:

- As dosent het Van Wyk Louw reeds in 1935 gereelde boekbesprekings vir die radio waargeneem. Dit is die jaar waarin Alleenspraak verskyn het met gedigte "waarin die Afrikaanse taal 'n nuwe dimensie van klankrykheid en plooibaarheid ontvang het, faktore wat in 'n besondere mate ook 'n nuwe stukrag aan Afrikaans as radiotaal besorg het" (Toerien, 1970:34).
- Die geleentheidstuk, Die dieper reg, is vir die eerste keer volledig uitgesaai in 1942 nadat fragmente reeds voorheen aangebied is. Die stuk is etlike kere herhaal.
- Gedurende 1942-1943 word die reeks, "Legendes in die Musiek", uitgesaai. "Die doel van hierdie reeks", sê Louw<sup>75</sup>, "is om 'n aantal verhale aan u voor te dra wat vir die kind interessant is, maar ook vir die hoogsontwikkelde persoon 'n altyd-vloeiende bron van dieper betekenis kan wees. Dit is 'n reeks gekies uit die groot ou verhale en legendes waarna kunstenaars in alle eeue gegryp het, en wat oor en oor deur verskillende digters, skilders en komponiste gebruik is; elkeen van hulle het nuwe betekenis in die ou verhale gevind, elkeen het sy eie lewe daarin versinnebeeld gesien of sy eie emosie daarin uitgestort." Legendes wat in hierdie reeks voorkeur kry, is dié van Faust, Prometheus, De Vliegende Hollander, Don Juan, Romeo en Juliet, Uilspieël en Simson.
- Dias, 'n opdragwerk ter viering van die 25-jarige bestaan van die radiowese in Natal, is op 5 Desember 1949 uitgesaai. Hierdie radioversdrama toon op watter artistieke en effektiewe wyse Louw die radio as medium kon benut. Hy het later die oorspronklike teks hersien en dié drama is verskeie kere

herhaal.

- Ten spyte van Louw se afwesigheid in die jare 1950-1958 is die volgende werke uitgesaai: Die vonnis, Die eerste voortrek, Kruger breek die pad oop, Die held, Blomme vir die winter, Germanicus, Stokkiesdraai, Lewenslyn en Asterion (wat deur Henk Badings getoonset is).
- Daarby hoort ook praatjereekse wat deur hom vir uitsending aangestuur is: Geestesstrominge in Europa, Probleme van ons tyd en 'n spesiale reeks van agt praatjies met uiteenlopende titels.
- Hierbenewens het hy van sy eie gedigte voorgedra in die reeks Drie Causerieë wat as deel van die Afrikaanse voordragprogram, Verse op versoek, uitgesaai is.
- Die SAUK het ook in 1954 'n Louw-vertaling van die Franse werk, Hélène, uitgesaai. Dié stuk is oorspronklik geskryf deur Paul Géraldy.
- N.P. van Wyk Louw verower die Akademie vir Kuns en Wetenskap se SAUK-prys vir sy stuk, Dagboek van 'n soldaat, wat in 1961 vir die eerste keer uitgesaai is. Dit is later in 1962 en in 1966 herhaal.
- Die gewilde reeks, Vers en gedagte, is gedurende 1961 en 1962 uitgesaai. In 'n persoonlike aantekeningboek<sup>76</sup> verduidelik N.P. van Wyk Louw sy onuitgesproke doelwit: "Ek sou hierdie reeks praatjies byna die naam kon gee van 'Teen die eensydigheid'. In praatjie ná praatjie het ek nou al probeer wys hóé dwaas ons oor die poësie, en oor ons Afrikaanse poësie, sou oordeel as ons eensydig die voorkeur aan die een of ander soort sou gee." In hierdie reeks waarsku hy sterk teen die gedagte dat 'n bepaalde soort poësie meer waarde het as 'n ander. Hy gebruik dus nie die reeks om voorspraak te maak vir sy eie werk (bv. Tristia) nie. Dit is duidelik dat hy die volk wil opvoed om poësie in al sy vorme en gedaantes te waardeer.

- Louw se satiriese vernuf blyk met die uitsending van Nie vir geleerdes of Koning-Eenoog wat in 1960 oor die lug gehoor word.
- Louw se laaste drama wat deur die SAUK uitgesaai is, is Berei in die woestyn wat op Van Riebeeckdag in 1968 aangebied is.
- Sy stem klink nog vir laas in die reeks, N.P. van Wyk Louw aan die woord (gebundel as Rondom eie werk), wat in 1970 uitgesaai is. Toerien (1970:35) meen dat dit 'n hoogtepunt was "wat die kroon geplaas het op 'n verbintenis met die radio wat oor 'n tydperk van 35 jaar gestrek het".

Van Wyk Louw maak self geen geheim van sy belangstelling in die hoorspel en radiotoneelstuk nie. Trouens, hy beskou dit as "die eintlike literêre kunsvorm van ons tyd" (1986b:549). Hy voel tot hierdie vorm aangetrokke vanweë die besondere wyse waarop die woord alleen gebruik word: "Ek sou hier selfs wil sê: die woord kan oor die radio doeltreffender in sy aard van woord gebruik word as op die verhoog." Hy heg hoë waarde aan die feit dat die radio as medium geen grense stel "aan die menslike stem na enige kant toe nie." Maar die hoogtepunt lê vir hom in die feit "dat dit die poëtiese drama weer in lewende kontak met die volk, met die massa bring." (Louw, 1986b:549).

Dat N.P. van Wyk Louw inderdaad die massa as gehoor gehad het, spreek uit 'n artikel (SAUK-Bulletin, 6 Julie 1970) waarin verwys word na die SAUK wat in sewe tale hulde gebring het aan dié ontslape digter. Afgesien van uitsendings in die Afrikaanse en Engelse Dienste, "is daar ook 'in die programme van Radio Bantu en van die Buitelandse Dienste hulde gebring". Wat waarskynlik minder bekend is, is die feit dat van sy bekendste werke ook met groot welslae deur ander Dienste uitgesaai is, "bv. Raka in die Engelse Diens en ook in die Zoeloe-Diens, en Dias in die Portugese Diens." (Toerien, 1970:34). Van Coller se bewering - dat geen ouer Afrikaanse kanoniseerder die waarde van die massamedia so ráakgeskat en benut het as N.P. van Wyk Louw nie - kan beswaarlik met geldiger beweegredes ingeklee word.

Nadat die omvang van Louw se radiowerk bepaal is, behoort 'n peiling na die aard daarvan lig te werp op sy kanoniserende rol. Voorheen is aangevoer dat alle tekste nie dieselfde invloed tot gevolg sal hê nie. Uiteraard sal 'n radiopraatjie nie dieselfde trefkrag hê as 'n gepubliseerde berig nie. Sy reeks, Die oop gesprek, sou sekerlik ook uitgesonder kon word. Hierdie praatjies is oorspronklik oor Radio Hilversum se Wêreldomroep uitgesaai tydens N.P. van Wyk Louw se Nederlandse verblyf. Mettertyd het hierdie stukke ook in DIE BURGER en in DIE HUISGENOOT verskyn en dele daarvan is in sy Versamelde Prosa 1 en 2 opgeneem. Hulle is chronologies gepubliseer en die datum van uitsending word telkens by elke praatjie aangedui. Waarskynlik het die sterkste kanoniserende invloed vanuit hierdie radioreeks uitgegaan. Om aan te dui wat die waarde daarvan sou wees, is onmoontlik. Tog sou daar beweer kan word dat hy hiermee die publiek aangespoor het tot lees, kritiese denke en 'n waardering vir die volkseie.

Louw skryf nie net oor literêre aangeleenthede of persone nie, maar dikwels ook oor sake met 'n algemene strekking. Dit doen hy doelbewus. In die negende praatjie van sy reeks, Geestesstrominge in Europa, sê hy: "Vir die van U wat na die vorige praatjies in hierdie reeks geluister het, kan dit miskien as vreemd tref dat ek nog so min gesê het oor letterkundige stromings en gebeurtenisse in Europa; dat ek die literatuur so selde genoem het en dan eintlik meer as illustrasie van ander, meer algemene, neigings." Hiermee gee hy te kenne dat hy sy volk in voeling wil bring met die res van die wêreld. Hy wil hulle horisonne verbreed en hulle blootstel aan wêrelddele en -literature wat nog onbekend is. Wanneer hy in sy reeks, "Legendes uit die Musiek", beroemde Griekse, Noord-Europese en Spaanse verhale behandel, is dit waarskynlik met die doel om die gemiddelde Afrikaner se konteks te verbreed en te verdiep. Hy wil die volk op 'n aangename manier oorhaal tot 'n liefde vir die letterkunde. In samehang hiermee bring hy ook literêre werk van gehalte in die gehoor se moedertaal: Afrikaanse radiodramas, gedigte en versdramas wat met die beste in die wêreld vergelyk kan word. Die aard van sy kanoniserende handeling is velerlei: hy verbreed die volk se verwysingsraamwerk, vorm hulle literêre smaak en voed hulle op ten aansien van literêre aangeleenthede; daarby bring hy aan hulle werk van die hoogste

gehalte om te geniet.

## 6.6 Slotopmerking

In hoofstuk vyf is daar voorlopige vooronderstellings gemaak in terme van die kanoniseringsrolle van N.P. van Wyk Louw. In hoofstuk ses is hierdie vooronderstellings vollediger ondersoek en beskryf. Daar is geargumenteer dat Louw verskillende handelingsrolle aanneem binne die literatuursisteem. Die invalshoek waarbinne sy kanoniseringsstrategieë belig is, is dié van nasionalisme as opvallende krag in sy denk- en werkpatroon. Die kriteria wat voorheen gebruik is in die toetsing van Louw as spilagent, is ingespan om aan te dui in welke mate hy as vernuwer en opvoeder figureer. Hierdie strategieë is gegiet in 'n sisteemteoretiese model om N.P. van Wyk Louw se spesifieke rolle op vier subvlakke binne die literatuursisteem te beskryf. Verskeie voorbeelde is verskaf om dié eksplisiete kanoniseringshandelinge te verduidelik. Die wyse waarop Louw implisiet gekanoniseer het, het ook deel van die bespreking gevorm. Deurgaans is die verband tussen die verskillende vlakke en faktore van die kanoniseringsproses beklemtoon.

Die laaste hoofstuk bring 'n slotperspektief waarin gepoog word om by wyse van 'n oorsigtelike opsomming die hoofargumente en –bevindinge saam te vat tot 'n bevredigende geheel.

---

<sup>1</sup> Vergelyk Hoofstuk 5, bl. 125 e.v.

<sup>2</sup> Hierdie uitspraak is volkome in ooreenstemming met sy sogenaamde "dualistiese denk- en werkpatroon" wat later aangedui sal word, vgl. bl. 150 e.v.

<sup>3</sup> Coetser (1990:338-339) verwys in sy studie na Olivier se proefskrif (vgl. bl. 104) waarin hy 'n Van Wyk Louw-aanhaling opneem met 'n weglating van bepaalde woorde wat 'n betekenisverandering tot gevolg het, maar Olivier bied geen verklaring aan waarom hy dié woorde nie in sy aanhaling opgeneem het nie.

<sup>4</sup> Vergelyk Hoofstuk 4, bl. 64 e.v.

<sup>5</sup> Van Rensburg formuleer hierdie gedagte só: "Nasionalisme is skering en inslag van Van Wyk Louw se hele denke en skepping." (1975b:66)

<sup>6</sup> Die trefkrag van Louw se term "die oop gesprek" - ook in die volksmond - word bevestig deur 'n artikel van J.J. Degenaar wat in Oktober 1967 in STANDPUNTE verskyn. 'n Voetnoot by dié artikel maak melding van die feit dat dit oorspronklik 'n

---

voordrag was wat gelewer is by die Stellenbosse Debatsvereniging op 9 Maart 1967. Hierdie aspek kry later spesifieke toeligting, vgl. 3.1.3.1.

<sup>7</sup> Hierdie stelling sluit aan by Louw se rol as volksopvoeder wat later in die hoofstuk uitgelê word, vgl. bl. 151 e.v.

<sup>8</sup> In 'n brief aan DIE BURGER (7/12/1937) skryf Louw: "Uit die koerante verneem ek dat die Akademie besluit het om 'n deel van die Hertzogprys aan my toe te ken. Hiermee stel ek u in kennis dat ek dit nie aanneem nie. Die Akademie was weer magteloos om te besluit oor die sake waarin hy hom juis die reg van 'n beslissing toeëien. Aangesien die mededeling my deur die pers, en nie persoonlik bereik het nie, gee ek hierdie brief ook aan die pers."

<sup>9</sup> Vergelyk Hoofstuk 4, bl. 91 e.v.

<sup>10</sup> Coetser (1990:352-353) interpreteer hierdie gegewe soos volg: "Aan die basis van die meningsverskil tussen politikus en geleentheidsdramaturg lê gevolglik die verskille tussen Verwoerd se politieke filosofie en Van Wyk Louw se liberale nasionalisme. Na 1961 sou hul verskille verder deur gebeure op kerklike en die breë kulturele terrein beïnvloed word. Daardie beïnvloeding sou nie direk wees nie. Wel sou dit 'n bydrae lewer tot die totstandkoming van persepsies wat instrumenteel sou wees in die latere Die pluimsaad-polemie."

<sup>11</sup> Vir 'n volledige beskrywing van die reaksie op Die pluimsaad waai ver, vgl. Steyn (in Beukes, 1992:263 e.v.)

<sup>12</sup> In 'n gesprek met Hans Ester oor N.P. van Wyk Louw bevestig Pierre H. Dubois: "[...] zijn moreel gezag was van groot gewicht en dat gebruikte hij." (in Biezen, 1985:53).

<sup>13</sup> Na 'n ernstige krisis in Van Wyk Louw se persoonlike lewe skryf Greshoff op aandrang van vriende aan hom 'n brief "waarin hy hom wys op die diskrepansie tussen sy vroeëre voorgehoude ideale van vaderlandsliefde en gesinseenheid en sy optrede in die realiteit ingetree het." Daar bestaan geen reaksie wat bewaar gebly het op dié brief van Greshoff (gedateer 11 Julie 1950) nie. Die breuk in die vriendskap is in alle waarskynlikheid nooit herstel nie (Kannemeyer, 1990:224).

<sup>14</sup> Alhoewel H.A. Mulder onder die naam, W. Hessels, gedigte in Nederlands geskryf het en as letterkunde 'n bydrae tot die Nederlandse sowel as die Afrikaanse literatuur gelewer het, is sy status as Afrikaanse letterkundige hier ter sprake. Daarom word daar spesifiek na hom as "Afrikaanse letterkundige" verwys, alhoewel sy ander werk nie by implikasie ontken of onderskat wil word nie.

<sup>15</sup> Die program van dié uitsendings word in die Dokumentesentrum bewaar as 2.Pe.P.4(3).

<sup>16</sup> Vergelyk dokument 2.Pe.P.4(2)

<sup>17</sup> Vergelyk knipsels bewaar as 2.Ku.4

<sup>18</sup> Van Wyk Louw se buitelandse besoek val in 'n beperkte mate ook binne die dampkring van sy vriendskap met die bekroonde Nederlandse digter, Adriaan Roland Holst. In 1946 reis Holst na Suid-Afrika; 'n reis wat deur die Vereniging vir die Vrye Boek bekostig is. Kort na sy aankoms per skip ontmoet hy vlugtig vir Van Wyk wat 'n sterk indruk op hom maak. Daarom skryf hy enkele briewe (in die jy-vorm) aan Van Wyk tydens sy reis deur die binneland. Sy besoek word afgesluit met 'n hoogtepunt: sy verblyf by Sea-Girt, Tweede Strand, Clifton, aan huis van Van Wyk en Truida Louw. Dat dié twee digters 'n besondere geneëntheid teenoor mekaar gekoester het, word later eksplisiet bevestig. "Na sy besoek aan Suid-Afrika verleen Roland Holst sy

---

samewerking om die finansiering van Van Wyk Louw se besoek van ses maande aan Nederland in 1948 - waartydens die Rijksuniversiteit van Utrecht 'n eredoktorsgraad aan die Afrikaanse digter uitreik - te reël." (Britz, 1985:37-38).

<sup>19</sup> Vergelyk dokument 2.K.2.3a

<sup>20</sup> Vergelyk Hoofstuk 5, bl. 113.

<sup>21</sup> Die omvang van sy radiowerk is myns insiens een van die onderskatte aspekte van sy oeuvre. Die wyse waarop hy die radio as medium ingespan het, is merkwaardig. 'n Volledige lys van sy radio-aktiwiteite is in die katalogus van die Dokumentesentrum opgeneem: bl. 224-232. Hierby hoort Van Coller (1994:22) se insig: "Sonder vrees-vir oordrywing kan gestel word dat geen ouer Afrikaanse kanoniseerder die waarde van die massamedia só raak geskat (en benut het) as Van Wyk Louw nie."

<sup>22</sup> Hierdie aspek kom weer ter sprake wanneer Van Wyk Louw se eksplisiete kanoniseringshandelinge bespreek word. Die wyse waarop hy as distrubeerder van literêre stof kanoniserend opgetree het (onder andere deur sy radiobydrae), word dan belig.

<sup>23</sup> Dat dit by Van Wyk Louw 'n bewustelike handeling was, word implisiet deur Van Rensburg (1975b:87) se opmerking bevestig: "Van Wyk Louw was uiters gevoelig vir elke nuwe faset of groeibeweging in die ontwikkeling van die Afrikanervolk."

<sup>24</sup> Vergelyk Hoofstuk 3, bl. 61.

<sup>25</sup> Om die nadraai van dié vernuwing end-uit te volg, sien Kannemeyer (1978b:237 e.v.)

<sup>26</sup> "By herhaling en veral in die voorwoord tot Windroos en in Vernuwing in die prosa stel hy [N.P. van Wyk Louw] dit ondubbelsinnig dat vernuwing 'n voorvereiste is vir die voortbestaan en groei van 'n literatuur." (Olivier, 1977:139).

<sup>27</sup> Vergelyk Hoofstuk 1, bl. 7.

<sup>28</sup> Vergelyk Hoofstuk 4, bl. 76 e.v.

<sup>29</sup> Vergelyk dokument 2.RP.T.2

<sup>30</sup> Degenaar (1976:78) herlei Louw se apartheidsgesindheid in terme van die kulturele waarde wat dit vir hom inhou: "Wat die swartman betref, aanvaar Van Wyk Louw die teorie van afsonderlike ontwikkeling op grond van die feit dat die afsonderlike tale wat die swartmense praat hulle 'n reg op aparte bestaan gee. Hy reageer skerp teenoor die liberalis wat imperialisties sy eie kultuur as basis vir alle volkere aanvaar en nie respek het vir die andersoortige manier waarop anderstalige kulture die wêreld artikuleer nie."

<sup>31</sup> Vergelyk dokument 2.RP.Su.1

<sup>32</sup> Koerantknipsel bewaar as dokument 2.Ku.8 in Louw-versameling.

<sup>33</sup> "Hoewel die Regering en SABRA aanvanklik goed oor die weg gekom het, het daar tog in die vyftigerjare, en veral rondom die posisie van die Kleurlinge, spanninge begin intree in dié verhouding. SABRA het onder leiding van 'n klomp liberaliste geleidelik in 'n rigting begin beweeg wat noodwendig op 'n ernstige konfrontasie met die Regering afgestuur het. [...] Die getalle van hierdie groep was nooit juis groot nie, hoewel hulle dikwels die indruk wou wek dat hulle denke rondom die Kleurlinge verteenwoordigend van 'n groot en invloedryke groep Afrikaners was. In werklikheid was dit beperk tot 'n groepie predikante, akademici, sekere Afrikaanse joernaliste,



---

skrywers en ander sogenaamde intellektuele in Wes-Kaapland." (Schoeman, 1982:106-107).

<sup>34</sup> Vergelyk dokument 2.X.70

<sup>35</sup> Olivier (1977:122) bevestig hierdie hipotese in sy verhandeling: "Vyf verse wat ná Tristia in tydskrifte verskyn het, word later in die uitgebreide uitgawe van die bundel opgeneem, nl. "Caesar", "Wordende naakt", "Feesgedig", "Voorlopige dood van die jambiese vyfvoeter" en "Vier stasies", maar behalwe vir die opmerking by "Aarde" het ons byna geen aanduiding dat Louw in die jare na 1962 poëties baie aktief was nie."

<sup>36</sup> N.P. van Wyk Louw het so vroeg as Maart 1938 'n klein-klein lamsie gebreek vir seks in sy toespraak, "Die rigting van die Afrikaanse letterkunde" wat hy op Stellenbosch gehou het: "In ons letterkunde is die verhouding van man en vrou nog skaars aangeraak; ons besit g'n liefdesroman nie en baie min liefdesgedigte. In 'n geestelik-koloniale omgewing waag die mens dit nie om waaragtig en alleen mens te wees nie, en hierdie allermenslikste verhouding word 'n kleinburgerlike sakkie van vry en trou. Hierdie hartstogte wat in die volke waartoe ons behoort, nog altyd die skoonheid en felheid van die lewe en die kuns gemaak het, word bloot gemoedelik of so met 'n rapsie oulike suggestiwiteit aangeraak; terwyl daar teenoor die saaklikheid en eerlikheid van die moderne seksbeleving alleen botte verswyging gestel word." (Louw, 1986a:9-10).

<sup>37</sup> Vergelyk dokument 2.K.3.16.1

<sup>38</sup> Dit was lank nie die einde van N.P. van Wyk Louw se bemoeienis met die sensuurwet nie. Vergelyk Van Rensburg (1996:59 e.v.) asook Kannemeyer (1978b:232 e.v.).

<sup>39</sup> Vergelyk dokument 2.K.3.18

<sup>40</sup> Vergelyk dokument 2.A.Jo

<sup>41</sup> Vergelyk dokument 2.K.1.99

<sup>42</sup> 'n Interessante gegewe val in die voorwoord van dié teks op. Stephan Welz konstateer in die aanvangsparagraaf: "In 1966 my father completed a portrait of Dr Anton Rupert which had been commissioned by the Rembrandt board. He took two and a half years to paint the portrait and before this spent several months agonising over whether or not to accept the commission. He noted: '... the most profound and the most convincing reason [for accepting the commission] which I eventually found is the one that kept me at it for two and a half years of desperate struggle. This was the knowledge that today, for historical and for political reasons, man is more often judged by his usefulness, not to society as such, but by his adherence or by his antipathy to current political ideas. During difficult times as ours, when the purely political aspect is often over-emphasised when judging the value and character of a fellow man, the rescue of the idea of the honest man as such seemed to me to be of the utmost importance. Going over to the reality of the portrait itself, I decided unhesitatingly on a monumental approach, a monument to the honest man, in this case the honest Afrikaner.' This book was largely been made possible by the generosity and foresight of Dr Rupert, is, I would believe a reciprocal gesture in that it pays tribute to the honest artist." (Miles, 1997:5)

Jean Welz het ook 'n houtskooltekening van N.P. van Wyk Louw gemaak. Daar sou dus 'n aanname gemaak kon word dat Welz ook die eerlikheid van Louw hoog op prys gestel het.

<sup>43</sup> Vergelyk dokument 2.Ku.7

<sup>44</sup> Vergelyk dokumente 2.K.1.81(1) en 2.K.1.81(2).

---

<sup>45</sup> Vergelyk dokument 2.L.A.D. (20/01/53)

<sup>46</sup> Vergelyk dokument 2.L.A.D. (22/11/55)

<sup>47</sup> Die briewe word bewaar as deel van die Rob Antonissen-versameling (nog ongesorteer) in die Dokumentesentrum van die J.S. Gericke-biblioteek.

<sup>48</sup> Vergelyk Hoofstuk 3, bl. 58-59.

<sup>49</sup> Hiermee word gesuggereer dat die leser 'n aandeel het in die skeppingsproses wanneer hy die teks interpreteer en ontsluit.

<sup>50</sup> Benewens die bronne wat Olivier hier noem, is daar ook die intertekste van Fadejev, Nolthenius, Teresa van Avila en ander wat deel van die diskussie vorm. Vergelyk in hierdie verband Tristia in perspektief (Van Vuuren, 1989).

<sup>51</sup> In aansluiting by hierdie opmerking blyk ook Louw se twee opstelle in Maskers van die erns, "Oorspronklikheid in die kuns" en "Begrip 'oorspronklikheid'", verhelderend te werk. Hier neem hy stelling in teen 'n aanbidding van oorspronklikheid waaraan kritici én kunstenaars hulle skuldig maak: "Dat invloede van reeds bestaande literêre werk by die digter te bespeur is, word feitlik altyd as verwyf teen hom gebruik, gesien as 'n minderwaardige kenmerk van sy eie prestasie. En hoe maklik gly die onnoukeurige kritikus nie oor van die begrip 'beïnvloeding' op die frase of suggestie van 'navolging', of erger: 'blote naskrywery' nie. Agter byna elke aanwending van die woord 'oorspronklik' skuil die veronderstelling dat wat 'nuut' is, wat 'nog nooit tevore daar was nie', in die kunste 'goed' is; en dit sal seker selde by 'n moderne kritikus opkom om te beweer: 'Hierdie werk is volkome oorspronklik, dus sleg' - iets wat bes moontlik wáár kan wees." (Louw, 1986b:20).

<sup>52</sup> Vergelyk die res van die brief soos aangehaal in Kannemeyer (1990:241).

<sup>53</sup> Hierdie gegewe, aansluiting by 'n genologiese tradisie, kry by 'n latere geleentheid verdere toeligting (vgl. 3.2.2.5; bl. 204 e.v.).

<sup>54</sup> A.P. Grové (1974:4) beklemtoon die gesteldheid "dat die grens tussen 'ontginning' en 'verwysing' nie altyd so danig skerp te trek is nie".

<sup>55</sup> Vergelyk ook Van Vuuren (1989:10-11)

<sup>56</sup> In haar inleiding stel Van Vuuren (1985:1) dit ondubbelsinnig dat die gesprek tussen literêre tekste nie net beperk is tot die letterkunde nie. "Dieselfde aktiewe wisselwerking is ook voortdurend aan die gang in ánder kunsvorme, soos die beeldende kuns en musiek." Die term 'teks' behoort dus in sy breedste sin begryp te word.

<sup>57</sup> Vergelyk bl. 146.

<sup>58</sup> Kriterium II: kanoniserende reaksies op die spilagent as aanduiding van hoë erkenning binne sisteemverband.

<sup>59</sup> Vanweë die ruimte wat reeds in die studie bestee is aan die vernuwende aard van Louw se werk, word daar volstaan met hierdie kantaantekening. Om volledig hieroor verslag te lewer, sou die motief tot tema geneem moes word in 'n afsonderlike ondersoek.

<sup>60</sup> Die wyse waarop N.P. van Wyk Louw sy lesers voorberei, beïnvloed en oorhaal tot die vernuwing wat hy met "Klipwerk" bring, spreek seker die duidelikste uit sy praatjie in Rondom eie werk (1986a:548 e.v.). Die verwickeldheid van die

---

kanoniseringsproses word hiermee beklemtoon: alhoewel 'n kanoniseerder verskillende rolle kan beklee, skep hulle in kombinasie 'n spesifieke klimaat. Die vestiging van 'n nuwe norm is nie 'n eenduidige of klinkklare handeling nie.

<sup>61</sup> Vir meer spesifieke verbande tussen 'n Louw-gedig en dié van Marsman en Baudelaire, vergelyk Van Vuuren, 1989:59-73.

<sup>62</sup> Die verwickeldheid van die kanoniseringsvlakke word hiermee onderstreep: hierdie gewese sou ook op die vlak van verwerking as voorbeeld gebruik kon word.

<sup>63</sup> Interessant is dit dat Baudelaire se "bloesems van die sonde" vanaf die vierde druk van Alleenspraak vervang word met "stengels van die sonde" (Opperman, 1953:183).

<sup>64</sup> Overzie het eens, ontleed al wat natuurlik is, alle handelingen en begeertes van de zuivere 'natuurlijke' mens, u zal enkel en alleen afschuwelijke dingen aantreffen.

<sup>65</sup> Hierdie stuk het oorspronklik in Februarie 1961 verskyn.

<sup>66</sup> 'n Veelheid ander voorbeeldmateriaal sou ter illustrasie aangewend kon word. In hierdie navorsingsondersoek val die keuse egter op die opvallendste voorbeelde om 'n breër tendens aan te dui. Die eksemplariese gegewens wat telkens uitgesonder word, pretendeer nie om omvattend of volkome verteenwoordigend te wees nie. Dit wil slegs die kontoere trek vir 'n argument wat in 'n volgende ondersoek afgerond kan word.

<sup>67</sup> Vergelyk dokumente 2.K.1.4, 2.K.1.76, 2.K.2.3 en 2.K.2.55.

<sup>68</sup> Vergelyk dokumente 2.K.1.16, 2.K.1.26/13.11.45, 2.K.1.45, 2.K.1.61, 2.K.2.38, 2.K.2.49, 2.K.3.22 en 2.K.3.45.

<sup>69</sup> Vergelyk Hoofstuk 5, bl. 126-127.

<sup>70</sup> Vergelyk Hoofstuk 3, bl. 58.

<sup>71</sup> Ian Raper was betrokke by die publikasie van Weegskaal na die dood van Louw. Alhoewel J. du P. Scholtz die finale keurwerk gedoen het (in opdrag van Truida Louw), het Raper "gehelp met die indeling en later met proefleeswerk" (Louw, 1986b: 431).

<sup>72</sup> In ander uitgawes (waar Louw gewoon redaksielid was), val die name van Elize Botha en Rialette Wiehahn op, dié van historici soos F.A. van Jaarsveld en C.F.J. Muller asook Truida Louw.

<sup>73</sup> Die waarde van die oop gesprek artikuleer hy ondubbelsinnig: "So noodsaaklik soos die bloedsomloop vir die liggaam is, so noodsaaklik is die sirkulasie van gedagtes vir 'n volk." (Louw, 1986a:415).

<sup>74</sup> Waarskynlik is dit wat Van Coller in gedagte gehad het met die term kanonpopularisering in sy N.P. van Wyk Louw-gedenklesing.

<sup>75</sup> Vergelyk dokument 2.RP.Vi.1

<sup>76</sup> Vergelyk dokument 2.RP.V.1 (1): bladsy 19

## HOOFSTUK SEWE 'N SLOTPERSPEKTIEF

"Die digter en die mensheid kan albei nie heeltemal sonder die idee van 'groot kuns' klaarkom nie. Binne die skoonheid is daar nog weer 'n beperkter, hoër gebied - soos 'n los tafelberg op 'n hoogvlak - die kuns wat nie alleen skoon is nie, maar groot. Teenoor alle gaafheid, lieflikheid, deeglikheid in die kuns staan dit hoog en afsydig." Met hierdie beeldryke beskrywing bevestig N.P. van Wyk Louw (1986a:160) nie net die voorkoms van die kanon nie, maar beklemtoon hy die noodsaaklikheid daarvan binne samelewingsverband. As digter voel hy hom geroepe om hom te beywer vir dié taak: om die literatuur as instrument in te span en 'n waardevolle geestesklimaat te vestig. Een wat met die bestes in die wêreld vergelyk kan word. Hierdie ideaal van voortreflikheid stel hoë eise; daarvan is hy deurentyd bewus. Maar sy digterskap bring 'n verantwoordelikheid waaraan hy nie kan ontkom nie: "Dit is die verantwoordelikheidsgevoel teenoor 'n mens self; dit is die geloof aan ewige geestelike goedere en die geloof dat hul waarde onafhanklik van die goed- of afkeuring van mense is; dit is die stel van die swaarste taak aan 'n mens self: die lewe na die innerlike wet van jou eie wese; dis die weerbaarheid teen massa-waardes; dit is die erkenning van die eensame taak om die geestelike skatte hoog te hou en veilig deur die massa te dra." (Louw, 1986a:81).

Die kanoniseringsproses is buitengewoon gekompliseerd en slegs ten dele agterhaalbaar. Die eerste kontoere van die kanon word waarskynlik deur die literêre kritiek getrek: wat nie kort na die verskyning daarvan bespreek word nie, loop gevaar om nooit bekend te word nie en verdwyn gou. Of, 'n teks wat met verkoopsvernuf tydelike roem oplewer, kan snel vergete raak. Dié gegewe bevestig opnuut die verrassende en dinamiese aard van die kanoniseringsproses.

Boonop hou die status wat literêre werke verwerf verband met bykans elke ander lewensterrein. Dít is in die aanvangshoofstuk uitgespel. Na 'n teoretiese fundering is vertrekpunte gedefinieer sodat die problematiek op 'n kontroleerbare wyse blootgelê kan word. Hierdie gegewens het tot 'n beskrywing van die twintigste-eeuse Afrikaanse literatuursisteem gelei waarin verskeie faktore binne 'n breër samehang verreken is.

Binne hierdie konteks is N.P. van Wyk Louw as spilagent geïdentifiseer. Ten aanvang was dit duidelik dat hy 'n bepaalde uitstraling gehad het: sy invloed is reeds in 1953 deur Opperman in sy proefskrif beskryf.

Sonder vrees vir teenspraak sou beweer kon word dat N.P. van Wyk Louw ideale kanoniseringsgeleenthede gehad het. Hy was nie net as digter baie produktief nie. Ook met sy kritiese opstelle sou hy 'n kragtige invloed uitoefen ten opsigte van die dink-oor-literatuur in die land. Binne sy oeuvre val die wisselwerking tussen sy kreatiewe en kritiese werk op. As kritikus gebruik hy sy opstelle en artikels om 'n klimaat te skep waarbinne sy eie kuns kan gedy. Of, om dit anders te formuleer: die vernuwing wat Louw onder andere in die Afrikaanse poësie gebring het, is subtiel versterk deur die beginsels wat hy in sy kritiese werk gepropageer het. Namate N.P. van Wyk Louw binne die Afrikaanse literatuursisteem gekanoniseer is, het sy rol dienooreenkomstig verander. Hy kon minder strydvaardig optree, minder polemies wees in sy besprekings en meer fokus op die verklaring van eie werk. By geleentheid beken hy met eerlikheid: "Hoe ouer ek word, hoe vreemder word een ding vir my: die lughartigheid waarmee ons almal ons gedurig aan een van die allermoeilikste sake ter wêreld waag. Ek bedoel hier die letterkundige oordeel, die goed- of slegvind van 'n boek of 'n gedig." (Louw, 1986b:220).

Dít geld ook ten opsigte van hierdie ondersoek. Om die kanoniseringshandelinge van 'n skeppende figuur in sy digkuns noukeurig na te

trek, moet intertekstuele tekens en verbande versigtig hanteer word. Die vasstelling van 'n verband tussen twee (literêre) kunswerke aktiveer onmiddellik 'n nimmereindigende proses van semiose. Daarom is daarna gestreef om die teoretiese grense so ondubbelsinnig moontlik te definieer. Kanoniserings is nie 'n handeling wat in isolasie bestudeer of beskryf kan word nie. Die literatuursisteem is 'n spesifieke sosiale sisteem wat onderskei kan word van verskeie ander sosiale sisteme (byvoorbeeld die juridiese, ekonomiese, politieke, ensovoorts), maar daar heers terselfdertyd 'n interafhanklikheid tussen die sisteme. Daar is onderneem om in hierdie studie 'n teoretiese denkraamwerk te bied waarbinne die kanoniseringsprosesse op 'n beskrywende en illustratiewe wyse bekyk kan word. Spelreëls is gedefinieer om te verseker dat daar binne teoretiese konstruksies geredeneer word wat ook geldigheid as beskrywingsmodelle sal hê. Met ander woorde: 'n empiriese ondersoek na die wyse waarop N.P. van Wyk Louw se kreatiewe en kritiese werk in kanoniseringshandelinge saamvloei, bring kontroleerbare uitsprake waarmee daar gewen word aan sistematiek wat op sigself nuwe navorsingsmoontlikhede bied.

Na afloop van die studie kan beweer word dat N.P. van Wyk Louw een van die belangrikste kanoniseerders in die Afrikaanse literatuursisteem was. Tog het hy nie op 'n lukrake wyse gekanoniseer nie. Inteendeel; sy kanoniseringshandelinge was ten diepste ingebed in sy digterskap en sy poëtika - selfs tot in die vesels van sy lewensperspektief. Daarom sê hy: "Ek glo vas dat die literatuur sentraal in die geesteslewe van 'n volk is; dat dit die krag is wat geslag na geslag die bestes in daardie volk vorm, en deur hulle die hele maatskappy beïnvloed, en ek glo dat ons nooit mense sal kry wat die heterogene volkemassa in Suid-Afrika menslik en diep sal begryp nie, as ons nie eers 'n ryk en intelligent-kritiese literatuur het nie. Die literatuur is in die edelste sin die 'propaganda-wapen' van die menslikheid" (Louw, 1986a:507).

Binne hierdie konteks blyk dit duidelik dat N.P. van Wyk Louw kanoniserings nie as 'n losstaande aktiwiteit gesien het nie. Vir hom was dit deel van sy diepste mens-wees en van wesenlike belang vir sy volk en hulle voortbestaan. Dat hy dié verantwoordelikheid as roeping gesien het, het soms aanleiding gegee tot kritiek. Wanneer sy kanoniseringshandelinge egter in sy volle omvang beskou word, blyk dit dat Louw deeglik bewus was van die feit dat literêre oordeel ook 'n oordeel oor ander menslike aktiwiteite inhou. Daarom volbring hy die taak met nederigheid en toewyding: "(D)ie groot samegestelde en samevattende oordele, die 'finales' - nou ja, om hulle so te bewys, sal altyd buite ons vermoë lê, juis omdat dit so 'n eindelose hoeveelheid noukeurige skryf sal vereis" (Louw, 1986a:213).

## OPSOMMING

Die kwessie van kanoniserings staan sentraal in diskussies rondom onder andere literatuuronderrig, die toekenning van literêre pryse, literatuurgeskiedskrywing en die publikasie van boeke. In wese is die kanon 'n konkrete manifestasie van 'n dieper vraag: dié na die wyse waarop artistieke produksie plaasvind, literêre evaluering geskied en institusies met literatuuronderrig omgaan. Daarom is die dinamiese kragte wat tans op 'n veelheid terreine in Suid-Afrika werksaam is, in samehang met 'n voortdurende eis om die oopstelling van die kanon, indirek 'n aandrang op 'n kritiese evaluering van die prosesse van kanoniserings in die Afrikaanse literatuursisteem.

Daar is verskeie faktore wat die kanoniseringskwessie kompliseer, onder andere onduidelike kanongrense, die problematiek van meting sowel as die veelheid terreine wat betrokke is in die proses. Na 'n definiëring van die begrip kanon/kanoniserings val die kollig in die teoretiese fundering op die samehang van onder andere historiese, tegnologiese, sosiale, kulturele, ideologiese, intellektuele en didaktiese aspekte. Hierdie uitgangspunt lei op 'n natuurlike wyse na Even-Zohar se poli-sistemiese benadering waarin literatuur as komplekse geheel van sisteme beskou word wat mekaar wedersyds beïnvloed, interafhanklik funksioneer en voortdurend in nuwe relasies tot mekaar intree. Hierby hoort Schmidt se model waarin hy sisteemteorie met handelingsteorie kombineer om entiteite nie net as komponente te verreken nie, maar as agente wat handelend funksioneer. Hy postuleer dat interne differensiasie in die literêre sisteem plaasvind waardeur vier handelingsrolle onderskei kan word: dié van produksie, distribusie, resepsie en verwerking. Hy definieer elke handelingsrol eksplisiet. Omdat hulle deel van 'n sisteem is, kan die handelingsvlakke wel onderskei, maar nie volkome van mekaar geskei word nie.



Hierdie beginsels word prakties toegepas. As eerste vertrekpunt is die literêre sisteem gedefinieer aan die hand van sisteemteoretiese beginsels. Hierdie hipotese word benut in 'n beskrywing van die Afrikaanse literatuursisteem waarin "nasionaalisme" as strukturende krag figureer. Die normveranderinge en -verskuiwings wat in die twintigste eeu plaasgevind het, is beskryf deur drie bloemlesings en gelyklopende literatuurgeskiedenis (wat as willekeurige snypunte van diachronie en sinchronie diens doen) as fokuspunte te neem.

Binne hierdie sisteembeskrywing kom die wyse waarop N.P. van Wyk Louw as spilagent funksioneer aan bod. Spesifieke kriteria dien as filter. Daar word na sy opmerklikste bydraes verwys in 'n poging om sy kanoniserende rol eers voorlopig te karteer. Hierdie voorlopige vooronderstellings word daarna vollediger ondersoek en beskryf. Uiteraard geskied dié beskrywing aan die hand van die handelingsrolle wat vroeër deur Schmidt onderskei is. In hierdie ondersoek hoort dié rolle in 'n kategorie wat eksplisiete kanoniseringshandelinge heet. Tog is daar terselfdertyd subtieler kanoniseringshandelinge wat op 'n implisiete wyse die kanoniseringsproses voorberei, beïnvloed en mede-bepaal. Verskeie voorbeelde word verskaf om die wyses waarop N.P. van Wyk Louw gekanoniseer het, te illustreer. Deurgaans is die verband tussen die verskillende vlakke en faktore van die kanoniseringsproses beklemtoon.

Ten slotte word die navorsingsbevindinge in oënskou geneem: N.P. van Wyk Louw het ideale kanoniseringsgeleenthede gehad. Hy was nie net as digter produktief nie; ook met sy kritiese opstelle het hy 'n kragtige invloed uitoefen. Namate hy binne die Afrikaanse literatuursisteem gekanoniseer is, het sy kanoniseringsrol gelyklopend verander. Alhoewel Louw een van die belangrikste kanoniseerders tot op hede was, was sy kanoniseringshandelinge ten diepste ingebed in

sy digterskap en poëtika. Vir hom was dié verantwoordelikheid deel van sy diens aan sy volk en hulle voortbestaan.

Die wins van hierdie ondersoek lê myns insiens in die teoretiese denkraamwerk waarbinne dit moontlik is om die kanoniseringsproses op 'n beskrywende en illustratiewe wyse te bestudeer. Spelreëls is gedefinieer om te verseker dat daar binne teoretiese konstruksies geredeneer word. Op sy beurt lei hierdie voorwaardes tot kontroleerbare uitsprake sodat daar gewen word aan sistematiek wat op sigself nuwe navorsingsmoontlikhede bied.

## ABSTRACT

The problem of canonisation is central to discussions on literary awards, literary historiography, the teaching of literature and the publishing of books. In essence the canon is merely a concrete manifestation of the more searching questions concerning the production of literary works, the processes of literary evaluation and the teaching practices within institutions. Thus, the evolution taking place in a number of areas in South Africa, as well as the continual charges against the exclusivity of the canon, indirectly calls for a critical evaluation of the mechanisms of canonisation within the Afrikaans literary system.

Some factors which complicate matters concerning the canon are the unclear boundaries of the canon, measurability and the multitude of systems involved. After defining the concept canon/canonisation, the theoretical assumptions concerning the interaction between, among others, historic, technological, socio-cultural, ideological, intellectual and didactic aspects are explained. As a matter of course this consideration leads to the polysystemic approach of Even-Zohar who perceives literature as a complex ensemble of systems which influence one another, function interdependently, and ceaselessly enter into new relations to one another. Related to Even-Zohar's view is Schmidt's model which combines system theory with action theory so that entities are not merely accounted for as components, but also as agents taking part in actions. He postulates that internal differentiation takes place in the literary system and distinguishes between four action roles: production, distribution, reception and processing. Although he defines each explicitly these levels of action cannot be entirely separated from one another.

These principles are applied on a practical level. The definition of the literary system in terms of system theory is employed in a description

of the Afrikaans literary system which may be structured by "nationalism". An outline of value changes and paradigm shifts during the twentieth century is given by focusing on three anthologies and isochronous literary histories as arbitrary intersections of diachrony and synchrony.

During this description of the literary system the pivotal role of N.P. van Wyk Louw is explored by means of specific criteria. A provisional map of his role in the canonisation process is drawn by pointing to Louw's most conspicuous contributions, followed by a more detailed examination. Naturally, this description is given in terms of Schmidt's action roles. In this dissertation Louw's roles may be categorised as explicit actions of canonisation. However, there are at the same time more subtle actions of canonisation involved which prepare, influence and codetermine the mechanisms of canonisation. Numerous examples are given to illustrate Louw's methods and the relationship between the various levels of and factors concerning the canonisation process is emphasised throughout.

In conclusion the research outcomes are evaluated: N.P. van Wyk Louw had ideal possibilities for canonisation. He was not only a prolific poet, but through his critical essays he could exercise a powerful influence. As he was gradually accepted within the literary canon his role in the canonisation process changed accordingly. Although Louw has been one of the most influential canonisers up to date, his actions of canonisation are deeply inbedded in his poetical persona. For him this aspect of his life was a responsibility towards his people and their continued existence he took upon himself.

The theoretical framework of this study made it possible to explore the processes of canonisation descriptively. Starting points and critical strategies have been clearly defined and adhered to in order to ensure that the discourse takes place within theoretical constructs. Moreover,

these criteria have led to verifiable findings and the systematic approach creates new possibilities for research.

## LYS VAN GERAADPLEEGDE LITERATUUR

ABRAMS, M.H. 1988/1957. **A glossary of literary terms.** (Fifth edition) New York & London: Harcourt Brace Javonovich College Publishers.

ALBERTYN, C.F. (red.). 19?? **Die Afrikaanse Kinderensiklopedie.**

ALLERS, J. 1997. Een beetje nieuw bloed. **De Kat**, Junie:27.

ALTIERI, C. 1983. An Idea and Ideal of a Literary Canon. **Critical Inquiry** 10(1), September: 37-60.

ALTIERI, C. 1991. Canons and Differences. In: Nemoianu, V. & Royal, R. (eds.) 1991. **The hospitable canon. Essays on literary play, scholarly choice, and popular pressures.** Philadelphia & Amsterdam: John Benjamins.

ANBEEK, T. 1990. **Geschiedenis van de Nederlandse literatuur tussen 1885 en 1985.** Amsterdam: De Arbeiderspers.

ANTONISSEN, R. 1982. Die Afrikaanse letterkunde van 1906 tot 1966. In: Nienaber, P.J. (red.) 1982. **Perspektief en Profiel.** (Vyfde hersiene uitgawe.) Johannesburg: Perskor.

ANTONISSEN, R. 1955. **Die Afrikaanse Letterkunde van die Aanvang tot Hede.** Pretoria en Kaapstad: HAUM.

ANTONISSEN, R. 1966. **Spitsberaad. Kroniek van die Afrikaanse Lettere 1961-1965.** Kaapstad: Nasou Beperk.

BARRATT, C. 1959. **N.P. van Wyk Louw: bibliografie.** Ongepubliseerde bibliografie aan die Skool vir Biblioteekwese, Universiteit van Kaapstad.

BARSCHE, A. 1991. The empirical theory of literature and systems theory. In: Ibsch, E., Schram, D. & Steen, G. (eds.) 1991. **Empirical studies of Literature: Proceedings of the second IGEL-Conference, Amsterdam 1989.** Amsterdam: Rodopi:355-362.

BEER, S. 1960. Below the twilight of Arch - a mythology of systems. In: **General Systems**, volume 5.

BEISHON, J. & PETERS, G. (eds.) 1972. **Systems Behaviour.** London: Harper & Row University Press.

BESSELAAR, G. 1914. **Zuid-Afrika in de Letterkunde.** Amsterdam, Pretoria & Johannesburg: J.H. de Bussy.

BEUKES, W.D. (red.) 1992. **Boekewêreld: Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

BEYERS, C.J. (hoofred.) 1981. **Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek: deel IV.** Durban: Butterworth & Kie.

BIEZEN, J. (red.) 1985. **Voortbestaan in gerechtigheid: dichten en denken van N.P. van Wyk Louw.** Leiden: Dimensie.

BOTHA, D.P. 1960. **Die opkoms van ons derde stand.** Kaapstad: Human en Rousseau.

BOTHA, E. & GROVÉ, A.P. 1960. **N.P. van Wyk Louw: 'n keur uit sy gedigte.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.

BOTHA, E. 1982. **N.P. van Wyk Louw en die Afrikaanse prosa**. N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr. 12. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

BOULDING, K.E. 1964. General Systems as a point of view. In: Mésarovic, M.D. (ed.) 1964. **Views on General Systems Theory**. London: Wiley & Sons.

BOURDIEU, P. 1991. Questions of method. In: Ibsch, E., Schram, D. & Steen, G. (eds.) 1991. **Empirical studies of Literature: Proceedings of the second IGEL-Conference, Amsterdam 1989**. Amsterdam: Rodopi:19-36.

BRINK, A.P. 1959. **Germanicus en die tragedies van Shakespeare**. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

BRINK, A.P. 1991. Op pad na 2000: Afrikaans in 'n (post)koloniale situasie. **Tydskrif vir letterkunde XXIX(4)**, November:1-12.

BRITZ, E.C. 1985. Die vabond as hoër mens. Die geskiedenis van 'n verwantskap tussen Adriaan Roland Holst en N.P. van Wyk Louw. **Standpunte XXXVIII: 6**, Desember

BRONZWAER, W.J.M., FOKKEMA, D.W. & IBSCH, E. (reds.) 1977. **Tekstboek algemene literatuurwetenskap**. Ambo/Baarn: Basisboeken.

BUURSINK, M.; HUPPETZ, K.; LICHER, E.; DE ROO, K. & SCHÖNAU, W. 1978. **De wetenschap van het lezen**. Tien jaar theorie der literaire receptie. Assen & Amsterdam: Van Gorcum.



CAMERON, T. & SPIES, S.B. 1991. **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.** (Tweede hersiene uitgawe.) Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.

CHAPMAN, M. 1996. **Southern African Literatures.** London and New York: Longman.

CLAUSEN, C. 1991. 'Canon', Theme and Code. In: Nemoianu, V. & Royal, R. (eds.) 1991. **The hospitable canon. Essays on literary play, scholarly choice, and popular pressures.** Philadelphia & Amsterdam: John Benjamins.

CLOETE, T.T. 1953. Trekkerswee en Joernaal van Jorik. Amsterdam: C.V. Swets & Zeitlinger.

CLOETE, T.T. 1976. **Op die woord af. Opstelle oor die poësie van N.P. van Wyk Louw.** (Tweede uitgawe, eerste druk.) Kaapstad: Tafelberg.

CLOETE, T.T. 1974. **N.P. van Wyk Louw: 11 Junie 1906 - 18 Junie 1970.** Kaapstad: Tafelberg.

CLOETE, T.T. 1982. Van Wyk Louw se fundamenteel dramatiese instelling. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.) 1982. **Oopgelate kring.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesings 1-11. Kaapstad: Tafelberg.

CLOETE, T.T. (red.) 1992. **Literêre terme en teorieë.** Pretoria: HAUM-Literêr.

COETZEE, A. 1990. **Letterkunde en krisis. 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner-nasionalisme.** Bramley: Taurus.

COETSER, J.L. 1990. **Die geleentheidsdrama by N.P. van Wyk Louw.** Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

COETZER, P.W. 1991. Die era van apartheid, 1948-1961. In: Cameron, T. & Spies, S.B. 1991. **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.** (Tweede hersiene uitgawe.) Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.

COHEN, R. (ed.) 1989. **The Future of Literary Theory.** London & New York: Routledge.

CONRADIE, P.J. 1966. **Germanicus.** Pretoria en Kaapstad: Academica.

DAVENPORT, T.R.H. Die debakel van apartheid, 1961-1991. In: Cameron, T. & Spies, S.B. 1991. **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.** (Tweede hersiene uitgawe.) Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.

DE GROOT, A.D. 1961. **Methodologie. Grondslagen van ondersoek en denken in de gedragswetenschappen.** 's-Gravenhage: Mouton & Co.

DE JONG, M. 1989. **'n Ander Afrikaanse letterkunde. Marxistiese en sosiaalgerigte teksopvattinge in Afrikaans.** Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

DE KLERK, W.J. 1983. **N.P. van Wyk Louw: Só praat dié Afrikanerdenker in 1983 met sy mense.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr.13. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

DE WET, K. 1994. **Eiendoms Onbeperk: die onvoltooide groot gesprek met D.J. Opperman in die Afrikaanse poësie.** Ongepubliseerde proefskrif. Bophuthatswana: Universiteit van Bophuthatswana.

DE WET, K. 1996. Die spilfiguur: genererende entiteit in die literêre sisteem – die moontlikhede vir herwaardering. **ALV-referaatbundel van die sewende hoofkongres te Bloemfontein: 310-320.**

DEGENAAR, J.J. 1962. **Eksistensie en Gestalte. Aantekeninge by die eksistensialisme en by die poësie van N.P. van Wyk Louw.** Johannesburg: Simondium.

DEGENAAR, J.J. 1976. **Moraliteit en politiek.** Kaapstad: Tafelberg.

DEKKER, G. 1964. **Oordeel en besinning: studies, beskouinge en kritiek.** Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

DEKKER, G. 1966. **Afrikaanse Literatuurgeskiedenis.** (Dertiende druk.) Kaapstad: Nasou Beperk.

DEKKER, G. 1972. **N.P. van Wyk Louw as dertiger.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing, nr.2. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

D'HAEN, GRÜBEL, R & LETHEN, H. (eds.) 1989. **Convention and innovation in literature.** Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins.

DIJKSTRA, K. 1988. Canonvorming in de literaire communicatie: Indicatoren voor de analyse van de literair-kritische canon. **Spektator** 18(3), Januari: 159-168.

DU PLESSIS, P.G. 1968. **Die verwysing in die literatuur.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

EASTHOPE, A. 1991. **Literary into cultural studies.** London & New York: Routledge.

ERASMUS, M. 1995. Die verlede en versoening: Afrikaanse oorlogsliteratuur as (alternatiewe) bron van geskiedskrywing oor die individu. **Literator** 16(2), Augustus:137-155.

ESTER, H. 1985. Pierre H. Dubois over zijn vriendschap met N.P. van Wyk Louw. In: Biezen, J. (red.) 1985. **Voortbestaan in gerechtigheid: dichten en denken van N.P. van Wyk Louw.** Leiden: Dimensie.

ESTERHUYSE, W.P. 1979. **N.P. van Wyk Louw se geding met God.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr.9. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

ESTERHUYSE, W.P. 1986. **Anton Rupert: Pleitbesorger vir hoop.** Kaapstad: Tafelberg.

EVEN-ZOHAR, I. 1990. Polysystem Theory. **Poetics Today** 11(1), Spring:9-43.

FAURE, M. & VENTER, A. 1987. Karl Popper se kritiese rasionalisme. In: Mouton, J. (red.) 1987. **RGN-studies in Navorsingsmetodologie: Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe.** Pretoria: RGN.

FOKKEMA, D.W. 1974. The Problem of Generalization and the Procedure of Literary Evaluation. **NeoPhilologus** LVIII(3), July:253-272.

FOKKEMA, D.W. 1985. De canon als kritisch en didactisch instrument: een historische analyse. **Spektator** 15(1), September: 5-15.

FOKKEMA, D. 1991. Changing the canon: A systems theoretical approach. In: Ibsch, E., Schram, D. & Steen, G. (eds.) 1991. **Empirical studies of Literature: Proceedings of the second IGEL-Conference, Amsterdam 1989**. Amsterdam: Rodopi: 353-370.

FOKKEMA, D.W. 1991. Naar een nieuwe canon? In: Segers, R.T. (red.) 1991. **Visies op cultuur en literatuur. Opstellen naar aanleiding van het werk van J.J.A. Mooij**. Amsterdam & Atlanta: Rodopi.

FOKKEMA, D. & IBSCH, E. 1992. **Literatuurwetenschap en Kultuuroverdracht**. Muiderberg: Dick Coutenho.

FOKKEMA, D.W. 1993. A European canon of literature? **European Review** 1(1):21-29.

FOWLER, A. 1979. Genre and the Literary Canon. **New Literary History** 11:97-119.

FOWLER, A. 1982. **Kinds of Literature: An introduction to the theory of genres and modes**. Oxford: Clarendon Press.

FOWLER, R. 1981. **Literature as a social discourse. The practice of linguistic criticism**. Bloomington: Indiana University Press.

GEERTS, G. & HEESTERMANS, H. 1992. **Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal**. (Twaalfde, hersiene uitgawe.) Utrecht & Antwerpen: Van Dale Lexicografie.

GERWEL, G.J. 1983. **The politics of language and literary studies.** Inaugural address delivered at the University of the Western Cape, 15 June. Belville: Printing section, UWC.

GILFILLAN, J.M. 1984. **Tristia-interpretasies, met toespitsing op "Groot Ode".** Ongepubliseerde verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

GLORIE, I. 1994. **'My vaart is wankel ewewig tussen swart see en hoë lig': N.P. van Wyk Louw en het contemporaine Westerse discours.** Ongepubliseerde verhandeling. Amsterdam: Vrije Universiteit Amsterdam.

GOLDING, A.C. 1984. A History of American Poetry Anthologies. In: Von Hallberg, R. (ed.) 1984. **Canons.** Chicago & London: The University of Chicago Press:279-308.

GORAK, J. 1991. **The making of the modern canon. Genesis and crisis of a literary idea.** London & Atlantic Highlands: Athlone.

GRESHOFF, J. 1950. Prof. dr. N.P. van Wyk Louw se Vertrek na Nederland. In: Nienaber, P.J. (red.) 1966. **Beeld van 'n digter. Aangebied aan N.P. van Wyk Louw by sy sestigste verjaardag deur Nasionale Boekhandel.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

GROBLER, P. DU P. 1956. Van Wyk Louw 50 jaar. Sy betekenis vir Afrikaans. In: Nienaber, P.J. (red.) 1966. **Beeld van 'n digter. Aangebied aan N.P. van Wyk Louw by sy sestigste verjaardag deur Nasionale Boekhandel.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

GROVÉ, A.P. 1949. **Die duister digter. Opstelle oor die moderne Afrikaanse liriek.** Pietermaritzburg & Durban: Universiteitspers.

GROVÉ, A.P. 1949. Die Religieuse Gevoel by N.P. van Wyk Louw. In: Grové, A.P. 1949. **Die duister digter. Opstelle oor die moderne Afrikaanse liriek.** Pietermaritzburg & Durban: Universiteitspers.

GROVÉ, A.P. 1965. **Fyn net van die woord. Opstelle oor die poësie.** Kaapstad: Nasou Beperk.

GROVÉ, A.P. 1966. **Raka** - N.P. van Wyk Louw. Pretoria en Kaapstad: Academica.

GROVÉ, A.P. 1974. **Die dokument agter die gedig.** Pretoria en Kaapstad: Academica.

GROVÉ, A.P. 1978. **Dagsoom. Letterkundige opstelle uitgegee by geleentheid van die skrywer se sestigste verjaardag op 10 Junie 1978.** Kaapstad: Tafelberg.

GROVÉ, A.P. 1981. Louw, Nicolaas Petrus van Wyk. In: Beyers, C.J. (hoofred.) 1981. **Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek: deel IV.** Durban: Butterworth & Kie.

GROVÉ, A.P. 1984. **Stolp en kristal: oor die digterskap van N.P. van Wyk Louw en D.J. Opperman.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr.14. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

GUILLORY, J. 1984. The Ideology of Canon-Formation: T.S. Eliot and Cleanth Brooks. In: Von Hallberg, R. (ed.) 1984. **Canons.** Chicago & London: The University of Chicago Press:337-362.

GUILLORY, J. 1987. Canonical and Non-canonical: A Critique of the Current Debate. **ELH** 54 (3):483-527.

HARRELL, J. (ed.) 1970. **History of Aesthetics**, Volume 1. Warszawa: Polish Scientific Publishers.

HARRIS, W.P. 1991. Canonicity. **MPLA**, 106 (1): 110-121.

HAWINKELS, K. 1992. Vrijheid in gebondenheid. **Levende talen** 468, Maart:66-72.

HAWTHORNE, J. 1992. **A glossary of Contemporary Literary Theory**. London: Edward Arnold.

HERRNSTEIN SMITH, B. 1983. Contingencies of Value. **Critical Inquiry** 10(1), September:1-36.

HERRNSTEIN SMITH, B. 1984. Contingencies of Value. In: Von Hallberg, R. (ed.) 1984. **Canons**. Chicago & London: The University of Chicago Press:5-40.

HERRNSTEIN SMITH, B. 1989. Presidential Address 1988. **Limelight: Reflections on a Public Year**. **PMLA**, 104(3), May: 285-293.

HJORT, M. (ed.) 1992. **Rules and Conventions. Literature, Philosophy, Social Theory**. Baltimore & London: Johns Hopkins University Press.

HOOS, I.R. 1972. **Systems analysis in public policy. A critique**. Berkeley: University of California Press.

HYLAND, P. 1986. **Discharging the canon: cross-cultural readings in literature**. Singapore: Singapore University Press.



IBSCH, E., SCHRAM, D. & STEEN, G. (eds.) 1991. **Empirical studies of Literature: Proceedings of the second IGEL-Conference, Amsterdam 1989.** Amsterdam: Rodopi.

JAUSS, H.R. 1967. Literatuurgeschiedenis als een provocatie voor de literatuurwetenskap. In: Buursink, M.; Huppertz, K.; Licher, E.; De Roo, K. & Schönau, W. 1978. **De wetenskap van het lezen.** Tien jaar theorie der literaire receptie. Assen & Amsterdam: Van Gorcum:1-28.

JOHN, P. 1994. Literatuurgeskiedskrywing en diskoers: die 'begin' van die Afrikaanse letterkunde. *Literator* 15(1), April:97-113.

JONKER, W.D. 1991. "Onmiddellik voor God": gedagtes van 'n teoloog oor 'n sentrale perspektief in die werk van N.P. van Wyk Louw. N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr.21, ongepubliseerd.

JOUBERT, P.A. (samesteller) 1988. **Gedagtes vir ons tyd** uit die prosa van N.P. van Wyk Louw. Kaapstad: Tafelberg.

KANNEMEYER, J.C. 1978. **Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur, I.** Kaapstad en Pretoria: Academica.

KANNEMEYER, J.C. 1983. **Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur, II.** Kaapstad en Pretoria: Academica.

KANNEMEYER, J.C. 1988. **Die Afrikaanse literatuur 1652-1987.** Pretoria en Kaapstad: Academica.

KANNEMEYER, J.C. 1990. **Die dokumente van Dertig.** Kenwyn: Jutalit.

KAST, F.E. & ROSENZWEIG, J.E. 1972. The modern view: a systems approach. In: Beishon, J. & Peters, G. (eds.) 1972. **Systems Behaviour**. London: Harper & Row University Press.

**Katalogus van Dokumente in die N.P. van Wyk Louw-versameling, deel 2** (hersiene uitgawe). 1988. Stellenbosch: Dokumentesentrum, Universiteitsbiblioteek.

KATZ, D. & KAHN, R.L. 1966. **The Social Psychology of Organizations**. New York: Wiley & Sons.

KENNER, H. 1984. The Making of the Modernist Canon. In: Von Hallberg, R. (ed.) 1984. **Canons**. Chicago & London: The University of Chicago Press:363-376.

KERMAN, J. 1983. A Few Canonic Variations. **Critical Inquiry** 10(1), September: 107-126.

KERMODE, F. 1988. **History and value**. Oxford: Clarendon Press.

KEUNING, D. 1973. **Algemene systeemtheorie, systeembenadering en organisatietheorie**. Leiden: H.E. Stenfert Kroese B.V.

KLIR, G.J. 1969. **An approach to general systems theory**. New York: Van Nostrand Reinhold.

KLIR, G.J. (ed.) 1972. **Trends in General Systems Theory**. New York: John Wiley & Sons.

KRAMER, N.J.T.A. & DE SMIT, J. 1977. **Systems thinking; concepts and notions**. Leiden: Nijhoff.

KRIEK, D.J. 1987. Die stelselteorie. In Mouton, J. (red.) 1987. **RGN-studies in Navorsingsmetodologie: Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe**. Pretoria: RGN.

KROPE, P. 1978. **Die Christelik-historiese gedigte in Tristia**. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Kaapstad: Universiteit van Wes-Kaapland.

KRUPAT, A. 1984. Native American Literature and the Canon. In: Von Hallberg, R. (ed.) 1984. **Canons**. Chicago & London: The University of Chicago Press:309-336.

LAMBERT, J. 1985. Literature in South Africa: suggestions for systemic research. **Journal of literary studies**, 1(2):34-42.

LEFEVERE, A. 1977. **Literary Knowledge. A polemical and programmatic essay on its nature, growth, relevance and transmission**. Assen & Amsterdam: Van Gorcum.

LEFEVERE, A. 1989. The dynamics of the system: convention and innovation in literary history. In: D'haen, T., Grüber, R. & Lethen, H. (eds.) 1989. **Convention and innovation in literature**. Amsterdam & Philadelphia: John Benjamins.

LEROUX, E. 1982. Wat beteken vernuwing in die prosa vandag? In: Van Rensburg, F.I.J. (red.) 1982. **Oopgelate kring**. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings 1-11. Kaapstad: Tafelberg.

LIEVEGOED, B.C.J. 1970. **Organisaties in Ontwikkeling**. Rotterdam: Lemniscaat.

LILIENFELD, R. 1978. **The Rise of Systems Theory: An Ideological Analysis.** New York: John Wiley & Sons.

LINDENBERG, E. (red.) 1977. **Inleiding tot die Afrikaanse Letterkunde.** (Vierde hersiene uitgawe, tweede druk.) Pretoria en Kaapstad: Academica.

LINDENBERG, E. 1965. **Onsydige toets. Letterkundige opstelle.** Kaapstad en Pretoria: Academica.

LINDENBERG, E. 1979. **Treknet deur N.P. van Wyk Louw en E. Lindenberg.** Kaapstad en Pretoria: Academica.

LINDENBERG, E. 1993. **Groot ode: 'n leesverslag.** Kaapstad en Johannesburg: Human en Rousseau.

LOMBARD, J.M. 1975. **Tyd as struktuurelement in Raka van N.P. van Wyk Louw.** Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

LOMBARD, J. 1985. N.P. van Wyk Louw en Jan Greshoff. In: BIEZEN, J. (Red.) 1985. **Voortbestaan in gerechtigheid: dichten en denken van N.P. van Wyk Louw.** Leiden: Dimensie.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1952. **Dias.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1961. Die Ontwikkeling van 'n Suid-Afrikaanse Nasionale Karakter, **Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede** 13(1), Oktober.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1966. **Tristia - Sketsboek**. Kaapstad: Human en Rousseau.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1970. **Raka** (uit Afrikaans vertaal deur W.A. Kellner). Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1981. **Versamelde gedigte**. Kaapstad: Tafelberg/Human & Rousseau.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1986a. **Versamelde prosa I**. Kaapstad: Tafelberg.

LOUW, N.P. VAN WYK. 1986b. **Versamelde prosa II**. Kaapstad: Tafelberg.

LOUW, P. 1989. **Verborgte vuur. 'n Keur uit die korter poësie van N.P. van Wyk Louw**. Kaapstad: Tafelberg.

LOUW, W.E.G. 1966. N.P. van Wyk Louw, sy invloed op ons liedkuns. **Standpunte XIX:5**, Junie.

LOUW, W.E.G. 1982. Twee bronne van vernuwing in die poësie van N.P. van Wyk Louw. In: Van Rensburg, F.I.J. (red.) 1982. **Oopgelate kring**. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings 1-11. Kaapstad: Tafelberg.

MALAN, C. 1987. **Ras en Literatuur/Race and Literature**. Pinetown: Owen Burgess.

MALAN, L.J. 1970. **Die veraanskouliking in N.P. van Wyk Louw se hoorspel Dias**. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

MALHERBE, F.E.J. 1958. **Afrikaanse lewe en letterkunde.** Stellenbosch en Grahamstad: Universiteitsuitgewers en - Boekhandelaars.

McGANN, J.J. 1983. The Religious Poetry of Christina Rossetti. **Critical Inquiry** 10(1), September: 127-144.

MEIJ, J.C.P. 1963. 'n **Studie van die variante in van Wyk Louw se Dias.** Ongepubliseerde verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

MERRELL, F. 1985. **Deconstruction reframed.** Indiana: Purdue University Press.

MÉSAROVIC, M.D. (ed.) 1964. **Views on General Systems Theory.** London: Wiley & Sons:

MILES, E. 1997. **The world of Jean Welz.** Vlaeberg: Fernwood Press.

MOERBEEK, J. 1992. Hoe elastisch is de canon? **Spiegel der Letteren** XXXIV(3-4): 333-357.

MOOIJ, J.J.A. 1985. Noodzaak en mogelijkheden van canonvorming. **Spektator**, 15(1), September:23-31.

MOOIJ, J.J.A. 1987. **De wereld der waarden. Essays over kultuur en samenleving.** Amsterdam: Meulenhoff.

MOUTON, J. (red.) 1987. **RGN-studies in Navorsingsmetodologie: Wetenskapsbeelde in die geesteswetenskappe.** Pretoria: RGN.

MUKAROVSKY, J. 1970. **Aesthetic norm, function and value as social facts** (translated by Mark E. Suino). Ann Arbor:University of Michigan.

MULDER, H.A. 1961. **Laaste opstelle** uitgesoek deur D.J. Opperman. Kaapstad: Human & Rousseau.

MULDER, H.A. 1961. Van Wyk Louw as Digter-figuur. In: Mulder, H.A. 1961. **Laaste opstelle** uitgesoek deur D.J. Opperman. Kaapstad: Human & Rousseau.

MULLER, C.F.J.(red.) 1977. **Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis**. (Tweede, hersiene en geïllustreerde uitgawe, tweede druk.) Pretoria en Kaapstad: Academica.

MURRAY, B.K. 1991. Die tydperk van 1924 tot 1939. In: Cameron, T. & Spies, S.B. (reds.) 1991. **Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika**. (Tweede hersiene uitgawe.) Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.

NAUDÉ, B. 1996. **N.P. van Wyk Louw as profet en gewete van die Afrikaners**. N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr. 26, ongepubliseerd.

NEETHLING-POHL, A. 1974. **Dankbaar die uwe**. Kaapstad en Pretoria: Human en Rousseau.

NEL, P.G. (red.) 1979. **Die Kultuurontplooiing van die Afrikaner**. Pretoria en Kaapstad: HAUM.

NEMOIANU, V. & ROYAL, R. (eds.) 1991. **The hospitable canon. Essays on literary play, scholarly choice, and popular pressures**. Philadelphia & Amsterdam: John Benjamins.

NEMOIANU, V. 1991. Literary Canons and Social Value Options. In: Nemoianu, V. & Royal, R. (eds.) 1991. **The hospitable canon. Essays on literary play, scholarly choice, and popular pressures.** Philadelphia & Amsterdam: John Benjamins.

NEUBAUER, J. 1985. Canonvorming en het thema van de adolescentie in de literatuur. **Spektator** 15(1), September: 41-51.

NIENABER, C.J.M. 1967. Alleenspraak, Die Halwe Kring en Gestaltes en Diere - N.P. van Wyk Louw. Pretoria en Kaapstad: Academica.

NIENABER, P.J. (red.) 1982. **Perspektief en Profiel.** (Vyfde hersiene uitgawe.) Johannesburg: Perskor.

NIENABER, P.J. (red.) 1966. **Beeld van 'n digter. Aangebied aan N.P. van Wyk Louw by sy sestigste verjaardag deur Nasionale Boekhandel.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

OHLHOFF, H. 1993. Kanon en kanonvorming. **Tydskrif vir Letterkunde** XXXI:4, November.

OHMANN, R. 1983. The Shaping of a Canon: U.S. Fiction, 1960-1975. **Critical Inquiry** 10(1), September: 199-223.

OHMANN, R. 1984. The Shaping of a Canon: U.S. Fiction, 1960-1975. In: Von Hallberg, R. (ed.) 1984. **Canons.** Chicago & London: The University of Chicago Press:377-402.

OLIVIER, G. 1977. **N.P. van Wyk Louw se manuskripverse rondom Tristia.** Ongepubliseerde verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.



OLIVIER, G. 1992. **N.P. van Wyk Louw: Literatuur, filosofie, politiek.** Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.

OLIVIER, G. 1997. N.P. van Wyk Louw. In: Van Coller, H.P. (red.) **Perspektief en Profiel.** Pretoria: Van Schaik (ter perse).

OPPERMAN, D.J. 1951. **Groot Verseboek.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

OPPERMAN, D.J. 1953. **Digters van Dertig.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

OPPERMAN, D.J. 1959. **Wiggelstok.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

OPPERMAN, D.J. 1975. **Naaldekoker.** Kaapstad: Tafelberg.

OVERSTEEGEN, J.J. 1982. **Beperkingen. Methodologiese recepten en andere vooronderstellingen en vooroordelen in die moderne literatuurwetenskap.** Utrecht: H & S.

PAKENHAM, T. Die Tweede Anglo-Boereoorlog, 1888-1902. In: Cameron, T. & Spies, S.B. 1991. **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.** (Tweede hersiene uitgawe.) Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.

PELZER, A.N. 1979. **Die Afrikaner-Broederbond: Eerste 50 Jaar.** Kaapstad: Tafelberg.

PHEIFFER, R.H. 1966. **Dias en ander hoorspele van N.P. van Wyk Louw.** Kaapstad en Pretoria: Academica.

PIENAAR, A.M. 1968. **Ontleding en waardering van "Klipwerk" van N.P. van Wyk Louw.** Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

PIENAAR, E.C. 1920a. **Poësie van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging.** (Tweede vermeerderde druk.) Kaapstad: Nasionale Pers.

PIENAAR, E.C. 1920b. **Dichters uit Zuid-Afrika.** (Derde druk.) Pretoria & Amsterdam: J.H. de Bussy; Kaapstad: HAUM.

PIENAAR, E.C. 1947. **Digters uit Suid-Afrika.** (Veertiende druk.) Kaapstad: HAUM; Pretoria: J.H. de Bussy.

POPPER, K.R. 1977. De logica der sociale wetenschappen. In: Bronzwaer, W.J.M., Fokkema, D.W. & Ibsch, E. (reds.) 1977. **Tekstboek algemene literatuurwetenschap.** Ambo/Baarn: Basisboeken.

PRETORIUS, C.E. 1972. **Die begrip intellektueel by N.P. van Wyk Louw.** Pretoria: Van Schaik.

PRETORIUS, R. 1990. **Tristia: 'n lesing uit postmodernistiese perspektief.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr.20, ongepubliseerd.

ROODT, P.H. 1991. Rondom die literatuur en kritiek van die tagtigerjare: Elize Botha, Joan Hambidge en Charles Malan in gesprek met P.H. Roodt. **Stilet III (1),** Maart:1-20

ROYAL, R. 1991. Creative Intuition, Great Books, and Freedom of Intellect. In: Nemoianu, V. & Royal, R. (eds.) 1991. **The hospitable**

canon. **Essays on literary play, scholarly choice, and popular pressures.** Philadelphia & Amsterdam: John Benjamins.

SAUNDERS, C. (ed.) 1994/1988. **Reader's Digest Illustrated History of South Africa: The Real Story.** (Expanded third edition.) Cape Town: The Reader's Digest Association Limited.

SCHMIDT, S.J. 1985. On writing histories of literature. Some remarks from a constructivist point of view. **Poetics**, 14:279-301.

SCHMIDT, S.J. 1987. Towards a constructivist theory of media genre. **Poetics**, 16: 371-395.

SCHMIDT, S.J. 1991. Empirical studies in literature and the media: Perspectives for the nineties. In: Ibsch, E., Schram, D. & Steen, G. (eds.) 1991. **Empirical studies of Literature: Proceedings of the second IGEL-Conference, Amsterdam 1989.** Amsterdam: Rodopi: 9-18.

SCHMIDT, S.J. 1991. Literary systems as self-organizing systems. In: Ibsch, E., Schram, D. & Steen, G. (eds.) 1991. **Empirical studies of Literature: Proceedings of the second IGEL-Conference, Amsterdam 1989.** Amsterdam: Rodopi: 413-424.

SCHMIDT, S.J. 1992. Conventions and Literary Systems. In: Hjort, M. (ed.) 1992. **Rules and Conventions. Literature, Philosophy, Social Theory.** Baltimore & London: Johns Hopkins University Press: 215-249.

SCHMIDT, S.J. 1996. A Systems-orientated Approach to Literary Studies. To be published in: **Canadian review of comparative literature**, 24(1), March:119-136.

SCHOEMAN, B.M. 1982. **Die Broederbond in die Afrikaner-politiek.** Pretoria: Aktuele Publikasies.

SCHOEMAN, K. 1986. **Die wêreld van die digter: 'n boek oor Sutherland en die Roggeveld ter ere van N.P. van Wyk Louw.** Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.

SCHRAM, D. 1992. De canon vanuit empirisch perspectief. **Spiegel der Letteren** XXXIV(3-4):245-265.

SEAMON, R. 1989. Poetics against Itself: On the Self-Destruction of Modern Scientific Criticism. **PMLA**, 104(3), May:294-305.

SEGERS, R.T. 1978. **The Evaluation of Literary Texts.** Lisse: The Peter de Ridder Press.

SEGERS, R.T. (red.)1991. **Visies op kultuur en literatuur. Opstellen naar aanleiding van het werk van J.J.A. Mooij.** Amsterdam & Atlanta: Rodopi.

SHATTUCK, R. 1991. Perplexing Lessons: Is there a core tradition in the humanities? In: Nemoianu, V. & Royal, R. (eds.) 1991. **The hospitable canon. Essays on literary play, scholarly choice, and popular pressures.** Philadelphia & Amsterdam: John Benjamins.

SMALL, A. 1975. **Oh wide and sad land. Afrikaans Poetry of N.P. van Wyk Louw in English translation by Adam Small.** Cape Town: Maskew Miller.

SMIT, W.A.P. 1975. **"Soldate op Wag": Een motief bij Van Wyk Louw, en pleidooi voor die literatuur-historie.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing, nr.5. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

SMITH, M.S. 1996. **André P. Brink: 'n literêre sisteemondersoek.** Ongepubliseerde proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

SONTAG, S. (ed.) 1982. **A Barthes Reader.** London: Jonathan Cape Ltd.

SPIES, S.B. 1991. Rekonstruksie en unifikasie. In: Cameron, T. & Spies, S.B. 1991. **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.** (Tweede hersiene uitgawe.) Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.

SPIES, S.B. 1991. Unie en onenigheid, 1910-1924. In: Cameron, T. & Spies, S.B. 1991. **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.** (Tweede hersiene uitgawe.) Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.

STADLER, A.W. 1991. Die tydperk van 1939 tot 1948. In: Cameron, T. & Spies, S.B. 1991. **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.** (Tweede hersiene uitgawe.) Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.

STEYN, J.C. 1980. **Tuiste in eie taal. Die behoud en bestaan van Afrikaans.** Kaapstad: Tafelberg.

STEYN, J.C. 1992. (Beukes, W.D., red.) **Boekewêreld: Die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

STEYN, J.C. 1996. Afrikanernasionalisme en die keuse tussen Afrikaans en Nederlands as kultuurtaal. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Linguistiek**, 14(1):7-24.

STRAUS, D.F.M. 1985. Sisteemteorie en die sosiologie. **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie**, 16(1):1-8.

STRAUSS, D.F.M. 1989. Onderliggende eenheid binne sosiologiese paradigma-verskeidenheid? **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie**, 20 (2): 127-135.

STRIEDTER, J. 1989. **Literary structure, evolution and value: Russian formalism and Czech structuralism reconsidered.** Cambridge & Massachusetts: Harvard University Press.

STRIJBOS, S. 1978. **Systeendenken en samenleving.** Maarssen: Stichting voor Reformatorische Wijsbegeerte.

SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 22 April 1993. **N.P. van Wyk Louw-medalje:** reglement.

VAN ALPEN, E. & MEIJER, M. (reds.) 1991. **De canon onder vuur: Nederlandse literatuur tegendraads gelezen.** Amsterdam: Van Genneep.

VAN ASWEGEN, H.J. 1991. Suid-Afrika en Afrika; 1961-1991. In: Cameron, T. & Spies, S.B. 1991. **Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika.** (Tweede hersiene uitgawe.) Kaapstad en Johannesburg: Human & Rousseau.

VAN COLLER, 1972. **Die nasionale element in die skeppingswerk van N.P. van Wyk Louw.** Ongepubliseerde MA-verhandeling. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

VAN COLLER, H.P. 1976. Die nasionale element in die skeppingswerk van N.P. van Wyk Louw. **Theoria**, XLVII (47):57-76.

VAN COLLER, H.P. 1990. Afrikaanse literatuur oor die gewapende konflik in SWA. **Acta Academica** 22(4), Desember:74-91.

VAN COLLER, H.P. 1992. **Keurslyf of keursteen? Enkele gedagtes oor kanonisering.** Ongepubliseerde lesing gelewer by dagseminaar oor Taal, letterkunde en norme aan die UOVS, 22 Mei 1992.

VAN COLLER, H.P. 1994. **N.P. van Wyk Louw as kanoniseerder.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr.24, ongepubliseerd.

VAN COLLER, H.P. 1996. Normdeurbreking as basis vir literatuurgeskiedskrywing: omtrent De onrustzaaier deur Willem van Maanen. **Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans**, 3de Jaargang (1):50-62.

VAN COLLER, H.P. (red.) **Perspektief en Profiel.** Pretoria: Van Schaik (ter perse).

VAN DER COLF, A.P. 1980. **Poësie en Godsdienst. 'n Verkenning van die samehang tussen godsdienst en poësie in 'n sewetal gedigte van N.P. van Wyk Louw.** Johannesburg: Perskor.

VAN DER MERWE, C.N. 1994. **Breaking barriers. Stereotypes and the changing of values in Afrikaans writing 1875-1990.** Amsterdam: Rodopi.

VAN DER ROSS, R.E. 1986. **Onvoldoende Liberalisme.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr.16. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

VAN DER WALT, P.D. 1969. **Mené tekél. Letterkundige studies en kritieke.** Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

VAN DER WALT, J.C. 1985. **N.P. van Wyk Louw: Enkele konsekwensies vir die regsdenke.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr.15. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

VAN GORP, H., GHESQUIERE, R., DELABASTITA, D. & FLAMEND, J. 1986. **Lexicon van literaire termene** (Derde, herziene en aanzienlijk vermeerderde druk). Groningen: Wolters-Noordhoff.

VAN HEERDEN, E. 1963. **N.P. van Wyk Louw.** Monografieë uit die Afrikaanse letterkunde onder redaksie van A.P. Grové, no.3. Kaapstad: Nasou Beperk.

VAN HEERDEN, E. (red.) 1966. **Smal swaard en blink. Bundel aangebied aan N.P. van Wyk Louw by geleentheid van sy sestigste verjaardag 11 Junie 1966.** Pretoria & Kaapstad: Academica.

VAN HEERDEN, E. 1969. **Nasionalisme en literatuur.** Intreerede aan die Universiteit van die Witwatersrand, 3 Oktober 1968. Johannesburg: University Press.

VAN HEERDEN, E. 1978. **Die digter as chromatometer: aspekte van kleurgebruik in die poësie van N.P. van Wyk Louw.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing, nr.8. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

VAN JAARSVELD, F.A. (red.) 1971. **Honderd basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961.** Kaapstad: Nasou Beperk.

VAN JAARSVELD, F.A. 1978. **Omsingelde Afrikanerdom. Opstelle oor die toestand van ons tyd.** Pretoria en Kaapstad: HAUM.



VAN REES, C.J. 1983. How a literary work becomes a masterpiece: on the threefold selection practised by literary criticism. **Poetics** 12:397-417.

VAN RENSBURG, F.I.J. 1971. **Die smal baan. Aspekte en figure uit die ontwikkelingsgang van die Afrikaanse letterkunde.** (Tweede hersiene uitgawe.) Kaapstad en Johannesburg: Tafelberg.

VAN RENSBURG, F.I.J. 1974. **Van Wyk Louw se intellektuele houding.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing, nr.4. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

VAN RENSBURG, F.I.J. 1975a. **Sublieme ambag. Beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw, I.** Kaapstad: Tafelberg.

VAN RENSBURG, F.I.J. 1975b. **Swewende ewewig. Beskouings oor die werk van N.P. van Wyk Louw, II.** Kaapstad: Tafelberg.

VAN RENSBURG, F.I.J. (red.) 1982. **Oopgelate kring.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesings 1-11. Kaapstad: Tafelberg.

VAN RENSBURG, F.I.J. 1996. **Septet. Sewe Van Wyk Louw-studies.** Kaapstad: Human & Rousseau.

VAN SCHOOR, M.C.E. 1989. **Die "historiese" by N.P. van Wyk Louw.** N.P. van Wyk Louw-gedenklesing nr.19, ongepubliseerd.

VAN VUUREN, H.E.J. 1985. **Die gesprek tussen literêre kunswerke met spesifieke verwysing na Tristia en Komas uit 'n bamboesstok.** Ongepubliseerde proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

VAN VUUREN, H. 1988. N.P. van Wyk Louw and Anna Seghers: Intertextuality between Tristia (1962) and Das Siebte Kreuz (1942). **Acta Germanica**, 19:115-122.

VAN VUUREN, H. 1989. Tristia in perspektief. Kaapstad: Vlaeberg.

VAN VUUREN, H. 1991. Afrikaanse of Suid-Afrikaanse letterkunde? 'n Kritiese kyk na die Kannemeyer- en Coetzee-modelle van Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing. **Stilet** III(2), September: 63-69.

VAN WYK, J.; CONRADIE, P. & CONSTANDARAS, N. 1988. **SA in poësie/SA in poetry**. Pinetown: Owen Burgess.

VAN ZYL, J.O. 1974. **Die opvoedkundige nalatenskap van N.P. van Wyk Louw (1906-1970): 'n terreinverkenning**. Ongepubliseerde verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

VERVLIET, R. 1992. De Nederlandse canon binnen een Europese context. **Spiegel der Letteren** XXXIV(304): 359-372.

VILJOEN, G. VAN N. 1982. "Wat is 'n volk?": Die aktualiteit van Van Wyk Louw se riglyne vir die nasionalisme. In: Van Rensburg, F.I.J. (Red.) 1982. **Oopgelate kring**. N.P. van Wyk Louw-gedenklesings 1-11. Kaapstad: Tafelberg.

VILJOEN, H.M. 1984. Die literêre sisteem van Dertig. **Literator** V(1):65-74.

VILJOEN, H.M. 1986. **Die Suid-Afrikaanse romansisteem anno 1981: 'n Vergelykende studie**. Potchefstroom: Departement Sentrale Publikasies aan die PU vir CHO.

VILJOEN, H. 1992. Kanons en kanonisering. In: Cloete, T.T. (red.) 1992. **Literêre terme en teorieë**. Pretoria: HAUM-Literêr.

VILJOEN, L. 1978. Die totstandkoming van Standpunte. **Standpunte** XXXI:3, Junie.

VON BERTALANFFY, L. 1956. General System Theory. In: **General Systems**, Volume I.

VON BERTALANFFY, L. 1962. General System Theory - A Critical Review. In: **General Systems**, Volume VII.

VON BERTALANFFY, L. 1968. **General System Theory**. New York: Braziller.

VON BERTALANFFY, 1972. General System Theory - A Critical Review. In: Beishon, J. & Peters, G. (eds.) 1972. **Systems Behaviour**. London: Harper & Row University Press: 29-49.

VON HALLBERG, R. (ed.) 1984. **Canons**. Chicago & London: The University of Chicago Press.

WALKER, P. 1991. Arnold's Legacy: Religious Rhetoric of Critics on the Literary Canon. In: Nemoianu, V. & Royal, R. (eds.) 1991. **The hospitable canon. Essays on literary play, scholarly choice, and popular pressures**. Philadelphia & Amsterdam: John-Benjamins.

WEIDEMAN, G. 1994. Hoe raak oorgangspolitiek die Afrikaanse skrywer? Of van nuwe modelle na backyard mechanics. **Kruispunt** XXXV, Junie:14-26.

WEINBERG, G.M. 1975. **An introduction to general systems thinking.** New York: Wiley.

WELLEK, R. 1982. **The Attack on Literature and Other Essays.** Brighton: The Harvester Press.

WIEHAHN, R. 1965. **Die Afrikaanse poësiekritiek. 'n Histories-teoretiese beskouing.** Kaapstad en Pretoria: Academica.

WIEHAHN, R. & ROODT, P.H. 1988. **Teks en Tendens. Verrigtinge van die 1986-Hoofkongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging.** Hillcrest: Owen Burgess.

WILLEMSE, H. 1987. "Maa' die manne waver nog': Jonger swart Afrikaanse skrywers. In: Malan, C. 1987. **Ras en Literatuur/Race and Literature.** Pinetown: Owen Burgess.

WILLEMSE, H. 1988. 'n Kritiese bestekopname van huidige swart Afrikaanse digwerk. In: Wiehahn, R. & Roodt, P.H. (reds.) 1988. **Teks en Tendens. Verrigtinge van die 1986-Hoofkongres van die Afrikaanse Letterkunde-vereniging.** Hillcrest: Owen Burgess.


WILLEMSE, H. 1992. Afrikaans: a white man's language? In: **Mayibuye**, September:29-32

WILLEMSE, H. 1997. 'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke. In: Van Coller (red.), **Perspektief en Profiel**, ter perse.

ZIETSMAN, P.H. 1992. **Die taal is gans die volk. Woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal.** Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

ZWAAN, R.A. & SCHRAM, D.H. 1988. De constructivistische literatuurwetenschap van Siegfried J. Schmidt: een vraaggesprek. **Forum der Letteren** 29(3), September: 192-206.





HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDE  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DE  
BIBLIOTHEEK VERWIJDER WORD NIE